# EVANGELIES-GEREFORMEERDE KERKBLAD

Amptelike Kerkblad van Die Evangelies-Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika
Jaargang 80 • Januarie/Februarie 2025 • #661



- Die Boek van die Lewe
- Vrywillige Diens
- Waar in die Wêreld

EVANGELIES-GEREFORMEERDE KERK
SO SÊ DIE HERE

# ...van die Redakteur

Liewe leser, wanneer u D.V. hier lees, het u saam met ons reeds u voet op die Nuwejaarsweg. Onwillekeurig laat dit mens dink: *"Wat gaan die Nuwejaar oplewer? Wat vir my eie lewe?"* Baie mense begin die Nuwejaar met sulke mooi en goeie voornemens net om later groter teleurstelling te smaak.

Die jaar 2024 is verby – 'n jaar met hoogtepunte (Feesjaar ter herdenking van ons Kerk se 80ste bestaansjaar) en sekerlik ook laagtepunte wat vir talle mense moeilik was. Daar was verliese, hartseer en teleurstellings. Soms voel dit vir ons of ons ook, soos Elia, onder 'n besembos sit en ons verknies aan die sorge van die lewe. Maar, die jaar is verby en 'n nuwe jaar lê voor. Ons kyk vorentoe met 'n verwagting dat die nuwe jaar beter dinge sal oplewer! Filip. 3:14 Maar een ding: ek vergeet die dinge wat agter is en strek my uit na wat voor is, en jaag na die doel om die prys te verkry van die hoë roeping van God in Christus Jesus.

Ons het sekerlik elkeen sy eie nuwejaarsvoorneme van wat ons beplan en wat ons wil bereik. Let veral op die woorde van ons Moderator op bladsy 3: *"Mag ons, soos ons ouers, nie net wense van welstand en voorspoed uitspreek nie, maar ook met getrouheid en gebed vir mekaar intree, vol vertroue in die God wat Sy Kerk op die Rots van Christus bou, ten spyte van alles wat op aarde so donker lyk".*

Die Kerk is die Here ook innig dankbaar vir die nuwe Proponentskandidaat en Leraar wat toetree tot die bediening te midde van 'n kommerwekkende aantal vakante gemeentes. Kom laat ons die Here ook vir hierdie doel vertrou en vashou!

Ons begin in hierdie uitgawe met 'n nuwe reeks uittreksels uit die boek *"Hulle het die geheim ontdek"* deur V. Raymond Edman. Wie anders as om mee te begin as ***Dwight Lyman Moody?*** Die redaksie wens u elkeen 'n voorspoedige Nuwejaar toe met die bede dat u, liewe leser, saam met ons, sal waak en bid voor Sy wederkoms totdat Jesus ons kom haal, MARANATA!

**Redakteursgroete**

**Redaksie**
Willie Stieger (Redakteur), Di. Francois du Toit (gekoöpteer), Johnnie Gates, Wimpie Snyders en Wynand van Niekerk (Subredakteur), Riaan Britz en Bertus Stieger

**Stuur asseblief materiaal vir plasing aan:**
Die Redakteur – EG Kerkblad
E-pos: redakteuregkerkblad@gmail.com; Sel: 082 401 6937

Die Redaksie ontvang graag artikels, getuienisse van die Here se handelinge in iemand se lewe, kerk/gemeentenuus van algemene aard (tersaaklike foto's is baie welkom) en bydraes vir plasing in die Blad. Artikels moet egter in Word-formaat ingedien word en foto's in *.jpg-formaat asseblief. Die redaksie behou ook die reg voor vir redigering van artikels en besluitneming voor plasing van artikels en bydraes. Gepubliseerde bydraes reflekteer nie noodwendig die mening van óf die Kerk óf die Redaksie nie.

**Kopiereg: © EG Kerk SA, Alle regte streng voorbehou**

**Voorblad: "***Butterfly in the Wild"* - **rawpixel.com on Freepik.com**
**Drukkers:** Bowles Drukkers - Oudtshoorn

**Jaargang 80**
**Januarie/Februarie 2025**
**Uitgawe #661**

# INHOUD

**3 Geseënde Kersfees en Voorspoedige Nuwejaar: Waarheid in die Wens**

**4 Die Boek van die Lewe**

**6 Uit die Argief:** Vrywillige Diens

**7 Proponent Fredrich Lombard georden as predikant te Nigel**

**8 Tesourier tot Saakgelastigde**

**9 Vierdejaar student "bevorder" tot proponentskandidaat**

**10 Waar in die Wêreld:** André en Manda

**12 Dwight Lyman Moody - Die Dinamiese Lewe**

**14 Vroueblad:** Net nóg 'n ma...

**15 Kinderblad:** Liewe maats!!

**16 Kinderblad:** Die Bybel!

**17 Die wedloop teen tyd - 2025**

**18 Aangename Kennis:** Ds. Wimpie van Vuuren

**19 Op die Boekrak:** In die Pylvak

## Intekening en betaling

Weens stygende drukkerskoste het die Redaksie op 'n vergadering, gehou op 28 Okt. 2024, besluit om die jaarlike subskripsiegeld van die Kerkblad te verhoog van **R120-00 na R140-00**. Hierdie verhoging tree in werking op 1 Maart 2025 vir die nuwe finansiële jaar 2025/26.
Nie-lidmate moet asseblief intekengeld inbetaal by die administratiewe beampte, ds. Johnnie Gates. Rekeningbesonderhede as volg:
Bank: **FNB**
Takkode: **250054**
Rek. no.: **5244 363 2023**
Verwysing: **KB-Naam en Van**
Bewys van betaling kan gestuur word aan:
egkskas@gmail.com

# Geseënde Kersfees en Voorspoedige Nuwejaar: Waarheid in die Wense

As kind het ek dikwels gehoor hoe my ouers en hulle vriende tydens die feesseisoen vir mekaar gesê het: **"Geseënde Kersfees en voorspoedige Nuwejaar."** Ek het destyds gewonder of hierdie mooi wense net 'n vorm van beleefdheid uit pure gewoonte was, en of daar werklik betekenis in was. Namate ek ouer geword het, het ek dieper begin verstaan dat hierdie wense werklik uit my ouers se harte gekom het. Ek het gesien hoe hulle nie net in woorde nie, maar ook in dade vir hulle vriende en familie gebid het. Dit was nie net een keer per jaar nie, maar 'n manier van lewe — 'n houding van dankbaarheid en hoop.

Met die afsluiting van 2024, 'n jaar waarin ons die 80ste bestaansjaar van die Evangeliese-Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika op 'n glorieryke manier gevier het, is ons harte oorvloedig gevul met dankbaarheid.

Die Here het ons op wonderlike maniere gedra en na 80 jaar het ons steeds 'n getuienis van Sy getrouheid. Maar, soos met alle nuwe beginne, is daar aan die begin van 'n nuwe jaar moontlik 'n gevoel van onsekerheid en dat hierdie jaar wat voor uit uitgestrek lê kan voel soos 'n lang, onverkende pad. Ons weet egter uit ervaring dat 2025 vinnig op ons af sal kom en die nuwe jaar ons ongenadig sal inhaal.

Aan die een kant beleef ons dat die wêreld waarin ons leef al hoe meer uitdagend en onseker raak. Politieke onstabiliteit, die opkoms van valse leringe en die groeiende verdraaiing van die waarheid is maar net enkele van die kwellings wat ons wêreld tans teister. Die duisternis wat oor die aarde dreig, is duidelik sigbaar, en dit kan 'n mens verward en moedeloos laat voel. In die Kerk van Christus is die situasie, in baie opsigte, nie veel beter nie. Ons sien hoe sommige kerke die ware Evangelie prysgee en vervang met dwalings wat mense eerder na verderf as na redding lei. Soos die Skrif ons waarsku, verval baie Christene in die louheid wat die Here Jesus self in Openbaring 3:14-22 bestraf het.

Soms wil 'n mens vra: *"Wat gaan van die Kerk van Christus word? Hoe gaan ons voort?"* Dit is dan wanneer ek die woorde van Jesus in **Matteüs 16:18** weer hoor: ***"Op hierdie rots sal Ek my gemeente bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie."*** Hierdie belofte bied nie net vertroosting nie, maar is 'n anker in tye van onsekerheid. Jesus is self die Rots waarop die Kerk gebou is, en geen mag, geen dwaling, geen aanval van die vyand sal dit ooit kan oorwin nie. Dit mag lyk asof die duisternis oor die wêreld toegeneem het, maar die lig van Christus sal nooit uitdoof nie. Die Kerk mag deur storms gaan, maar sy fondamente is vas.

As ons na die nuwe jaar kyk, is daar talle vrae en onsekerhede, maar daar is ook hoop. Die wense wat ons aan mekaar bied — ***"Geseënde Kersfees en voorspoedige Nuwejaar"*** — dra iets dieper in hulle. Hulle herinner ons aan die lewende hoop wat ons in Christus het.
Die jaar wat voorlê mag vol uitdagings wees, maar ons weet dat die Here met ons sal wees, elke dag, elke tree van die pad. Mag ons, soos ons ouers, nie net wense van welstand en voorspoed uitspreek nie, maar ook met getrouheid en gebed vir mekaar intree, vol vertroue in die God wat Sy Kerk op die Rots van Christus bou, ten spyte van alles wat op aarde so donker lyk.

**Dr. André Bester**
**Moderator**

**2025 Paasfees-konferensies**



# Die Boek van die Lewe

***Openb. 3:5 "Wie oorwin, sal beklee word met wit klere, en Ek sal sy naam nooit uitwis uit die boek van die lewe nie"***

U het seker al gehoor van die frase in die Bybel, die boek van die lewe?

Hierdie frase verskyn woordeliks, nege maal in die Bybel. Een maal in die Ou Testament en agt maal in die Nuwe Testament.

Daar is ander verskynings waar net die woord "boek" voorkom en dit kan of verwys na dieselfde boek of na heel ander boeke.

Wanneer mense hierdie frase raaklees in sy verskeie kontekste en gebruike, kom daar vrae by meeste le-sers op. Omdat die boek direk gekoppel word aan die ewige lewe, word dit eweskielik 'n belangrike boek en word hulle ook bekommerd as hulle hoor dat name daaruit gewis kan word.

Die vrae wat in mense se gemoedere opkom is min of meer in die orde van belangrikheid as volg:

- Is my naam in die boek van die lewe?
- Kan my naam uit die boek van die lewe geneem word?
- Wat gebeur met iemand wie se naam uit die boek van die lewe geneem word?
- Wanneer word my naam in die boek geskryf?
- Is dit 'n letterlike of figuurlike boek?
- Hoe oud is hierdie boek?

As een van hierdie vrae al ooit by u opgekom het, sal hierdie kort bybelstudie u tot baie waarde wees.

Om hierdie vrae te beantwoord, kom ons begin met 'n logiese orde.

## Is die boek letterlik of figuurlik?

In Openb. 20:12 en 15 vind ons die volgende aangaande hierdie boek:

***v12 En ek het die dode, klein en groot, voor God sien staan, en die boeke is geopen; en 'n ander boek, die boek van die lewe, is geopen. En die dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke. v15 En as dit bevind is dat iemand nie opgeskryf was in die boek van die lewe nie, is hy in die poel van vuur gewerp.***

Uit hierdie tekste kan die volgende afgelei word:

- Dis een van die boeke wat by die wit troon oordeel gebruik sal word.
- Die boek sal dan oopgemaak word.
- Daar sal in hierdie boek geskryf wees.
- Die boek sal deursoek word vir name. Dit sal dus deur hemelse wesens gebruik word.

Daarom, alhoewel dit 'n hemelse of onsigbare boek vir ons as mense is, is dit inderdaad 'n boek wat letterlik deur die hemel gebruik sal word. Ons vind ook egter van Eksodus af regdeur tot Openbaring dat hierdie boek blyk in gebruik te wees.

Omdat hierdie boek letterlik in die onsigbare sfeer bestaan, is dit inderdaad 'n boek van belang, veral as dit by die oordeelsdag gebruik sal word. Daarom is mense se vrae oor hulle naam in die boek verseker gegrond en kan ons voortgaan met die res van die vrae.

## Is my naam in die boek?

Dit is ongelukkig 'n grys area in 'n spesifieke geval, en u sal dalk later verstaan waarom dit moeilik is om te antwoord in die lig van wat die Woord leer. Om hierdie vraag te beantwoord moet ons let op wie die mense is wie se name in hierdie boek wel opgeskryf is.

Daar is 'n paar teksverse waaruit ons kan aflei watter soort mense wel in die boek geskryf is:

**Ps. 69:28** verwys ongetwyfeld na die boek van die lewe, ons lees daar ***Laat hulle uitgedelg word uit die boek van die lewe en nie saam met die regverdiges opgeskrywe word nie.***

Dis 'n psalm wat handel oor Christus se lyding. Dis Sy gebed wat Hy bid tot God in sy lydingstyd wat Hy sou deurmaak. In hierdie gebed het Hy gebid dat hulle name uit die boek van die lewe gedelg moet word. Wie is hulle ? Hulle is volgens die psalm Sy vyande, mense wat Hom smaad, Sy haters, mense wat Hom dood maak. As Hy dan vir God gevra het dat hulle name uit die boek gedelg moes word, beteken dit per implikasie dat hulle name eers daar moes ingeskryf gewees het. Dis dan interessant om te merk dat vyande, spotters (smaders), haters se name in die boek van die lewe staan.

Verder sien ons in **Openb. 3:5** dat een van Jesus se beloftes aan oorwinnaars sal wees dat hulle naam nooit uit die boek van die lewe gewis sal word nie; ***Wie oorwin, sal beklee word met wit klere, en Ek sal sy naam nooit uitwis uit die boek van die lewe nie...***

Hierdie mense wat nog moes oorwin, is mense wat volgens Openb. 3:1 geestelike dood was, geestelike aan die slaap was (v2), nog moes bekeer (v3), nog die gevaar van die komende oordeel in die gesig gestaar het (v3) en het nog nie wit klere gehad nie (v5).

Jesus het nie gesê Hy sal hulle naam eers opskryf en dan daarna nooit uit haal nie. Hy het gesê Hy sal hulle naam nooit uitwis nie, asof hulle naam alreeds daar binne gestaan het, maar die gevaar geloop het om wel uitgewis te word.

Verder sal dit goed wees om te sien dat mense wie se name teen die einde van tyd daar binne nog staan, mense sal wees wat:

- Wit klere sal dra (Openb. 3:5).
- Se name voor die Vader bely sal word (Openb. 3:5).
- Saam met Jesus sal wandel (Openb. 3:4).
- Rein sal wees (Openb. 21:27).
- Nie gruwelik sal wees nie.
- Die waarheid doen.
- Regverdig sal wees (Ps. 69:28).

Wat ons dan van hierdie dinge kan aflei is dat daar mense se name in die boek van die lewe opgeskryf staan wie nog nie gered is nie, nog gered moet word en al die werkinge van redding nog moet ondergaan soos wedergeboorte, hartsreiniging,

heiligmaking en so meer.
Dis asof daardie boek name in het van mense met wie God van plan is om hulle die lewe te gee. Name van mense wie die geleentheid gegee sal word om die lewe te kan hê.
Ons leer dan hieruit dat ons verstaan van die boek van die lewe is verkeerd as ons gedink het dat daar net mense se name in hierdie bedeling daar staan wat klaar gered is.
Verseker is dit ook so, neem in ag hierdie verse **Filip. 4:3** waar Paulus melding maak van sekere mense wat wel gered is en wie se name in die boek van die lewe is, asook **Luk. 10:20** waar Jesus noem dat die dissipels se name in die hemel opgeskrywe is, maar die ander wat pas hanteer is, toon dat daar ook name is wat nog nie gered is nie.

Ons kan dan met veiligheid aflei dat die boek van die lewe het aanvanklik, toe daar nog geen siel gered was nie, name in gehad het van mense wat nog gered moes word, mense aan wie God die lewe wil gee. En soos wat mense gered word, bly hulle name uit die aard van die saak steeds daar.
Tog sien ons ook in **Openb. 13:8** dat daar egter mense is wie se name van die begin van die wêreld af nie daarin geskryf staan nie en wat ook nooit geskryf sal staan nie.
**Openb. 13:8** ***En al die bewoners van die aarde sal hom aanbid, almal wie se name nie van die grondlegging van die wêreld af in die boek van die lewe van die Lam wat geslag is, geskrywe is nie.***
Hierdie mense blyk net 'n rol te speel in die 7 jaar van verdrukking. Ons kan spekuleer en sê dis mense wat nie deur God geskep sal wees nie, maar deur die mens, soos dalk klone.
Dit sal dalk A.I. robotte wees. Wie weet? Ek lees egter van geen mense voor die verdrukking tyd wie se name voor die grondlegging nie in die boek van die lewe is nie, maar net van name wat daar is, wat wel uitgehaal kan word.

Nou, om die vraag te beantwoord: Is my naam in die boek van die lewe?
• As u vandag die vaste oortuiging en getuienis het dat u gered en gereinig is vir die ewige lewe, dan was u naam van die grondlegging van die wêreld af al in die boek geskryf. So ja, dan is u naam daar binne.
• As u vandag nog nie seker is oor u redding nie, dan is die kans BAIE goed dat u naam daar binne is met die oog op u redding. Dit wil sê, dat as God u naam daar sien, gaan Hy by u kom stilstaan met die goeie nuus van Jesus dat Hy u siel kan red. U moet dan met volle oorgawe aan Jesus as u Heer en Verlosser Hom aanneem en die lewe in die Seun ontvang.
• As u naam nie daar binne staan nie, is ek in die lig van die inligting wat die Skrif gee, byna seker dat u nie eens 'n kerk besoek nie, maar 'n volkome wêreldling wat geen belangstelling sou toon in die welstand van u geestelike lewe nie.

## Kan my naam uit die boek verwyder word?

Die vinnige antwoord is: Ja dit kan. Maar die regte antwoord sal wees om dit mooi te verduidelik dat dit nie verkeerd verstaan word nie.
As u die verse wat al hanteer is van watter soort mense in die boek opgeskryf staan in ag neem, sal u merk dat net hulle wat ongelowig of goddeloos was en nog moes bekeer, hulle is wie die gevaar staan dat hulle name uitgewis kan word.

As u nou daarmee saam let op Jesus se woorde in **Openb. 3:5** waar Hy in die vorm van 'n belofte geleer het ***"Hy wat oorwin, Ek sal sy naam nooit uitwis uit die boek van die lewe nie,"*** kan afgelei word dat sou daardie goddelose wie se name wel in die boek staan van harte tot die Here bekeer, daar NOOIT 'n uitwissing sal plaasvind.

Die antwoord op die vraag is dan ook nee. Ja, as u volhard in sonde en nie bekeer nie en so u genade tyd verspil. Nee, as u heelhartig bekeer, weergebore word en oorwin.
Nou vir die oorblywende vrae:

## Hoe oud is die boek?

Die Woord leer in **Openb. 13:8** dat daar name in dit geskryf staan voor die grondlegging van die wêreld. Dit reken ek dan maak die boek ouer as die skepping. Dis heel moontlik 'n boek wat van ewigheid af by die Vader was of in voorbereiding vir die skepping wat sou kom, geskep is voor die skepping.

## Wanneer word my naam in die boek geskryf?

In die lig van **Openb. 13:8**, voor die grondlegging van die wêreld. Ja, nog voordat alles bestaan het of u gebore was, het die Here u naam in Sy boek geskryf en ten doel gehad om u die lewe te gee.

## Wat gebeur as iemand se naam uit die boek geneem word?

Wel, **Openb. 13:8, 20:12-15,** en **Openb. 21:27** leer dat hulle deel in die poel van vuur sal wees en uit die aard van die saak geen deel sal hê aan die nuwe hemel en aarde en stad van God nie. Hulle sal dus verlore gaan. Ek reken as iemand se naam uitgewis is uit die boek, sal dit ook nie weer ingeskryf kan word nie, aangesien ons lees dat hulle wie se name nog nooit daar gestaan het nie, ook nie een van hulle ingeskryf was nie. Tog is niks by God onmoontlik nie.

Liewe leser, die kruks van die saak van hierdie boek is dit:
Die kans dat u naam daar binne staan is geweldig baie goed, maar dit beteken nie outomaties dat u al gered is nie.
U is dan opgeskryf om die lewe te mag ontvang, maar u moet dit steeds ontvang deur die evangelie van Jesus Christus heelhartig te gehoorsaam, nl. dat u moet bekeer en die evangelie glo.
Op so wyse sal u Naam, wat nog altyd daar was, NOOIT uitgewis word nie.
Verag elke geleentheid wat God u gee om gered te word, dan is dit moontlik dat u naam daaruit gewis kan word. Die uitwissing sal nie plaasvind voordat die hemel nie saam kan getuig dat u, u redding tot die uiterste toe geweier het nie.

Maak daarom seker vandag dat u saak met God reg is.
Mag Jesus u siel genadig wees.

**Ds. Rudolf Fourie**
**Margate**

# Vrywillige Diens

***"die dwang is my opgelê, en wee my as ek die evangelie nie verkondig nie! Want as ek dit vrywillig doen, het ek loon; maar as ek dit onwillig doen, is 'n rentmeesterskap aan my toevertrou."*** **-1 Kor. 9:16 en 17**

Die oorsprong van bostaande woorde is dat Paulus die evangelie kosteloos gebring het; want in die vorige vers verklaar hy dat hy van sy regte as evangeliedienaar nie gebruik gemaak het nie en in die agtiende vers dat hy die evangelie van Christus kosteloos gebring het.

Die feit dat hy die evangelie verkondig het, was nie 'n saak van sy eie vrye wil óf sy eie keuse nie.

Nee, dit was 'n dwang, 'n nood, 'n plig wat hom opgelê was, en weë hom as hy dit nie doen nie. Aangesien dit dan nie 'n saak is van sy wil nie, maar 'n plig wat op hom rus, is daar rentmeesterskap aan hom toevertrou.

Tog het hy hom so daaraan oorgegee; homself so daarmee vereenselwig dat hy dit vrywillig gedoen het. So het hy dan die evangelie van Christus kosteloos gebring, om nie van sy reg in die evangelie ten volle gebruik te maak nie. So was daar dan vir hom loon wat hy voor die regterstoel van Christus sal kry. Dit was ook sy roem en hy sou eerder sterf as dat iemand sy roem sou verydel.

Twee dinge het hom tot dit alles beïnvloed: Die eerste was sy sterk pligsgevoel en om getrou te wees, maar die tweede was die sterk drang in sy hart om, as dit moontlik was, meer te doen as wat sy plig was, en dit ter wille van sy liefde vir die Here Jesus en vir sy roeping.

Alhoewel sy voorbeeld nie onvoorwaardelik op elkeen kan afgedwing word nie, is ons tog van oordeel dat die motiewe van sy hart, wat sy gedrag so beïnvloed het, onvoorwaardelik op ons almal van toepassing is.

Drie dinge is dan vir ons hier opvallend

- Die dwang wat hom opgelê was om die evangelie te verkondig.
- Die weë as hy die evangelie nie sou verkondig nie.
- As hy dit vrywillig doen, dan is daar loon.

**Die dwang wat hom opgelê was**

Hierdie dwang, of plig, was nie alleen vir die apostel bedoel, of vir net sekeres saam met hom nie, maar is die verantwoordelikheid en plig van elke kind van God ten alle tye, volgens Matt. 28:19 en 20.

Al kan almal nie op preekstoele staan nie, dan kan almal getuig. Vat Andreas as 'n voorbeeld: **Joh. 1:42** en **43** ***"Hy het eers sy eie broer Simon gekry en vir hom gesê: Ons het die Messias gevind – dit is, as dit vertaal word, die Christus. En hy het hom na Jesus gelei."*** So ook die Samaritaanse vrou, **Joh. 4:29**: ***"Kom kyk, 'n man wat my alles vertel het wat ek gedoen het. Is Hy nie miskien die Christus nie?"*** Of, selfs saam met die Psalmdigter in **Ps. 66:16**, ***"Kom luister, en laat my vertel... wat Hy aan my siel gedoen het."***

Terwyl almal dit kan doen, is elkeen gebonde om dit te doen. Hy wat swyg in die aangesig van die menigtes wat verlore gaan, en sodoende die getuienis van die gemeente verflou, is skuldig aan 'n misdaad. Hy het 'n verantwoordelikheid wat 'n voorreg en vreugde is, net sowel as wat dit 'n plig is, nagelaat.

Niks kan u van hierdie verantwoordelikheid onthef nie. Verkondig nie die evangelie nie, rus op u skouers 'n onvervulde plig en die nalating daarvan is besig om u geestelike aktiwiteite te verlam en die bron van jou geestelike krag te laat opdroog.

"Die dwang is my opgelê". Dit beteken dat niemand dit na willekeur kan doen nie. Dit is 'n dwang, 'n nood en 'n plig. Sommige laat hulle pligte na omdat hulle meen dat hulle rede daartoe het. Hulle maak die foute, mislukkings en sondes van die wat hulle daarmee besig hou, hulle verskonings.

Sal dit, of al die ander redes wat u mag aanvoer, die toets voor die Regterstoel van Christus kan staan? Wat daarvan as u dan sal moet erken: ***"Ek het u talent in die grond weggesteek"- "Ek het u pond in 'n doek weggesit"*** en jy sal die oordeel van die slegte en luie en ontroue dienskneg moet ondergaan. As oor jou moet kom waarteen die Here Jesus gewaarsku het: ***"Want elkeen wat hom vir My en my woorde skaam in hierdie owerspelige en sondige geslag, vir hom sal die Seun van die mens Hom ook saam wanneer Hy kom in die heerlikheid van sy Vader met die heilige engele?"*** En ook ***"Elkeen dan wat My sal bely voor die mense, hom sal ook bely voor my Vader wat in die hemele is. Maar elkeen wat My verloën voor die mense, hom sal Ek ook verloën voor my Vader wat in die hemele is."*** Dit lei ons na die tweede gedagte.

**Die weë as hy die evangelie nie sou verkondig nie**

"Wee my as ek die evangelie nie verkondig nie." Die "wee" beteken 'n ramp of oordeel wat die ongehoorsame sal tref, nie alleen in die hiernamaals nie, maar selfs in lewe.

Die swygende en ledige belyers van die waarheid in Christus is besig om hulle self die grootste skade aan te doen. Hulle beroof hulle self van diepere en meer seëninge in Christus en van die wonderlikste en soetste gemeenskap met Christus. Lees skrifgedeeltes soos: **Rom. 10:9 en 10**. ***As jy met die mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word: want met***

***die hart glo ons tot geregtigheid en met die mond bely ons tot redding*** (verlossing).” **1 Tim. 3:13** ***“Want die wat goed gedien het, verkry vir hulle ’n eervolle plek en veel vrymoedigheid in die geloof in Christus Jesus.”*** Maar die ongehoorsame en luie dienskneg bedroef die Heilige Gees, hy verloor sy vrymoedigheid en dit lei tot ander verkeerde dinge in sy lewe. Eenmaal sal hy voor die Here staan met leëhande-met ’n geredde siel maar ’n verlore lewe-beskaamd sal hy voor die Here staan volgens **1 Joh. 2:28**.

Dink u dat so iemand in die bruidskap van die Here Jesus sal inpas? Lees **Openb. 19:7 en 8** ***“Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die heerlikheid gee, want die bruilof van die Lam het gekom en sy vrou het haar gereed gemaak. En aan haar is gegee om bekleed te wees met rein en blink fyn linne, want die fyn linne is die regverdige dade van die heiliges.”*** Dit lei ons na die derde gedagte.

**As hy dit vrywillig doen, dan is daar loon**

Die blymoedige gehoorsame gaan verder as om net sy plig te doen, en wat hy doen is nie terwille van vergoeding nie. Dit is die liefde van Christus wat hom dring. Eenmaal is daardie voortreflike gebedsman, Praying Hyde, aangetref terwyl hy in droefheid snik. Die rede was-God het hom ’n opdrag gegee en hy het dit gedoen, maar nie blymoedig nie. Eendag moet u voor Hom staan en kan sê: ***“Hier is ek en die kinders wat die Here my gegee het”*** **Jes. 8:18** en dit moet van u waar wees wat **Dan. 12:3** sê: ***“Die verstandiges sal glinster soos die glans van die uitspansel, en die wat baie tot regverdigheid lei, soos die sterre vir ewig en altoos.”*** Dan moet daar die vriende wees wat julle in die ewige tente kan ontvang van wie julle kan sê: ***“Want wie anders as julle is ons hoop of blydskap of kroon van roem in die teenwoordigheid van onse Here Jesus Christus by sy wederkoms?”*** Ja, daar is loon vir die getroues. ***“Kyk, Ek kom gou, en my loon is by My om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees.”***

**Ds. S.J. Becker**
**Die Nuwe Protestant – Mei 1969**



# Proponent Fredrich Lombard georden as predikant te Nigel

Hoewel proponentskandidaat Fredrich Lombard nog in 2023 die baksteenpaadjies van Betshan platgeloop het en daarna in 2024 sy internskapjaar voltooi het in Nigel gemeente, het hy homself goed van sy taak gekwyt en deur die Here se genade in November 2024 die senutergende verskyning voor die Eksamenkommissie geslaag, waarna hy as volwaardige proponent ’n beroep afwagtend was.

Sodoende is hy binne ’n week na twee gemeentes beroep, eerstens na Volksrust gedurende die laaste week van November 2024, en ’n paar dae later gedurende die eerste week van Desember 2024 na Nigel, waarna hy die beroep, na besondere leiding deur die Heilige Gees, na Nigel aanvaar het.

So is ds. Fredrich Lombard dan op Saterdag, 7 Desember 2024, as leraar van die EG Kerk SA georden te Nigel. Dit was ’n besondere geleentheid waartydens ’n derde geslag as leraar georden is – di. Frik Lombard (em.), Frikkie Lombard (Benoni) en Fredrich Lombard (Nigel). Sy grootoupa was wyle ds. Albert Woest.

Baie geluk, ds. Fredrich vir hierdie besondere mylpaal!



**Di. Frikkie Lombard, Frik Lombard (em.) en Fredrich Lombard**

# Tesourier tot saakgelastigde

Sover ek in sinodale besluite kon naspoor het ek net twee persone gevind wat die pos van tesourier beklee het. Diegene wat voor hulle die pos beklee het kon ek nie in die beskikbare bronne opspoor nie. Dit was ook net tot 1961.

**1. Tesouriers tot 1961**

**Ds. Attie Naudé.** In vroeë notules word vermeld dat hy aangestel was as Tesourier, moontlik tot 1953. Na hom word nog twee aangedui.

**Ds. WP Grobler** is volgens sinode besluit 18/1953 as Tesourier op die Kerkbestuur gekies.

**Ds. JA Saunders** was na hom aan die stuur van die finansies vir ongeveer agt jaar. In sy tyd het die aanstelling geleidelik oorbeweeg na die pos van Saakgelastigde, wat ook nie meer gevul is deur 'n geordende predikant nie.

**2. Tesourier na Saakgelastigde 1961/2**

Volgens sinode besluit 2/1961 moes vir Ds. Saunders, as Tesourier, versekeringsdekking bekom word terwyl hy die gelde na die bank neem om te deponeer. Tot hier is die pos op 'n deeltydse basis saam met die bediening van 'n gemeente behartig.

Dit blyk dat die werk te veel geword het om so deeltyds te behartig. Die volgende besluit (3/1961) stel dit soos volg:

"Die Tesourier kry 'n klerk wat onder sy toesig die werk kan doen, sodat sy gemeente nie daaronder sal ly nie. Vir hierdie doel word R70 per maand gestem waarvan hy gebruik kan maak."

Die "klerk" was 'n kundige vanuit die finansiële wêreld en veel beter toegerus as om bloot as 'n tesourier deur te gaan. Gevolglik word later in dieselfde sinode (Besluit 66/1961) na hom verwys as Saakgelastigde. Die benaming spreek waarskynlik van meer gesag en strukturele status.

"Die Saakgelastigde mag R70 per maand gebruik vir die werk wat hy doen."

Die benaming van Tesourier het dus na ds. JA Saunders verdwyn. Met die volgende sinode (1962) word dit 'n pos. Toe was die Kerk agtien jaar oud.

**Besluit 1/1962:** *"'n Pos van Saakgelastigde is geskep, voorlopig deeltyds."*

**Besluit 2/1962:** *"Voorlopig sal die pos van Saakgelastigde deeltyds gevul word."*

Sedertdien is die pos van Saakgelastigde dan ook in ons Kerk gehandhaaf. Iewers het dit 'n voltydse pos geword, aanvanklik sonder sinodale verband. Die amp is nie deur 'n predikant gevul nie.

**Vyftien jaar later** word die Saakgelastigde 'n vol sinodale amptenaar. Besluit 2/1977: "Dat aan die Saakgelastigde, oudl. JW Annandale, sitting met volle stem verleen word." (Mosie 2).

Hy het in goedertrou en met waardigheid bekwame leiding gegee en die behoefte na finansiële kundigheid in die Kerk vervul, sonder die teologiese onderbou van 'n predikant. Sy kundigheid is logies sekulêr in sy vroeëre beroep gevorm. Wel kundig in sekulêre perspektief, maar die Kerk het sy bekwaamheid met waardering vir baie jare aanvaar.

**2.1. Huisvriende**

Vir my persoonlik het dit 'n besondere verloop gehad. Hulle as gesin was deel van my grootwordjare en later in die bediening ook. Sy vrou is deur my liewe toegewyde moeder by ons aan huis na die Here gelei. Haar man kort daarna, waarna hulle by Vereeniging se gemeente aangesluit het. 'n Verlengde tyd van gebed elke Vrydagaand was deel van hulle program terwyl ons as kinders in die tuin baljaar het.

Hulle het aan my, my eerste motortjie geskenk, 'n pragtig opgeknapte 1952 Volkswagen Kewer, die eerste model met 'n enkel klein ovaal agterruitjie, na die vroeëre twee klein ruitjies.

Toe ek na 11 jaar in gemeente bediening terugkom by die Kweekskool, was deel van my pligte die van Huisvader. Sonder die luuksheid van 'n kantoor moes die administrasie, begroting, studenterekeninge, finansies en alles hanteer word. Dit was nog in die voor-rekenaar tyd. Die eerste rekenaar van die Kweekskool was 'n skenking van broer Rocky van der Bijl, toe nog van Bloemfontein. 'n Programmetjie om te reken moes self opgestel word.

Die Saakgelastigde was op die voorpunt met die rekenarisering in die kerkkantoor. Met sy aanmoediging het ek aansoek gedoen by die Beheerraad vir 'n voorskot om 'n eie rekenaar aan te koop. Een van die lede se reaksie was egter: *"Jy kan daardie werk alles met die hand doen. Jy het nie 'n rekenaar nodig om dit te doen nie."*

So het ons oor baie jare saam geloop, met algemeen goeie wedersydse waardering.

**3. Tesourier of Saakgelastigde?**

In Kerklike struktuur waar dit gaan oor geld wat nie verdien word nie, maar kom uit die tiendes wat aan God gegee word, sou mens reken dat volstaan kon word met 'n Tesourier. Die geld behoort nie aan die Kerk of enige persoon of enige amptenaar of kommissie nie. Geen amptenaar of kommissie het reg of aanspraak oor die fondse om dit te beheer of te bestuur nie. Dit word onder toesig versigtig hanteer, streng volgens die wil van God. Die Here gee dit aan die Leviete, nie as loon vir arbeid nie, maar as sorg om die aardse sorge te verlig.

Aan die anderkant het ons die afgelope dekades so diep in die aardse sorge verstrengel geraak. Inflasie het in my leeftyd begin en handuit geruk. Die wêreld waarin versorging moet geskied het so ingewikkeld en omvangryk geraak dat sekulêre kundigheid dalk wel in die praktiese hantering nodig is. Die Here het immers ook gesê dat die Volk nooit die Leviete aan hulle eie lot moet oorlaat nie!

Dit is interessant hoe dit oor die jare ontwikkel het. Wyle ds. WP Grobler het begin met 'n pensioenspaarfonds vir die predikante. Elk het 'n

paar rand per maand gespaar en 'n karton kaartjie (voor die plastiekera) as bewys van lidmaatskap ontvang. Later het van die ouderlinge, vanuit sekulêre perspektief, maar met kommer oor die geroepenes, lidmaatskap van 'n pensioenfonds deur gewerk. Dit is 'n verleentheid om terug te dink aan die eerste predikante wat sonder en later met 'n karige, onleefbare pensioen moes aftree. Genadiglik het dinge egter oor tyd beduidend ontwikkel.

Medies was daar aanvanklik geen; later het die Kerk 'n eie mediesespaarfonds begin en vanuit die kerkkantoor hanteer. Intussen het kostes astronomies toegeneem en staatsvoorsiening het verbrokkel. Dit het net onbekostigbaar geraak. Met tyd is die sinode ook beweeg (sekulêre kundigheid) om as groep by 'n fonds in te skakel. Dit het sedertdien onontbeerlik geraak, die Kerk as groep sou beslis nie byhou nie. Weereens sorg soos deur die Here voorsien.

**4. Wees versigtig met dít wat aan God behoort!**

So sou ek my nie wou uitlaat of ons 'n Tesourier of 'n Saakgelastigde moet hê nie. Wat wel ononderhandelbaar bly is dat kerkgeld God se geld is. Geen mens of organisasie of Kerk of kommissie kan dit kaap en in eie reg daaroor besluit tot eie voordeel en gevolglike nadeel van ander nie. Dit gaan nie ongemerk verby nie. Die Here het die Volk vroeg reeds gewaarsku.

**Deut. 8:17** ***"en jy in jou hart dink: My krag en die sterkte van my hand het vir my hierdie rykdom verwerwe."***

**Eseg. 29:9** "***En Egipteland sal 'n wildernis en puinhoop word, en hulle sal weet dat Ek die HERE is. Omdat hy sê: Die Nyl is myne, en ek het dit gemaak – 12 En Ek sal Egipteland 'n wildernis maak tussen verwoeste lande in, en sy stede sal 'n wildernis wees tussen verwoeste stede in, veertig jaar lank; en Ek sal die Egiptenaars verstrooi onder die nasies en hulle versprei in die lande."***

Mag die Here ons begenadig en bewaar dat ons die kerkinkomste, wat steeds aan Hom behoort, versigtig sal hanteer en sy Naam nie ontheilig nie! Mag ons wandel voor Sy aangesig!

**Lev. 22:2** ***"Spreek met Aäron en sy seuns dat hulle versigtig moet wees met die heilige gawes van die kinders van Israel wat hulle aan My heilig sodat hulle my heilige Naam nie ontheilig nie. Ek is die HERE."***

**Dr. Willie Kotzé**
**Emeritus**



# Vierdejaarstudent "bevorder" tot proponentskandidaat

Baie geluk aan ons enigste vierdejaarstudent, Johnrick Helm, wat die eerste fase van sy verskyning voor die Eksamenkommissie geslaag het. Hierdie gesprek word 'n "Colloquium Doctum" genoem.

Saam met sy eksamenboodskap wat hy geslaag het, is hy dan ook nou as proponentskandidaat deur die fakulteit by Bethalgemeente geplaas vir sy internskapjaar (2025).

Baie geluk, Johnrick. Ons is die Here dankbaar vir die mylpaal!



**Prop. Kand. Johnrick Helm en Jamenique saam met die Prinsipaal, ds. Jurg Prinsloo**



# Waar in die Wêreld?

# André en Manda van Niekerk



**André en Manda van Niekerk werk die afgelope 24 jaar in Namibië en woon in Rundu waar 'n opleidingsentrum gevestig is. Na soveel jare kan dit gebeur dat die spreekwoord, "uit die oog, uit die hart" waar word. Hulleself ontwikkel 'n groot verlange na familie en vriende, asook die verlange na hul kinders en kleinkind in Australië. Daarom stel ons graag André en Manda opnuut aan u bekend ten einde weer aan hulle te dink en beter vir hulle te bid.**

**Grootword jare**

André is op 22 Januarie 1963 in Kroonstad, Vrystaat, gebore. Hy het groot geword in Kroonstad en daar gebly tot graad agt waarna hulle na Krugersdorp verhuis het. Hy het sy skoolloopbaan by Die Burger Tegniese Skool voltooi. Hy is Weermag toe en het daarna as elektromeganikus by die destydse Spoorweë gekwalifiseer.

André en Manda is op 30 Augustus 1986 getroud. Hulle het mekaar op 'n wilde 21ste partytjie van 'n vriend in 1984 ontmoet. Almal het met almal se "dates" weggeloop en net hy en Manda het oorgebly. Hy skerts dat hy haar toe nie kon mis nie en moes haar toe ook huis toe neem. Nou-ja, later weer gaan kuier, verloof geraak en die knoop deurgehak.

Uit die huwelik is twee kosbare kinders gebore. Die oudste, Dewald, 35 jaar oud, getroud met Lee en woonagtig in Brisbane, Australië. Hulle het 'n seuntjie, Zack. Hul jongste, Elana, 31, getroud met Gert en is in Rundu woonagtig, met hul dogtertjie, Heidi.

Bekering

Alhoewel hy in 'n Christelike huis groot geword het, het hy eers in 1992 werklik tot geloof gekom op die ouderdom van 30 jaar in Goudrif gemeente, onder die prediking van ds. H. Prinsloo.

**Geroep en gestuur**

Sedert sy redding het hy vir jare saam met ds. Johan Boshoff gewerk in SA. Ds. Loubser het hom genader om ook by die Bybelskool in Temba, Hammanskraal, met opleiding betrokke te raak. Jaarliks het hulle uitreike na Namibië en Madagaskar meegemaak totdat die Here hul gelei het om permanent in Namibië te gaan werk. Sedert 2001 werk hulle daar en het Sakkie en sy vrou Evelyn deel van hul span geword en dien as tolke en vennote in die bediening.

**Opleiding**

André getuig dat hy baie goeie opleiding as getroue en betrokke lidmaat in die EG Kerk Goudrifgemeente, ontvang het. Hy is egter ook verwys na die Andrew Murray Bybelskool, destyds in Benoni, waar hy die Diploma in Pastorale Teologie verwerf het. Tog bely hy dat hy eintlik

nog elke dag leer! Naas die Bybel, het die boeke van Andrew Murray en Oswald J Smith hom diep geraak, in besonder Passion for Souls en Challenge of Missions, van laasgenoemde.

Die Here Jesus Christus het die grootste impak op sy lewe gemaak. Die Skrifprediking van dr. John MacArthur is ook vir hom besonders.

**Uitdagings**

André skryf: "Toe ons hier in Namibië aangekom het, was dit skokkend om agter te kom hoe min mense verstaan van wat die 'evangelie' behels, wat wedergeboorte beteken en hoe om met die Heilige Gees vervul te word. Mense is baie godsdienstig en het 'n ywer vir God, maar bou op valse fondasies wat nie redding bied nie. Die uitdaging was om die evangelie en die Woord van God suiwer te verkondig ooreenkomstig Rom. 1:16".

"Aanvanklik, met ons vertrek uit SA, was dit 'n uitdaging om alles agter te laat: werk, posisie, salaris, kerk, vriende, familie en land. God het egter geroep en Hy alleen is getrou. Hy het in ons behoeftes voorsien. Ons het maar bitter min ondersteuning gehad toe ons Namibië toe gekom het. Manda is genoodsaak om sekulêre werk te doen, om te help met inkomste".

"Nog 'n ander uitdaging was om vir 10 jaar op jaarlikse verblyf aan te gaan, te spook met werkspermitte en die kinders se studiepermitte". Dit het André verhoed om enige beroepswerk in Namibië te doen, behalwe vir dit waarvoor hy wel 'n permit kon kry. Enigiets wat hy kon doen om te oorleef was hom ontneem. Uiteindelik kon hulle permanente verblyfspermitte kry en dit deur die wonderlike voorsiening van die Here.

**Bediening en nood**

André-hulle se bediening draai primêr om opleiding deur hul Bybelskool. Hulle funksioneer onder die naam "Mbudi Zongwa Ministries". Dit sorteer ook onder die DOR Afrika (Dien die Ontluikende Reus – die Kerk in Afrika) projek van Aksie 1:8. Die tekort aan studiemateriaal in die plaaslike dialekte is 'n groot nood. Die studente neem notas, maar totale begrip en insig word in die proses verbeur. Daarom vorder hy stadig om al die waarhede deeglik oor te dra. Verder maak hul gebruik van die materiaal waarmee Aksie 1:8 help. Daar word ook gereeld uitgereik met evangeliese veldtogte. Na 24 jaar se werksaamhede en uitreike het die son hul toerusting, soos tente, ens. verweer en staan dit dringend om vervang te word.

**Voorsiening**

André vertel verder: "Ons was op 'n stadium so moeg om plekke in Rundu te huur en het ons besluit om huis te koop. Ons het ons meenthuis in SA verkoop en 'n pragtige plek, met baie potensiaal om 'n opleidingslokaal te bou, gekoop. Die prys was baie billik, omdat die verkoper weens omstandighede moes verkoop. Ons het steeds R100 000-00 kort gekom. 'n Lening was nie 'n moontlikheid nie, maar God het voorsien deur 'n paartjie in Dubai op te wek om 'n donasie van die presiese uitstaande bedrag te gee! Intussen is die opleidingsentrum voltooi en in volle gebruik. Gelukkig kon ek deur my ambag baie van die werk self doen. Die ablusiefasiliteite moet nog gebou word, maar dis ons volgende projek".

"Dit is wonderlik om God se hand van versorging en onderhouding te ervaar. Die vrug op ons werk is 'n beloning en die grootste wonderwerk is die redding van verlore siele".

"Terwyl ons uitreik en ander oplei is die Here ook met ons besig om ons te vorm na Sy Beeld. Deur Sy genade en voorsiening is ons gesond en vol energie om die kosbare mense te bedien met die ware evangelie en die bediening van Sy Woord, sodat ons almal kan opgroei in die kennis van ons Verlosser, Jesus Christus".

*"Ons het egter 'n generasie geword wat God nie meer ken nie en ook nie ernstig opneem nie. Daarom my versoek: Soek die Here, terwyl Hy nog te vinde is".*

**Mede werkers in die veld, Sakkie en Evelyn**



**Bid asb vir André en Manda -**

- se verhouding met God,
- hul fisiese en emosionele lewe,
- hul finansiële ondersteuning – dit is altyd 'n groot nood,
- hul gesin, en
- hul kommunikasievermoë, bediening en medewerkers.

Bid dat die Here hul voortdurend sal vul met geestelike energie om te volhard en hul arbeidsveld daarmee te dien. Sendelinge ontvang nie 'n salaris nie, maar is afhanklik van welwillende persone wat gelei voel om hulle te ondersteun. André-hulle werk ver onder hul begroting. Tans kom 30% van wat hulle ontvang vanuit die kerk, die res kom van individuele ondersteuners.

In Aksie 1:8 se Gebedskalender word ons elke 7de van die maand aan André en Manda herinner om vir hulle te bid. Hul kontakbesonderhede is ook daar om met hulle persoonlik kontak te maak. U kan dit doen by kavango1@iway.na. Indien u die Aksie 1:8 Gebedskalender in elektroniese formaat wil bekom, kan u dit by aksie18@mweb.co.za bestel.


# Dwight Lyman Moody

Was daar al ooit so 'n entoesiastiese, energieke en ondernemende sielewenner soos Dwight L. Moody?

Sodra die jong skoeneverkoper in Boston verseker was van sy geloof in die Heiland, het hy ander begin soek wat op dieselfde manier kon gered word. Met min opleiding, maar met groot erns, het hy die afgedwaaldes en die slegtes gesoek sodat hulle die vergifnis van God en die nuwe lewe in Christus kon leer ken. Hy was 'n lekewerker, 'n getuie vir die Heiland in sy werkplek en in alle ander sfere waar hy beweeg het.

Dag en nag was Moody 'n persoonlike werker en die stigter van Sondagskole, veral vir die armes en die verwaarloosdes. In die vreeslike jare van die oorlog tussen die State het hy ywerig onder die troepe en die oorlogsgevangenes gearbei en het op die Christelike kommissie gedien wat hulp aan die gewondes en die sterwendes verleen het.

Deur die Voorsienigheid is hy gelei om 'n evangelis te word om sodoende Christus aan groot gehore in beide Amerika en die Britse Eilande te bring. Hy was 'n dinamo van koorsagtige werksaamheid en had oënskynlik sukses in daardie vroeë jare, maar diep in sy eie hart was daar onvergenoegdheid wat in desperaatheid oorgegaan het. Soos so dikwels gebeur, het die Almagtige 'n eenvoudige man gebruik om Moody aan die einde van sy eie krag te bring en die rykdom van die heerlike krag van God te laat besef. Hierdie ouerige man, wie se naam nie eers bekend is nie, was die eerste persoon wat aan die opkomende evangelis getoon het dat die salwing met die Gees van God afwesig was in sy bediening.



Dit het gebeur by geleentheid toe Moody van Boston na New York is om te gaan praat en terwyl hy gevra is om 'n klein Sondagskooltjie toe te spreek. Toe hy van die geval vertel, sê Moody dat dit hom moontlik meer as enige ander enkele ondervinding in sy lewe beïnvloed het. Terwyl hy in die rytuig klim om van die Sondagskool na 'n ander diens te haas, het 'n ou man met wit hare wat in die wind waai, hom aan die skouer gevat. Terwyl hy met sy vinger na Moody wys, sê hy: "Jong man, as jy weer praat, vereer die Heilige Gees".

"Ek het in die rytuig geklim," sê Moody "en weggery, maar die stem het gedurig in my ore weerklink; tog het ek dit nie verstaan nie". Eers ses maande daarna het God aan my die betekenis van daardie boodskap geopenbaar – dat ek geheel en al van die Heilige Gees afhanklik was. Van daardie dag tot vandag toe is dit selde dat ek voor 'n groot gehoor staan sonder dat ek die ou man sien met sy vinger op my gerig en sy stem hoor wat sê, "Vereer die Heilige Gees".

In Chicago was daar twee godvresende vroue, mev. Sarah A. Cooke en haar vriendin, mev. Hawxhurst, wat Moody se byeenkomste in die Farwellsaal bygewoon het en op wie se harte daar 'n groot las gelê is dat hierdie kosbare man van God met die Gees vervul mag word. By meer as een geleentheid het Moody na hulle verwys, soos hy ook op 'n byeenkoms in Glasgow gedoen het.

"Ek kan omtrent twaalf jaar terugkyk en daardie twee heilige vroue onthou wat gewoonlik na my byeenkomste gekom het. Dit was wonderlik om hulle daar te sien, want wanneer ek begin preek, kon ek aan die uitdrukking op hul gesigte sien dat hul besig was om vir my te bid". Aan die einde van die aanddienste op die Sondag het hulle gewoonlik aan my gesê: "Ons het vir u gebid". Ek sê dan: "Waarom bid u nie vir die gehoor nie?" Hul antwoord: "U het die krag nodig!" "Ek het krag nodig," sê ek by myself, "ek dog dan dat ek wel die krag het!" Ek had 'n groot Sondagskool en die grootste gemeente in Chicago. Daar was 'n paar bekerings in daardie tyd en ek was in 'n mate tevrede. Maar daardie twee godvresende vroue het aangehou om vir my te bid en hul ernstige gepraat oor "die salwing vir spesiale diens" het my laat nadink. Ek het hulle gevra om met my te kom praat en ons het op ons knieë gegaan. Hulle het hul harte uitgestort in die gebed dat ek die salwing met die Heilige Gees mag ontvang. 'n Groot honger het in my siel ontstaan. Ek het nie geweet wat dit was nie. Soos nooit tevore nie, het ek God begin aanroep. Die honger het toegeneem. Ek het werklik gevoel dat ek nie langer wou lewe as ek nie daardie krag tot diens kon besit nie. Voortdurend het ek tot God geroep om my met Sy Gees te vervul."

Toe ontstaan die groot vuur in Chicago. Op die aand van daardie gedenkwaardige nag in 1871, toe een derde van die stad tot as verbrand is en duisende dakloos gelaat is, het Moody in die Farwellsaal gepreek. Omdat die inrigtings wat hy gestig het, ruïnes was, het hy ooswaarts gegaan om fondse in te samel, maar hy het gesê: "My hart was nie daarin om te bedel nie. Ek kon nie vra nie. Die hele tyd het ek gevra dat God my met Sy Gees moes vervul. Wel, eendag, in die stad New York- o, wat 'n dag! – ek kan dit nie beskrywe nie, ek verwys selde daarna; dit is amper te heilig om te noem. Paulus had 'n ondervinding waarvan hy veertien jaar lank nie

gepraat het nie. Ek kan alleen sê dat God Homself aan my geopenbaar het en ek had so 'n ondervinding van Sy liefde dat ek Hom moes vra om Sy hand te weerhou. Ek het weer gaan preek. Die plek was nie anders nie; ek het geen nuwe waarhede gestel nie en tog het honderde tot bekering gekom. Ek sou nie nou teruggeplaas wou word waar ek voor die geseënde ondervinding was nie, selfs al sou u my die hele wêreld gee – dit sou alles net stof wees indien dit daarmee sou vergelyk word."

Die preke was nie anders nie, maar die prediker was! Die waarhede was nie nuut nie, maar nou was dit prikkelend en deurdringend!
Eers het net 'n paar tot bekering gekom; nou was daar honderde! Voorheen was dit die ernstige ywer en onvermoeide krag van die mens; nou was dit die dinamiese krag van die Heilige Gees!

Moody het spoedig beroemd geword vir sy werk vir die Here. Twee jaar na sy diepe geestelike ondervinding in die stad New York (hy was besig om in Wallstraat te stap toe die Heilige Gees met besondere krag na hom gekom het), het hy en Ira Sankey na Engeland gegaan. Na 'n bediening van drie jaar in die Verenigde Koninkryk keer Moody na Chicago terug.

"Die aankondiging is gemaak," skrywe mev. Cooke, "dat mnr. Moody op 'n sekere oggend in Farwell sou praat en al die godsdienstige elite van die stad was daar om hom welkom te heet. Die verhoog was vol predikers en leiers in die Christelike wêreld, maar nie een had 'n groter belangstelling as die skryfster wat die toneel met bewende besorgdheid dopgehou het nie, bevrees dat hierdie wonderlike gewildheid en sukses hom op die een of ander wyse kon opgeblase maak. Mnr. Moody het met meer vuur as tevore gepraat, maar terselfdertyd met kinderlike eenvoud. Toe die vergadering verby was, het ons te midde van al die gelukwensinge so 'n mate van nederigheid opgemerk, dat dit gelyk het asof hy graag van alles sou wou wegvlug. Sy kinderlike gesindheid was sy skild en beskutting. Hy was waarlik met nederigheid beklee, soos met 'n kleed.

Moody se prediking is meer en meer deur die gees van die liefde gekenmerk. Die evangelis het verklaar:
"Die enigste manier waarop enige kerk seën kan verkry, is om weg te doen met alle verskille, alle kritiek, alle koudheid en partydigheid en as een man na die Here te kom; en as die kerk in die krag van 1 Kor. 13 sou lewe, is ek seker dat baie elke dag by die kudde van God gevoeg sou word. Ek sou graag wou hê dat die kerk daardie hoofstuk saam op hul knieë sou lees en, as u so sou maak, bid dat God krag daarby voeg. In die jongste tyd was my ernstige gebed tot God dat Hy my moes help om meer te red en ek kan u nie sê hoe wonderlik Hy my gebed verhoor het nie. Dit lyk asof u almal nader aan my gekom het en dierbaarder as ooit tevore vir my geword het. My hart gaan uit na u en ek verlang om te sien dat u almal gedurig na God kom om 'n nuwe voorraad liefde."

Moody was skriftuurlik korrek en besadig in sy leer oor die vervulling met die Gees van God. In die boodskappe wat hy in die Hippodrome in New York gelewer het, het hy soos volg gepreek: "Ek wil nou hê dat hierdie saak duidelik verstaan word. Ons glo vas dat as enigeen deur die bloed gereinig is, deur die bloed gered is en deur die Heilige Gees verseël is, die Heilige Gees in hom woon. En 'n gedagte wat ek in u midde wil lê, is dat God 'n hele klomp kinders het wat maar eintlik net aan die lewe gehou word, maar geen krag tot diens besit nie. Ek dink u kan met veiligheid sê, sonder om te oordryf, dat neëntien uit twintig erkende Christene van geen aardse belang is wat die opbou van Christus se koninkryk betref nie; maar inteendeel staan hulle reg in die pad en die rede is dat hulle net die lewe het en dat hulle daarmee tevrede is en nie na die krag soek nie. Die Heilige Gees wat met krag op hulle neerdaal, is iets anders as bekering. As die Skrif dit nie leer nie, is ek bereid om myself te korrigeer.

"Laat ons sien wat God sê en as u na die derde hoofstuk van Lukas kyk, sal u sien dat die dertig jaar wat Christus in Nasaret was, Hy 'n seun was, maar nou kom die Heilige Gees op Hom dat Hy moet dien en Hy gaan terug na Nasaret en vind 'n plek waar daar geskrywe staan: 'Die Gees van die Here is op My, omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan die armes te bring. Hy het My gestuur om die wat verbryseld van hart is, te genees; om aan gevangenes vrylating te verkondig en aan blindes herstel van gesig; om die wat gebroke is, in vryheid weg te stuur.' En drie jaar lank vind ons Hom besig om die koninkryk van God te verkondig duiwels uit te drywe, dooies op te wek, terwyl ons gedurende die dertig jaar toe Hy in Nasaret was, niks van Hom hoor nie. Hy was al die tyd 'n seun, maar nou is Hy tot diens gesalf; en as die Seun van God gesalf moes word, het Sy dissipels dit nie ook nodig nie en moet ons nie daarna soek nie en moet ons net met die bekering tevrede wees?

"In die sewende hoofstuk van Johannes, verse 38 en 39, sê Jesus: 'Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei. En dit het Hy gesê van die Gees wat dié sou ontvang wat in Hom glo; want die Heilige Gees was daar nog nie, omdat Jesus nog nie verheerlik was nie.' Wil u nou vir my sê dat Petrus en Johannes en die ander manne nie teen daardie tyd bekeerd was nie? Was hulle drie jaar by die Seun van God en nie deur die Gees wederbaar nie?

Vervolg in volgende uitgawe

**Goedgunstiglik vertaal deur Regina Smit uit 'They found the Secret' deur V. Raymond Edman**

# Net nóg 'n ma...

*Vroueblad...*

Soms dink ons dat ons seer of trauma die ergste is, totdat ons iemand anders se storie hoor.
Ons liefste kleindogter Emma, 14 maande oud, is op Vrydag 8 November, gediagnoseer met 'n groot breingewas aan die linkerkant.

Wat 'n skok! Kan dit waar wees?! Die MRI-skandering jok nie. Daar sien mens dit duidelik!
Vinnige planne word gemaak en binne 24 uur vlieg ons Kaap toe, om by ons kinders en Emma te wees. Klein Emma is alte bly om ons te sien, min wetende wat die rede vir ons koms is.
Dinsdag, 12 November word Emma geopereer. "Ag, Here, gaan ons Poppedonsie dit maak?" Die urelange breinoperasie is uiteindelik verby!

Groot en wonderlik was die verligting om weer die klein handjie te kon vashou! Haar koppie was verskriklik geswel: een ogie was bottoe; die ander ogie was op 'n klein skrefie oop. Sowaar, sy lig haar handjie en



Photo by Los Muertos Crew: www.pexels.com/8460035/

waai haar ou waai vir ons! Weer loop die trane vryelik en onbeskaamd..." Dankie, my Hemelse Vader!"
Nou die wag! Wat gaan die dokter sê? Hoe lyk die pad vorentoe?
Die intensiewesorgeenheid het 'n hele paar kinderpasiënte, maar my aandag is op Emma, net Emma!

Die tweede dag word Emma oorgeplaas na hoësorg. Skielik word ek bewus van ander mammas wat ook by hulle kinders waak. Ons groet mekaar met die knik van die kop en ek stap verby. Môre gebeur dieselfde.
Intussen word Emma en haar ouers oorval deur al die gebede en omgee en geskenkies vir Emma. Die boodskappe van mense wat bid, was aanhoudend, ondersteunend en ongelooflik! Daar was selfs mense wat vir Emma gevas en gebid het – mense wat haar nie eers geken het nie!
Die derde dag besef ek, dat ek kan nie net weer by die ander mammas verbyloop nie!

Ek stap nader om te hoor wat haar kind makeer.
Haar 9- of 10- jarige seun is deur 'n taxi gestamp en het sowat 30 meter deur die lug getrek, voordat hy met 'n geweldige slag die pad getref het! Hy't skedelbreuk, 'n gebreekte kakebeen, 'n gebreekte skouer en sy gesig is velaf! Die dokter het net die ergste probeer regmaak, maar daar lê nog 'n lang pad van pyn vir hom voor! Hy is nog sterk onder verdowing! Ek vra haar van waar sy is... De Doorns... vêr van die Rooikruishospitaal af. Haar huis en familie is vêr!

Ek vra haar of die taxibestuurder gestop het en haar gehelp het om die seun hospitaal toe te bring? Net om te hoor, dat hy aangehou het om te ry...

Ek luister met skok en afgryse na haar storie. Sy is ook net 'n ma, 'n ma met behoeftes! Behoeftes, groter as myne!
Ons kon vinnig Kaap toe vlieg, vinnig by Emma en haar ouers wees! Haar ma kan nie kom nie...! Haar ander kinders is by die huis – pa moet na hulle omsien. In my hart sê ek vir myself ek het nog só baie om voor dankbaar te wees.

Ek stap na die ander bed toe.
Die mamma is van Mowbray af, darem nie te vêr nie. Haar seuntjie is ook raakgery, reg voor hulle huisie. Die boetie het haar kom roep om te sê dat sy boetie in die straat lê. 'n Motor wat baie vinnig gery het, het hom gestamp. Niemand het gestop nie – hom net so in 'n plas bloed gelos!
Hy't baie seergekry: sy weet nog nie hóé seer nie. Sy wys vir my 'n foto van haar seuntjie. Wat 'n pragtige kind! Ek herken hom nie eers nie! Die dokters doen wat hulle kan, maar dit sal tyd neem. Sy sal geduldig moet wees. Hy moet met die hulp van 'n buis gevoer word. Hy kan nie sluk nie.
Ek mompel 'n "ek is so jammer " en stap weg... Ek voel eintlik skaam vir myself. Weer het ek só baie om voor dankbaar te wees! Sy bid ook vir haar seun, dat hy gesond sal word en weer die seuntjie sal word, glimlaggend, soos op die foto!

"Here, dankie dat my situasie, my Emma, eintlik nie die 'ergste' is nie. Daar is baie ander wat swaarder en meer seer het as ons, met minder as ons. Here, baie, baie dankie vir al die hulp, baie liefde, omgee en gebede wat daar vir Emma was!"
Sy is ook maar net 'n ma!

**Mev. Elana Beukes**
**Boksburg**

# Liewe maats!!




God het vir my en jou 'n Boek geskryf. Ons noem dit die Bybel of die Woord van God.


Dit is die beste boek wat jy ooit gaan lees!

Die Bybel leer ons meer van God.


Ons leer ook in die Bybel wat reg en verkeerd is.

Ons kan alles glo wat in die Bybel staan.

Knip jou eie Bybel boekmerk uit!




# Die Bybel!



Knip jou eie Bybel boekmerk uit!





Die Bybel help ons deur ons lewe....




Waarmee sal die jongeling sy pad suiwer hou?
Deur dit te hou na u woord. Psalms 119:9







..... en leer ons van die Ewige Lewe!



# Die wedloop teen tyd – 2025



Tydens elke tydvak van die mensdom se reis na die ewigheid, is God besig om mense tot sy verheerliking te red en hulle by Sy verlossingsmissie te betrek. Hy roep en gebruik hulle om op hul beurt die Goeie Nuus aangaande Jesus uit te dra. Die Bybel is die skriftelike weergawe van God se sending na die verlore mens en hoe Hy sy kinders as medewerkers betrek.

**Bybelse fokus**

Die Bybel is 'n wonderlike Boek met 'n pragtige eenheid. Sy hoofboodskap en konsepte is deurlopend. Sy basiese teologie, doel en boodskap is 'n magtige en progressiewe ontvouing van God se bemoeienis met die mens van Genesis tot Openbaring. Vanaf Genesis, waarin God Homself openbaar as Skepper tot Openbaring, waarin die finale ontknoping deur Sy wederkoms in ryke skakerings geskilder word, loop die goue draad van Sy intense liefde vir mense, ja, vanaf die sondeval in Gen. 3 tot by die finale ontknoping van algehele herstel en oorwinning by die uiteindelike oorgang van die huidige na die ewige (Openb. 21:5)! Daar is 'n begin en daar is 'n einde. Die groot vraag is: Waar sou ons nou in 2025 wees in hierdie reis na die ewigheid?

**Die regte ding**

Die aktiwiteit waarmee ons besig moet wees in Bybelse terme word genoem: Sending en/of Evangelisasie. Dit is nie net 'n goeie en die regte ding om te doen nie, dit is 'n noodsaaklikheid! Dit is 'n roeping tot 'n vennootskap met God. God se verlossingsmissie is die sentrale boodskap van die Skrif. God se liefdesbemoeienis spreek duidelik in elke boek van die Bybel en is die Bybel ons missiologiese handleidingswerkboek. Daarin ontdek die mens sy skeppingsdoel.

**Die uurglas loop leeg**

Op God se pad in die wêreld deur elke generasie word ons altyd intens bewus van baie jare wat verloop het sedert Genesis en dat ons nou baie nader is aan die vervulling van alle profesieë en van dié in Openbaring. Die uurglas is besig om leeg te loop, die dag het ver gevorder, die nag het donker geword en die tyd van Sy koms is naby. Die Bruidegom wil sy Bruid kom haal. Ons bevind ons in die pylvak van tyd – daardie laaste reguit stuk van die baan op pad na die wenstreep van die lewenswedloop, die "grand finalé", waarvoor die Bruid gereed moet wees!

**Afvalligheid skreeu hard**

Werktyd is afgemeet. Die laaste opdrag van Jesus moet voltooi word in die lig van Sy naderende wederkoms. Almal is bewus van wat besig is om in die wêreld te gebeur. Die afvalligheid skreeu ten hemele, die evangeliese traagheid is aanvoelbaar en die Kerk is besig met haarself – om karig te oorleef of welvaart te propageer deur die voorspoedteologie. Andersins om kwessies van sosiale aard aan te spreek of om polities-korrek-te-wees. Gelowiges moet hande vat, moue oprol en, soos nog nooit in die verlede nie, uitspring en werk, sodat die evangelie aan die hele wêreld verkondig moet word om die getal van die Bruid te voltooi.

**God se hart vir die wêreld**

Hoe kan ons dit doen en paraat wees vir hierdie grootse en deurslaggewende moment in die geskiedenis van die mensdom – die wederkoms? Die kritieke realiteit is om opnuut die hart van God vir die wêreld te verstaan, om naby Hom te wees, Sy hartklop op te tel en ons lewens daarvolgens in te rig. In **1 Joh. 2:6** lees ons: ***"Hy wat sê dat hy in Hom bly, behoort self ook so te wandel soos Hy gewandel het".*** Jesus is ons rolmodel. Hy het 'n passie vir siele gehad. Hy het gekom om te soek en te red die wat verlore is. Ons moet in Sy voetspore volg, onsself verloën, die kruis opneem, gaan en dissipels maak.

**Wêreldchristene**

Ons moet dit hoor en met 'n laaste kraginspanning in volle pas oor die wenstreep gaan as die basuin blaas! Ons moet oor die wenstreep spoed as Wêreldchristene en nie as wêreldse Christene nie. 'n Wêreldchristen is die kind van God wat God se wêreld in die oog gekry en in Paulus se woorde sê: Ek skuld die wêreld die evangelie (Rom. 1:14-15) met die wonderlike belofte: Want elkeen wat die Naam van die Here aanroep sal gered word! (Rom. 10:13)

**Tyd gaan verby**

Daar is nie meer tyd om te stry of te kibbel oor terminologieë of verstrengel te wees in wanpersepsies nie. Die terme sending, evangelisasie of wêreld-evangelisasie en wêreldsending word afwisselend of selfs saam gebruik vir die aksie wat geneem word om die evangelie na alle mense toe neem! God bepaal die geografie van waar sy kinders werk. In die terme is geen verwysing na kleur, kultuur, land, ras of etnisiteit nie.

Dit gaan oor die uitdra van die evangelie, of daar met 'n familielid of jou huis- en tuinwerker gepraat word, of jy deur jou buurman se hekkie stap om met hom te praat, of 'n kollega by die werk, of iemand in 'n plakkerskamp, of selfs in 'n vliegtuig klim om in 'n vreemde land te gaan werk! Die gaan oor die Goeie Nuus na alle mense.

**Ds. Thys Loubser (em.)**

*Aangename Kennis:*

# Ds. Wimpie van Vuuren

**In watter dorp is u gebore?**
Nylstroom

**Vertel ons van u kinderjare**
Ek het die voorreg gehad om as kind op 'n plaas te bly tussen Nylstroom en Vaalwater. Ons het 'n sorgelose lewe gehad en geglo dat "Bakovenkrans" die enigste plek op aarde was. Ek was deel van drie broers waarvan ek die middelste boet was. En nee, ek het nie 'n middelkind sindroom nie. Ons het in 'n "godsdienstige" huis grootgeword, maar ongered. Ek en my jongste broer is die enigste oorlewendes van ons gesin van vyf.

**Waar het u skoolgegaan?**
Ek was van gr.1 – 4 in Laerskool Doornfontein met 32 kinders in die skool en gr.4 – 6 in Laerskool Klipfontein wat destyds die grootste Laerskool in die RSA was. Gr.6 – 7 was ek in Laerskool Tasbetpark. Hoërskool was ek in Witbank Tegnies tot gr.9 en my laaste jare was ek in Hoërskool Nylstroom.

**Wanneer het u tot bekering gekom?**
Ek was in gr.6 op 'n CSV kamp te Winklespruit en daar het ek vir die eerste keer gehoor van sekerheid van saligheid. Ek het nie daar tot bekering gekom nie, maar die saaitjie was gesaai.
Ek het baie oorgawes gemaak, maar dit was elke keer slegs emosionele bekerings en daarom net tydelike veranderings. Ek het op 19 November 1990 as 'n jongman by Eskom in Ellisras begin werk. Daar het ek 'n oom ontmoet wat 'n groot indruk op my gemaak het. Hy het my baie geleer van die Woord. Die oggend van 1 Desember 1991 het ek weer by die oom gaan sit en elke woord ingedrink wat hy met my gedeel het. Ek het daar uitgestap en onder 'n geweldige sondeoortuiging gekom. Ek het geweet dat ek nie kon uitstel tot ek by die huis kom nie en het 'n stil plek gekry waar ek my hart teenoor die Here uitgestort het en vir die Here gesê dat ek nie van my knieë sal opstaan voordat ek nie seker is dat Hy my lewe nuutgemaak het nie. Om 04:30 daardie oggend het die lig in my lewe deurgebreek en ek het die Here geloof en geprys en vir Hom gesê dat ek die dag van die 1 Desember 1991 om 04:30 nooit sal vergeet nie. Oom Charlie is die eerste persoon met wie ek dit gedeel het en toe ek later by die huis gekom het, het ek dit met my vrou gedeel. Vier maande later het sy ook tot bekering gekom, en ek kan tot vandag nog nie die Here genoeg dank vir die grootste wonderwerk wat in my lewe gebeur het nie.



**Wanneer het u by die EGK aangesluit?**
Januarie 1992 by Ellisras. Ons Leraar was Ds. Gerhard van Eeden.

**Watter jare was u op kweekskool?**
2008 – 2011

**Is van u klasmaats nog in die bediening?**
Ja, di. Martin Botha, Daniël Brink, Derrick du Plessis, Jan du Raan, Barry Fourie, Richard Hattingh, Ryno Louw en Pieter van Wyk.

**Wie was u dosente?**
Drs. André Bester en Willie Kotzé, di. Rudi Beukes, Gerhard de Wet en Juan Mienie.

**Vertel ons 'n staaltjie of twee van u kweekskool dae**
Daar is soveel staaltjies wat uitgestaan het. Ek was so bevoorreg om saam met my seun, ds. Ruan van Vuuren van Jeffreysbaai, op kweekskool te kon gewees het. Ons het saam klas gedraf, saam gewoon en geëet en saam gegaan op uitreik aksies. Dit was net 'n voorreg waarvoor ek die Here so dankbaar is. Ek onthou baie goed toe Sam Brooks een jaar 'n kursus by die kweekskool kom aanbied het en ons almal op die dek bymekaar gekom het, om te wag vir die klokkie om te lui vir ontbyt. Ons was almal ordentlik grootgemaak en daarom het ons mekaar elke oggend gegroet asof ons mekaar jare laas gesien het. Die spesifieke oggend het ds. Ruan nader gekom en ek was die eerste een wat hy gegroet het, maar ons het mekaar anders gegroet as die res van die manne, ons

het mekaar gesoen. Sam Brooks het langs ds. Louis van Zyl gestaan en hy kon sien dat die man redelik geskok was. Ds. Louis het die situasie natuurlik uitgebuit en vir Sam gefluister: "Dis hoe ons dit deesdae hier by die kweekskool doen". Die man was natuurlik baie verlig toe hy uitvind dat dit net pa en seun was wat mekaar so gegroet het.
Vir my was dit 'n groot voorreg en leerskool om saam met elke student, met hul gesinne en dosente kon gewees het, en ek is die Here so dankbaar om deel te kan wees van hierdie Kerk se predikaatskorpus en ek is hier om my roeping uit te leef tot eer van die Here.

**Hoe lank is u getroud?**
36 jaar

**Vertel ons hoe het u, u gade ontmoet**
Ek het by Yskor in Ellisras gewerk en het by my oom-hulle in 'n Yskorwoonstel gebly. Die bure was my oom-hulle se vriende. Die bure se vrou het haar suster wat in Boksburg gewoon het geskakel en gevra dat sy asseblief die skoolvakansie na Ellisras moes kom om 'n vriendelike jong man te ontmoet. Dit was liefde met die eerste oogopslag en ek onthou baie goed hoe ek daardie dag vir my oom gesê het dat dit die vrou is waarmee ek gaan trou. Ons is toe 'n jaar en sewe maande later getroud, en deur die Here se genade, en die feit dat Hy ons gered het uit Sy liefde en genade, is ons vandag steeds gelukkig getroud.

**Hoeveel kinders het u?**
Die twee wonderlikste kinders en skoonkinders, en dan het ons die dierbaarste kleinkinders wat met hulle oupa en ouma maak net wat hulle wil… **Ruan** & Lorinda, Morné en Carlo van Vuuren van Jeffreysbaai en **Bianca** & Christo, Christo en Lumé van Staden van Hartenbos.

**Watter gemeentes het u bedien?**
Potgietersrus (2012 – 2016), Carletonville (2016 – 2019), Oudtshoorn (2019 – 2024) en tans bedien ons in Newcastle.

**Het u 'n stokperdjie?**
Ek hou van mense en daarom van kuier. Ek is baie lief vir sport en hou baie daarvan om golf te speel.

**Wat is u gunsteling dis?**
Daar is niks wat kom by 'n heerlike bord gekookte kos nie, met rys, vleis, aartappels en twee soorte groente, soet en sout. Dan hou ek natuurlik baie van braaivlies met mieliepap en verder hou ek van mieliepap saam met enige iets.

**Waar is u gunsteling vakansieplek?**
Ek hou van die natuur. Ek kan vir dae op 'n bosveldplaas deurbring, maar hou ook baie van 'n lekker seevakansie saam met my vrou en gesin.

**Watter geestelike boeke het 'n groot impak op u geestelike lewe gemaak?**
Sonder enige twyfel die wonderlike Woord van God. Ander boeke soos bv. Wêreldevangelisasie – Die uitdaging van Oswald J. Smith, Found God's Will van J. MacArtur, Die Sewe Feeste van Prof. Johan Malan en vele van sy ander boeke, Gedenk jul voorgangers van Ds. Hennie Prinsloo en al sy ander boeke, al die boeke van Dr. Willie Kotzé o.a. Sorgstrukture en sorgende leierskap, baie van Dr. Willie Marais en Andrew Murray en dan 'n boek met die naam Die huwelik in die spervuur deur Glenn T. Stanton en Dr. Bill Maier. My beste kommentaar reeks is sonder twyfel Dr. Warren W. Wiersbe.

# Op die Boekrak

## In die Pylvak




'n Nuwe boek "In die Pylvak" het die lig gesien en dien as deeglike handleiding van hoekom en hoe ons in die wedloop teen tyd moet funksioneer. Die boek sal na predikante van die kerk asook sendingvoorsitters versend word. Die Sinodale Sendingkommissie, in samewerking met Aksie 1:8, spreek die hoop uit dat die boek angstig gelees en die inhoud toegepas sal word. Die boek is te koop beskikbaar @ R80-00 en bestellings kan per e-pos geplaas word by aksie18@mweb.co.za

# Gemeentes en Kontakbesonderhede

| Gemeente | Leraar | Selfoon nr. |
|---|---|---|
| Alberton | Ds. J Alberts (Johan) | 074-713-8679 |
| Barrydale | (Wyk van Paarl) | |
| Belfast | Ds. WG Smith (Wim) | 082-550-3623 |
| Benoni | Ds. AFC Lombard (Frikkie) | 079-898-2799 |
| Bethal | Prop. Kand. Johnrick Helm | 076-733-8387 |
| Bethlehem | Ds. AF Olivier (Armand) | 084-251-0416 |
| Bloemfontein | Ds. WR Raath (Wimpie) | 082-870-9986 |
| Boksburg | Ds. RD Beukes (Rudi) | 081-446-0666 |
| Brakpan & Springs | Ds. CL van der Merwe (Loedolff) | 079-866-2455 |
| Bredasdorp | Ds. M van Niekerk (Marno) | 084-617-0613 |
| Brits | Ds. JJ Jacobs (Jakes) | 083-789-5388 |
| Carletonville-Bethel | **Ds. PA Loots (Pieter) Em.** | 082-770-5405 |
| Centurion (1) | Ds. GA van Dalen (Gerrie) | 084-515-0937 |
| Centurion (2) | Ds. RP Louw (Pierre) | 063-400-5298 |
| Durban | **Vakant** | |
| Ellisras | Ds. R Gates (Riaan) | 071-371-0431 |
| Ermelo | Ds. WA Krige (Willie) | 082-817-1137 |
| Fochville | Ds. DE Klopper (Danie) | 082-901-4611 |
| Frankfort | Ds. JP Leyden (James) | 072-642-4730 |
| Gamtoosvallei | **Ds. HJ Weyers (Hendrik) Em.** | 083-256-2910 |
| George | Ds. CPJ Coertze (Coenie) | 076-861-6899 |
| Germiston | Ds. M Labuschagne (Marco) | 069-402-0189 |
| Goudrif | Ds. RJ Besselaar (Johan) | 082-555-1592 |
| Goudveld | Ds. C Lombard (Chris) | 083-652-8433 |
| Hartbeespoort | Ds. TJ Cloete (Johan) | 082 572 9162 |
| Helderberg | Ds. AMA Bruyns (Andrew) | 081-364-4912 |
| Jeffreysbaai | Ds. RH van Vuuren (Ruan) | 084-584-9394 |
| Kemptonpark | Ds. PJ Grobbelaar (Paul) | 072-277-9781 |
| Klerksdorp | Ds. E Duvenhage (Etienne) | 082-854-3431 |
| Kriel | Ds. H Vorster (Hennie) | 084-229-2002 |
| Kroonstad | **Ds. H van Niekerk (Harry) Em.** | 082-938-3621 |
| Krugersdorp | Ds. GM Grobler (Gert) | 083-659-5793 |
| Lichtenburg | Dr. 2AS Kleingeld (Anton) | 084-758-0436 |
| Louis-Trichardt | **Ds. HCT Lyon (Herbie) Em.** | 082-906-0288 |
| (Wyk van Pietersburg) | | |
| Malmesbury | Ds. EC van Staden (Rassie) | 082-950-4702 |
| Margate | Ds. R Fourie (Rudolf) | 076-302-9454 |
| Meyerton | Ds. D du Plessis (Derrick) | 083-287-7197 |
| Middelburg | Ds. FR Grobler (Fleetwood) | 082-879-8625 |
| Mosselbaai | Ds. B Fourie (Barry) | 082 568 0760 |
| Nelspruit-Sigem | **Ds. LP Schoeman (Peet) Em.** | 084-206-1768 |
| Newcastle | Ds. WS van Vuuren (Wimpie) | 082-870-9477 |
| Nigel- Saron | Ds. WF Lombard (Fredrich) | 066-215-7353 |
| Nylstroom | Ds. J Vlok (Kuifie) | 072-426-6541 |
| Oos-Londen | **Ds. J Schellingerhout (Jasper) Em.** | 072-757-2540 |
| Orkney | **Ds. WH du Plessis (Willie) Em.** | 082-376-0483 |
| (Wyk van Klerksdorp) | | |

**Alle gemeente leraars en titels was korrek met die druk van die uitgawe, hoewel sekere leraars onder beroep mag staan**


| Gemeente | Leraar | Selfoon nr. |
|---|---|---|
| Oudtshoorn | **Vakant** | |
| Paarl | Ds. D. Brink (Daniël) | 083-626-7473 |
| Parys | (Wyk van Sasolburg) | |
| Phalaborwa | Ds. KI Boshoff (Kaleb) | 084-816-2332 |
| Pietersburg-Emmanuel | Ds. G Snijders (Gerhard) | 082-459-5329 |
| Port Elizabeth-Wes | Ds. FS Devenier (Ferdie) | 083-458-7459 |
| Potchefstroom | Ds. F Bekker (Ferdi) | 084-688-8653 |
| Potgietersrus | Ds. CJF Muller (Francois) | 082-925-0588 |
| Pretoria Maranata | Ds. WS Olivier (Willie) | 084-596-4578 |
| Pretoria-Oos | Dr. AJD Bester (André) | 081-446-6521 |
| Pretoria Rietfontein | Ds. WM Snyders (Wimpie) | 073-490-5427 |
| Pretoria Tuine | Ds. F du Toit (Francois) | 084-584-9394 |
| Pretoria Wonderboom | Ds. NJ Grobler (Johan) | 083-785-4743 |
| Randfontein | Ds. R Scholtz (Rico) | 083-452-2383 |
| Richardsbaai | **Vakant** | |
| Roodepoort-Betesda | Ds. RM Hattingh (Rickard) | 082-847-8693 |
| Rustenburg | Ds. AJ Venter (Andries) | 073-743-8502 |
| Sasolburg (1) | Ds. RP Louw (Ryno) | 083-788-5027 |
| Sasolburg (2) | Ds. M Botha (Martin) | 067-656-2018 |
| Secunda | Ds. AR Scholtz (Recardo) | 083-787-5287 |
| Springs & Brakpan | Ds. CL van der Merwe (Loedolff) | 079-866-2455 |
| Standerton | Ds. JHH du Raan (Jan) | 072-286-1115 |
| Tygerberg (1) | Ds. C Coetzee (Ian) | 082-325-1569 |
| Tygerberg (2) | Ds. G. Kruger (Gerhard) | 082-725-7832 |
| Tzaneen | Ds. NL Prinsloo (Nicko) | 083-233-7672 |
| Uitenhage | Ds. P van Wyk (Pieter) | 083-594-3078 |
| Uniondale | **Ds. J Botha (Johan) Em.** | 082-897-5955 |
| Upington | **Vakant** | |
| Vanderbijlpark & Vereeniging | Ds. LC Uys (Lukas) | 083-784-1427 |
| Ventersdorp-Elim | (Wyk van Lichtenburg) | |
| Volksrust | **Vakant** | |
| Vredendal-Olifantsrivier | **Vakant** | |
| Vryheid | **Vakant** | |
| Warmbad | **Vakant** | |
| Weskus | Ds. HJ van Zyl (Herman) | 082-924-6989 |
| Witbank | Ds. PJ Burger (Pieter) | 083-263-5752 |
| Worcester | Ds. LHJ van Zyl (Louie) | 083-204-0365 |

**Ander diensdoenende predikante**

| | | |
|---|---|---|
| Saakgelastigde: | Ds. JP Gates (Johnnie) | 073-490-5427 |
| Kweekskool: | | |
| Prinsipaal | Ds. JP Prinsloo (Jurg) | 083-302-6800 |
| Viseprinsipaal | Ds. WF van Niekerk (Wynand) | 084-986-1986 |
| Dosent | Ds. WA Kotzé (Woodford) | 083-763.4942 |
| Dosent | Ds. JP Prinsloo (Jurgens) | 084-986-1986 |

# EVANGELIES-GEREFORMEERDE KERKBLAD

Amptelike Kerkblad van Die Evangelies-Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika
Jaargang 80 • Maart/April 2025 • #662



- God se spesifieke roeping
- Kweekskoolstudente 2025
- EG Kerk Frankfort - 80 Jaar van Genade

# ...van die Redakteur

Liewe leser, ons was bevoorreg om in 2024 die Feesjaar ter herdenking van ons Kerk se 80 ste bestaansjaar te kon vier. Maar helaas, nog is, het einde niet. Verskeie gemeentes vier gedurende 2025 ook hul 80 ste bestaansjare en selfs die Kweekskool wat op 28 Februarie 2025 80 geword het.

Buiten die stigting van die moederkerk in Durban op 21 April 1944 het ons navorsing getoon dat die volgende gemeentes as die eerste gemeentes beskou kan word met onderskeie stigtingsdatums tussen 1944 en 1945:
1944 – Belfast, Bloemfontein, Durban en Standerton.
1945 – Alberton, Brakpan, Frankfort, Springs en Nigel.

Hierdie uitgawe (Mrt/Apr) wy ons tradisioneel aan die sendingveld en die kweekskool – vandaar die besondere artikel van die viseprinsipaal, ds. Wynand van Niekerk "God se spesifieke roeping", asook die bekendstelling van die 2025 studente en helaas, maar nie die minste nie, 'n blik op die kweekskool se 80-feesvieringe, gepaardgaande met die afskeid van die prinsipaal, ds. Jurg Prinsloo wat emeriteer. Ds. Jurg bly darem aan by die kweekskool tot einde 2025. In hierdie uitgawe deel ons ook in die vreugde met Frankfortgemeente se 80-feesvieringe.

God is en bly die Groot Geneesheer – lees gerus die getuienis op bladsye 16 en 17.

Met Paasfees ook om die draai, wens ons u 'n geseënde en vervullende Paasfees toe en is ons bede dat u een van die konferensie kan bywoon, indien dit enigsins vir u moontlik kan wees.

**Redakteursgroete**


**Redaksie**
Willie Stieger (Redakteur), Di. Francois du Toit (gekoöpteer), Johnnie Gates, Wimpie Snyders en Wynand van Niekerk (Subredakteur), Riaan Britz en Bertus Stieger



**Stuur asseblief materiaal vir plasing aan:**
Die Redakteur – EG Kerkblad
E-pos: redakteuregkerkblad@gmail.com; Sel: 082 401 6937


Die Redaksie ontvang graag artikels, getuienisse van die Here se handelinge in iemand se lewe, kerk/gemeentenuus van algemene aard (tersaaklike foto's is baie welkom) en bydraes vir plasing in die Blad. Artikels moet egter in Word-formaat ingedien word en foto's in *.jpg-formaat asseblief. Die redaksie behou ook die reg voor vir redigering van artikels en besluitneming voor plasing van artikels en bydraes. Gepubliseerde bydraes reflekteer nie noodwendig die mening van óf die Kerk óf die Redaksie nie.


**Kopiereg: © EG Kerk SA, Alle regte streng voorbehou**



**Voorblad: "***Tree on Edge"* - **Freepik.com**
**Drukkers:** Bowles Drukkers - Oudtshoorn



**Jaargang 80**
**Maart/April 2025**
**Uitgawe #662**


# INHOUD


**3 God se spesifieke roeping**

**5 Kweekskoolstudente 2025**

**8 Waar in die Wêreld:**
Johan en Marietjie Boshoff

**10 Kweekskool te Pretoria vier 20 jaar!**
**Ds. Jurg ontvang Emeritaat**

**11 CVV-finansies opleiding**

**12 EG Kerk Frankfort - 80 Jaar van Genade**

**14 Vroueblad:** Van duisternis na lig

**15 Kinderblad:** Liewe maats!!

**16 Getuienis met die woorde:**
**"HY sê: Ek IS"**

**18 Aangename Kennis:**
Ds. Etienne Duvenage

**19 Dwight Lyman Moody -**
**Die Dinamiese Lewe** (vervolg)


**Intekening en betaling**

Weens stygende drukkerskoste het die Redaksie op 'n vergadering, gehou op 28 Okt. 2024, besluit om die jaarlike subskripsiegeld van die Kerkblad te verhoog van **R120-00 na R140-00**. Hierdie verhoging tree in werking op 1 Maart 2025 vir die nuwe finansiële jaar 2025/26.
Nie-lidmate moet asseblief intekengeld inbetaal by die administratiewe beampte, ds. Johnnie Gates. Rekeningbesonderhede as volg:
Bank: **FNB**
Takkode: **250054**
Rek. no.: **5244 363 2023**
Verwysing: **KB-Naam en Van**
Bewys van betaling kan gestuur word aan:
egkskas@gmail.com

# God se spesifieke roeping

**Hand. 7:34** ***Ek het duidelik gesien die mishandeling van my volk wat in Egipte is, en hulle gesug gehoor en neergedaal om hulle te verlos. En nou, kom hier, Ek wil jou na Egipte stuur.***

Wat is roeping? Iemand het eenkeer gesê: *"If you seek nothing but the will of God, He will always put you in the right place at the right time."*

Daar is 'n verskil tussen 'n beroep en roeping. 'n Beroep is om 'n salaris te verdien om 'n lewe te kan maak. 'n Roeping is om in gehoorsaamheid op die Here se roepstem 'n sekere pad vir jou lewe te volg omdat God 'n spesifieke taak het wat gedoen moet word. ***Ek het duidelik gesien die mishandeling van my volk wat in Egipte is, en hulle gesug gehoor en neergedaal om hulle te verlos. En nou, kom hier, Ek wil jou na Egipte stuur.***

Mense is soos Israel vasgevang in slawerny in Egipte, in hierdie wêreld, in die bande van die Satan en dis ons taak om hulle die goeie nuus van die Evangelie te gee. Hierdie, in die lig van Matt. 28:19, is eintlik die taak en roeping van elke kind van God: kom hier, Ek (God) wil jou na Egipte (die wêreld) stuur. Maar, God roep mense vir spesifieke take en daarom sien ons eerstens . . .

### 1. God roep spesifieke mense

God het Moses geroep. Hy is die ***"jou"*** in die ***"kom hier, ek wil jou stuur"***- v34.

Hier praat die Here nie nou met Aäron of Miriam nie, maar met Moses. Maar Moses het allerhande verskonings. **Ex. 4:10:** ***Ag, Here, ek is nie 'n man van woorde nie—...want ek is swaar van mond en swaar van tong.*** Maar die Here verdra nie sy verskonings nie, Hy sê **Ex. 4:11-12** ***...Wie het vir die mens die mond gemaak, of wie maak stom of doof, of siende of blind? Is dit nie Ek, die HERE, nie? 12 Gaan dan nou heen, en Ek sal met jou mond wees en jou leer wat jy moet sê.***

Maar Moses antwoord en sê: **Ex. 4:13** ***...Ag, Here, stuur tog deur wie U wil stuur.*** Maar God het 'n spesifieke roeping in gedagte, en daarom moet spesifiek Moses daardie taak uitvoer, nie Aäron nie, al kan hy beter praat, ook nie Miriam nie, maar Moses. ***Ex. 4:14 Toe ontvlam die toorn van die HERE teen Moses, en Hy sê: Is jou broer Aäron, die Leviet, nie daar nie? Ek weet dat hy goed kan praat.*** God het nie aan Aäron in die brandende doringbos verskyn om hom te roep vir hierdie taak nie, want Aäron het 'n ander taak: hy sou hoëpriester word.

God roep spesifieke mense om spesifieke take uit te voer. Die Here het vir Samuel en Elisa geroep as profeet, vir Paulus as apostel vir die heidene, vir Abraham uit sy vaderland na 'n ander land, vir Gideon om die volk te verlos, vir Amos die skaapboer om sy volk te waarsku, Josef om die hongersnood te bestuur, vir Rebekka om die moeder van 'n nasie te word, vir Lukas die Dokter om metgesel van Paulus te wees op sy sendingreis, so ook Bárnabas. Vir die jonge Timótheus om 'n gemeente te lei. Elkeen by die naam geroep vir 'n spesifieke taak.

Hy het vir Jona geroep om Ninevé tot bekering op te roep en Jona kon nie vlug van die roeping nie. God het 'n storm gestuur en 'n vis beskik, omdat hy gevlug het van God se spesifieke roeping op sy lewe. Die Here het baie dissipels gehad maar Hy het **spesifiek 12 geroep om by Hom te wees.** **Mark. 3:13** ***En Hy het op die berg geklim en na Hom geroep die wat Hy wou hê, en hulle het na Hom gekom.*** Ons lees spesifieke name in **v16-19** ***Simon Petrus, Jakobus, Johannes, Andréas en Filippus, en Bartholoméüs en Matthéüs, en Thomas en Jakobus, die seun van Alféüs, en Thaddéüs en Simon Kananítes, en Judas Iskáriot, hy wat Hom verraai het.***

God roep spesifieke mense. Maar, waarvoor roep die Here hierdie mense?

### 2. God roep spesifieke mense vir 'n spesifieke taak

Hand. 7:36 Hy (Moses) het hulle uitgelei en ... Hand. 7:38 ... hy (Moses) het die lewende woorde ontvang om aan ons te gee. Die Here het vir Moses met 'n tweeledige taak geroep: Eerstens om Israel uit Egipte te lei en tweedens om die lewende Woord van die Here aan Israel te gee. Dit was Moses se lewenstaak en roeping en dit het hy gedoen, want dit was God se spesifieke roeping op Moses se lewe.

Ons taak is **Matt. 28:19** ***Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, ...*** Dit was die roeping van Jeremia ook: **Jer. 1:5** ***Voordat Ek jou in die moederskoot gevorm het, het Ek jou geken; en voordat jy uit die liggaam voortgekom het, het Ek jou geheilig; Ek het jou tot 'n profeet vir die nasies gemaak.*** Die opdrag? Maak ander dissipels soos wat julle dit van Christus was. **1 Kor. 11:1** ***Wees my navolgers, soos ek dit ook van Christus is...*** om ander mense uit Egipte te lei (uit die plek van slawerny) deur hulle die woorde van die ewige lewe (die evangelie) te gee. Elkeen moet seker maak wat is dit wat God van Hom verwag binne hierdie raamwerk.

### 3. God roep spesifieke mense vir 'n spesifieke taak deur hulle te vorm in spesifieke omstandighede

**Hand. 7:20** ***In dié tyd (omstandighede) is Moses gebore, ...***

In die spesifieke omstandighede is Moses gebore met 'n doel, maar voordat Moses die taak kon doen wat God hom sou oplê (die volk uitlei uit Egipte en Woord van God gee), en hy op die regte tyd op die regte plek kon wees om daardie taak uit te voer, was God se hand vanaf Moses se beginjare reeds betrokke om hom te vorm.

V20: ***Drie maande lank is hy in die huis van sy vader versorg;*** Dit was vir God belangrik dat hy in die eerste drie maande in sy vader se huis moes wees.

**Vervolg op bl. 4**

# God se spesifieke roeping

Vervolg vanaf bl. 3

Dit alles, sodat daar 'n band gesmee kon word met sy familie wat later die grondslag sou wees van sy verhouding met sy ouer broer en suster, Aäron en Miriam. Ook is die hand van God wonderlik daarin dat sy eie moeder hom kon versorg terwyl Farao se beursie betaal daarvoor. **Ex. 2:9** ***Daarop sê Farao se dogter vir haar (sy moeder): Neem hierdie seuntjie en soog hom vir my, en ek sal jou loon gee. En die vrou het die seuntjie geneem en hom gesoog.*** God is betrokke in Moses se lewe vandat hy 'n babatjie was om hom te vorm vir die roeping.

Ons weet dat God sy dissipels ook voorberei vir die dag wanneer hulle reg sou wees. **Mark. 3:1** ***En Hy het twaalf aangestel, sodat hulle saam met Hom kon wees en Hy hulle kon uitstuur om te preek*** **Mark. 3:15** ***en mag te hê om siektes te genees en die duiwels uit te dryf.*** Vanuit die saamwees (passiewe werkwoord) vloei die ander aktiewe werkwoorde (preek, genees, uitdryf). Bepaalde omstandighede is toegelaat in hul wandel saam met Jesus, sodat hulle voorberei kon word om uiteindelik hulle deel in die opdrag van Matt. 28:19 uit te voer.

Net so laat God sekere dinge toe oor sy kinders se lewe om hulle te vorm, van hulle moederskoot af, om hulle toe te rus vir daardie spesifieke roeping.

**4. <u>God roep</u> spesifieke mense vir 'n spesifieke taak deur hulle te vorm in spesifieke omstandighede <u>vir 'n spesifieke tydgleuf</u>**

**Hand. 7:24-25, 30** ***toe hy sien dat iemand onreg aangedoen word, het hy hom verdedig en die man... gewreek deur die Egiptenaar te verslaan. 25 En hy het gedink dat sy broers sou verstaan dat God hulle deur sy hand redding sou gee; maar hulle het dit nie verstaan nie. 30 En toe veertig jaar verby was, het 'n Engel van die Here aan hom verskyn in die woestyn van die berg Sinai, in die vuurvlam van 'n doringbos.***

Moses het alreeds iets geweet van 'n taak, dat die Here wou hê hy moes die volk uitlei, want daar staan in v25 hy het gedink dat hulle sou verstaan dat God hulle deur sy hand redding sou gee, so hier het Moses sy kans waargeneem en een van sy Israelitiese broers verdedig deur die Egiptenaar dood te slaan wat hom mishandel het. Hulle het hom egter aanvanklik verwerp as leier: **Hand. 7:27** ***Maar hy ... het hom afgestoot en gesê: Wie het jou as 'n owerste en regter oor ons aangestel?***

Hierdie insident is die katalisator vir die volgende fase van Moses se vorming. Moses se opleiding was nog nie klaar nie, want die spesifieke tydgleuf was ook nog nie reg nie. **Gén. 15:16** ***En die vierde geslag sal hierheen terugkom, want die ongeregtigheid van die Amoriete is tot nog toe nie vol nie.*** Behalwe dit, moes Moses in die staatsweë opgelei word om die volk te kan lei, hy moes ook opgelei word om die Israeliete vir 40 jaar in die woestyn met al sy gevare en uitdagings in te neem. Die gevolg was dat Moses die volgende 40 jaar in die woestyn vir sy skoonvader kleinvee opgepas het. Nog 40 jaar van opleiding moes voltooi word voor die tyd reg was.

Die dissipels moes ook eendragtig biddend wag in die bovertrek vir die regte tyd om krag te kan ontvang om God se opdrag uit te voer. **Hand. 1:4** ***...toe Hy nog met hulle saam was, het Hy hulle bevel gegee om nie van Jerusalem weg te gaan nie, maar om te wag op die belofte van die Vader, wat julle, het Hy gesê, van My gehoor het....*** **Hand. 1:8** ***maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaría en tot aan die uiterste van die aarde.***

En toe gebeur, Pinksterdag, wat die spesifieke tyd is wat aanbreek toe die Heilige Gees oor hulle uitgestort is, toe God begin werk het. Spesifieke mense, met 'n opdrag, gevorm deur omstandighede, wag biddend vir die regte oomblik. Laastens…

**5. <u>God roep</u> spesifieke mense vir 'n spesifieke taak deur hulle te vorm in spesifieke omstandighede vir 'n spesifieke tydsgleuf <u>met 'n spesifieke doel in gedagte</u>**

**Hand. 7:22** ***En Moses is opgelei in al die wysheid van die Egiptenaars en was magtig in woorde en dade.***

Dit was vir God belangrik dat Moses opleiding in staatsweë sou hê, en waar beter om te leer as in die huis van Farao. Moses word magtig en woorde en dade, maar die Here kry die eer **Jos. 2:10-11** ***want ons het gehoor dat die HERE die water van die Skelfsee voor julle by jul uittog uit Egipte laat opdroog het. Toe ons dit hoor, het ons hart gesmelt, sodat daar by niemand enige moed meer oorgebly het teenoor julle nie; want die HERE julle God, Hy is God in die hemel daarbo en op die aarde hieronder.***

Dit is die doel, magtige woorde en dade om God te verheerlik, deurdat die volk uit Egipte uitgelei word en die Woord aan hulle gegee word.

God het nie nodig gehad dat Aäron in 'n Egiptiese huis grootword vir sy taak waarvoor die Here hom geroep het nie, sy opleiding en vorming sou anders wees as die van Moses, want Aäron het klaar goed gepraat.

Die gevolg van God se roeping, 'n "kom hier Ek wil jou stuur" was dat Moses magtig in woorde en dade was, gevorm deur God om God te verheerlik deur die roeping op sy lewe.

God roep 'n spesifieke persoon vir sy werk. **Mark. 3:13** ***En Hy het… na Hom geroep die wat Hy wou hê, en hulle het na Hom gekom.*** [hulle moes steeds gehoorsaam – hulle moes kom]

God roep daardie persoon vir 'n spesifieke taak Jer. 1:5… Ek het jou tot 'n

# KWEEKSKOOLSTUDENTE 2025

Ons is die Here dankbaar vir ons studente en die opleiding wat hulle by die Kweekskool ontvang en vir die dosente wat toegerus is om die opleiding te behartig. Die jaar 2025 het ses nuwe eerstejaars, vyf tweedejaars, agt derdejaars en een vierdejaar opgelewer.

**DOSENTE:** Ds. Jurg & mev. Mandi Prinsloo (prinsipaal), Ds. Wynand & mev. Carina van Niekerk (viseprinsipaal) met Frans, Ds. Woodford & mev. Nushka Kotze met Lana, Jani, Ruben & Tirsa en Ds. Jurgens & mev. Marica Prinsloo met Lückhoff, Jurgens en Abigail.

**EERSTEJAARS:** Taylor & Annelize Ridgard met Marlene, Lizzy, Ben en Abigail – Pretoria-Oos, Elzann du Toit met Zanel, Janu en Reinhardt – Rustenburg, Ruzanne Koekemoer – Phalaborwa, Juhané Venter – Rustenburg, Will-Henry Oosthuyzen – Potgietersrus en JJ Lombard – Goudveld (Welkom).

**TWEEDEJAARS:** Gawie & Bianca Joubert met Hardus en Lisamé – Belfast, Riaan & Joey Wiid met Zunika en Jalen – Rustenburg, Henlo Smit – Wonderboom, MJ Smit – Wonderboom en Heinrich Heymans – Pta Oos (Stilfontein).

**DERDEJAARS:** Chris & Theresa Troskie met Erika en Chrisjan – Bethal, Jacques & Lilian Dreyer – Roodepoort, Llewelyn & Kaylee Beyl – Jeffreysbaai, Francois & Alicia Conradie – Tygerberg, JP Engelbrecht – Ellisras, Tiardt Botes – George, Anzel Fogarty – Boksburg en Nico-Dirk & Michaella Buitendag – Rustenburg.

**VIERDEJAAR:** Hennig & Alyssa van Wyk met Lyla – Wonderboom

Bid asseblief vir die dosente en studente en vertrou daarmee saam die Here om nog mense tot sy diens in die Kerk te roep.



**Ds. Jurg & mev. Mandi Prinsloo (prinsipaal)**



**Ds. Wynand & mev. Carina van Niekerk (viseprinsipaal) met Frans**



**Ds. Jurgens & mev. Marica Prinsloo met Lückhoff, Jurgens en Abigail**



**Ds. Woodford & mev. Nushka Kotze met Lana, Jani, Ruben & Tirsa**

---

profeet vir die nasies gemaak. (Matt 28:19). God vorm daardie persoon in spesifieke omstandighede wat toegelaat word oor sy lewe vir hierdie taak, want wanneer die spesifieke tyd reg is, moet die taak uitgevoer word. God roep met 'n spesifieke doel voor oë: om sy Naam te verheerlik deurdat mense gered word deur die verkondiging van sy Woord. Daarom **1 Pet. 2:5** ***en laat julle ook soos lewende stene opbou, tot 'n geestelike huis (dit is die gemeente van Christus)…, om geestelike offers te bring wat aan God welgevallig is deur Jesus Christus.***

**1 Pet. 2:9** ***Maar julle is… 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig.***

**Ds. Wynand van Niekerk**
**Dosent**



Hennig & Alyssa van Wyk met Lyla (Vierdejaar)



Chris & Theresa Troskie met Erika en Chrisjan (Derdejaar)



Nico-Dirk & Michaella Buitendag (Derdejaar)



Llewelyn & Kaylee Beyl (Derdejaar)



Jacques & Lilian Dreyer (Derdejaar)



Francois & Alicia Conradie (Derdejaar)



Tiardt Botes (Derdejaar)



Anzel Fogarty (Derdejaar)

JP Engelbrecht (Derdejaar)





Henlo Smit
(Tweedejaar)



MJ Smit
(Tweedejaar)




Riaan & Joey Wiid met Zunika en Jalen (Tweedejaar)



Will-Henry
Oosthuyzen
(Eerstejaar)



JJ Lombard
(Eerstejaar)




Heinrich Heymans
(Tweedejaar)



Gawie & Bianca Joubert met
Hardus en Lisamé (Tweedejaar)



Juhané Venter
(Eerstejaar)



Ruzanne
Koekemoer
(Eerstejaar)




Taylor & Annelize Ridgard met Marlene, Lizzy, Ben en
Abigail (Eerstejaar)



Elzann du Toit met Zanel, Janu en
Reinhardt (Eerstejaar)

# Waar in die Wêreld?

## Ds. Johan en Marietjie Boshoff



Handelinge 29 is nie te vinde in die Bybel nie. Die Handelingeboek in die Nuwe Testament het 28 hoofstukke, maar sluit nie af nie. Handelinge 29 is die 'volgende hoofstuk' in die geskiedenis van die kerk, wat geskryf word. Elke gemeente sedertdien is besig om te skryf aan hoofstuk 29. Mens wonder wat van vandag se kerke en gemeentes opgeskryf staan. Mense wat die afgelope jare interessant aan die hoofstuk geskryf het, is ds. Johan en Marietjie Boshoff.

Jesus het gesê: "My voedsel is om die wil te doen van Hom wat my gestuur het en om sy werk te volbring,

Ek het U verheerlik op die aarde en die werk wat U My gegee het om te doen, het Ek volbring". In hierdie woorde van Jesus in Joh. 4:34 en 17:4 vind die hartklop van die Seun beslag en plaas die Vader sy stempel daarop. In Hand 1 tot 28 lees ons van hoe hierdie fokus in die kerk neerslag gevind het en moet dit ook ons strewe wees in die skryf van Hand. 29 om aan die einde van ons loopbane ook te gedoen het wat Hy van ons verwag het.

Jesus speek in Hand.1:8 die wil en plan van God duidelik uit nl. "maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaría en tot aan die uiterste van die aarde". Hand. 1:8 gaan oor die werk in Jerusalem, Hand. 9-13 in Judea en Samaria en vanaf hoofstuk 13 en verder oor die uiterste van die aarde. Die kerk van Jesus moet aktief betrokke wees in plaaslike, transkulturele en internasionale evangelisasie. Onder die vaandel van Aksie 1:8 word die kerk aangemoedig tot die strategiese uitvoering van Jesus se Groot Opdrag. Hierin het ds. Johan en Marietjie ten volle gehoor gegee en in Projek Samaria hul roeping begin uitleef en werk sedert 1994 in hierdie veld.

**Projek Samaria**

In Projek Samaria is ons vanuit ons kulturele perspektief gerig op die bereiking van die tradisionele anderskleuriges in S.A. Dié arbeidsveld word geteister met politieke onstabiliteit, vervolging van opregte predikers, wat die evangelie onafgewater verkondig, armoede, maatskaplike probleme, demoniese aktiwiteite en voorvaderaanbidding. Ons het met ds. Johan gaan gesels en hy het ons die volgende vertel:

**Waar het hy groot geword?**

"Ek is op 6 Maart 1959 in Vanderbijlpark gebore as die oudste van vier kinders. In 1964 word my ouers lidmate van die destydse Nuwe Protestantse Kerk, nou Evangelies-Gereformeerde Kerk. My moeder van 86 jaar is nog steeds 'n aktiewe lidmaat van die kerk.

Op die ouderdom van 15, in Oktober 1974, onder die prediking van wyle ds. Fanie Hugo, het ek my hart vir die HERE gegee en word ek 'n nuwe mens. Voor dit was daar talle bekerings wat nie volhoubaar was nie. Daardie aand het ek egter die klop aan my hartsdeur gehoor en nie net soos die ander kere net die deur oopgemaak nie, maar ek het Jesus ingenooi om saam met Hom maaltyd te hou. Ek het nooit weer teruggekyk nie".

**Vertel ons meer van jou gesin**

"Ek is op 1 November 1981 in Vanderbijlpark met Marietjie getroud, die oudste van vyf kinders. Vir Marietjie was dit liefde met die eerste oogopslag. Aan die einde van haar Matriekjaar het ek saam met haar beste skoolvriendin vir haar een aand gaan kuier. Na afloop daarvan het sy vir haar ma gesê dat sy eendag met my gaan trou. Ons het redelik gereeld daar gaan kuier, onbewus van hierdie mooi nooi se intensies. Tyd het egter verloop en Julie van die volgende jaar moes ek drie maande grensdiens doen. Daar het ek die alombekende blou koevertjie, ook bekend as 'n *"Dear JOHNNY"*, binne my eerste maand ontvang wat ons verhouding tot 'n stilstand gebring het. Aan die einde van my grensdiens het ek besluit dat ek darem net vir hierdie aanvallige vriendinnetjie moet gaan hallo sê. Dit was die begin van 'n hele nuwe avontuur in my lewe wat tot vandag toe nog nie einde gekry het nie.

Ons kon nie ons eie kinders hê nie en die HERE het toegelaat dat ons kon aanneem om hulle 'n veilige tuiste en ouerhuis te bied. Ons dogter, Ronnette, was slegs 15 ure oud toe Marietjie die voorreg gehad het om haar haar eerste bad te gee. Ons seun, Erastus, was 1 uur oud toe hy in Marietjie se hand geplaas is. Beide van hulle was twee wonderwerke wat ons Hemelse Vader in ons hand kom plaas het. Ronnette is getroud met Sammy van Biljon. Hulle het vir ons

'n tweeling kleindogters (9 jaar oud) gegee wat 'n nog groter wonderwerk is. Ons woon saam met hulle in Danabaai. Erastus is nog ongetroud en woon in Johannesburg waar hy by Educon werksaam is".

**Waar het u opleiding ontvang en wat was die pad vorentoe?**
"Nadat ek roeping tot voltydse diens gekry het, is ek in 1984 Betshan II toe waarna ek my praktiese jaar in 1988 te Bethal/Kriel gedoen het. Ek is op 15 April 1989 in Pretoria Maranatagemeente georden. In 1991 het ons die Akasiawerkkring vanuit Maranatagemeente begin. Later is ons na Rustenburg beroep. Tydens ons bediening in Rustenburg het die HERE ons op 'n wonderbare manier geroep as sendelinge. Vanuit hierdie gemeente het ons begin met uitreike in en om Rustenburg en het in Desember 1994 voltyds die sendingakker betree.

Ons het op 'n Kibboets net buite Rustenburg (Kroondal) gaan werk waarna ons in 1995 Wesrand toe geskuif het waar ons transkultureel wyer oor ons land begin werk het. Ons het opelugveldtogte gehou waar ons vir meer as 'n week weg was van die huis. In hierdie tyd was Andre van Niekerk, tans werksaam in Rundu en ds. Kleinbooi Xhoba deel van ons span. Ons het veldtogte gehad vanaf Thohoyandou, Venda tot in die Wes-Kaap waar mense ons wou en kon gebruik. By baie van hierdie uitreike was van ons blanke gemeentes en ander indiwidue saam met ons betrokke. Ons het ook verskeie uitreike onderneem na die Transkei en Namibië. Ons was selfs by geleentheid op 'n uitreik in Madagaskar waar ds. Jan Coetzer werksaam was.

In 2002 het ons bediening in Lesotho, Motengarea begin en later in 2010 na Peka geskuif waar die sendingstasie opgerig is. Tans werk Ignatius en Miriam Chabeli steeds daar onder Aksie 1:8 en die leiding van Paul Kuhn.
Ons het ook vele uitreike in die Kaap o.a Worcester, Ceres, Wolseley, Robertson en Ashton asook in George en Mosselbaai omgewing gehad. In hierdie tyd het die HERE vir ons gesê dat ons verder suid moet trek. Ons moes 'n baie moeilike besluit neem en na 'n geweldige gebedstryd het die HERE vir ons gevra: "Wat trek julle nog tussen die berge rond, gaan na die kant van die see".

**Mosselbaai**
In Mei 2011 verhuis ons na die Suid-Kaap en vestig ons in Mosselbaai vanwaar ons hele bediening verander het. Ons het elkeen een keer per week geleentheid gehad om "live" vanaf 5:00 tot 6:00 die Woord op Eden FM Gemeenskapsradiostasie te bedien, wat daardie tyd oor die 100 000 luisteraars gehad het. Saam met die bediening van die Radiostasie het ons ook Saterdae se Gemeenskapuitreikings gedoen waartydens ons films vertoon en Woord bedien het. Ons sluit ook by die Arbeidsbediening (Industrial Ministry) aan waar ons by besighede geleentheid het om die Woord te verkondig. Die nood het ontstaan om op die plase die Woord te bedien. So ontstaan die Plaasbediening waar ons in 'n radius van ongeveer 60km vanaf Danabaai tot plase in Vleesbaai, Herbertsdale, Gouritz en Ruiterbos werk.

In 2013 word ek as Geestelike Werker by die Jeuggevangenis aangestel waar seuns tussen 17 tot 26 jaar oud straf uitdien. Twee maal per week is ek besig met persoonlike gesprekke in hierdie seuns se lewens en kan ek Jesus aan hulle bekendstel. Een maal per maand bedien ons 'n groep van tussen 50 en 60 seuns met die Woord. Een Saterdag van die maand is Marietjie saam met Donnagene Fourie, ons predikantsvrou van Mosselbaai, met 'n groepie seuns besig met Bybelstudie.
Ons het ook aangesluit by die Gideons waar ons Bybelplasings en Woordbediening doen by skole, ouetehuise, spreekkamers en gastehuise asook by die Polisiestasie in die polisieselle.

**Uitstuurgeleentheid**
Ons het vir lank 'n soort van alleenstryd gevoer in die opsig dat daar nie werklik gemeentelike ondersteuning en samewerking was nie. Toe gebeur die wonder in Mosselbaaigemeente waar ons as sendelinge aangeneem word en waar ons al "ou bene" kou,



word ds. Loubser uitgenooi om ons amptelik as sendelinge van Mosselbaai uit te stuur. Ek is nou sommer die Voorsitter van die Evangelisasie Kommissie en reël ons nou uitreike en besoeke na die Shelter en Gevangenis.

As deel van die Arbeidsbediening is Marietjie ook besig met Woordbediening by VW-handelaars en @ Peace, 'n "Stepdownhuis". Sy is ook deel van 'n Laerskoolbedieningsspan, genaamd "KIX" (kinders in Christus) wat by een van die plaaslike laerskole op 'n Woensdagoggend die Godsdiensprogram in klasse aanbied".

Watter boeke en persone het die grootste impak op u lewe gehad?
Ek is baie lief vir my Bybel, ek is nie 'n groot leser nie, maar kyk baie graag na outobiografieë. Twee boeke wat 'n geweldige impak op my lewe gehad het was Gemeente en Sending van Edison Queiroz en Wêreld evangelisasie, die Uitdaging van Oswald J. Smith. Die Apostel Paulus het 'n geweldige impak op my lewe gemaak. Ds. Jan Coetzer is vir my 'n ware rolmodel van deursettingsvermoë en het ds. Thys Loubser 'n geweldige impak op my sendingbediening gehad en ons deur al die jare getrou ondersteun".

**Wat is u grootste uitdagings?**
"Die grootste uitdaging in die sendingveld is om altyd in geloof aan GOD vas te hou, al gaan dit ook hoe moeilik en te weet dat GOD op Sy tyd, nie my tyd nie, uitkoms sal stuur. Nog 'n groot uitdaging tans is om weekliks in die gevangenis te werk met verkragters, rowers en moordenaars wat moet boet vir hul oortredinge en tog, nadat jy sy storie gehoor het, raak te sien dat daar iemand beters agter hierdie seuns skuil. Somtyds moet 'n mens daarteen waak om nie te emosioneel by hulle betrokke te raak nie.

Vervolg op bl. 10

# Kweekskool te Pretoria vier 20 jaar!

Met volgepakte vragmotors is daar op 28 Maart 2005 vir 'n laaste keer 'n draai gemaak op die grondpad by Jameson Park te Nigel. Die Kerk het die ou Kweekskool vaarwel geroep en die nuwe gebied van land van heuning, oftewel Espada Ranch in die Ooste van Pretoria, hulle nuwe tuiste genoem. Groot was die opgewondenheid in die Kerk om uiteindelik 'n nuwe Kweekskool te kon hê, veral nadat daar verskeie kere vantevore die verwagting was, dat die Kweekskool sou trek en dan het dit nie gerealiseer nie. Van die staanspoor af alreeds kon die Hand van die Here gesien word in die plek wat Hy vir ons Kerk as Kweekskool in gedagte gehad het! Elke keer was SY voorsiening tasbaar, op die regte oomblik beleef. En nou na twintig jaar op die nuwe terrein, kyk ons terug oor dit wat God vir ons Kerk en die opleiding van haar geroepenes vermag het.

Dr. Anton Kleingeld, ds. Andries en Jacoleen Venter, en mevv. Alfreda Olivier en Nicolien Moolman was die laaste studente wat in 2005 by die Kweekskool te Jameson Park aangemeld het. Hulle verblyf was van korte duur (slegs 2 maande) en het eerstehands beleef watse groot logistieke reëlings in die Kweekskool se Groot Trek ingegaan het!

Dr. Kleingeld vertel: "Ek onthou die dag van die trek baie goed. Daar was twee spanne bestaande uit die studente en werkers. Een span het by Betshan II gebly en help om die meubelment te laai, terwyl die tweede span by Betshan III gereed gemaak het om die meubels af te laai, nadat die kamers eers ontruim moes word – om plek te maak vir studente, en dosente om hulle tydelik te kon huisves terwyl die twee en  drie slaapkame woonstelle en dosente wonings gebou is. Die vragmotors kon nie heeltemal in die terrein inkom nie, derhalwe is die meubels op 'n sentrale plek op bakkies en die trekker en wa afgelaai en dan na die wo-nings vervoer! Tot laat daardie aand is gewerskaf – sodat almal ten minste 'n plekkie kon hê om te slaap.

Ons het gesien hoe bykans alle fasiliteite soos dit nou daarna uitsien verander is. Ons eerste klas was byvoorbeeld – waar die badkamers nou langs die Ouditorium was. Die eetsaal (veral die dak) is verander, die kombuis in die Restaurant is heeltemal oorgedoen (ons het skottelgoed gewas in die plek wat nou as 'n kantoor vir die Kombuismoeder gebruik word!). Vir die eerste twee tot drie jaar op Besthan III was bourommel, torings bakstene, kontrakteurs en bougereedskap alledaags – totdat die Kweekskool soos wat dit nou daarna uitsien – sonder enige skuld deur die Kerk aangegaan – voltooi was.

Om die Biblioteek en Argief te kon oppak in bokse was 'n goed georkestreerde spanpoging. Die boeke moes deurgaans volgens kategorie en reeksnommer bly. Die boeke is van die laaste boek op die reeksnommer terug na die eerste boek op die rak ingepak, bokse is genommer (van 1 tot 600) en weer van die eerste boek tot by die laaste boek uitgepak – en nie net uitgepak nie; eers afgestof, en ingelees op die rekenaar en daarna op sy plek op die boekrak gepak!

Sinoniem met die Kweekskool is die klok. Dit was van die eerstejaars verwag om die klok op verskillende tye te lui, waarvan die eerste klokslag al om 06:00 gehoor moes word! Ek en Ds. Andries Venter moes die klok (wat aan 'n tak van 'n boom staan gemaak is) lui, maar iewers het die "dong" van die klok losgekom en uitgeval – ondanks dit moes die klok gelui word! Ons het om die beurt die klok met die "dong" in die hand van buite geslaan! Dit het nie lank gehou nie of die klok het middeldeur gekraak – tot groot ontsteltenis – want hierdie klok wat die Kerk soveel jare gedien het, word deur twee Eerstejaars gebreek! Die klok was onherstelbaar, en vir etlike maande het die Kweekskool ontwaak op die geluid van 'n alarmsirene gedryf deur 'n battery! Gelukkig het Ermelo gemeente tot ons heil gekom en vir die Kweekskool die klok geskenk wat nou nog gebruik word!"

Ons is trots op ons Kweekskool, en wat al vermag is die afgelope twintig jaar te Pretoria! Ons dank die Here vir SY voorsiening, instaatstelling en bewarende Hand oor die Kweekskool en haar geroepenes!

## Ds. Jurg ontvang Emeritaat

'n Groot gebeurtenis het op kampus plaasgevind: ds. Jurg Prinsloo (prinsipaal) het sy Akte van Emeritaat ontvang. Na 32 jaar in die bediening, waarvan 14 jaar as dosent en 9 jaar as prinsipaal, het ds. Jurg Akte van Emeritaat ontvang en het hy amptelik afgetree. Moenie bekommer nie, ds. Jurg bly aan op Kweekskool as dosent tot einde van die jaar. Nou kan ons ook sê dat ons 'n seniorburger in ons midde het.



Soos gewoonlik op Kweekskool, is enige geleentheid 'n goeie geleentheid om tafels mooi te maak en kos voor te berei en met die uitgenooide gaste saam gesellig te verkeer. (Gaan kyk gerus na nog foto's op Facebookblad *https://www.facebook.com/EGKKweekskool*)

**Mev. Nushka Kotzé**
**Kweekskool**

# CVV-finansies-opleiding

Op 15 Oktober 2024 het tien studentedames en een dosentedame die finansiële opleiding bygewoon wat deur die Sentrale Bestuur aangebied is. Op 17 Oktober 2024 het 15 dames vanuit gemeentes dieselfde opleiding bygewoon.
Die opleiding het deur middel van visuele voorstelling geskied en daar is aan almal teenwoordig verduidelik hoe die struktuur van die CVV se finansies daarna uitsien.
Die dames is goed toegerus oor hoe om die maandelikse- en kwartaallikse state te voltooi asook hoe om die daaglikse invloei en uitvloei van die CVV-gelde te hanteer.
Met die oog op die kerkkantoor se nuwe SAGE-program is daar verduidelik dat daar in die toekoms nuwe aanpassings aan die CVV Ordereëls en die Kasboek aangebring sal word. Die handleiding sal vanselfsprekend ook aangepas word.
Lize het namens die kommissie hul dank uitgespreek teenoor elke tesourier vir die ywer waarmee hulle die Here dien.

'n Spesiale woord van dank aan mevrou Lize du Raan wat haar kennis en toewyding met die studente en dames gedeel het. Al die inligting en take is so maklik as moontlik aangebied. Daar word met opgewondenheid uitgesien na nog sulke opleidingsgeleenthede. Dit bied beter begrip om die taak as CVV-tesourier te vergemaklik.

***"Want God is nie onregverdig om julle werk te vergeet nie en die liefde-arbeid wat julle betoon het vir sy Naam, omdat julle die heiliges gedien het en nog dien."*** ~ **Hebr. 6:10**

**Lesl Olivier**
**Pretoria-Oos**



# Waar in die Wêreld?

## Vervolg vanaf bl. 9

Ons finansies is ook 'n uitdaging en sekerlik een van die grootste node waarmee ons as sendelinge in die veld worstel. As sendeling het ons so baie ideale in die sending-akker, maar sonder finansies kan daardie ideale nooit bereik word nie. Die Here is ons Betaalmeester. 1 Kor. 9:14 sê: "So het die Here ook vir die wat die Evangelie verkondig, bepaal dat hulle van die Evangelie moet lewe." Ek was nog nooit goed daarmee om my eie nood voor mense te lê nie. Ons vra die Here en Hy maak harte van mense oop om betrokke te raak waarvan 20% van ons ondersteuning uit die E.G. Kerk kom, 10% vanuit ander Kerkverband en 70% individue.
Baie maal worstel 'n mens met jou finansiële situasie, baie keer het ons al gepoog om in ons eie krag projekte aan te pak wat elke keer gedoem is tot mislukking. Male sonder tal as ek voor die HERE worstel met hierdie situasie, dan berispe die HERE my met die woorde van **Mat. 6:26** ***"Kyk na die voëls van die hemel; hulle saai nie en hulle maai nie en hulle bring nie in voorraadskure bymekaar nie. Tog voed jou Hemelse Vader hulle. Is jy nie meer werd as hulle nie?"*** Dan, op 'n oomblik wat 'n mens dit die minste verwag, kom die HERE deur vir 'n mens.

Dit bring soveel vreugde, maar nog groter is wanneer 'n jong seun, vasgevang in die mag van Satan en bendes, in die gruwelikhede daarvan die lig sien en finaal breek daarmee en hul eie lewe op die spel plaas om Christus as gekruisigde te verkondig waar hy vroeër deel van die bendes was".

**Waarmee ervaar u is die Here besig in en deur u lewe in die Sendingveld?**
"Dis nie 'n maklike lewe nie, veral as jy op die ouderdom kom waar ons ons tans bevind. Mense van ons ouderdom begin af te skaal met nuwe uitdagings in hulle senior jare. Die HERE werk elke dag met ons om gefokus te bly op ons bediening en die eindstreep.Bid asseblief saam met ons dat ons fokus altyd op die kruis sal bly. 'n Sen-dingroeping is 'n lewenslange "commitment" en eindig eers die dag as ons, ons lewensreis op aarde voltooi. Bid saam met ons dat ons elke oom-blik in ons geloofslewe oorwinning sal behaal.

Ek is as jong seun van 15 jaar gered en reeds vir die eerste keer in my matriekjaar in 1976 geroep tot die Here se diens. Ek was ongehoorsaam aan hierdie roeping want daar was soveel beter dinge om met my lewe te gaan doen, al was ek gered. Al hierdie jare tot 1983, wat ek finaal ja gesê het vir die HERE was ek die ongelukkigste Christen op hierdie aarde want ek het altyd geweet GOD het iets anders vir my lewe in plek. My raad en oproep vir jongmense is om te luister en in gehoorsaamheid op te tree."

In Aksie 1:8 se Gebedkalender word ons elke 27ste van die maand aan ds. Johan en Marietjie herinner om vir hulle te bid. Hul kontakbesonderhede is ook daar om met hulle persoonlik kontak te maak. Indien u die Aksie1:8 Gebedkalender in elektroniese formaat wil bekom, kan u dit by aksie18@mweb.co.za bestel. U kan ds Johan en Marietjie kontak by 0829267412 of mmeb61@gmail.com

# EG Kerk Frankfort –


**Ontstaan**
Die gemeente is deur Dr. DJ de Vos op 17 Februarie 1945 in die stadsaal van Frankfort gestig. Dit was die tiende gemeente van die Nuwe Protestantse Kerk wat gestig is.
Die eerste kerkraadslede wat gekies is, was as volg: Ouderlinge: SB van der Merwe, Gerrie Cilliers, Cornelis Naudé, Nicolaas Oosthuizen, Cornelis Cilliers, CG Thornhill, GJ Oosthuizen, George Steynberg, Johannes Bothma, Izak Hattingh, Fanie Combrinck, PJ Heymans en W Dayzell
Diakens: Gert Beukes, Frans Naudé, HB Heymans en NJP van Sittert.

Die Kerkraad het sy eerste vergadering die volgende dag op 18 Februarie 1945 gehou.
Sonder om ander lidmate van belang te vergeet word dit tog genoem dat oom Tok & tant Sannie Janse van Rensburg baie diep spore saam met ander hier op Frankfort getrap het.

**Leraars wat Frankfort bedien het**
Die leraars wat die gemeente bedien het is in volgorde: Di. Fanie Becker, Piet Smit, Jan Barnard, Fanie Hugo, Corrie Devenier, Albert Woest, Herman Steyn, Dr. Willie Kotzé, Di. Tjaart Pretorius, Frik Lombard, Francois du Toit, Corrie Devenier, Jan Douglas, Fanie Hugo (tweede termyn), Johann Tolken, Johnny Grundling, Johann Dornbrack, Pieter van Wyk, Charl Linde en tans James Leyden.

**Enkele hoogtepunte uit die geskiedenis**
31 Maart 1945 besluit die Kerkraad dat 'n lening van £1,500 aangegaan sal word om 'n pastorie en 'n paar leë erwe rondom die pastorie aan te koop vir £1,400. Hulle besluit ook om die pastorie te meubileer. Daar is toe kerkgehou in die nuwe pastorie. Op dieselfde dag is ds. Fanie Becker, die eerste predikant, hier georden. Sy salaris was £10 per maand. – "die res sal die Hemelse Vader voorsien."
In 1947 word 24 stoele aangekoop om te gebruik in die pastorie vir die eredienste. Verder word in 1947 begin met dienste te Frankfort, Cornelia, Villiers, Tweeling, Warden, Heilbron en Kroonstad.
17 April 1948 – Die Nuwe Afrikaanse Psalm/Gesangeboek word op Frankfort in gebruik geneem.
6 Maart 1954 – Op hierdie dag word die Nuwe Afrikaanse Kanselbybel in ontvangs geneem deur "iemand wie se naam nie genoem is nie".
5 Februarie 1955 word die tender van mnr. CH Thomas aanvaar vir die bou van die Kerk. 'n Lening van £4,500 word aangegaan en £34 per maand sal terug betaal word.
29 Oktober 1955 vind die kerkinwyding plaas.
17 Februarie 1985 vind die 40 ste bestaansjaar van die gemeente plaas en is op luisterryke wyse gevier met 'n skaapbraai op 16 Februarie. Die destydse moderator, ds. Attie Olwagen het die feesrede gehou en ds. Thys Loubser het vanaf Sondag 'n reeks evangelisasiedienste waargeneem. (Ds. Thys is in die Frankfort omgewing gebore.)
17 Februarie 2005 word die onthulling van die 60 jarige gedenkkruis in die kerk deur ds. Johnny Grundling en ouderling Fanie Naudé behartig.
19 Februarie 2005 is die Gedenkdiens en Feesviering, Ds. Hendrik Janse van Rensburg, 'n gemeenteseun, neem die diens waar.

**80 ste Feesgeleentheid**
Op 17 Februarie 2025 was Frankfortgemeente 80 jaar oud, en op 23 Februarie 2025 het ons fees gevier






# 80 Jaar van Genade

waartydens heerlike "steak" gebraai is soos net die Vrystaters kan en die susters het 'n feesmaal voorberei. Nagenoeg 87 gaste was teenwoordig waaronder drie emeriti leraars naamlik: dr. Willie Kotzé, ds. Frik Lombard en ds. Hendrik Janse van Rensburg, watter besondere voorreg om te geniet!

Ds. James Leyden het ons met die woord bedien uit **Handelinge 28:15** ***En die broeders wat van ons lotgevalle gehoor het, het ons daarvandaan tegemoetgekom… en toe Paulus hulle sien, het hy God gedank en moed gevat.***

**Waarom moet ons God dank?**

- Vir gebedsverhoring
- Vir God se beloftes wat gehou is
- Standhoudende genade van God
- Vir ander kinders van God.

Ons dank die Heer vir elke Herderspaar wat deur die jare hier gearbei het, vir elke lidmaat wat getrou is en betrokke is by die uitbreiding van die Koningryk van God. As dit nie vir die Heer se onbaatsugtige liefde en genade was nie, sou ons nie vandag die geleentheid gehad het om 80 jaar te vier nie.

Ons Dank die Heer vir 80 jaar en ons hou die Heer vas vir die toekoms van Frankfortgemeente, dat hierdie gemeente tot diens van die Heer sal wees.

**Groete uit Frankfort!**
**Aniel Steyn**





**Emeriti en hul vroue, saam met ds. James en mev. Leyden en die drie oudste lidmate van die gemeente links voor nl. Alet Lombard, Joey Naudé en Lulu de Lange.**

# Van duisternis na lig

Vroueblad...

Vir hierdie studie lees asseblief Markus 10:46-52 vooraf. Indien jy ooit die film Overcomer gesien het, sal jy weet dat die blinde diabeet, Thomas, in die hospitaal aan die basketbalafrigter en onderwyser, John, vra: "Who is John? Tell me about him." Kan ek vir jou vra: "Wie is jy? Wat is jou identiteit?"

Jesus stap deur Jerigo op pad na Jerusalem. En dan ontmoet hy hierdie blinde man, of twee blindes, volgens Matthéüs, wat buite die stad sit en bedel. Dit is hulle identiteit: blinde bedelaars; absoluut afhanklik van aalmoese om te kan oorleef. Daar was nie Sassa-toelae vir gestremdes, soos by ons nie. Hoe gestroop . . .?

Ten minste het die blindes nie in hul bedde bly lê nie, maar opgestaan en op 'n strategiese plek, waar baie voete val, gaan sit en die vernederende bedelwerk gedoen. Dag in en dag uit. Met meer en met minder sukses, afhangende van wie verbygaan.

Maar, die gerug van Jesus het die rondte gedoen en ook in Jerigo, wat so 22,5 km van Jerusalem af was, is dit bekend gemaak: sy wonderwerkedowes hoor weer, lammes loop weer, dooies leef weer en... blindes sien weer. Daar was niks met sy ore verkeerd nie, en Bartiméüs het terdeë hiervan kennis geneem. En verseker daaroor gepeins. Dalk selfs gebid. Jesus moes seker die Messias wees, want niemand anders het sulke wonders gedoen soos Hy nie! Sê nou maar net . . . Sê nou maar net . . .

En op 'n dag is Jesus in Jerigo na Jerusalem op pad. Dit sou sy laaste lang wandeling voor sy dood wees, want in Jerusalem sou Hy eers triomfantelik ontvang word, dan 'n baie vermoeiende paar dae met woordewisseling en stryd, verloëning en verraad teenoor Hom, en meer hê. En Donderdagnag sou Hy van bakboord na stuurboord gestuur word voor Hy Vrydag deur Pilatus ter dood veroordeel en gekruisig is en drie-uur die middag gesterf het. Maar, Jesus moes eers deur Jerigo gaan – want Hy het 'n afspraak met Bartiméüs en Saggéüs gehad – en watter bemoediging moes hierdie ontmoetings nie vir Hom gewees het vóór die uitmergelende lydensweek nie!

En dan skielik, op 'n dag, hoor Bartiméüs baie meer voete as gewoonlik en hy ervaar die teenwoordigheid van 'n skare se gemaal naby Hom. Nuuskierig wou hy weet wat aangaan en iemand sê vir hom dat Jesus naby is. Herinner dit jou nie ook aan Halleluja-lied 184 nie? "Sien jy die ongetelde skaar?"

En toe is daar nie keer aan hierdie blinde man nie! "Seun van Dawid, Jesus, wees my barmhartig!" Ongeduldige mense maak hom stil, maar dit vuur Bartiméüs net aan om harder en dringender uit te roep: "Seun van Dawid, Jesus, wees my barmhartig!" Hoe kan sy roepe na Jesus anders as om ander ook Skrifgedeeltes op te roep, soos Jes. 55:6 Soek die HERE terwyl Hy nog te vinde is; roep Hom aan terwyl Hy naby is. Of Jer. 33:3 Roep My aan, en Ek sal jou antwoord. Bartiméüs sou hierdie woorde geken het. Verder was Hy oortuig van Jesus se identiteit! En dit is verstommend wonderlik!

Hy, meer as die skare en in 'n mate selfs die dissipels, wéét wie Jesus is: die langverwagte Messias. En op grond van die gesag van die profetiese Woord, hoor Jesus Bartiméüs se roep deur die skare se lawaai. Hy gaan staan stil. En Hy vra dat Bartiméüs na Hom gebring moet word. En skielik kyk die skare anders na die blinde man. En hulle sê vir hom: "Hou goeie moed, staan op! Hy roep jou!" En dan lees ons: En hy gooi sy oorkleed af, staan op en kom na Jesus toe. Waarom sou hy dít doen? Sy oorkleed van hom afgooi? Die Romeinse Ryk het gedurende die tyd van Christus aan iemand wat blind of kreupel of andersins gebreklik was, 'n identifikasie vir 'n "wettige bedelaar" uitgereik. Hierdie "identifikasie" was gewoonlik 'n "bedelaarsjas" wat aan sulke mense die wetlike reg gegee het om daagliks langs die pad om geld te bedel. Bartiméüs ken Jesus se identiteit. Hy weet dis die Messias wat naby hom verbygaan. En toe hy hierdie jas weggooi, maak hy 'n dapper verklaring: "Ek het hierdie jas nie meer nodig nie! Jesus het gekom, en Hy gaan my genees. Ek is nie meer afhanklik van die regering, of die hulp van die mense nie! Ek stel my vertroue in die Here Jesus vir my genesing!" En wanneer Jesus vra: "Wat wil jy hê moet Ek vir jou doen?" antwoord Bartiméüs: "Rabboeni, dat ek mag sien." En natuurlik genees Jesus hom. Maar, luister wat Jesus vir hom sê: "Gaan, jou geloof het jou gered." En dadelik het hy gesien, en Jesus op die pad gevolg.

Bartiméüs sien in sy blinde toestand wie Jesus is en wat Hy vir hom kan doen sodat hy nie net fisies nie, maar ook geestelik siende kan word.

Ag, hoe min siende mense, wat die Woord tot hul beskikking het, kom nog tot daardie oortuiging, sodat hulle in Christus 'n nuwe identiteit kan kry! Daarom is Bartiméüs se bedelaarsjas ook 'n prentjie van ons sondejas.

Elkeen van ons is geklee in ons eie sondigheid. Rom. 3:23 want almal het gesondig . . . totdat ons gewas word in die bloed van die Here Jesus. Efes. 1:7 In Hom het ons die verlossing deur sy bloed, die vergifnis van die misdade na die rykdom van sy genade. En dan, soos Bartiméüs, raak ons waarlik siende en kan ons ook van ons sondejas ontslae raak en ons met Jesus beklee soos Paulus ons leer in Rom. 13:14 Maar beklee julle met die Here Jesus Christus, en maak geen voorsorg vir die vlees om sy begeerlikhede te bevredig nie.

Mag jy ook, soos Bartiméüs daardie dag, daagliks die Lig aanskou: Jesus en met Hom bekleed wees.

**Katie Moolman**
**Durban**

# Liewe maats!!





God lyk anders as ons mense. God is Gees. Dit beteken dat Hy bestaan, maar Hy het nie 'n lyf nie.

Jy kan God nie sien nie en ook nie aan Hom vat nie.

Wanneer die Bybel ons leer dat God arms het, is dit net om ons te help om te verstaan wat God alles kan doen.

God het nie 'n lyf nodig om iets te kan doen nie, Hy het die wêreld gemaak deur net te praat!

**"God is Gees" Johannes 4:24**



# Getuienis met die woorde:

Hierdie is 'n paar van opeenvolgende bevestigings van die Lewende God se sorg van Sy kinders.

Dis 'n verfrissende laat lente namiddag 18 November 2024. Ek en my werker laai 38 IBR dakplate van omtrent 4,8 m van die afleweringsvragmotor af. Hier na die einde se kant toe voel dat ek besig is om my te ooreis, maar daar's nog net 'n paar plate dan is ons klaar en die vragmotor kan ry. Met seer en onbekende pyne sak ek neer op 'n gemakstoel met 'n hitte gloed en kort van asem. So raak al die gevoelens rustig. Na die inneem van 'n bietjie water voel ek perdfris en gaan tog rustiger aan met die werk. Daar gelaat . . .

Ons woon in Johannesburg. Min of meer so sewe jaar gelede probeer ek my vroutjie oortuig dat sy 'n heupvervanging sal moet ondergaan. Vir haar was dit 'n vreesaanjaende gedagte van hospitaal toe gaan. Sy was nog nooit in 'n hospitaal vir 'n operasie nie, behalwe vir 'n bevalling.

Die werk in Johannesburg raak skaars en ek vra my hemelse Vader, want ek is Sy kind, wat wil Hy hê, waarheen volgende? Ek is al gewoond daaraan dat wanneer Hy my op 'n ander plek nodig het, al is dit dat net een spesifieke siel die Evangelie moet hoor, dat Hy deure toemaak en ander deure oopmaak.

Ek kry 'n oproep van 'n broer in Christus wat my werk in Pretoria aanbied. Ons verhuis na Pretoria en kry 'n huurplekkie teen die Magaliesberg in Wonderboom-Suid. Ek en my vroutjie gaan besoek 'n dokter vir iets kleins. Toe ons in die spreekkamer inkom vra hy vir my: "Kan jy sien dat sy wit is?" Dit was 'n vreemde vraag en ek antwoord hom: "Ja, ek weet sy is wit." Hy sê: "Nee, kyk mooi." Ons gaan toe vir bloedtoetse wat bevestig dat sy "hairy cell leukemia" het. Dit is 'n rare bloedkanker. Ons het nie 'n mediese fonds nie en is vervolgend verwys na Steve Biko Akademiese Hospitaal toe. Terwyl my vroutjie by die venster uitkyk, vanwaar ons bly, roep sy my met opgewondenheid toe: "Kyk, ons kyk uit op Steve Biko Hospitaal!"
Dit was weereens so 'n herbevestiging dat die Lewende God ons vooruit gegaan het met die werk in Pretoria, die blyplek op die spesifieke plek tussen vier gemeentes op kort afstand en die werk en naby die hospitaal. In Johannesburg sou ons na Chris Hani Baragwanath Akademiese Hospitaal moes gaan. Dit klink snaaks, maar ons was bly oor Steve Biko Hospitaal. Ons het meer vir dié hospitaal kans gesien. Sou ons op 'n ander plek in Pretoria verblyf gekry het, sou ons eers by een van die ander staatshospitale ingedeel wees.
In die rariteit van die bloedkanker se rondgeskarrel om bevestiging van goedkeuring te kry deur die lokale afdeling en die hoof van die hospitaal, asook die provinsie, het ons getrou die besoeke by Steve Biko bygewoon. Dit het ons die geleentheid gegee om lankmoedigheid aan te leer terwyl ons Jesus telkemale met siele kon deel.

Een oggend tydens 'n geskeduleerde kliniekbesoek, hoor ek 'n blanke man stoom afblaas teen die ontvangstoonbank personeel met die woorde: "Ek kry sommer nou 'n hartaanval oor die lank gewag." Dis na vier ure se gewag. Die geleentheid was daar vir die evangelie. Ek stap nader en vra die man: "As jy nou 'n hartaanval sou kry, is jy reg om die Lewende God te ontmoet?" Die gesprek het nie verder gegaan nie, maar hy het later vir my vroutjie dankie kom sê dat ek hom so tot bedaring gebring het.
Die chemo het toe uitgeloop op omtrent 12 dae hospitalisasie in afsondering, a.g.v. die liggaam se lae immuunvlakke tydens die toedieningsperiode, terwyl die behandeling sewe dae aaneenlopend onder toesig van die dokter binneaars toegedien en gemonitor moes word. Die begin van die kliniekbesoeke tot vroeë remissie het ongeveer vier jaar geneem. Maar, let op, al hierdie het die Lewende God ons gegee en dit gratis. Alles het goed afgeloop en ons dank die Lewende God oor sy beplanning en voorsiening en die lesse van lankmoedigheid.

Terwyl ons besef dat 'n heupvervanging by Steve Biko nie 'n opsie is nie, het ons 'n hospitaalplan uitgeneem. Dit was so einde van Oktober 2023 wat ons die saak ondersoek het. Ons het gereken dat die tydsgleuf nie so belangrik was nie, maar hier begin die volgende wonderwerk: BESKIKKING DEUR die Lewende God. Die verkoopsdame druk die transaksie dat ons lidmaatskap by die mediese fonds deurgaan op 31 Oktober 2023. Ons het 'n jaar wagperiode wat moet verloop, maar dit was nie so 'n uitdaging nie, het ons gereken.

Na 11 maande se wag, nader ek die mediese fonds vir die operasie se goedkeuring met terugvoer dat ons 12 maande moet wag, wat toe nog nie blyk 'n uitdaging te wees nie. Ons gebruik toe die 12de maand om proaktief te wees, want die heup is nou in 'n swak toestand. Met groot verwondering word ons net weer bewus van die goedertierenheid en intydse beplanning en voorsiening van die Lewende God.

Die professor wat my heup so 10 jaar terug vervang het, tree af middel November 2024. Die operasiedatums wat beskikbaar is was 4 of 19 Nov. 2024. Menslike uitdaging, 19 November is te laat en 4 November is op 'n Maandag. So moes ons magtiging by die mediese fonds op die Maandag, 1 November, kry. Die besoeke by al die nodige mediese afdelings het goed verloop met die gesamentlike goedkeuring, gesondheidsgewys, vir die operasie. Maandag, 1 November, ongeveer 12 uur, is ons nog in afwagting op die magtiging. Die telefoon lui en dis 'n oorblufte stem aan die prof. se spreekkamer kant, wat sê dat sy nie kan glo dat die goedkeuring ontvang is nie. Die operasie het goed afgeloop. Na my vroutjie het die prof. nog een heupvervanging dié Maandag gedoen en sy loopbaan so afgesluit. Ons was in ekstase, oorbluf met die detail en die verloop wat die Lewende God in hierdie gevalle aandag aan ons as stof-wurms op die aarde en tog ook Sy kinders gegee het.
Tydens die ses weke rehabilitasie

# "HY sê: Ek IS."

met die heup was ons besig met gereelde en noukeurige oefeninge en die verwerking van die Lewende God se wondere met ons die afgelope tyd, maar toe kom die episode op 20 Nov. 2024. Na die aflaai van die dakplate-episode kom en gaan die pyne twee weke in my arms en skouers, nie sterk pyne nie, maar soos die handearbeid die werksaamhede vereis. Intussen het die "health scan" by die kliniek op 27 Nov. 2024 niks opgelewer wat help om te verstaan wat bydra tot die pyne nie.

Dis Vrydagaand, 29 Nov. 2024. Die pyne word al hewiger en my vroutjie oorreed my om na ongevalle te gaan. Ons bly so bietjie meer as 1km vanaf Eugene Marais Hospitaal. Vroutjie se heup is nog nie 100% nie en ek besluit om te bestuur. By die hospitaal aangekom sê hulle dat hulle nie ons mediesefonds-plan aanvaar nie en verwys ons na Groenkloof Hospitaal, deur Sunnyside Pretoria, sowat 7 km verder. Ek bestuur weer en sê vir my vroutjie dat ons ons tyd mors en dat ek in elk geval normaal voel. Niks voel snaaks nie. Ons besluit om tog maar te gaan kyk of Groenkloof Hospitaal enige lig kan werp op die situasie, ons is mos nou op die pad. So bestuur ek en wonder wat ek nou vir die ongevalle personeel moet sê wat ek wil hê dat hulle my mee moet help.

By Groenkloof Hospitaal aangekom vertel ek die suster aan diens wat ek ondervind. Sy sê toe dat sy reken dis maar a.g.v. die hande-arbeid en onthou dis Vrydag na 'n hele week se werk. Ek moet maar huis toe gaan, 'n lekker warm stort neem en pynpille drink. So gesê, bestuur ek huis toe. Ek voel goed en niks snaaks nie en het die hele nag rustig en lekker geslaap.

Die Saterdag, 30 Nov. 2024, net na ontbyt, voel ek die pyn, nogal sterk in my skouers. Eers gereken dat ek my verlê het deur die nag, maar die pyne word sterker en toe bly dit net so. Dis omgeveer 07:30 en ek en vroutjie is op pad na die dokter. Dis so 3 km, en ek bestuur, want ek voel nie te sleg nie. Die pyne het weer bedaar en was rustig. Die voertuig is geparkeer. Ek maak die deur vir my vroutjie oop soos gewoonlik, sluit die voertuig en loop so 40m. deur die ingang na die ontvangsarea toe. Ek doen navraag watter dokter beskikbaar is, vul die nodige dokumentasie in, want ons was nog nie by hierdie dokters nie. Ek gee die vorms in, draai om en gaan sit langs my vroutjie – dis wat ek kon onthou. Die volgende wat ek van bewus word, word ek in 'n ambulans gelaai, op pad hospitaal toe. Tydens die bewustelose tydjie, so word gesê, toe my vroutjie sien my kop is agteroor, oë toe met snaakse geluide, ruk sy my aan die skouer om my wakker te probeer kry. 'n Ander pasiënt het die alarm gemaak. Terwyl ek op die vloer neergelê is, probeer die dokters my bybring. Terwyl die dokters bedrywig was met my, het my vroutjie net daar sommer hardop gebid en ingetree. Hulle het elektriese skokke toegedien in vele van die pogings en my bygekry, verloor en weer bygekry en uiteindelik gestabiliseer. Die dokter sê ek is baie gelukkig want ek was twee keer dood.

By die hospitaal aangekom, het die kardioloog gepoog om stente in van my are te plaas, maar besef dat dit die verkeerde toepassing is. Daar moes toe 'n chirurg gevind word op die Saterdagmiddag en 17:00 daardie 30 ste Nov. 2024 word 'n nood-hartomlyning van drie are op my uitgevoer. Die operasie het tot omgeveer 21:30 geduur. Die chirurg en kardioloog is baie tevrede met die operasie se uitkoms en vordering van my liggaam.

Geagte leser, indien dit jy was en jy nie bygekom het nie, is jy gereed om die Lewende God te ontmoet? Waar sou jy wees, by Jesus Christus of in die ewige smarte weg van Jesus Christus?

Nou lê ek in die hospitaal en weer 'n keer in verwondering en verdwaas oor die Lewende God se betrokkenheid en perfekte beheer vra ek: "Here, wat is U gedagtes met die afgelope reeks gebeure?" Al wat in my opkom is dat HY sê: "Ek IS", **Jes. 55:8-9** ***Want my gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle weë is nie my weë nie, spreek die Here.*** **9** ***Want soos die hemel hoër is as die aarde, so is my weë hoër as julle weë en my gedagtes as julle gedagtes.***

**Rom. 8:28** ***En ons weet dat vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk, vir hulle wat na sy voorneme geroep is.***

Here, laat ons alles doen om U Naam tot eer te wees. Ek is op 7 Des. ontslaan om vir ses tot agt weke tuis te herstel.

Met die opvolgbesoek aan die chirurg (finale afteken) op 18 Des. ontdek ons dat ek 'n aggressiewe gordelroos ontwikkel het wat op my rug en RH van agter tot voor by die bors gevorder het. Ons is toe dieselfde middag by my dokter wat medisyne voorgeskryf het. Hy het gesê dat dit die ergste is wat hy nog hierdie jaar gesien het.

In die nag van 20 Des. het ek gesukkel om asem te kry en is weer noodgevalle toe waar toetse, skanderings ens. gedoen is en niks gekry is nie. Die volgende môre om 03:00 het die kardioloog besluit om my op te neem vir verdere waarneming en dan ter selfde tyd die aggressiewe gordelroos binneaars te behandel. Op 22 Des. is ek ontslaan met 'n klomp medikasie (pyn pille wat baie lomerigheid meebring). Die herstelpad se vordering gaan besonders goed. Wanneer ek pyn ervaar weet ek nou dis net van die gordelroos.

Ons loof, prys en buig in aanbidding voor die Lewende God oor sy beheer, beplanning en op-die-regte-tyd in elk geval. My liggaam se herstel is nou amper op die week 12, gordelroos op week 11.

Omdat Hy leef sien ek uit na môre, want dis altyd opwindend want HY is in beheer – selfs wanneer Hy sê: "My kind, dis tyd vir jou om by My te wees." Met 'n hart wat nou weer goed werk en klomp medikasie wag ek om te sien waarheen en wat die Lewende God wil hê om Sy naam te verheerlik.

**Fanie Mostert (25 Feb. 2025)**
**Wonderboom**

*Aangename Kennis:*

# Ds. Etienne Duvenage

**In watter dorp is u gebore?**
Ek is in Benoni, geleë op die Oos-Rand gebore.

**Wat onthou u van u kinderjare?**
Ek het groot geword in 'n Christelike huis waar beide my ouers gered was en die Here lief gehad en gedien het waarvoor ek baie dankbaar is. Ons is twee kinders, ek en my broer, waarvan ek die oudste is. My kinderjare was goeie tye gewees, ons het as gesin baie goed saam gedoen, ek en my broer en my nefies was soms ook maar lekker saam stout gewees, maar het goeie pak slae gekry en baie lesse daaruit geleer. As ek vandag terugkyk dan besef ek maar net opnuut dat ek sou nooit die man wees wat ek vandag is as dit nie vir my ouers en die Here se genade was nie.

**Waar het u skool gegaan?**
Ek was in my laerskoolloopbaan in Laerskool Rynfield (Benoni). Ek was in drie verskillende hoërskole a.g.v. my rugby, graad 8 Hoërskool Brandwag (Benoni), graad 9 en 10 in Hoërskool Kemptonpark en graad 11 en 12 in Dr. EG Jansen (Boksburg) wat een van my beste twee jare was.



**Wanneer het u tot bekering gekom?**
Ek het 27 April 2012 op ons kerk se jeugkamp by Eden tot bekering gekom. Ek onthou dit nog soos gister toe die Here daardie aand my onder sondeoortuiging gebring het en my siel uit genade kom red het en ek eer en dank die Here daarvoor dat Hy my nie gelos het in my sondige toestand nie, maar dat Hy my getrek het met koorde van liefde en my kom red het en kom nuut maak het. Daardie aand het my hele lewe radikaal verander en net 'n paar jaar later, in 2016 het die Here my geroep vir voltydse diens om vir Hom te werk en het ek in 2017 by die Kweekskool aangemeld vir teologiese opleiding.

**Wanneer het u lidmaat geword?**
Ek het in 2015 lidmaat geword in Benonigemeente.

**Watter jare was u op kweekskool?**
2017 tot 2020.

**Wie was u dosente?**
Di. Jurg Prinsloo (Prinsipaal), Gerhard de Wet, Daniël Brink en Wimpie Snyders.

**Is van u klasmaats nog in die bediening?**
Ja, Marco Labuschagne, Gerhard Kruger en Rudolf Fourie (dieselfde jaargroep), asook Francois du Toit, Loedolff van der Merwe, Pierre Louw, Fleetwood Grobler en Marno van Niekerk.

**Vertel ons 'n staaltjie of twee uit u tyd by die kweekskool.**
Ek het op kweekskool bekend gestaan as die man wat hou van braai. Maak nie saak of dit gereën het of selfs 'n lang werksperiode was nie, daar was altyd gebraai. Ek het by die kweekskool aangekom met so klein rooi Weberbraai en later hom vervang met 'n ander klein braaier en dan het ek my vleisie gebraai. Ek onthou ook dat in my eerste jaar het ek met my eerste week aan diens min slaap ingekry en een oggend was ek verskriklik moeg gewees. Ons het klas gehad by ds. Jurg, ek dink dit was Dogmatiek, en het ek in die helfte van die klas so hard gegaap dat ds.Jurg gesê het: *"Ons moet maar vroeër huis toe gaan."* Dit was voorwaar geseënde tye wat mens vir niks sal verruil nie.

**Hoe het u u gade ontmoet?**
Ek het in 2021 my praktiese jaar in Parys gedoen en op daardie stadium was my broer 'n eerstejaarstudent op kweekskool. Hy het my genooi om sy Groentjiekonsert by te woon en ek is baie dankbaar dat ek gegaan het, want daardie aand het ek die liefde van my lewe ontmoet.
Dis wonderlik hoe die Here vooraf alles al voorberei en bestuur volgens Sy wil. My kollega, ds. Marco Labuschagne, was op daardie stadium in Carletonvillegemeente en hy het vooraf vir Micaela se pa vertel van my (hulle is ook in Carletonvillegemeente) en hy wou haar aan my voorstel by die kweekskool die Vrydagaand.
Ek het al in die verlede baie liefdesteleurstellings gehad en ek het vir die Here gevra dat Hy my vrou vir my sal stuur en dat sy na my toe sal kom. So het die Here my gebed beantwoord en op die regte tyd voorsien. Nadat die konsert klaar was en almal na buite beweeg het, het Micaela na my toe gekom en haar self aan my voorgestel en vertel dat sy na my preke al geluister het. Ons het lekker gesels en ek het natuurlik haar nommer gevat en dis in daardie oomblikke wat ons dadelik geweet het dat die Here ons oor mekaar se pad gestuur het en ons bymekaar uitgebring het. Van daar af het ons begin praat en kuier en begin uitgaan.
Ons het vir agt maande uitgegaan en toe het ek Micaela op haar verjaardag, 29 Desember 2021, gevra om met my te trou en het ons op 19 Maart 2023 dan getrou. Ek is die Here dankbaar vir die wonderlike vrou wat Hy vir my gegee het. **Spr. 18:22 *Wie 'n vrou***

***gevind het, het iets goeds gevind en 'n welgevalle van die HERE verkry.*** Dis 'n voorreg en 'n seën om die Here saam met haar te kan dien en in diens van die Koning te kan staan.

**Hoe lank is u getroud?**
Ons is nou net mooi twee jaar getroud.

**Hoeveel kinders het u en wat is hulle name?**
Ons het nog nie kinders nie, ons vertrou die Here dat Hy op die regte tyd vir ons sal gee.

**Watter gemeentes het u bedien?**
In 2021 het ek met my praktiese jaar in Parys gedoen en is daar georden einde 2021. Van Julie 2023 is ons in Klerksdorp werksaam vir die Here.

**Wat is u gunsteling dis?**
Dit is verseker braaivleis en 'n braaibroodjie, asook pasta en heerlike kookkos.

**Waar hou u graag vakansie?**
Ek hou baie van die see, asook die bosveld.

**Het u 'n stokperdjie?**
Ek is op die oomblik besig om met voëls te boer – dit is lekker om met die natuur te kan werk. Ek hou ook daarvan om te gaan oefen.

**Watter geestelike boeke het 'n besondere impak op u lewe gemaak?**
Ek het al 'n paar geestelike boeke gelees wat my diep geraak het. George Muller se Outobiografie, John Piper "*Don't waste your life*", Charles Spurgeon "*Lectures to my students*", Broer Andrew "*God se smokellaar"* en J.E. Adams "*How to help people change*."

**Konferensies is 'n tyd van afskakel, wegbreek uit die wêreld, stil word aan Jesus se voete.**

# Dwight Lyman Moody – Die Dinamiese Lewe


## Vervolg vanaf bl. 13 in Uitgawe #661 (Jan/Feb 2025)


Is Nikodemus nie deur die Gees wederbaar nie en was die mense voor hulle nie bekeerd nie? Ja, maar hulle was heiliges sonder krag en moes in Jerusalem bly totdat hulle met krag uit die hoogte vervul is. Ek glo dat ons meer in een week as in jare sou bereik, as ons net hierdie nuwe doop had...

"Dit lyk vir my ons het omtrent drie soorte Christene: die eerste soort, in die derde hoofstuk van Johannes, was die wat na Golgota gegaan en daar die lewe gekry het. Hulle het in die Seun geglo en is gered en daarmee was hulle tevrede. Hulle het na niks hoër gesoek nie. Dan kry ons 'n beter soort Christen in die vierde hoofstuk van Johannes. Daar was dit 'n fontein van water wat opgeborrel het. Daar is 'n paar van hulle, maar hulle is nie 'n honderdste van die wat aan die eerste klas behoort nie. Maar die beste soort is in die sewende hoofstuk van Johannes: 'Uit hul binneste sal strome van lewende water vloei.' Dit is die soort Christene wat ons behoort te wees...

"'n Groot klomp dink omdat hul eenkeer vervul is, hul altyd vol sal bly; maar o, my vriende, ons is erdekruike wat lek en moet altyd reg onder die fontein gehou word om vol te bly. As ons deur God gebruik gaan word, moet ons baie nederig wees. 'n Persoon wat naby God lewe, sal die nederigste van alle mense wees. Ek het 'n man hoor sê dat God altyd die erdekruike gebruik wat byderhand is. Laat ons naby Hom bly."

Die diens wat suksesvol is, soos in die lewe van D. L. Moody bewys, is oortuigend opgesom deur wyle dr. C. L. Scofield, redakteur van die Scofield Reference Bible, wat op Moody se begrafnis gepraat het. Hy het gesê: "Ongetwyfeld het hierdie plattelandse seun van Nieu-Engeland geword wat hy was deur die genade van God. Die geheim van Dwight L. Moody se krag was: Eerstens, die definitiewe ondervinding van die reddende genade van Christus. Hy het uit die dood na die lewe gegaan en het dit geweet. Tweedens het hy in die Goddelike gesag van die Skrif geglo. Die Bybel was vir hom die stem van God en as sodanig het hy dit in die gewetens van mense laat weerklink. Derdens is hy met die Heilige Gees gedoop en hy het dit geweet. Dit was vir hom net so 'n definitiewe ondervinding as sy bekering. Vierdens was hy 'n man van die gebed. Hy het in 'n magtige God geglo wat nie gebonde is nie. Vyfdens het hy in die werke geglo, in eindelose pogings, in wyse voorsiening, in die krag van die organisasie en van publisiteit. Hy het verwag dat die bonatuurlike sou werk, maar deur die natuurlike. Hy het sy wa aan die sterre gebind, maar altyd die wiele op die aarde gehou en die aste goed geolie."

En ons wat aan hierdie geslag behoort, wat diep en met desperaatheid begeer dat die Heiland ons moet gebruik soos Hy Dwight Lyman Moody gebruik het, moet deur die genade gered wees sowel as seker wees van ons redding; mense van sowel die geloof as die werke wat uit daardie geloof spruit; en diensknegte en diensmaagde wat met die Gees vervul is sowel as hulle uit wie strome van lewende water vloei.

**Geplaas met toestemming uit:**
**HULLE HET DIE GEHEIM ONTDEK**
**deur V. Raymond Edman**
**HART UITGEWERS**



**GAUTENG**
**Edenterrein**
**17-21 April**

**WES-KAAP**
**Simonsberg**
**18-21 April**

# Vir besprekings kontak:

**Erika Bronkhorst**
**064 793 1462**

**Ds. Rassie van Staden**
**082 950 4702**

**Bespreek nou om teleurstelling te voorkom**

**Sprekers op Eden:**
Ds. Coenie Coertze - George
Ds. Willie Krige - Ermelo
Ds. Wimpie Snyders - Rietfontein (Pta)
Ds. Wynand van Niekerk - Kweekskool

Jeugdienste: Ds. Marco Labuschagne
Kinderdienste: Carina van Niekerk

Offergawe word opgeneem of kan oor-betaal word

**Sprekers op Simonsberg:**
Ds. Jurg Prinsloo - Kweekskool

Hierdie konferensie het vaste tariewe, maar verdere donasies en skenkings is ook welkom

**Loer gereeld na die EG Kerk SA se sosialemedia-platforms vir enige ver-anderinge of inligting.**

# LOFDAL Konferensie

## 28 Junie – 3 Julie 2025








**HOOFSPREKERS:**
**Ds. Armand Olivier (Bethlehem)**
**Ds. Wimpie Raath (Bloemfontein)**

**Jeugdienste:**
Ds. Martin Botha

**Kinderdienste:**
Ds Andries & Jacoleen Venter

**Bespreek so gou as moontlik –**
**Net kampeerplekke nog beskikbaar: Mev Elize Lyon 083 677 2867**

# EVANGELIES-GEREFORMEERDE KERKBLAD



Amptelike Kerkblad van Die Evangelies-Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika
Jaargang 80 • Mei/Junie 2025 • #663

- Betshan word 80
- Die kind van God en Kunsmatige Intelligensie
- Kweekskool groet ds. Jurg Prinsloo

EVANGELIES-GEREFORMEERDE KERK
SO SÊ DIE HERE

# ...van die Redakteur

Terwyl die eerste kwart van die jaar skielik iets van die verlede is, is ons tog bly, liewe lesers, om u weer eens te groet in die wonderlike naam van Jesus Christus. So stil-stil het 21 April – die herdenking van die EG Kerk SA se 81ste bestaansjaar – ook by ons verbygegaan, inderdaad 81 jaar van genade!

Ons is verheug met die nuus van nog 'n gemeente wat tot selfstandigheid verklaar is – Benoni, en in dieselfde asem 'n gemeente wat hul 50ste bestaansjaar met diepe dankbaarheid teenoor God se getrouheid kon vier – Newcastle.

Hierdie uitgawe se aktuele rubriek, wat hedendaags baie vrae en kommentare uitlok, fokus op Die kind van God en Kunsmatige Intelligensie, of soos dit in Engels beter bekend staan as *Artificial Intelligence* (AI).

Met die herdenking van die gebeure rondom Paasfees (die Kruisiging en Opstanding) nog vars in ons geheue, bereik ons hierdie tyd waar die klem weer eens verskuif na Hemelvaart en Pinkster, die uitstorting van die Heilige Gees en hoop ons op vars en godvrugtige nuwe ontmoetings en salwings deur die Heilige Gees.

'n Klein ou Pinkstertjie, wat voorheen in die blad (#646 Mei/Junie 2022) verskyn het, word hierdie jaar weer gepubliseer met die verwagting dat dit opnuut nuwe betekenis in 'n kind van God se lewe sal teweegbring. Pinkstertyd bly 'n tyd waar ons baie spesifiek fokus op die Heilige Gees, wie Hy is en wat Hy doen. Andrew Murray verpersoonlik op meesterlike wyse die werklikheid van die Geesvervulde lewe wat sy werklikheid uit die Persoon van die Heilige Gees put, heeltemal weg van enige dinamiese emosionele ondervinding. Lees gerus die volledige berig Die Lewe in Christus vanaf bladsy 16.

Mag hierdie tyd van afsondering gedurende Pinkster ons almal noop om hand in eie boesem te steek met 'n smeekgebed in die hart van **Ps. 85:7** ***Sal U ons nie weer lewend maak, sodat u volk in U bly kan wees nie?***

Redakteursgroete!


**Jaargang 80**
**Mei/Junie 2025**
**Uitgawe #663**


# INHOUD


3 **Die kind van God en Kunsmatige Intelligensie**

4 **Paasnaweekkonferensie - 2025**

5 **Kweekskool groet ds. Jurg Prinsloo**

6 **Betshan word 80**

8 **Waar in die Wêreld:** Dr. Rudi en Karin Mans

10 **Uit die Argief:** Die Voortreflikheid van Goddelike Genesing

12 **'n Klein ou Pinkstertjie**

13 **Aan God al die eer - Benonigemeente word weer selfstandig**

14 **50 jaar van God se getrouheid in Newcastle**

15 **Vroueblad:** 'n Besige vrou

16 **Andrew Murray - Die lewe in Christus**

18 **Aangename Kennis:** Ds. Nicko Prinsloo

19 **Op die Boekrak:** Sewe Vrae

20 **Liewe Maats**



**Redaksie**

Willie Stieger (Redakteur), Di. Francois du Toit (gekoöpteer), Johnnie Gates, Wimpie Snyders en Wynand van Niekerk (Subredakteur), Riaan Britz en Bertus Stieger

**Stuur asseblief materiaal vir plasing aan:**
Die Redakteur – EG Kerkblad
E-pos: redakteuregkerkblad@gmail.com; Sel: 082 401 6937

Die Redaksie ontvang graag artikels, getuienisse van die Here se handelinge in iemand se lewe, kerk/gemeentenuus van algemene aard (tersaaklike foto's is baie welkom) en bydraes vir plasing in die Blad. Artikels moet egter in Word-formaat ingedien word en foto's in *.jpg-formaat asseblief. Die redaksie behou ook die reg voor vir redigering van artikels en besluitneming voor plasing van artikels en bydraes. Gepubliseerde bydraes reflekteer nie noodwendig die mening van óf die Kerk óf die Redaksie nie.



**Kopiereg: © EG Kerk SA, Alle regte streng voorbehou**



**Voorblad: "***Kerk Met Kruis"* **- Tom Fisk: https://www.pexels.com**
**Drukkers:** Bowles Drukkers - Oudtshoorn


**Intekening en betaling**

Intekengeld beloop R140 per jaar. Gemeentelike intekenare moet asseblief hul intekengeld direk by hul kerkraad inbetaal. Die kerkraad is verantwoordelik om die blad aan die gemeentelike intekenare te lewer. Nie-lidmate moet asseblief intekengeld inbetaal by die administratiewe beampte, ds. Johnnie Gates. Rekeningbesonderhede as volg:
Bank: **FNB**
Takkode: **250054**
Rek. no.: **5244 363 2023**
Verwysing: **KB-Naam en Van**
Bewys van betaling kan gestuur word aan:
egkskas@gmail.com

# Die kind van God en Kunsmatige Intelligensie

Onlangs sit ek en my vrou en kyk 'n video wat 'n dierbare tannie in die gemeente aan haar gestuur het, laat-aand op pad droomland toe. Aanvanklik lyk dit baie mooi, maar die volgende oggend kyk ek weer en begin bietjie wonder. Ek gaan soek die video weer en loer na meer inligting oor die video en luister mooi. Kort-kort wil dit voorkom of die klank verander, ook is daar 'n konstante gesuis in die agtergrond, terwyl die foto van die spreker dieselfde bly, verander die woorde soos die preek voortgaan – so maklik en gerieflik om die boodskap goed te volg… Tog is daar steeds iets wat pla, waarop ek net nie my vinger op kan lê nie.
Ek begin toe soek na ander video's van dieselfde persoon en vind sommer vinnig baie. Soos wat ek kyk, besef ek dadelik wat ek gemis het: Die afwesigheid van die Woord.

In die eerste video was daar verwys na Bybelkarakters en geleenthede, maar nie eenmaal was daar 'n teksverwysing gegee nie, ook geen Skriflesing as inleiding tot die boodskap nie. Toe ek na die ander video's begin kyk, is juis dit, die Skrif, die eerste ding wat my opval, daar word begin met die Skrif en dit word verduidelik, soos wat ons gewoond is, met ons eie kerk se predikers se gebruik. Eers word die Skrif gelees en dan word daardie Skrif oopgebreek. Soos ek verder delf vind ek nooit dat hierdie prediker ooit 'n boodskap gebring het met die tema waarna ek geluister het nie, nêrens anders is hierdie boodskap beskikbaar nie, slegs die een weergawe wat minder as 'n week oud is. Dit terwyl ek weet die prediker is reeds 'n paar jaar oorlede.

Waar kom dit dan nóú eweskielik vandaan? Die eenvoudige antwoord: Kunsmatig gegenereer met Kunsmatige Intelligensie of soos dit in Engels beter bekend staan: Artificial Intelligence (AI).

Die vraag ontstaan dan nou: Hoe gemaak met hierdie Kunsmatige Intelligensie gegenereerde video's en preke? Ook, eindig dit by video's? Wat moet ek as God se kind doen wanneer ons hiermee gekonfronteer word?

Kom ons oorweeg 'n paar gedagtes en oorweeg dit aan die hand van die Skrif. Ek sien reeds oë wat rek en die vraag is dadelik daar: Wat kan die Skrif sê oor KI, daar was nie so iets toe die Bybel geskryf was nie? Ek moet u gelyk gee – die Bybel was nie geskryf in ons dag waar KI sy opwagting maak nie. Tog is daar 'n aantal verse wat leiding gee en hierdie beginsels moet oorweeg word.

Een so 'n vers is verseker **Handelinge 17:11** ***"En hierdie mense was edelmoediger as dié in Thessaloníka; hulle het die woord met alle welwillendheid ontvang en elke dag die Skrifte ondersoek of hierdie dinge so was."*** Kom ons kyk na die gedagtes wat hier voorgehou word: Ten eerste was hulle 'edelmoediger' – die mooi woord verwys na die gesindheid waarmee hulle geluister het na Paulus, maar ook dat hulle 'n openheid, bereidheid om te luister gehad het.

Verder is daar die gedagte dat hulle 'die Skrifte ondersoek of hierdie dinge so was' – hulle het nie net dit wat Paulus gesê het vir soetkoek opgeëet nie, maar dit aan die 'Skrifte' getoets.

Hierdie gedagtes daag elke Christen uit om self die Skrif te kan ondersoek en dit wat gehoor word te toets of dit waar is. Is dit wat ek in die video hoor waar, is dit regtig 'Skriftuurlik' of is dit 'n halwe waarheid. 'n Prediker wat ek deesdae baie geniet, maak gereeld die stelling: 'Don't trust me, check and see'. Ons het 'n verantwoordelikheid om dit wat ons hoor, te toets en seker te maak dat ons dit verstaan.
In baie gevalle vandag sal Christene baie vinnig iets versprei omdat êrens in die beskrywing van die video of die stelling iets van 'Bybels' of 'Skriftuurlik' of enige van hierdie 'lok-woorde' bevat. Selfs bekende evangeliese predikers, net aanstuur sonder om dit te toets.
Ek het by geleentheid 'n foto op 'n groep gesien en dadelik geweet iets is fout. Ek het gevra dat dit verwyder word en die plaser het my verkwalik omdat ek dit versoek het. Toe ek my rede verskaf met bewyse, was almal geskok, omdat niemand besef het wat agter die foto skuil nie.

Ek dank die Here vir die voorreg wat ek gehad het om in die joernalistiek te kon werk, omdat mens konstant moet toets of dit wat gesê word, eg is. Baie inligting word aan 'n koerant gestuur en dan moet daar gesoek en getoets word of die inligting geplaas kan word.

Ander woorde wat die Skrif wel voorhou, vir my en u as Sy kinders is 'toets', 'proef', 'beproef' en 'onderskei'. In **1 Joh. 4:1** ***"Geliefdes, glo nie elke gees nie, maar stel die geeste op die proef of hulle uit God is, want baie valse profete het in die wêreld uitgegaan"***, word ons juis uitgedaag om op die proef te stel. Juis daarom moet ons dit wat ons lees, kyk en luister, ongeag wie aan die woord is, toets en seker maak dit is regtig Skriftuurlik en in lyn met die Woord. Onthou altyd, dat van die soetste koek is dalk alles behalwe soet!

Dalk moet ons as, God se kinders, weer die Skrif begin lees, eerder as om meer tyd aan WhatsApp-statusse en 'Faceboek Posts' te gee. Sosialemedia skep baie vinnig 'n utopiese wêreld wat net té goed is, maar dit is só goed dat dit ons verstrengel sonder dat ons dit besef.

**Riaan Britz**
**Margate**

# Paasnaweekkonferensie – 2025



Uiteindelik het Paasnaweek 2025 aangebreek – 'n hoogtepunt op talle konferensiegangers se kalenders. Weereens kon ons deel in die heerlike samesyn van kinders van die Here, lofprysing en aanbidding d.m.v. samesang en besielende boodskappe!

Die Edenterrein was deeglik voorberei om ons te ontvang, van die huisies, sale, kampeerterrein, ablusiegeriewe tot die kombuis. Genoegsame woorde ontbreek om die Faktotumspaar (Hennie en Erika Bronkhorst) en die Edenkommissie (di. Nicko Prinsloo, Johnnie Gates, Pierre Louw en Loedolff van der Merwe) en ds. Pieter Burger (Witbank) en sy kookspan te bedank.

Reeds van die Sondag af, maar veral van Woensdag af, was dit opmerklik hoe die kampeerders met hul woonwaens en tente reeds 'n koelte plekkie gesoek het vir kampopslaan, maar die ander konferensiegangers het natuurlik die kamertjies ook daardie tyd begin vul. Die bywoningsyfer het geraak aan die 724 syfer wat natuurlik tientalle dagbesoekers insluit wat bespreek het vir bywoning op Goeie Vrydag en Sondag, Opstandingsdag. Ons is die Here innig dankbaar vir die werking deur die Heilige Gees.

Reeds vanaf die eerste byeenkoms Donderdagaand tot die laaste byeenkoms Maandag was daar reaksie van behoeftige siele aan redding, geestelike vervulling, groei en toewyding. Die voorsangspan, met Andalé de Meyer voor die klawers, het ons begelei met besielende voorsang voor elke byeenkoms om ons siele voor te berei vir die bediening van die Woord! Dit was opmerksaam hoe die verskillende boodskappe en temas by mekaar ingevloei en aanklank gevind het soos in talle gevalle in die verlede, sonder die medewete van die sprekers – 'n duidelike bewys van die leiding deur die Gees.

<u>**Sprekers se temas was as volg:**</u>

• **Ds. Wynand van Niekerk** (visePrinsipaal van die Kweekskool):
i. In Jesus se voetspore.
ii. Ware vryheid.
iii. Volg jy My.

• **Ds. Willie Krige** (Ermelo):
i. Jesus se pad na die kruis – vir jou en my.
ii. Die Kruis – 'n bewys van ware liefde.
iii. Die onbetwisbare feit – Jesus het opgestaan.
iv. My liefde vir Jesus – 'n bewys van werk van die Kruis.

• **Ds. Coenie Coertze** (George):
i. Waarom is dit belangrik om heilig te lewe?
ii. Is jy tevrede met jou geestelike stand?
iii. Wat God van Sy kinders verwag.

• **Ds. Wimpie Snyders** (Rietfontein):
i. In die pylvak… is daar 'n getuienis.
ii. In die pylvak… is daar 'n verwagting.
iii. In die pylvak… is daar steeds werk.

Boodskappe wat direk uitgesaai was op WebWoord, is ook op WhatsApp beskikbaar – stuur net die woorde EDEN 2025 na nommer 083 430 8814 (Fanie Mostert).

Die kinders was bedien met die Woord deur me. Carina van Niekerk (Kweekskool) en Jeugdienste gehou deur ds. Marco Labuschagne (Potchefstroom). Ons is dankbaar vir hierdie geleenthede soos die Skrif ons leer in **Deut. 6:7** ***en jy moet jou kinders inskerp en daaroor spreek as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan*** en **Pred. 12:1** ***En dink aan jou Skepper in die dae van jou jonkheid voordat die ongelukkige dae kom waarvan jy sal sê Ek het daar geen behae in nie*** – Buite die dienstye was dit bemoedigend om die gebruiklike saam kuier, lag, huil, maar ook gebed te kon opmerk.

Dit was voorwaar 'n baie geseënde konferensie en almal sien uit na die volgende konferensie, sou Hy vertoef om te kom.

**Willie Stieger**
**Redakteur**





# Kweekskool groet ds. Jurg Prinsloo

'n Groot gebeurtenis wat saamgeval het met die Kweekskool se 80-jarige fees (28 Feb. 2025) het ook op kampus plaasgevind, naamlik die amptelike oorhandiging van die Akte van Emeritaat aan ds. Jurg Prinsloo (prinsipaal). Na 32 jaar in die bediening, waarvan 14 jaar as dosent en nege jaar as prinsipaal, het ds. Jurg amptelik afgetree. Moenie bekommer nie, ds. Jurg bly aan op Kweekskool as dosent tot einde van die jaar. Nou kan ons ook sê dat ons 'n seniorburger in ons midde het.

Soos gewoonlik op Kweekskool, is enige geleentheid 'n goeie geleentheid om tafels mooi te maak en kos voor te berei en met die uitgenooide gaste saam gesellig te verkeer. Ons deel graag 'n paar foto's van die oomblik.

(Gaan kyk gerus na nog foto's op Facebookblad https://www.facebook.com/EGK-Kweekskool

**Mev. Nushka Kotzé**
**Kweekskool**







# Betshan word 80

**Uit die ryke geskiedenis: Betshan – Seminarie – Kweekskool van die Evangelies-Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika.**

Seer sekerlik is Betshan, oftewel die Kweekskool, die sleutelinstansie van ons dierbare Kerk – gedra deur die Here se groot genade en oneindigend goedertierenheid die afgelope 80 jaar. Tereg kan teruggekyk word met die naam van die Here Jesus soos weergegee in **Matt. 1:23 – *en jy moet Hom Emmánuel noem, dit is, as dit vertaal word: God met ons.***

Tagtig jaar gelede, op 28 Februarie 1945, is die Betshan Bybelskool as die Kerk se Kweekskool in gebruik geneem na die afsterwe van wyle ds. CF Scheepers en die oorhandiging van die gronde te Bloemfontein aan die pasgestigte Kerk (21 April 1944).

Die volgende leersame en interessante inligting aangaande die beginjare is opgeteken in die destydse *Betshanblaadjie*, uitgegee deur ds. Scheepers. (Let op die destydse spelling van Bethshan na vandag se Betshan.)

## Die beginjare…

In 1935 koop hy Bethshan – vyf myl van Bloemfontein, sonder waarborg van enige vaste inkomste, maar God vertrouende om sy ideaal verwesenlik te sien. In April 1935 ontvang hy die eerste sieke nl. mnr. Marais wat toe genees is van ingewandskanker. Mnr. Marais is opgevolg deur talle ander siekes aan wie die versoening verkondig is waardeur baie gered of dieper geseën is en toe genees is.

## Ds. Scheepers se passie…

'n Begeerte wat in dominee Scheepers se hart geleef het, was 'n Bybelskool om jongmense so op te lei dat hulle die evangelie sou kon gaan verkondig. In Februarie 1936 begin hy met vyf leerlinge wat bely het dat God hulle geroep het. God sorg, God leer, God lei hom sodat daar na die agt jaar arbeid oor die honderd persone voltydse en deeltydse werkers is wat deur God aan hom toevertrou was. Die boeke wat hy geskryf het, is in die harte van mense en veral studente, in wie die evangelie boodskap voortlewe. Ds. Scheepers was 'n man deur God gegee met buitengewone bekwaamhede. Vir agt jaar was hy die enigste dosent aan die Bybelskool, het gelyktydig siekes tot genesing bearbei, toesig gehou oor bouery wat voortdurend voortgesit was, was Redakteur van die Bethshanblaadjie, en skrywer van traktaatjies gewees, het al die finansies beheer, en die algemene organisasie ook i.v.m. konferensies in hande gehad. Hy had 'n besondere persoonlikheid wat kragtig deur God gebruik is, veral sy kortaf, reguit antwoorde wat baie mense van homself af weggestoot het, maar wat hulle tot God gedryf het. Hy het gestaan vir sy oortuigings en wou nie sake verduidelik nie, maar het alle misverstande aan God oorgelaat.

Ds. CF Scheepers het gesê: *"Our Lord never explained — He left mistakes to correct themselves"*.

## Uittreksels uit die Betshan blaadjie

## Vanuit MAART 1940 se uitgawe

"Ek glo dat Bethshan in die lewe geroep is deur die Drie-enige God en besonderlik deur die inspirasie en leiding van die Heilige Gees, met die doel om 'n volle Kruisevangelie te verkondig met die oogmerk om 'n herlewing te bewerk in die kerk waarvan ek 'n lid is. God, in Sy voorsienigheid, het my in verbinding met Bethshan gebring, my geroep om bogenoemde evangelie te verkondig met bogenoemde oogmerk. Heelhartig wil ek alle geleenthede wat God my gee om onder kerklike toesig hierdie evangelie te verkondig, aanvaar.

Wanneer deur die Heilige Gees daartoe opgewek om by sekere geleenthede van die dienste van geesverwante gebruik te maak, wil ek dit heelhartig doen.

Waar God vir my deure oopmaak om die evangelie te verkondig, en ek geen kerklike toestemming kan kry nie, sal ek die leiding van die Heilige Gees volg en God meer gehoorsaam wees as menslike bepalinge.

Ek sal God vertrou om vir my deure oop te maak, waar Hy dit ook al mag vind. Vir al my behoeftes na gees, siel en liggaam vertrou ek God om daarin te voorsien uit al Sy volheid.

In verband hiermee wil ons 'n paar sake verduidelik:

Deur 'n volle Kruisevangelie verstaan ons: 'n Evangelie wat die persoonlike eiendom is van elkeen van die leerlinge wat die Heilige Gees ontvang het. Dis nie iets wat nagepraat word nie. Hierdie evangelie word verkondig deur persoonlike bearbeiding en deur die hou van reekse van dienste waar God die deur oopmaak. Die inhoud van die evangelie is:

a. Wedergeboorte uit die saad van die Woord van God deur die oorskaduwing van die Heilige Gees.

b. Die vervulling met die Heilige Gees vir die wedergeborene, na algehele oorgawe van die hele lewe en die reiniging van die hart.

c. Die toerusting met die krag van die Heilige Gees tot diensbaarheid in verband met die uitbreiding van die koninkryk van God.

d. Genesing van die liggaam van die gelowige deur die geloof in die soenverdienste van Jesus Christus.

e. Jesus is die wederkomende Bruidegom en Koning.

## Vanuit die JANUARIE 1945 uitgawe

## BETSHAN EIENDOM VAN DIE NUWE KERK

Op 16 Desember 1944 is Betshan oorhandig aan Die Nuwe Protestantse Kerk in Afrika en het Dr. DJ de Vos, predikant in en leier van die nuwe Kerk dit dankbaar in ontvangs geneem.

Die stukke uit die Notule wat die oorhandiging behels lui as volg:

"Deur die afsterwe van Ds. CF Scheepers, stigter en hoof van hierdie Inrigting, was die Direksie voor die probleem om met die Inrigting voort te gaan al dan nie. Eindelik is op

17 November 1944 besluit om hierdie Inrigting aan die Nuwe Protestantse Kerk in Afrika aan te bied, omdat hierdie Kerk die naaste beantwoord aan die doel en strewe van Betshan.

“Dit word Die Nuwe Kerk aangebied op die volgende, voorwaardes en toegewinge:

a. Dat indien die Kerk die skenking aanvaar, sal die eiendomme dadelik op naam van die Kerk getransporteer word en sal hier ’n huis van genesing vir krankes in stand gehou word.

b. Die Kerk sal die reg hê om hier ’n Bybelskool te open, konferensies hier te reël en dienste hier te hou o.a., vir die gemeente van die Nuwe Kerk van Bloemfontein. (Hier is ’n gemeente van die Nuwe Kerk gestig op 7 Desember 1944).

c. Die Kerk sal die reg hê om die plek te verkoop. Indien dit gebeur sal die kapitaal, min die huidige laste, belê word, en die rente gebruik word vir die instandhou van ’n leerstoel vir Goddelike Genesing (o.a.) vir die te worde opgerigte Bybelskool. Dog indien die Kerk verkies sal hy die kapitaal aan wend vir die oprigting van ’n huis van genesing.

d. Indien die Kerk, egter, besluit om die eiendom te behou en ’n skool elders op te rig, sal, hy ’n bedrag van £4,000 belê waarvan die rente sal aangewend word vir die doseer van Goddelike Genesing (o.a.) in die skool — en sou die Kerk besluit om ’n huis van genesing op te rig, mag die kapitaal daarvoor gebruik word sonder dat die doseer van Goddelike Genesing uitgeskakel word.”

Dit word algemeen aangeneem — deur die direksie sowel as deur die ledevergadering.

“Die Betshan Inrigting word hede aan Dr. DJJ de Vos, verteenwoordiger van Die Nuwe Protestantse Kerk in Afrika oorhandig — hiermee alle eiendomme, roerende en onroerende.

“Hy sal voortaan alle reëlings tref met die voortbestaan van die Inrigting en die Direksie hou tans op om te funksioneer.”

## HOE GAAN HIERDIE INRIGTING VOORTBESTAAN?

1. Dit bly ’n oord waarheen krankes kan kom vir bearbeiding en geloofsvoorbidding. Krankes word gratis ontvang en versorg. Dit word ’n geloofsonderneming afhanklik van die bydraes van God’s kinders in die land. God sal hulle daartoe opwek. Ouderling J van der Westhuizen van Kopjes is gevra om hier te kom woon en hierdie deel van die werk onder hom te neem sowel as om elders te gaan en voorbidding vir krankes te doen. God het hom daarvoor toegerus. Hy het die roepstem aanvaar.

2. Dit word verder ’n Bybelskool vir Leraars-Evangeliste en voorts vir enig iemand wat Bybel-onderrig wil ontvang. Dis vir blankes van enige kerk. Dit word nie van u vereis om by Die Nuwe Kerk aan te sluit nie.

Studente betaal £10 per kwartaal. Vir behoeftiges sal ons probeer voorsiening maak.

Doen aanvraag vir prospektus by Dr. D.J. de Vos, Dagbreek, Bloemfontein.

3. Goddelike Genesing word doseer deur Mej. HC Mouton, vroeër sendelinge van die N.G. Kerk.

4. Die ander vakke word deur Dr. D.J. de Vos, M.A., M.Th., Ph.D., doseer.

5. Die plan is om ’n korrespondensiekursus ook in die lewe te roep.

6. Die naam van die Bybelskool word: Die Murray Bybelinstituut.

7. Die boeke van Dr. Andrew Murray word naas die Bybel ons vernaamste handboeke.

8. ’n Matrone word aangestel vir die huishouding.

9. Die boerdery word toevertrou aan ’n Christenboer.

10. Die plek word ingerig as ’n Rusoord vir kinders van God in die land wat hier wil kom rus — nie net lede van ons Kerk nie.

11. Op 21 tot 30 April 1945 hou ons ons eerste Sinodale vergadering hier. Dan is ons presies ’n jaar oud. Kerkrade stuur elk 3 (drie) afgevaardigdes — twee ouderlinge, en die leraar, en waar geen leraar dan drie ouderlinge. Dit sal ’n uiters belangrike byeenkoms wees.

12. In Desember 1945 hou ons ’n landskonferensie hier. Groot getalle kinders van God kom hier bymekaar. Begin nou al reël dat u daardie tyd hier kan wees. U moet hier wees. God gaan groot dinge doen. Sorg dat u reeds op 15 Desember hier is. Ons gaan ook Dingaansdag vier na die hart van God. Hierdie dag is gesteel van God. Ons gaan dit aan Hom terugbesorg.

Ons sluit ’n paar dae voor Kersfees sodat u kan terug wees by u eie huis.


13. Ons gaan ’n maandblad uitgee waarin u alles sal vind om u op hoogte van sake te bring met die stryd om die Kerk terug te voer na die Skrif. Die stryd om Kerk herstel.

Stuur u naam as intekenaar so vroeg moontlik. Intekeningsgeld 10/- per jaar. Adres: Die Murray Bybelinstituut, Bloemfontein.

14. Ons sal in April omtrent sewe georde leraars hê vir die Kerk.

15. Naam van ons blad: DIE NUWE KERKBODE.

**Aldus – die ryke geskiedenis uit die Bethshanblaadjie**



Oplossing vir Maats! blokkiesraaisel elders in die Kerkblad!

# Waar in die Wêreld?

# Dr. Rudi en Karin Mans



**’n Roete wat in 1989 begin is, het ’n verhaal van wonderwerke, trane, gebed en danksegging geword. Om op die kruin van jou loopbaan jou gesin op ’n reis te neem waar jy absoluut in geloof moet leef was ’n harde werklikheid. Sedert die begin van die reis tot op hede is nog nooit ’n salaris, pensioen- of mediese dekking ontvang nie en steeds dra die Here elke dag deur. Dis die verhaal van dr. Rudi en Karin Mans.**

**Persoonlike agtergrond**

Rudi vertel dat hy grootgeword het in die Nuwe Protestantse Kerk (nou EGK), aldaar gekatkiseer en voorgestel. Sy ouers het tot bekering gekom toe hy nog baie klein was en sy pa was ’n ywerige evangelis wat van huis tot huis met ’n bandopnamemasjien vir mense preke van wyle ds. Miles, Olwagen en andere gaan speel het.

Dr. Rudi sê: “Ek het vir Karin op skool ontmoet en die verhouding het gegroei tot ons troue in 1975”. Hulle het vroeg in hul verhouding hulle lewens vir die Here gegee en volg Hom tot op hede. Karin kom uit die NG Kerk en het saam met hom gedien in Rustenburg as Jeugleier, onder- Jeugleier en diaken. Rudi was ook vir 18 jaar betrokke by die weermag as vrywilliger en het tot die rang van Sersant-majoor gevorder.

Rudi het aanvanklik op die myn begin as leerling mynamptenaar. Hy het later sy Mynopsigtersertifikaat ontvang en sy Mynbestuurderssertifikaat gedoen tot met 1 vak oor toe die Here hom duidelik geroep het vir voltydse diens tydens ’n jeugkamp by Betshan II. Rudi en Karin het twee dogters, Elke en Celeste met vier kleinkinders. Celeste is hemel toe na ’n malaria-aanval in 2018. Beide kinders het die Here se reddende genade ervaar op ’n baie jong leeftyd.

**Opleiding geskiedenis**

Rudi en Karin het in 1985 ’n drie maande kursus by Child Evangelism Fellowship in Switzerland gedoen, waarna hulle in 1989 Kweekskool toe gegaan het te Betshan. Hulle hoor die stem van die Here om in kinderbediening in te gaan en sluit einde 1993 by Petra Kollege vir kinderbediening aan. Na hul vyfde jaar word hulle in 1994 gelegitimeer deur ds. Floris Coetzee in Nelspruit, waar Rudi as medeleraar vir 4 jaar funksioneer, maar werk vanaf Petra buite Witrivier.

Rudi bly studeer en verwerf sy PhD. in teologie by Stellenbosch. Hy getuig dat daar ’n paar persone is wat ’n groot indruk op sy lewe gelaat het en verwys na:

- Ds. Mienie, destyds in Rustenburg
- Ds. Floris Coetsee, drs. Callie Fourie en Pieter Rousseau
- ’n Ouderling in Rustenburggemeente
- Ds. Johan du Preez van Petra Kinderbediening en
- Ds. Chris Fourie, wat ’n nederige maar kragtige getuie was in die Eilande (Madagaskar) en Frankryk.

Talle boeke wat tot sy vorming bygedra het was verskeie boeke oor herlewing, gebed en geloof van Andrew Murray, asook talle van sy navorsingswerke. Verder ook:

- Packer se ‘Knowing God’
- Floyd McClung se ‘The father heart of God’
- Loren Cunningham se boeke van Youth with a Mission
- George Muller se biografie

**Bediening**

Dr. Rudi gesels: “Ongelukkig was die EGK deur die jare nie baie entoesiasties oor sending nie en was enkele indiwidue daarby betrokke. Sending het ’n kleur gehad en is die swart- en bruinpredikante en hul werkarea as sending beskou, wat baie negatief is. Aksie 1:8 het sedert 1993 ’n betekenisvolle bydrae gelewer deur ’n nuwe fokus op wêreld-evangelisasie te plaas en kon meer lidmate daarby betrokke raak. Tydens ons mondelinge eksamen voor legitimasie het ons kennis gegee dat die Here ons duidelik gelei het na kinderbediening. Die keuse was of gemeente bediening of ons kan langs die kerk loop sonder dat ons as voltydse predikante erken kan word en enigsins ondersteun kan word”.

“Na ons roeping by Betshan het ons dadelik na die wil van die Here gesoek. My gesin het saam met SAAWE (Suid-Afrikaanse Aksie vir Wêreld Evangelisasie) talle bid-

kampe bygewoon. Ons was deelnemers maar ook bedienaars wat die kinderdienste gedoen het. Ons het aanvanklik gedink ons sal in Frankryk voltyds gaan bly en is deur CEF Raad aanvaar maar teruggestuur RSA toe om die nodige ondersteuning te kom werf. Ons kon nie slaag om die bedrag te haal nie en moes ek noodgedwonge weer sekulêr werk kry. Wat interessant is, is dat ek onmiddellik 'n bestuurspos gekry het, 'n maatskappymotor en die Mynboumaatskappy het my gehelp om 'n huis te bou. Dit was voordat ek Kweekskool toe is. Ek het die paar jaar as die ongelukkigste jare in my lewe beleef. Ek het baie gereis en met mynbestuurders gewerk. Menige dae het ek in Potchefstroom langs die rivier gaan sit en huil omdat ek nie was waar die Here my geroep het nie. Die geld was goed, maar sonder vrede was dit 'n nagmerrie. Ek het aanvanklik nie kweekskool oorweeg nie omdat ek geweet het ek sal nie 'n gemeentepredikant word nie. Karin het op 'n stadium vir my gesê dat sy beleef dat ons wel kweekskool toe moet gaan. Ek het weer bedank en aansoek gedoen vir toelating. Die kweekskool was vir my 'n vreugdevolle reis en het die studies baie geniet". Rudi het dan ook die studenteleier geword van 'n groot groep studente. Hy kon vakansies werk om fondse te kry om die studies en verblyf te betaal.

"Met die aansluit by Petra Kollege (nou Petra Instituut vir Kinderbediening) het ons met niks begin nie. Petra is 'n geloofsorganisasie wat geen bydrae kan maak vir personeel nie. Almal leef in geloof en is afhanklik van bydraes en donasies. Ons inkomste deur 'n paar donateurs was sowat R1200 waarmee ons moes leef en skoolgelde betaal. Ons was twee keer heeltemal van ons aardse goedere beroof op die plek waar ons naby Petra gebly het. My kinders het geleer om vir alles wat hulle nodig het te bid. Die een het 'n fiets gekry en die ander 'n radiostel. Beide geskenke was ook gesteel. My kinders moes die waarde van in geloof te leef, leer". Hul bediening by Petra het 'n verskeidenheid van rolle en funksies gehad, van opleiding op verskeie terreine tot harde handewerk, studies, navorsing, tot deure in buiteland wat die Here oopgemaak en kursusse aanbied in Madagaskar, Zambië, Namibië, Botswana, Malawi, Uganda, Tanzanië, Kenia, Ethiopië, Sudan (Khartoem), Burkina Faso, Benin, Togo, Ghana, Gaboen, DRC, Chad, Nigerië. Hy kon ook verskeie konferensies bywoon in lande soos Libanon, Amerika, Engeland, Dubai, Hongarye, Filippyne en Thailand.

Rudi gee tans klas by 'n Ethiopiese kerk (Gospel Believers Church) vir voorgraadse student en begelei vier studente in hulle meestersgraadmanuskripte. Verder preek hy rond oral waar hy genooi word

## Uitdagings

Geestelike alleenheid is 'n enorme uitdaging, waar jy dikwels alleen beweeg en alleen staan. Talle fisiese en geestelike behoeftes wat met krisistye opduik het 'n groot impak, dan 'n motor wat breek, 'n siekte oomblik, dood in die familie ens.

## Nood in die bediening

Rudi gesels: "Die grootste nood vir my in die bediening is die voortdurende beïnvloeding van die Kerk om die regte verstaan van kerk-wees en kinders te hê. My waarneming en navorsing skets die volgende probleemvrae:

- Waar pas gesinne in die Kerk as dissipels en dissipelmakers in? Verwysende na 'n 24/7 betrokkenheid van gesinne in kerk-wees.
- Wat beskou die denominasie wat kerk is en gedoen moet word volgens die Bybel en nie volgens tradisie nie?
- Hoe kan die kerk se bediening intergenerasioneel wees waar alle ouderdomme deel van die bediening is en bydra tot mekaar se groei en geestelike ontwikkeling?
- Hoe kan die kerk die opbreek van families aanspreek in die tydvak 2025 met al die uitdagings?
- Wat is die kerk se reaksie op die geweldige aanslag op ons kinders?
- Hoe sien en beleef mense buite die kerk ons gemeentelede in die gemeenskap waar hulle leef. Is hulle Sondag bywoners of kerk (bruid van Christus) wat evangeliseer, onderrig in dissipelskap en invloed uitoefen in die gemeenskap waar God hulle geplaas het.
- Is sending 'n projek of behoort dit nie 'n leefwyse te wees nie?
- Verstaan ons werklik wat kinders nodig het om geestelik, fisies en verstandelik te groei binne God se plan?"

"Dit is knellende vrae en uitdagings. Daarom sal ons in bediening bly tot ons verhuis na die hemel. Ons dien die Kerk en Petra met alles wat ons het. Ons bly droom dat ons nageslag die Here voluit en toegerus sal dien en 'n verskil sal maak in die wêreld!"

## Goeie Raad

Dr. Rudi gee ook goeie raad veral vir jongmense: "Ontdek jou skeppingsdoel. Gebruik Psalm 139 om jou eie uniekheid te ontdek. Wandel met Jesus en leer om die Heilige Gees se stem te hoor vir jou lewenskeuses. Verbly jou in jou dae van jonkheid maar bly verantwoordelik voor God. Wees Kerk en leef jou Christenskap uit. Gaan op sendingreise en leer wat gebeur in die wêreld waar God werk.

"Mag die God van vrede en liefde julle wysheid en insig gee omtrent die pad vorentoe vir 'n sendingbediening"

## Gebedsversoeke

Bid asb. vir:

- Wysheid om dissipels te bly maak en hul mentorskap rolle te vervul
- Insig in wat in die wêreld gebeur en hoor wat God sê wat om te doen
- Gesondheid en energie om die pas te volhou.
- Afhanklik te bly van God se sorg en hul oudag sonder vrees te nader sonder enige pensioen of waarborge. Dit bly 'n opwindende reis.
- Dat die Here elke ondersteuner ryklik sal seën.
- Bewaring op hul vele reise

Rudi-hulle se ondersteuningsbasis word soos volg opgemaak:

Kerklike ondersteuning: 15,2 % van begroting

Ander kerke: 0 % van begroting. Kerke het later onttrek met ons ouderdom

Petra donateurs: 9% van begroting

Buite individue en familie van tyd tot tyd. 75% van begroting oor 'n jaar

**U kan dr. Rudi en Karin Mans kontak by e-pos rudimans1@gmail.com of by 082 774 1821**

# Die Voortreflikheid van Goddelike Genesing

Goddelike genesing bring eer aan God om die volgende redes:

**1. Dit is 'n manifestasie van die opgestane Jesus.**
In **Openbaring 1:17,18** sê die opgestane Jesus: ***Ek is die eerste en die laaste en die lewende; en Ek was dood en kyk, Ek leef tot in alle ewigheid. Amen. En Ek het die sleutels van die doderyk en die dood.*** Die opgestane Jesus hou die sleutels van die dood en daarom ook van siekte (wat die dood in wording is.) Hy maak die weg tot ontsnapping oop. Hy verbreek koperdeure en staan ystergrendels stukkend (**Ps. 107:16**). Hy vertoon sy verrese lewe in die ***"nuwe skepsel in Christus"*** (**2 Kor. 5:17**) en in 'n heilige lewenswandel. Dit egter verstaan baie nie in die geval van siekte nie. Wanneer iemand wat siek was deur God opgerig word in gesondheid en krag en mense sien dit, veral as die persoon lank siek was of deur dokters opgegee was om te sterf, dan wys dit sekerlik dat Jesus leef en so bring dit eer aan God.

**2. Dit lei na die redding van siele.**
Dikwels is dit die gevolg van Goddelike genesing. Toe die lam man in die tyd van Jesus se bediening genees is by die Skone Poort, is 5 000 na Christus gebring. Toe Filippus in Samaria Christus gepreek het lees ons in **Hand. 8:16** ***En die skare het eendragtig ag gegee op die woorde van Filippus toe hulle dit hoor en die tekens sien wat hy doen.*** Daardie tekens was die genesing van siekes soos ons in vers sewe sien. Dit word gesê dat hy die Koningryk van God en die Naam van Jesus verkondig het en dat die Samaritane die Woord van God ontvang het. Dit alles wys dat genesing is deel van die Evangelie van die genade van God. So het die apostel Petrus by Anéas gekom wat agt jaar bedlêend en verlam was en vir hom gesê: Anéas, Jesus Christus maak jou gesond en hy het dadelik opgestaan. (**Hand. 9:34**) Die gevolg sien ons in **vers 35** ***En al die inwoners van Lidda en Saron het hom gesien en hulle tot die Here bekeer.*** So was dit ook in die geval waar Jesus die seun van die koninklike beampte se seun genees het: ***... en hy het self geglo en sy hele huis***. (**Joh. 4:53**) Dit is so ook vandag en ons getuienis is dat waar siekes gesond word, kom redding van siele. Dit is my oortuiging dat die lering van die Woord is dat die genesing van die sieke God se aangewese weg is om die sondaar te bereik en om die harte van Sy kinders te herleef. Dit was Jesus se opdrag aan die 70 dissipels wat Hy uitgestuur het dat hulle, wanneer hulle in 'n stad ontvang word moes hulle die siekes daarin gesond maak. Dit is God se aangewese advertensiemiddel vir spesiale dienste!

**3. Dit versterk mense se geloof.**
Ons word gered deur geloof, ons harte word gereinig deur geloof, ons wandel deur geloof, ons ontvang die belofte van die Heilige Gees deur geloof; die hele Christelike lewe word deur die apostel Paulus opgesom in die woorde: ***en wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God...*** (**Gal. 2:20**). Daar is egter 'n geloof wat in werking gebring word deur die Here te vertrou vir genesing wat ongetwyfeld in 'n hoër kategorie val. Abraham was sterk in geloof en dit was in verband met sy en Sarah se liggaamlike toestand dat Hy God vir die onmoontlike vertrou het (**Rom. 4:19,20**). Die Here Jesus sê vir die Siro-Feniciese vrou: ***"O, vrou, groot is jou geloof"*** (dit was in 'n geval van liggaamlike genesing). ***Voorwaar Ek sê vir julle: selfs in Israel het ek so 'n groot geloof nie gevind nie."*** (**Matt. 8:10**). Dit het Jesus gesê vir die hoofman van Kapernaüm i.v.m. die siekte van sy kneg. In **Jak. 5:15** en die gebed van die geloof sal die kranke red en die Here sal hom oprig. Iemand wat die Here vertrou vir sy genesing is iemand met 'n spesiale soort geloof. Onthou, dis 'n geval van lewe of dood, jy kan nie daarmee speel nie. Om God te glo om ons te genees plaas ons in God se skool waar ons die lesse van geloof leer.

**4. Goddelike genesing bring eer aan God in die lof wat dit voortbring.**
Ons dank God vir sondes wat Hy vergewe, vir die reiniging deur Sy bloed, vir heerlike verlossing van 16 sondebande. Tog is daar in die geval van genesing 'n besondere besef van God se genade en goedheid. Die melaatse wat deur Jesus genees is, het "... uitgegaan en begin om baie dinge rond te vertel en die saak rugbaar te maak... en hulle (wat dit gehoor het) het van alle kante na Hom gekom." Die lam man by die tempel wat in Jesus se Naam genees is, het opgespring en gestaan en rondgeloop... terwyl hy rondloop en spring en God prys. Dawid het iets verstaan – die lof wat genesing bring wanneer hy sê in **Ps. 30** ***"Ek sal U verhoog Here ... Here ek het U aangeroep om hulp en U het my gesond gemaak"*** en ***"U het my weeklag verander in 'n koordans".*** Daar was groot vreugde in Samaria toe die onrein geeste uitgedryf en die lammes genees is.

**5. Dit bring eer aan God omdat, om Jesus as Geneesheer te vertrou, laat mense die Bybel aanvaar as die Woord van God.**
Geen hoëre kritiek en ongeloof kan standhou in die atmosfeer van Goddelike genesing nie. Die Bybel is nie soos ander boeke nie. God maak

waar wat daarin staan. Om Goddelike genesing uit te sny uit die Bybel, vir watter rede ook al, bring ongeloof in die Woord van God. Diegene wat die waarheid van Goddelike genesing in die Bybel sien en glo maak dat die Bybel vir hulle 'n nuwe boek word. Dit weerspreek diegene wat alles in die Bybel wil vergeestelik. Dit laat ons besef: God bedoel wat Hy sê en Hy sê wat Hy bedoel! Waarlik, om die Bybel ten volle te glo, moet eer aan God bring.

**6. Dit bring 'n mens in noue aanraking met God.**

Soms word daar gesê dat wanneer jy in Goddelike genesing glo, plaas jy nie eerste dinge eerste nie. Dan gee jy nie aan Jesus die regte plek as Saligmaker en Heiligmaker nie. Dié wat so dink is verkeerd, want Goddelike genesing roep tot 'n heilige lewenswandel. Die sondaar in sy onweergebore toestand wat genesing ondervind, besef eindelik dat hy hom met sy hele hart tot God sal bekeer om sy genesing te behou wat hy genadiglik ontvang het. En so ook met die louwarm Christen wat vind dat as hy nie sy lewe aan God oorgee en 'n lewe van heiligheid leef nie, wat vind dat hy sy genesing geleidelik verloor. Mnr. Wm. H. Auret Pritchard (uit wie se boek "Healing by Faith in Christ" meeste van die gedagtes in hierdie artikel verwerk is) gee die volgende getuienis: Sewe en twintig jaar gelede het die Here Hom aan my openbaar as Geneesheer van my liggaam.

Ek kan God nooit genoeg dank vir wat dit vir my al hierdie jare beteken het nie, nie slegs in die geval van liggaamlike en verstandelike genesing nie, maar veral in dat dit die Goddelike manier was om my naby aan die Here te hou deur baie beproewings en versoekings. Nie alleen die gedagte aan my eie gesondheid nie, maar die gedagte aan ander wat ly as gevolg van siekte en wie se las ek gedra het as ek nie naby God gebly het nie, hoe kon my bediening van gebed en voorbidding vir hulle tot heil gewees het. Waarlik, Goddelike genesing bring eer aan God.

**7. Dit bring die "goeie soldaat van Christus" in die vuurlinie.**

Ek waag om te sê dat as jy nog nie Jesus as Geneesheer vertrou het nie jy nog nie weet wat dit is om deur satan versoek te word nie! Dat satan mense die meeste aanval in en deur hul liggame is die getuienis van baie oor die wêreld. Goddelike genesing vra vir dapper mense, wat daagliks bid vir vrymoedigheid (Hand. 4:29.) Dit is opmerklik die verandering wat kom oor die mens wat Jesus as Geneesheer vertrou. In die verlede was hy swak en vreesagtig, nou staan hy sy man teen sy beskuldigers en word kragtig in die Here.

**8. Goddelike genesing bring eer aan God daarin dat dit die dienskneg van die Here in aanraking met pyn en lyding bring.**

Van ons Here Jesus sê Jesaja dat Hy 'n ***"man van smarte was, bekend met krankheid."*** Die Here Jesus was altyd vol meegevoel en empatie teen-oor siekte en lyding van mense: Die algemene neiging onder kinders van God is om weg te skram van lyding in enige vorm en verkies aangenamer dinge hulle sal selfs terugdeins om lyding te aanskou. Ons is mede-erfgename van Christus "as ons naamlik saam met Hom ly, sodat ons saam met Hom verheerlik kan word (**Rom. 8:17**). Paulus se gebed in **Fil. 3:10** ***sodat ek Hom kan ken… in die gemeenskap aan sy lyde.*** Om bekend te word met krankheid, soos Jesus was en om gemeenskap te hê aan Sy lyde sal ons die kruis verduur ter wille van die vreugde wat dit bring in seëninge, ook die van Goddelike genesing aan andere. Laat ons glo en Goddelike genesing ondervind van die Groot Geneesheer en so eer aan God bring.

**Vertaal en verwerk deur ds. CF Smit**
**Evangelies-Gereformeerde Kerkblad - Januarie/Februarie 1990**



# ’n Klein ou Pinkstertjie

Van die platteland weet ek nie; ek hoop dat dit nog is soos toe ons so elf, dertien jaar oud was. Toe was Meimaand soos ’n vlymskerp mes. Teen Meimaand was ons nuwe truie klaar; sal ek die Mei van die dubbeldik blou trui ooit vergeet?

Aand na aand het ons ons dik truie Pinkster toe gedra. Destyds het die oumense nog nie uit die kerk gebly oor die koue nie. Hulle het eenvoudig hulle gehekelde kombersies saam met die Hallelujaboek onder die arm vasgeknyp en gegaan. Twee paar knieë teenmekaar, knus onder die bont blokkombers – so’t almal gesit. Toe was daar nog handskoene vir die blou hande en serpe vir die kuiltjies in die nek.

Aand na aand was die kerk stampvol. Jy moes vroeg gaan, anders moes jy dalk op die galery sit en daar was dit trekkerig. Van vêr af het jy die halleluja’s gehoor: *“Saggies en teer klink die roepstem van Jesus ...” “Daar’s ’n dierb’re kruis ...” “Wat ’n vriend het ons in Jesus ...” “Die Gees stry, o, sondaar ...”*

Was ons almal so anders destyds? Was die boeremense taaier, gewoond aan huise wat suid front, onbedorwe sonder elektriese verwarmers en ondervloerse verhitting? Want destyds het jy gebibber omdat die sitplek van die ou Buick so koud onder jou boudjies was. Tog was die oumense daar: egpaar vir egpaar met die sagte kniekombersies oor die knieë. En die kleintjies wat deesdae aan asma en brongitis en griep en chroniese hoes en diverse virusse ly, het jare gelede rustig daar in die kerk met die koppies teen pa en ma sit en slaap en so gesond soos visse in die water gebly. Selfs die skoolhoof en bankbestuurder kon tyd vind om die Pinksterbidure by te woon.

Die dominees het Pinkster ernstig opgeneem, ure lank in hulle studeerkamers gebly en uiteindelik in hulle eie gemeentes gepreek soos wat sterflinge maar preek. Daar was nie vooraf plakkate met die gesigte van “Groot Predikers” teen boomstamme of lamppale aangebring nie. Dominee het sommer self gepreek en die mense het die kerke vol gesit. By die skool kon jy Pinkster as verskoning gebruik – “maar, ons gaan mos Pinkster toe, Meneer!”

Van die platteland weet ek nie, ek hoop dis nog steeds so soos dit was. Vir die stad skrik ek, want hier hoor jy baie nuwe dinge. “Ai, jong, en ons het dan Stadsraadsvergadering” of “Daar is ’n ouerleidingsvergadering by die skool”. Vir ’n onbelangrike God bring jy verskonings soos sente in die kollektebord: “Mens het net nie meer die tyd nie” of “Die dominee preek maar vervelig” en “Ag, dis maar altyd dieselfde ou paar gemeentelede.” Vir ’n onbelangrike God draai jy nie ’n serp om jou nek nie en trek jy nie ’n kind dik aan nie. As Hy vir jou onbelangrik genoeg is, sit jy selfs en televisie kyk terwyl die wat die koue wil trotseer in die kerk sit. (Haai, deesdae is Meimaand mos nie meer koud nie.)

Omdat God daarom onbelangrik geword het, hou hulle in jou gemeente vanjaar so ’n klein ou Pinkstertjie. Jy kan maar sê Pinkster, net soos huisgodsdiens, is uitgedien. Die oorgrote meerderheid stel nie meer belang nie – daar’s net ’n handjievol mense in daardie grote kerk – vyf persent van die lidmate, as die dominee gelukkig is. Vyf-en-negentig persent van sy lidmate kyk televisie of lees koerant of stryk die wasgoed. Vyf persent by die klein ou Pinkstertjie en vyf-en-negentig persent by die belangrike dinge. Amper soos toe Jesus die meedoënlose, verbasende ding gesê het: ***“Gaan in deur die nou poort. Die poort wat na die verderf lei is wyd en die pad daarheen breed, en die wat daardeur ingaan is baie. Maar die poort wat na die lewe lei is nou en die pad daarheen smal, en die wat dit kry, is min”*** (**Matt. 7:13-14**)

Nee, ek dwaaldink nie dat Pinkster ’n mens in die hemel bring nie. Hulle wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word. Maar die hoofletter of die verkleinwoord uitgang – Pinkster of Pinkstertjie – kan nogal ’n aanduiding gee van die roete wat ek besig is om te volg. “*Dis my trim-gimaand*” of *“Pinkster is eintlik ’n uitgediende praktyk, weet jy?”* en *“Ek waag dit nie buitekant met my bors nie”*, *“Ouboet is in matriek, hy’t nie tyd vir Pinkster nie”*. Selfs *“Dis vir my so sektaries met die klem op die Heilige Gees”* en dan, die versugting *“Ag, as ek maar net meer tyd gehad het!”*, *“Die mense kom tog nie meer nie – dis in elk geval net die paar dwepers wat gaan …”*

Die nuwe mens het nuwe redes vir die klein ou Pinkstertjie wat ons nou so dikwels in baie van ons gemeentes beleef. Dominee is ook een van die redes: ag, jy kan nie na die man luister nie. Die nuwe sangbundels, die manier waarop die orrelis speel, die aanstoot wat dit gee as mense in groepies moet bid . . . soveel wegblyers, soveel redes. Ek weet nie, iewers dieper, lê daar ’n ander rede: die een wat ons ook ons belangstelling in huisgodsdiens, in wyksbyeenkomste, in gemeentelike Bybelstudie en die vrouediens laat verloor het. Ons het soos planete geword wat losgeruk het uit hulle bane. Ons het om vreemde voorwerpe, ja, om die ondenkbare, begin wentel. Ons het weggebreek uit ons baan om die lig en die son. Ons wentel nou om swart gate in die hemelruim . . .

Dis ’n dom mens wat deesdae die waarde van gereelde liggaamlike oefening en van ’n gesonde dieet onderskat. Ons moet vir ons liggame sorg. Maar soms wonder ek of pa se vroegoggenddraf en ma se vroegoggend aërobiese oefeninge, ons laat nagte en ons gereelde sakebesoeke aan Kaapstad of Johannesburg, asook ons algehele ingesteldheid op die hier en die nou, dalk verantwoordelik is dat ons Pinkster-byeenkomste klein en onbeduidend geword het. Want God is vir die deursnee mens minder belangrik as sy oefenprogram, sy ambisies, sy televisienuus, sy Facebook-blad, sy slapie en sy ondervloerse verhitting.

Vir ’n onbelangrike god offer jy niks op nie ...

**’n Klein ou Pinkstertjie.**

# Aan God al die eer – Benonigemeente word weer selfstandig

Na ongeveer 22 jaar onder die sorg van die SEK is Benonigemeente op 15 Maart 2004, tydens die ampstermyn van Ds. Gert Grobler, selfstandig verklaar.
Vir 18 jaar het die gemeente die voorreg en genade van selfstandigheid ervaar, tot die tragiese gebeure van 'n gemeenteskeuring in Augustus 2022, waarna die gemeente as onselfstandig verklaar is en gevolglik onder die sorg van die Randse Ring geplaas is.
Groot was die droefheid van die oorblywende groepie lidmate, met 'n duidelike besef dat die gemeente se voortbestaan en selfstandigheid, nie as 'n gegewe gesien mag word nie, maar ten alle tye in afhanklikheid van die Here moet wees.
Daar was baie vrae in die harte van hulle wat as gemeente oorgebly het, maar tog met 'n vaste wete dat hierdie gemeente, God se gemeente in Benoni is en dat Hy self hierdie gemeente in stand sal hou.

Eredienste in die gemeente het voortgegaan deur gebruik te maak van emerituspredikante, studente en in enkele gevalle, predikante wat op aanvraag, vir preekgeleenthede beskikbaar was. Ouderling Dries Venter het ook talle dienste waargeneem, asook die bidure wat tot groot seën was vir die gemeente.
Onder hierdie groepie lidmate het daar 'n hegte band en eensgesindheid ontstaan wat daartoe gelei het dat die Kerkraad, in samewerking van die Ringskommissie, tot die geloofstap oorgegaan het om Ds. Frikkie Lombard vanaf Durban na die gemeente toe te beroep. Ds. Frikkie het die beroep aanvaar en is hy op 3 Junie 2023 in die gemeente bevestig.
Gou was dit duidelik dat die Here se hand ook in hierdie saak was, want Ds. Frikkie het met ywer, met een doel voor oë, die gemeente bedien: Die Evangelie moet in waarheid verkondig word sodat siele gered kan word.
Daar moet ook vermeld word van die hartlikheid van die gemeente en die inspirerende samewerking in die gemeente. Elke lidmaat het so baie gedoen in die tyd dat mens nie name kan uitsonder nie. Tog is daar een persoon wat almal van ons die hoogste agting en respek voor het, ouderling Dries Venter, se heilige lewe, getrouheid en Bybelvastebeginsels spoor elkeen aan tot gehoorsaamheid aan die Here.
Talle lidmate is dan ook tot die gemeente bygevoeg en kon 'n vergrote Kerkraad gedurende Januarie 2025 verkies word en in Maart 2025 voorgestel word.
Die volgende geloofstap was om by die Randse Ring aansoek te doen om Benonigemeente weer selfstandig te verklaar. Groot was ons dankbaarheid teenoor die Here dat hierdie groot gebeurtenis op 13 April 2025 kon plaasvind.
In Sy groot genade is dit nie net die selfstandigwording wat op die dag aangekondig en gevier is nie, maar het die Here ook op hierdie dag, 'n verdere ses lidmate vanuit ander denominasies, asook een belydende lidmaat, tot die gemeente bygevoeg.
Die hoogtepunt van die erediens was dat die diens met die viering van die heilige Nagmaal afgesluit kon word.
Ds. Marco Labuschagne van Germistongemeente het namens die Randse Ring die verrigtinge bygewoon en die seën en gelukwense met die selfstandigwording, behartig.
Na afloop van die verrigtinge is die gemeente en besoekers getrakteer op 'n heerlike spitbraai-ete.
Aan God al die eer vir sy voorsiening en genade, dat Benonigemeente weer selfstandig verklaar kon word.

**SOLI DEO GLORIA!**





# 50 jaar van God se getrouheid in Newcastle

"Die Here is getrou." Met dié woorde het ds. Loots, een van die eerste predikante van die Evangeliese-Gereformeerde Kerk Newcastle, sy boodskap begin tydens die gemeente se ge-denknaweek. Dié eenvoudige woorde het die hartklop van ons 50-jarige reis verwoord – vyf dekades waarin God getrou gebly het.



Op Saterdag, 26 April, het die gemeente feesgevier saam met sewe van ons vorige predikante en hul eggenote wat oor die afgelope dekades in die gemeente gedien het. Hulle is as eregaste verwelkom by hierdie spesiale geleentheid. Die feesvieringe is afgeskop deur ons huidige leraar, ds. Wimpie van Vuuren, wat die dankbaarheid van die gemeente mooi verwoord het.

Tydens die verrigtinge het ons geluister na kosbare getuienisse van die Here se voorsiening en trou – soos gedeel deur di. Pieter Loots, Hendrik Janse van Rensburg, Gerhard De Wet, Willie Roux, Armand Olivier, en broeder Llewellyn Holder, voormalige leraar van die EG Kerk. Elkeen het op unieke wyse teruggekyk op die pad wat die Here met ons gestap het.
Die Saterdag was nie net 'n geestelike fees nie, maar ook 'n gemeenskaplike een – met 'n heerlike skaapbraai, kos en pragtige koeke wat met liefde deur gemeentelede voorberei en geskenk is. Dit het 'n gevoel van saamwees en vreugde geskep wat die dag nog meer spesiaal gemaak het.

Twee hoogtepunte het die naweek gekenmerk. Eerstens is 'n gedenkmonument op die kerkterrein onthul, ontwerp en gebou deur broeder Pottie Potgieter. Op die monument staan die woorde uit Matthéüs 9:37-38: "Die oes is groot, maar die arbeiders min." Dit het ons opnuut herinner aan ons roeping om siele vir Jesus te wen.

Tweedens was die Sondagoggend 'n geseënde ervaring toe ál die predikante die nagmaal saam bedien het – 'n teken van eenheid en dankbaarheid teenoor die Here. Die mans van die gemeente het die diens afgesluit deur die seënbede te sing, waarop die gemeente saam met 'n roerende "Amen" geantwoord het.

Met trane van dankbaarheid in ons oë, getuig ons as gemeente: God is getrou! Aan Hom alleen die eer vir elke siel wat gered is, elke gebou wat opgerig is, elke gebed wat verhoor is, en elke seisoen van groei wat Hy voorsien het.

**Soli deo Gloria – Aan God alleen die eer!**



# 'n Besige vrou



Ek het onlangs 'n lied ontdek wat onmiddellik top-tien-status by my verwerf het. Dit is Christy Nockels se "Find me at the feet of Jesus". Watter inspirerende woorde vir my persoonlik- seker omdat ek nog altyd só graag 'n Maria wou wees, maar ai, ek dink ek was veel eerder haar ouer suster Martha… wat prioriteite betref.

Martha is die ideale gasvrou en tuisteskepper. Haar huis was haar trots en om mense te ontvang en bedien, haar passie. En haar grootste vreugde was om haar deure oop te gooi en Jesus in te nooi en vir sy

**'Martha, Martha, jy is besorg en verontrus oor baie dinge; maar een ding is nodig; en Maria het die goeie deel uitgekies wat van haar nie weggeneem sal word nie.'**
**Luk 10:41-42**

moeë en honger liggaam lafenis te bied.
En Jesus het ook dikwels daar aangedoen, maar Hy het altyd die groter prentjie voor oë gehou. En toe Martha Hom by een geleentheid ergerlik aanspreek omdat Maria nie ook haar kant in die kombuis bring nie, maar by Jesus se voete bly sit, terwyl die kombuis ratel van kastroldeksels bo-oor die geurigste potgeregte, wys Jesus háár liefdevol tereg.





Dis asof Hy sê: "Jy is besig met soveel geregte terwyl één gereg voldoende sou wees." Maria het die beste gereg gekies wat nie van haar weggeneem sal word nie.

En nou vir 'n bietjie inlegkunde… Sou Martha dalk by haarself gedink het: 'Besorg en verontrus... Maar die kos moet reg! Ek wil tog maar net my beste aan Jesus voorsit! Hoe kan ek nie besorg wees nie? Hoe moet ek ontspan met soveel werk wat gedoen moet word? Ek is nou een maal nie 'n afskeep-mens nie! En dan is daar die gaste wat nog gaan oornag ook… Het Maria werklik die goeie uitgekies?'

Martha worstel op hierdie dag met prioriteite. Sy word so opgevang met die dinge – selfs die dinge van die Here, dat sy die Here van die dinge afskeep. Dit wil nie sê dat Martha áltyd net met haar huisdinge doenig was nie. Sy het stellig ook na Jesus se leringe geluister, óf aan sy voete gesit óf in die kombuis gehoor – haar woorde aan Jesus in Joh. 11 bevestig dit – maar by hierdie spesifieke geleentheid is daar fout met haar prioriteite.

En ons glo dat sy Jesus se woorde ter harte geneem het, want wanneer ons weer van 'n maaltyd lees waar Martha bedien, is dit of daar 'n meer ontspanne atmosfeer heers – veral tussen die susters. (**Joh. 12:1-3**) Martha los vir Maria by Jesus se voete en sy deel in die lieflike nardusgeur wanneer Maria haar Meester se voete salf. Om dankie te sê vir hulle broer wat Jesus uit die dood opgewek het. Om Hom bo alles te eer en lief te hê. Om só te toon dat Hy haar alles is.
Ek glo stellig dat Martha intussen haar eie prioriteite onder oë gehad het, veral nadat Lasarus aan hulle teruggegee is. Sy het geleer wat Paulus in **Fil. 1:10** gesê het: ***'… om die dinge waar dit op aan-kom, te onderskei…'*** Hoe vaar jy met die uitsorteer van jou prioriteite, my liewe vriendin?

Daarom dat die lied van Christy Nockels my so raak. Ek sukkel nog self daarmee.

En daarom begeer ek dat wat Charles Wesley van Maria gesê het, ook van my sal waar word:
*Oh, that I could forever sit,*
*Like Mary, at the Master's feet:*
*Be this my happy choice:*
*My only care, delight and bliss, My joy, my Heaven on earth be this, to hear the Bridegroom's voice.*

# Andrew Murray – Die Lewe In Christus

Dit was gedurende die laaste oomblikke van die Laaste Avondmaal, met al die teerheid daarvan, dat die Heiland sy dissipels, en ons deur hulle, geleer het: ***“Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie.”* (Joh. 15: 5)**.

Vandat daardie geweldige waarheid aan die dissipels geopenbaar is, het die getroue en godvresende volgelinge van die Here Jesus deur ondervinding die heerlike werklikheid daarvan gedeel. Kenmerkend van hierdie lewe is Andrew Murray van Suid-Afrika.

Amper honderd jaar lank is sy naam 'n huishoudelike naam onder ernstige Christene wat na die lewe in Christus gesmag het; en deur sy prediking of sy pen het baie tot die verwesenliking daarvan gekom. In die laaste deel van die neëntiende en die eerste deel van die twintigste eeu word hy geken as 'n man van die gelowige gebed, 'n prediker van die hele waarheid van God, 'n leier van Bybelkonferensies en 'n produktiewe skrywer. Sy geskrifte word nog naarstiglik gelees omdat hulle nog steeds in die werklike behoeftes van die harte van die volk van God voorsien.

'n Duidelike beskrywing van die bedaarde en uiters bekwame man van God is aan ons nagelaat. Dit is van hom gesê dat Andrew Murray begeer het om as 'n Christen bekend te wees, eenvoudig as 'n volgeling van Jesus, dat dit gelyk het asof hy almal wat hy ontmoet het, ondersoek het om die Christelike element in hom te vind. “Dit het gelyk asof sy skerpe, hunkerende blik,” skryf 'n waarnemer, “die gesig van sy ondervraer ondersoek om tekens van die Christus-lewe daarin te sien en om bo alles te pleit vir getrouheid aan een Meester. Jy kan nie help om vir jouself te sê nie, “Hierdie man wil hê dat ek aan Jesus moet behoort.” Niemand wat selfs oor gewone onderwerpe met hom gepraat het, kon daardie hunkerende blik vergeet nie.”

Die opmerking gaan voort: “Ek veronderstel dat hy aan die meeste lesers van godsdienstige literatuur vir sy geestelike boeke, veral ‘Bly in Christus’, bekend is. Sy geaardheid is diep toegewyd; hy dra die gees van die gebed met hom saam. Dit lyk asof hy altyd in 'n kleed van aanbidding gehul is. Wanneer hy preek of 'n diens lei, werp hy sy hele wese in die taak en hy gloei met 'n vurigheid van gees wat lyk asof dit onmoontlik deur die menslike vlees volgehou kan word. Somtyds ontstel en oorweldig hy sy hoorders. Erns en 'n elektriese krag straal uit hom en tas ook die groot gehoor of die kindertjies aan wat rondom hom vergader is. Hoewel tingerig gebou, van middelmatige lengte, het hy in stilte 'n vulkaniese energie in hom omgedra wat alles oorstroom en voor hom uitgedryf het as dit opgewek is.

Dan het sy liggaam gebewe en groter geword, sy lippe gebewe, sy gelaatstrekke geleef, sy oë krampagtig oopen toe gegaan, wanneer hy uit die rooiwarm oond van sy gees die gesmelte stroom van 'n ongekunstelde welsprekendheid laat vloei. Die maer gelaat en die byna uitgeteerde liggaam is verheerlik en verlig. Die stemmige, eerbiedwaardige leraar van die neëntiende eeu, met die sober toga en die stywe wit das, wat die gewone drag van die Nederduitse predikante was, verdwyn dan en 'n ou Hebreeuse profeet staan voor ons – 'n tweede Jesaja met sy treffende beeldspraak, 'n Hosea met sy klaende, smagtende pleidooie. Gehore buig voor die gietende reënbuie van sy woorde soos wilge in 'n stormwind. Die hart van die hoorder buig laag en die intellek word met ontsag vervul…”

Geen Goddelike waarheid kan duideliker gestel word as dat die keerpunt van die geestelike lewe, soos die van die bekering, geen vaste patroon volg nie. Net soos ‘die wind waai waar hy wil’, so beweeg die Gees soos Hy wil. Andrew Murray verpersoonlik op meesterlike wyse die werklikheid van die Geesvervulde lewe wat sy werklikheid uit die Persoon van die Heilige Gees put, heeltemal weg van enige dinamiese emosionele ondervinding.

Die man van God kan sy eie getuienis beter lewer, soos deur hom by die Engelse Keswick-konferensie vertel is: “Sommige van u het gehoor”, sê Andrew Murray, “hoedat ek die twee stadia van die Christelike lewe vir u beklemtoon het, asook die trap van die een na die ander. Die eerste tien jaar van my geestelike lewe het ek baie klaarblyklik op die laer trap deurgedring. Ek was so 'n ywerige en ernstige predikant en so gelukkig in my werk soos enigiemand anders, sover dit die liefde vir die werk betref het. Tog het daar altyd 'n gevoel van ontevredenheid en onbeskryflike rusteloosheid in my hart gebrand. Wat was die rede? Met al my kennis van die teologie het ek nooit geleer dat gehoorsaamheid moontlik was nie.

My regverdiging vir myself was so helder soos daglig. Ek het die uur geweet waarop ek van God die vreugde van vergifnis ontvang het. Ek onthou hoedat ek in my klein kamertjie in Bloemfontein sit en dink het: Wat is verkeerd? Hier is ek, ek weet dat God my deur die bloed van Christus regverdig gemaak het, maar ek het geen krag tot diens nie. My gedagtes, my woorde, my handelinge, my ontrouheid – alles het my gehinder. Alhoewel almal my as een van die ernstigste mense beskou het, was my lewe vir myself heeltemal onbevredigend. Ek het so goed as ek kon, geworstel en gebid.”

Murray gaan voort: "Eendag praat ek met 'n sendeling. Ek glo nie hy het self baie van die krag van die heiligmaking geweet nie – hy sou dit erken het. Terwyl ons praat en hy my erns opmerk, sê hy, "Broeder, onthou as God 'n begeerte in jou hart plaas, sal Hy dit vervul." Dit het my gehelp; ek het baie daaroor gedink. Ek wil aan u dieselfde sê, u wat in die moeras van hulpeloosheid en twyfel rondploeter en spartel. Die begeerte wat God in u hart plaas, sal Hy vervul."

"Wel, God het my gehelp en sewe of agt jaar lank het ek voortgegaan en altyd probeer uitvind en gesoek en altyd gevind. Toe, omtrent in 1870, kom die groot Heiligheidsbeweging. Die briewe wat in the Revival (nou The Christian) verskyn het, het my hart aangeroer; ek was in noue verbinding met wat in Oxford en Brighton plaasgevind het en dit het my gehelp. As ek miskien oor toewyding sou praat, kon ek u van 'n aand daar in my eie studeerkamer in Kaapstad vertel. Tog kan ek nie sê dat dit my bevryding was nie, want ek was nog besig om te worstel. Later is my gedagtes baie in beslag geneem deur die doop met die Heilige Gees en ek het myself so goed soos ek kon aan God oorgegee om die doop met die Heilige Gees te ontvang. Tog was daar mislukking; mag God dit vergewe. Dit was asof ek nie kon kry wat ek wou hê nie. Deur al hierdie struikelinge het God my gelei sonder enige spesifieke ondervinding waarna ek kan verwys; maar as ek terugkyk, glo ek tog nou dat Hy besig was om my meer en meer van Sy geseënde Gees te gee as ek maar net meer daarvan geweet het.

"Ek kan u miskien meer help deur nie van enige spesifieke ondervinding te praat nie, maar deur op baie eenvoudige wyse te vertel wat God my nou gegee het, in teenstelling met die eerste tien jaar van my Christelike lewe. In die eerste plek het ek geleer om my elke dag voor God te plaas as 'n erdekruik wat met Sy Heilige Gees gevul moes word. Hy het my met die geseënde versekering gevul dat Hy, as die ewige God, Sy werk in my gewaarborg het. As daar een les is wat ek dag vir dag leer, is dit die volgende: dat dit God is wat alles in almal werk. O, dat ek maar alle broers en susters kon help om dit te besef!

"U sal my vra," sê Murray, "is u tevrede? Het u al wat u begeer? Mag God dit verhoed. Uit die diepste van my siel kan ek sê dat ek nou met Jesus Christus tevrede is; maar daar is ook die besef van hoeveel voller die openbaring van die uitnemende volheid van Sy genade kan wees. Laat ons nooit huiwer om te sê dat dit net die begin is nie. Wanneer ons in die allerheiligste gebring word, begin ons net om ons regte plek by die Vader in te neem."

- Geen krag; toe as gevolg van algehele hartsoorgawe aan Andrew Murray se kant, het die Almagtige sy lewe oorgeneem.
- Geen vrug; toe leer Murray om in die Wynstok te bly, deur volkome gehoorsaamheid en nie deur wisselende gevoelens nie.
- Geen bevrediging; toe leer hy dat die Heilige die verlangende siel versadig en die hongerige siel met goeie dinge vul.

Andrew Murray het die Geesvervulde lewe self geken en sy lewe het ander bemoedig om hierdie weg van vrede en krag vir hulself toe te eien. Amy Carmichael in Though the Mountains Shake vertel van 'n ondervinding in 1895 toe Andrew Murray van Suid-Afrika in Engeland besig was om aan verskeie konvensies deel te neem en sy vanweë 'n liggaamlike ineenstorting in Japan huis toe is.

Eenkeer was hul albei gaste in dieselfde huis. "Ek het geweet dat sy boeke baie goed is," sê sy. "Nie dat ek een van hulle gelees het nie, maar hulle het in 'n netjiese ry, oorgetrek met 'n sober grys, in my moeder se kamer gestaan en sy en almal het gesê hoe goed hulle is." Amy Carmichael het gewonder of hy so goed soos sy boeke was en het gevind dat hy selfs beter was. "Want," sê sy, "daar was nie alleen goedheid nie, maar ook 'n lieflike droë humor, vreeslose moed en die sagtheid en eenvoud van 'n dierbare kind. En hy was baie liefdevol. Dit het gelyk asof hy nooit moeg geword het om lief te hê nie."

Toe gebeur iets pynliks met mnr. Murray. Mej. Carmichael vertel hoe hy dit tegemoetgegaan het:

- "'n Oomblik was hy stil met sy Heer, en toe skrywe hy hierdie woorde vir homself: "Eerstens het Hy my hier gebring; dit is deur Sy wil dat ek in hierdie nou plek moet wees: in hierdie feit sal ek berus.
- "Vervolgens sal Hy my hier hou in Sy liefde en my die genade gee om my soos Sy kind te gedra.
- "Dan sal Hy die beproewing in 'n seën verander en my die lesse leer wat Hy wil hê ek moet leer en die genade in my werk wat Hy wil gee.
- "Ten slotte kan Hy my op Sy tyd weer uitbring – hoe en wanneer weet Hy.
- "Laat ek sê dat ek hier is: Deur die bestelling van God, In Sy hande, In Sy skool, Vir Sy tydperk."

So 'n verhaal is tydloos. Baie is al daardeur gehelp, nie net een keer nie, maar dikwels.

Uit Andrew Murray se Die Geheim van Ware Aanbidding kom hierdie aansporing: "Neem tyd. Gee aan God tyd om Hom aan u te openbaar. Gee uself tyd om stil en kalm voor Hom te wees terwyl u wag, om deur die Gees, die versekering van Sy teenwoordigheid by u, en Sy krag wat in u werk, te ontvang. Neem tyd om Sy Woord as in Sy teenwoordigheid te lees, sodat u daaruit kan weet wat Hy van u vra en wat Hy u belowe. Laat die Woord om en in u 'n heilige atmosfeer skep, 'n heilige hemelse lig, waarin u siel verfris en versterk sal word vir die werk van die alledaagse lewe."

Sodanig, inderdaad, is die lewe in Christus wat sy voedsel en versterking uit die Wynstok put. Deur die verfrissende en lewensgewende vloed van die Heilige Gees deur daardie lewe, is daar die gebed wat oorreed, prediking wat kragtig is, die liefde wat aansteeklik werk, die vreugde wat oorloop en die vrede wat alle verstand te bowe gaan. Dit is die aanbidding wat bestaan uit 'n stilte om God vir uself te leer ken. Dit is die gehoorsaamheid wat die Saligmaker se bevele uitvoer in die lig van die Woord. Dit is die vrug wat spontaan daaruit spruit deur in die Wynstok te bly.

**HULLE HET DIE GEHEIM ONTDEK – V. RAYMOND EDMAN**
**(Vertaal deur Regina Smit)**

*Aangename Kennis:*

# Ds. Nicko Prinsloo

**In watter dorp is u gebore en wat onthou u van u kinderjare?**
Ek is gebore in Johannesburg.
Ek het baie mooi kinderherinneringe net om 'n paar te deel.
As jong kinders het ek en my twee broers (Conrad en ds. Jurgens) 'n liefde gehad om films te maak. Elke film het sy eie draaiboek gehad wat die hele storie vertel. Om net 'n paar genres te noem: Oorlogfilm, drama en suspensietitel "Bankroof met 'n nadraai", dan was daar ook 'n vegfilm met die titel "The Art of Fighting" en dan natuurlik ook die ou bekende "Titanic".
Ons het selfs 'n paar lagfilms gemaak, waar my ouer broers my soos 'n hawelose klein seuntjie aangetrek het met lang hare en stukkende klere, ek moes dan by 'n verkeersirkel staan en wag vir mense om verby te kom en die storie vertel: 'My ouers het getrek en my net hier gelos.' Die een gesin het my amper saamgevat toe my broers om die hoek uitspring "You're on Candid Camera".



**Waar het u skool gegaan?**
Ek was gr.1 tot 4 in Laerskool Jan van Riebeeck (Springs) en van gr. 6 tot 7 Laerskool Hendrik Louw (Strand). Hoërskool was ek in HTS Bellville tot gr. 9 en van gr. 9 tot middel gr.10 Hoërskool Strand. My laaste jare was ek in Hoërskool Dr. EG Jansen.

**Wanneer het u tot bekering gekom en wanneer het u lidmaat geword?**
Ek het die wonderlike voorreg gehad om in 'n pastorie groot te word. Dikwels was ons gekonfronteer met die vraag: 'Is jou saak met die Here reg?' Ek dank die Here vir ouers wat ons in die weë van die Here grootgemaak het, asook die Here wat my reeds op 'n vroeë ouderdom geroep het om my lewe vir Hom te gee. Ek kan ongelukkig nie die presiese dag en datum onthou nie, maar ek weet ek was 'n klein seuntjie wat saam met sy oupa by sy bed gekniel het en die Here vertrou het vir hierdie besondere werk in my lewe. Ek het lidmaat geword Februarie 2008 in Boksburggemeente.

**Watter jare was u op kweekskool?**
2011-2014 met 'n kort onderbreking en toe weer van 2015-2016.

**Wie was u dosente?**
Drs. Willie Kotzé en Andre Bester, di. Gerhard de Wet, Jurg Prinsloo en Juan Mienie.

**Vertel ons 'n staaltjie of twee uit u tyd by die Kweekskool.**
Daar is net te veel om te vertel en te veel om eerder net as goeie herinnering te hou. As jong manne het ons altyd iets gesoek om ons besig te hou, veral oor naweke en as daar nie eksamens geskryf word nie. Een so aand het myself, Herman van Zyl, Woodford Kotze en 'n paar ander studente byname Arrie en Theunis en nog besluit dat ons graag 'n glybaan wil maak. By die huidige kweekskool se lapa is daar 'n tipe klipvloer en as dit natgemaak word, veral saam met seep, kan dit maak vir 'n baie gladderige oppervlakte. So het ons dan besluit om dit as glybaan te gebruik. Maar soos jong manne maar is, het ons nooit gedink aan die moontlikheid van seerkry nie. Dit was wel 'n prettige geleentheid, maar 'n paar van ons het moontlik aan harsingskudding gely.

**Is van u klasmaats nog in die bediening?**
Van die studentegroep wat saam my klaargemaak het, is ek ongelukkig die enigste een oor.

**Hoe het u, u gade ontmoet en hoe lank is u getroud?**
In die kort tydjie wat ek uit die kweekskool was (2015), het die Here dit so beskik dat ek vir, toe nog net oom, (ds.) Johnnie Gates in Brits gaan boer het. Daar was nie veel tyd vir iets anders nie, dit was boerdery en kerk so het my week verloop. Die een Sondag na die erediens het ek gemerk dat daar 'n pragtige dame is wat ek wil ontmoet. Ek skep toe moed bymekaar en ek stap in haar rigting, maar toe sy sien ek is op pad, toe maak sy spore. My eerste probeerslag was onsuksesvol. So het dit vir 'n week of twee gegaan. Maar soos hulle sê: 'Aanhouer wen'. Te danke aan my (nou) skoonmoeder, het sy eindelik vir Monya oorreed dat ek moet kom koffie drink en kuier by hulle huis. Dit was toe so gedoen en soos hulle sê: "The rest is history" en 9 Desember 2017 toe staan ons voor

die kansel. Ek glo vandag dat die Here my eers moes uithaal by die kweekskool, sodat ek my vrou kon ontmoet en ek dank die Here daarvoor.
Ons sal in Desember 2025, agt jaar getroud wees.

**Hoeveel kinders het u en wat is hulle name?**
Ons het twee pragtige dogtertjies. Die oudste is Zelderine (4), en ons jongste is Lenicke (1).

**Watter gemeentes het u bedien?**
Brits (2017-2020), Bethal (2020-2024) en tans bedien ons in Tzaneen.

**Wat is u gunsteling dis?**
Gee vir my vleis, veral 'n heerlike ribbetjie. Dan is 'n lekker pizza natuurlik ook 'n gunsteling in ons huis.

**Waar hou u graag vakansie?**
Ons hou baie van die bosveld, maar gee vir ons die oop natuur en ons is op ons gelukkigste.

**Het u 'n stokperdjie?**
Enige iets wat te doen het met die buitelewe. Ek hou baie van jag en visvang en selfs 'n dag net op die skietbaan is ook lekker. Ek hou baie van die natuur en huidiglik probeer ons die Tzaneen omgewing indrink met sy mooi berge en woude en die af en toe 4x4 roetes.

**Watter geestelike boeke het 'n besondere impak op u lewe gemaak?**
Behalwe natuurlik vir die Woord van God is daar 'n paar boeke wat vir my baie beteken het. " Hy wat siele win is wys" Dr. Willie Marais, "Die Geboë Figuur" Ds. J.A Saunders, "Here leer ons bid" Dr. Willie Marais, asook "Wat is geloof" deur C.H Spurgeon, Arthur Finlayson, D.L Moody, W. Hay Aitken en Alexander Mclaren

**Konferensies is 'n tyd van afskakel, wegbreek uit die wêreld, stil word aan Jesus se voete.**

# Op die Boekrak

## Sewe Vrae




Die skrywer het baie geworstel oor die metode hoe om siele vir die Here in te samel. In die sekulêre wêreld is dit uitdagend om iemand stroomop te benader en te konfronteer met 'n leidende vraag met betrekking tot Christenskap.

Hierdie boekie met die vrae kan dien as 'n gids / hulpmiddel, vir die geredde in die Here Jesus, om met die alledaagse persoon oor sy ewige eindbestemming en Godsaligheid te praat. Dit is nie bedoel as 'n selfstudiegids wat aan 'n ongeredde gegee kan word om in afsondering deurgewerk te word nie. (Die boekie kan die eiendom word van die ongeredde persoon slegs nadat die persoon die Here Jesus aangeneem het).

Die antwoorde en reaksie op die eerste sewe vrae aan die begin sal bepaal of die persoon die Here Jesus Christus ken en dien, of glad nie in Hom belangstel nie, of Hom nou wil leer ken en aanneem.

Lei uit die antwoorde op die eerste 7 vrae af watter rigting gevolg moet word.

Uitgewer, navrae en bestellings: Hennie de Meyer 082 389 2579.
(Om praktiese redes word dit versoek dat u bestellings liefs per gemeente sal geskied, eerder as individueel.)

**Lofdal Konferensie**
**28 Junie - 3 Julie 2025**
**Hoofsprekers:**
**Ds. Armand Olivier (Bethlehem)**
**Ds. Wimpie Raath (Bloemfontein)**
**Jeugdienste: Ds. Martin Botha**
**Kinderdienste: Ds. Andries & Jacoleen Venter**
**Bespreek so gou as moontlik -**
**slegs kampeerplek nog beskikbaar:**
**Mev. Elize Lyon 083 677 2867**

# Liewe maats!!

Die Bybel leer ons dat God se oë sien alles.

God sien jou oral, al kruip jy onder die bed weg, of in jou klerekas, wanneer jy 'n koekie uit die koskas gevat het.

Omdat God alles sien, weet Hy ook alles. Hy weet tot wat jy dink!




"Op elke plek is die oë van die HERE," Spreuke 15:3

## Ken jy jou Bybel?



Dwars:

2. Die baba is in 'n mandjie in die rivier weggesteek.
3. Die man se pappa het vir hom 'n mooi jas gemaak.
5. Die man se krag was in sy hare.
7. Die vrou het 'n baba gehad toe sy baie oud was.
9. Die man is deur God beskerm in die leeukuil.


Af:

1. Die man het op die water geloop na Jesus toe.
3. Die man was drie dae in 'n vis.
4. Die man is deur 'n donkie gewaarsku.
6. Die man het 'n reus met 'n klip en slingervel verslaan.
8. Die vrou was Jesus se mamma.

Oplossing op bladsy 7

# EVANGELIES-GEREFORMEERDE KERKBLAD

Amptelike Kerkblad van Die Evangelies-Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika
Jaargang 80 • Julie/Augustus 2025 • #664



- Die Israel-Irankonfilk
- Kleiner gemeentes moet hulle kop optel
- Die broosheid van die lewe

EVANGELIES-GEREFORMEERDE KERK
SO SÊ DIE HERE

# ...van die Redakteur

Liewe leser

Terwyl die winter in volle swang is, is ons tog weer eens dankbaar om u te groet in die wonderlike naam van Jesus Christus en met die wete dat Hy nog steeds in beheer is – **Psalm 74:17 *Ú het die grense van die aarde bepaal; somer en winter, Ú het hulle geformeer.***

In dieselfde asem is die Suid-Afrikaanse winters ook maar sinoniem met Pinkstertyd en –dienste/bidure wat tradisioneel in Mei of Junie van elke jaar herdenk word. Daarom gaan ons gedagtes onwillekeurig terug na die tyd toe die Heilige Gees met Pinkster vir die eerste keer oor die 120 en daarna oor talle kinders van God uitgestort is. *Ons sien in ons geestesoog 'n "wind" wat deur die eeue begin waai het en baie lewendig gemaak het. Om die rede bid en vertrou ons ook die Heilige Gees vir 'n herlewing onder die "blare" wanneer die "Wind van die hemel" dit sal beweeg en lei waar Hy wil* – Uit Die Nuwe Protestant, 1 Mei 1960.

Hierdie uitgawe se aktuele rubriek, Die Israel-Irankonflik laat ons maar net deurentyd besef hoe laat dit is op God se uurglas en noop dit ons om gereed te wees vir Sy koms. Ons moet nooit uit die oog verloor dat Israel nog altyd God se volk is en sal bly en, al gebeur wat ook al, hulle oorwinnings in talle oorloë en vandag van God is wat hulle beskerm deur engelemagte!

Die bydrae oor die klein gemeentes wat hulle koppe moet optel, herinner ons ook ondubbelsinnig daaraan om aan te hou bid vir die onselfstandige gemeentes, hetsy onder beheer van die S.E.K. of onderskeie Ringe. Kom ons "bid vir mekaar en dra mekaar se laste".

Ons herinner u ook graag daaraan dat, teen die tyd dat u hierdie uitgawe lees (of gelees het), die sinode dan heel moontlik al in aanvang geneem het (18 tot 22 Augustus). Bid ook asseblief vir hierdie belangrike aangeleentheid. Kyk ook gerus uit na die volgende uitgawe (September/Oktober) vir verslagdoening van die sinodehandelinge en foto's.

Redakteursgroete!


**Redaksie**

Willie Stieger (Redakteur), Di. Francois du Toit (gekoöpteer), Johnnie Gates en Wynand van Niekerk (Sub-redakteur), Riaan Britz en Bertus Stieger



**Stuur asseblief materiaal vir plasing aan:**

Die Redakteur – EG Kerkblad

E-pos: redakteuregkerkblad@gmail.com; Sel: 082 401 6937


Die Redaksie ontvang graag artikels, getuienisse van die Here se handelinge in iemand se lewe, kerk/gemeentenuus van algemene aard (tersaaklike foto's is baie welkom) en bydraes vir plasing in die Blad. **Artikels moet egter in Word-formaat ingedien word en oorspronklike foto's in *.jpg-formaat asseblief.** Die redaksie behou ook die reg voor vir redigering van artikels en besluitneming voor plasing van artikels en bydraes. Gepubliseerde bydraes reflekteer nie noodwendig die mening van óf die Kerk óf die Redaksie nie.


**Kopiereg: © EG Kerk SA, Alle regte streng voorbehou**



**Voorblad: Upington EG Kerk gebou November 2013 - Riaan Britz**

**Drukkers:** Bowles Drukkers - Oudtshoorn



**Jaargang 80**

**Julie/Augustus 2025**

**Uitgawe #664**


# INHOUD


**3 Die Here hoor ons gebede**
**Algemene verhoring van ons gebede**

**4 Die Israel-Irankonflik: Wat gebeur werklik agter die skerms?**

**6 Residensiële opleidingsmodel**

**8 Waar in die Wêreld:**
Ds. Fred en Lesley de Waal

**10 Die broosheid van die lewe**

**11 Pretoria-Tuinegemeente stig Silwerjeugtak**

**12 Uit die Argief:** 'n Goeie Kryger

**14 Kleiner gemeentes moet hulle kop oplig**

**15 Vroueblad:** Vergifnis

**16 John Bunyan -** Die Bevryde Lewe

**18 Aangename Kennis:**
Ds. Rico Scholtz

**20 Liewe Maats**


## Intekening en betaling

Intekengeld beloop R140 per jaar. Gemeentelike intekenare moet asseblief hul intekengeld direk by hul kerkraad inbetaal. Die kerkraad is verantwoordelik om die blad aan die gemeentelike intekenare te lewer. Nie-lidmate moet asseblief intekengeld inbetaal by die administratiewe beampte, ds. Johnnie Gates. Rekeningbesonderhede as volg:

Bank: **FNB**
Takkode: **250054**
Rek. no.: **5244 363 2023**
Verwysing: **KB-Naam en Van**

Bewys van betaling kan gestuur word aan: egkskas@gmail.com

# Die Here hoor ons gebede

'n Skotse sendeling keer na baie jare se sendingwerk in Afrika na sy tuisgemeente in Skotland terug om verslag van sy werk te doen en mense as sendelinge te probeer werf. Met sy terugkeer is dit winter.

Die aand van sy optrede is koud en reënerig en min mense daag by die kerk op. Die wat opdaag, is te oud vir die sendingveld. En tog druk die Here dit op sy hart om 'n oproep vir sendelingwerk te doen. Hy eindig sy boodskap met die vraag: “Wie sal gaan? Wie sal gaan? Wie sal gaan?” Hy was onbewus van die jong seun wat gehelp het met die pomp van die traporreltjie op die galery. En skielik weerklink dit in die kerk: “Ek sal gaan! Ek sal gaan! Ek sal gaan!”

Die naam van die seun:
**David Livingstone.**

David word aangeraai om hom as mediese dokter te bekwaam as die Here hom sendingveld toe geroep het – wat hy ook gedoen het. In 1841 gaan David dan na Suid-Afrika as sendelingdokter. Vir die volgende 15 jaar onderneem hy veldtogte na die binneland van Afrika en werk onverpoos onder die inheemse stamme. Daar is een spesifieke vyandige stam wat op 'n dag aan David die volgende boodskap stuur: Ons gaan vannag kom en jou en almal in jou geselskap vermoor. Hierdie insident is opgeteken in een van David se dagboeke, waar hy by die Here pleit om beskerming teen die hoofman en sy kwaadwillige stamgenote.

Daardie nag het gekom en gegaan, maar die vyandige stam het hulle nie kom doodmaak nie.

Etlike jare later kry David tog die geleentheid om met die hoofman van hierdie stam die evangelie te deel en hy en sy hele gemeenskap ontmoet die Here Jesus, bekeer hulle en word volgelinge van Jesus. Toe sê David aan die hoofman dat hy 'n klompie jare terug van hom 'n boodskap ontvang het dat hy en sy mense David se geselskap sou kon uitmoor het. “Ja,” antwoord die hoofman, “en ons het gekom!” “Nou, waarom het julle ons dan nie uitgemoor nie?” “Toe ons by julle blyplek kom, was daar 39 reuse om julle blyplek. Ons het hulle getel. Daar was 39 reuse soldate wat julle blyplek omring het!”

'n Klompie jare later keer David terug na sy kerk in Skotland, en hy vertel onder meer die verhaal van die hoofman en die reuse. Aan die einde van die byeenkoms, kom die sekretaris van die kerk na David en vra: “Dr Livingstone, kan jy die datum onthou van die dag waarop die hoofman en sy mense julle sou kom vermoor?” “Natuurlik!” antwoord David en gee aan hom die datum. Die sekretaris gaan haal toe die kerkdagboek, maak by die spesifieke datum oop en wys dit aan David. Daardie aand was daar 39 mense in die kerk en hulle het in besonder ook vir David Livingstone en sy mense en werk in Afrika gebid!

Ons God hoor wanneer ons tot Hom roep!

***Volhard in die gebed en waak daarin met danksegging.*** **Kol 4:2**

**Katie Moolman**

---

# Algemene verhoring van ons gebede

Die skrywer van die brief aan die Hebreërs gee vir ons 'n aangrypende profiel van Jesus se gebede in die algemeen en sy gebed in Getsémané in die besonder (**Hebreërs 5:7-8**). Jesus se lewe op aarde was 'n lewe van gebed. Wat die skrywer oor Jesus se gebedslewe skrywe, is veral van toepassing op sy gebedsworsteling in die tuin van Getsémané. Ons hoor van trane, smekinge en geroep. Maar dan klink soos 'n juigkreet: “En sy gebede is verhoor”. Hy is verhoor uit sy angs (**Hebreërs 5:7**). Sy stem vanuit die tuin is in die hemel gehoor.

Jesus het nie gekry wat Hy gevra het nie, en tog noem die Bybel dit 'n verhoring van sy gebede. Jesus het in sy gebedstryd geleer om Hom gehoorsaam aan die wil van sy Vader te onderwerp (**Hebreërs 5:8**). Daarin het Hy rus gevind.
Verhoring is nie alleen daar waar God gee wat gevra word nie. Verhoring is ook daar wanneer ons nie kry wat ons gevra het nie. Verhoring is ook daar wanneer ons geleer het om in God se wil te berus. Soos Jesus verhoor is, wil die Here soms ons ook verhoor. Dit is gebedsverhoring wanneer God op ons gebede:

- sy wil aan ons bekend maak,
- ons die pad wys wat ons moet gaan, en
- ons die krag gee om sy wil te aanvaar om daardie moeilike pad te gaan.

Die verhoring van ons gebede is nie altyd die vervulling van ons wense nie, maar die verstaan van God se bedoeling met ons lewe en tegelyk ook die krag tot oorgawe aan daardie bedoeling van God. So kan jy bid om genesing – en dit mag gedoen word – terwyl die Here in jou gebedsworsteling aan jou duidelik maak dat Hy 'n ander pad met jou wil gaan.
Paulus beskryf die verhoring op ons gebede so treffend met een woord: VREDE (**Filíppense 4:4-7**). 'n Vrede in jou swaarkry, in jou beproewing, tydens jou siekte, 'n vrede wat alle verstand te bowe gaan. Die vrede, die berusting, die oorgawe aan die wil van God kom nie sommer dadelik nie. Jesus het drie maal gebid. En dan lees ons: ***“Hy het 'n derde keer gaan bid en dieselfde woorde gebruik”*** (**Matthéüs 26:44**).

**https://www.christelikemedia.org/article/en-sy-gebede-verhoor**

# Die Israel–Irankonflik:

Kinders van God kyk na wêreldgebeure vanuit 'n Bybelse konteks en ons sien vêr meer as wat in die nuus vir ons vertel word. Ons het Bybelse profesieë en agtergrondstudies wat vir ons 'n heel ander prentjie gee van die dinge wat nou gebeur.

**Wêreldgebeure**

Kom ons noem eers profesieë wat die hele aarde raak. In **Haggai 2:6,7** en **21** voorspel die Here dat Hy gaan alles wat wankelbaar is skud, nasies, die aarde en selfs die hemel, alles word geskud. Hierdie was 'n vooruitsig van al die veranderinge wat God sou doen vir die eerste koms van sy Seun, groot nasies sou val soos die Mede en Perse, selfs die Griekse ryk, totdat die Romeinse ryk sou opstaan vir die tyd van Christus.

In **Hebreërs 12:26-28** word genoem dat God nog een maal die hemel en aarde gaan skud, hierdie keer verwys dit na die wederkomsgebeure as God nasies wat standvastig was gaan skud tot alles val, en vers 28 noem: ***"dan kom Christus se koninkryk wat onwankelbaar is"***. Dit verduidelik die gebeure van ons tyd as alles geskud word en selfs nasies gaan val in voorbereiding van Jesus se wederkoms.

**Israel-Irankonflik**

Vir baie jare is Iran die groot aardsvyand van Israel, maar hulle het altyd bondgenote gebruik om die aanvalle te loods soos die Houthis van Yemen, Hezbolla wat in Sirië en Lebanon werksaam is, en natuurlik Hamas in Gaza. Tydens die aanval op Israel van 7 Oktober 2023 het Iran alles beplan vanaf Sirië, hulle het generaal Muhammud Rezar Zaid gestuur van die "Revolutionary Guard" om die aanval te monitor.

Maar, dinge sou verander op 13 April 2024, 'n historiese oomblik toe Iran vir die eerste keer Israel direk sou aanval. Missiele en hommeltuie is gebruik in 'n geweldige aanslag om Israel te probeer uitwis, maar hulle het nie geslaag nie, aangesien Israel 99 % van die aanslag kon afweer.

Sondag, 15 Junie 2025, het Israel vir die eerste keer 'n direkte aanval geloods teen Iran om hulle atoomaanlegte en missielproduksie te probeer uitwis. Amerika het self ook betrokke geraak toe hulle B2 – Stealth Bomwerpersvliegtuie gestuur het om die atoomaanlegte te vernietig. Die konflik tussen die wêreldmoondhede het hierdeur net versleg.

As ons na profesieë kyk verstaan ons presies wat gebeur, volgens **Eségiël 37-39** stel God 'n tydlyn wat sal plaasvind in die laaste dae.

Hoofstuk 37 voorspel dat Israel weer sou terugkeer na hulle land om weer 'n nasie met 'n weermag word, dit het plaasgevind op 14 Mei 1948.



Hoofstuk 38 vertel van 'n aanslag wat daarna kom van 'n federasie van volke wat Israel gaan aanval. Die vors van Ros verstaan ons as Rusland, Tubal is 'n ou naam vir Turkye, daarby gaan lande by hulle aansluit, selfs van Europa en Afrika. Dan lees ons in vers 5 die naam "Perse" of in Hebreeus "Paras".

Die Persiese ryk het vir duisende jare bestaan en was altyd Israel goedgesind. In 1930 het hulle hul naam verander na Iran, nog was hulle goedgesind teen Israel. Hulle was die tweede land wat Israel as nasie erken het op 14 Mei 1948. Na die Sesdaagse-oorlog het Iran vir Israel gehelp deur olie en gas aan hulle te voorsien, daar was ook direkte vlugte tussen die twee lande, en hulle weermagte het selfs beplan om 'n missiel saam te vervaardig. Baie mense het gewonder hoe **Eségiël 38** ooit sou waar word, terwyl Iran Israel se beste bondgenoot in die Midde-ooste was.
In 1979 sou die groot ommeswaai kom met die rewolusie wat uitgebreek het in Iran – die Tsaar wat regeer het, is uitgewerp en die Aiatollah Khomeini wat verban was het teruggekom. Hy was 'n revolusionêr, 'n radikale Moslem wat die Madhi verwag, hulle tipe Messias wat die wêreld gaan bevry van alles wat nie Islam is nie. Hulle glo ook dat die Madhi net gaan kom as die wêreld in chaos is, daarom is atoombomme so gevaarlik in hulle hande.

Hier sou ook die inwoners van Iran self slawe word van 'n Islamitiese staat, en die Aiatollah die grootste vyand van Israel. So word Bybelse profesieë waar soos God voorspel het in **Eségiël 38.**

**Agter die skerms**

Maar, kom ons vat u dieper in profesieë, dan verstaan u wat gebeur agter die skerms van hierdie aanvalle. In **Daniël 10** lees ons dat Daniël vir 21 dae gevas en gebid het. 'n Engel verskyn toe aan hom en sê dat hy teëgehou is deur 'n vors, 'n duiwelse gees van Persië wat teen hom ge-

# Wat gebeur werklik agter die skerms?

staan het. Kom ons gaan na die Hebreeuse verklaring, dan verstaan u wat werklik hier staan. “Sar Malchut Paras” is die woord wat gebruik word vir die duiwelse gees, “Sar” beteken prins, “Malchut” is koninkryk en “Paras” is Persië, m.a.w. die Vors van die koninkryk van Persië. Dit is dieselfde woord wat in **Eségiël 38:5** staan “Paras”. Hiermee verstaan ons dat in Daniël se tyd was daar ’n demoniese mag wat Persië beheer het en begin veg het terwyl hy gebid het. Onthou asb. dat duiwelse geeste gaan nooit dood nie, hulle werk deur eeue en geslagte heen.

Die engel verduidelik verder dat ’n ander engel kom help het en sy naam is “Sarim Michae’l” of prins Michael. Hier vind ons ’n geveg tussen die prins van Persië (’n demoon) en die Aardsengel “prins Michael” wat Israel beskerm. **Daniël 12:1** noem dat Michael altyd veg vir Israel, selfs tydens die groot verdrukking gaan hy saam met sy engele veg vir Israel teen Satan, **Openbaring 12:7**. Net hierdeur verstaan ons waarom Israel al die oorloë gewen het tot vandag toe. Hulle het die prins Michael wat hulle help.

Dis eintlik menslik onmoontlik dat hulle die Sesdaagse-oorlog kon wen, of die oorlog van Yom Kippur, asook teen Hezbollah en Gamas en selfs Iran. Hulle oorwinning is van God wat hulle beskerm deur engelemagte! Ons verstaan dan ook die haat van die Aiatollah’s en die ander ekstremistiese groepe wat hulle ontstaan het van ’n duiwelse mag wat hulle aanvuur om Israel uit te wis. Dieselfde mag wat Persië beheer het in die tyd van Daniël is nog werksaam in ons tyd om Israel aan te val met groot haat. Net soos hy God se antwoorde teengestaan het in daardie tyd, so probeer hy nou Israel van kant maak sodat die wederkoms en al die ander profesieë nie waar moet word nie.

Ons moet begryp dat bokant die gevegte op aarde is daar gevegte in die hemelruim, en die Here het alreeds die oorwinning geproklameer! Hierdie skrifgedeeltes gee ons ’n dieper insig oor die gevegte tussen Iran en Israel, ons verstaan dieper en sien meer as wat die media deurgee. Daar is ’n geestelike oorlog wat woed in die geestelike sfeer waarby ons ook betrokke is, nog steeds word profesieë vervul reg voor ons oë en God beskerm sy volk want alles kom in gereedheid vir die wegraping en groot verdrukking.

Met die skrywe van hierdie artikel is daar ’n skietstaking tussen die twee lande en sprake van groter samewerking in die Midde-ooste met die “Abraham Accords”, tog verstaan ons wat die Bybel voorspel, die konflik gaan net weer opvlam, aangesien ons te doen het met ’n duiwelse gees wat die Islamitiese wêreld beheer, en jy kan nie samesprekings voer met ’n demoon nie. Ons verwag ’n eskalasie van gebeure tot die groot verdrukking kom waar boosheid en wanorde ongehinderd alles gaan beheer.

Ons weet dat alles kom in gereedheid en spoed na die oorlog van **Eségiël 38-39**. Onthou ook die verhaal van **Daniël 10**, ons is ook in ’n geestelike oorlog en terwyl Daniël gebid het, het die oorwinning gekom – u gebede het groot krag!

Mag ons weer eens besef hoe naby ons is aan die wederkoms van Christus.

**Ds. Riko Scholtz**
**Randfontein**



# Residensiële opleidingsmodel

Ons het reeds elders betoog dat die Boodskap wat die Here met die ontstaan aan hierdie Kerk toevertrou het, onder verskeie aanslae deurgeloop het. Daar het ons in die verbygaan ook na hierdie aanslag verwys, naamlik die aanslag op ons residensiële opleidingsmodel. Ek wil graag hiermee daarop uitbrei. Die realiteit en werklike omvang daarvan het onlangs dieper tot my deurgedring. Dit was ʼn veel ernstiger aanslag, maar ook ʼn keerpunt in die geskiedenis van ons Kweekskool!

## Die Model

Die Skrif, ideaal met opleiding vir bedienaars, word deur Dawid duidelik uitgeklaar. Hulle moet **opgekweek** en soos **hoekpilare uitgebeitel** word na die boustyl van ʼn paleis, tot daardie instrumente wat God nodig het.
**Ps. 144:12** ***"sodat ons seuns soos plante mag wees wat opgekweek is in hulle jeug, ons dogters soos hoekpilare wat uitgebeitel is na die boustyl van ʼn paleis;"*** God se ideaal is ʼn geslag van God, wat priesterlik bedien kan word tot ʼn heilige, toegewyde nasie. (Mal. 2:15, Ex. 19:6). Opleiding vir die bediening gaan daarom nie bloot om die opdoen van kennis nie, maar **net so die vorming en groei** tot bruikbare instrumente in die hand van die Here. Daarom verwys die Skrif deurlopend ook na die **in- en uitgaan**, die **lewenswandel** van die voorganger, dat dit ook in plek moet wees. Dit spreek net soveel as die woorde. Daarom die residensiële model – waarmee die vyand nie gemaklik is nie!

## Die Aanslag

Met die **eeuwisseling** het daar binne ons Kerk se geledere ʼn Bybelkollege ontstaan wat begin het met afstandsonderrig. ʼn Goeie gedagte, maar wat gou uitgebou is met die **veronderstelling** dat dit eindelik die **Kweekskool kon vervang**. ʼn Groep studente wat in daardie tyd aangemeld het vir opleiding, het vertel dat hulle uitgevra is waarom hulle die moeite doen om Kweekskool toe te verhuis, die Kweekskool gaan in elk geval sluit.
Hierdie saak is toenemend en sterker gepropageer en **eindelik met beskrywingspunte** na die sinode geneem. Dit het ten aanvang tot verskeie lastige besluite gelei. Die Here het dit egter wel toegelaat om tot ʼn definitiewe beslissing te lei. Hierdie was ʼn aanslag wat beslis en finaal afgewys moes word! Die besluite het ten aanvang soos volg verloop:
**37/2000**. Dat beskrywingspunt 2 aanvaar word. Mosie 30

**BESKRYWINGSPUNT 2**
Dat die **opleidingstruktuur** en **leerplan** van die Kweekskool **dringend hersien en aangepas** word om te kan voldoen aan die eise wat die praktyk en die bediening aan predikante stel, sodat studente met groter effektiwiteit die bediening kan betree. Die paneel wat die aangeleentheid moet behartig, sal bestaan uit die **Fakulteit en minstens vyf predikante uit die veld. Plus nog twee besluite:**
**38/2000**. Dat beskrywingspunt 4 aanvaar word. Mosie 33

**BESKRYWINGSPUNT 4**
Dat die Sinode versoek word om dringend die **opleidingsmodel en oprigting van die nuwe Kweekskool** te ondersoek in die lig van die huidige **ekonomiese** toestand in die land en die **kerk se skynbare versadigingspunt** van werkers en ekonomie.
**39/2000.** Dat die uitvoering van beskrywingspunt 4 na ʼn gekose Kommissie verwys word en spoedig aan die ASK verslag gedoen word. Mosie 34.

Dit is duidelik dat die saak **dringend en met groot ywer aangevoer** is. Deel van die motivering was dat die **residensiële model te duur** is om vol te hou, dieselfde geld vir die daarstelling van **nuwe fasiliteite**. Studente kan per korrespondensie die grootste deel of selfs geheel afhandel en vir afronding, indien nodig, ʼn jaar of wat na die Kweekskool kom. Verskeie vergaderings is gehou met indringende besprekings. **Dit was uitmergelend, die toekoms en voortbestaan van ons Kweekskool was op die spel.**

My proefskrif oor Teologiese opleiding was kort voor hierdie aanslag voltooi



en hierdie aspek was juis ’n onderdeel van die navorsing. Dit was duidelik nie ’n opsie nie. Telkens moes ek opmerk dat as ek nie geweet het wat ek weet nie, hulle my sou kon oorreed. Die aanslag was so oorweldigend dat ek dikwels desperaat na die Here geroep het om tog hierdie ondermynende aanslae af te weer! Volgens my vorming en begrip was hierdie opleidingsmodel onontbeerlik vir die lewende voortbestaan van ’n kerk, te meer ons Kerk.

Die aangewese kommissie het deeglike ondersoek en navorsing gedoen, met behoorlike verslag aan die Sinode van 2002, voorgedra deur ds. Gerrie van Dalen. Hierdie struikelblok is genadiglik toe met die volgende besluite uit die weg geruim:

**13/2002**. Dat die aanbeveling van die Tydelike Kommissie insake Ondersoek na die **Opleidingsmodel en Oprigting van die Nuwe Kweekskool**, soos onder punt 2.2.3 gestel, aanvaar word. Mosie 70.

## Aanbevelings

2.2.3 Dat die **Kerk haar opnuut verbind tot die voltydse residensiële opleiding** van haar predikante.

Die werklikheid hiervan wat toe nou onlangs nuut tot my deurgedring het was die volgende: Die oomblik toe hierdie laaste hekkie uit die weg geruim is, **onmiddellik daarna, reeds in Desember van dieselfde jaar 2002**, het die positiewe draai gekom. Tot hier was ons deurlopend soos in



’n **finansiële drukgang** met geen uitkoms in sig nie. Soos in onmiddellik het die deure na Betshan III net begin oopgaan en die Here se oorvloedige voorsiening het in plek begin kom. Van hier en verder het die Here, sover my kennis strek, begin voor-sien soos nog nooit in ons Kerk se geskiedenis nie! So het ons Betshan III, ons huidige Kweekskool, bekom. Al die eer aan die Here!

## Die Implikasies van hierdie Opleidingsmodel

Dosente en studente woon op dieselfde perseel en die **opleiding vind drieledig plaas**:

• **Akademiese opleiding** in die Teologie word in **lesinglokale** aangebied. **Dosente** verdiep hulself deurlopend in die opleidingsmateriaal om dit met altyd dieper insig en lewend oor te dra. Om ’n vak te bemeester kan tot sewe jaar neem (FSC). Dit is ’n langtermynsaak. Die aantal lesings per week kan vergelyk met tot drie reekse dienste elke klasweek. Daarom verswak dit die opleiding merkbaar indien dosente op kort termyn sou wissel.

• Die **Kweek of uitbeitel** van geroepenes, die **vorming** tot bruikbare instrumente in die Opperherder se hand. Daarom leef studente saam met en onder opsig van die dosente. Dosente se daaglikse **in- en uitgaan** stel ’n lewensvoorbeeld vir die studente en hul gesinne. Dosente kan nie hierin slaag sonder die opdrag in **Joh. 15:4** nie. ***“Bly in My, soos Ek in julle.”***

• Laastens is daar ook periodieke blootstelling na buite aan die bedieningspraktyk.

Bid aanhoudend en met oorgawe in geloof vir die Kweekskool, ook met volharding teen elke slinkse en slu aanslag van die Bose! Mag die Here van sy Kerk ons getrou vind!

**Dr. W. Kotzé**
**Emeritus**

***2 Timótheüs 4:2-5***

***Verkondig die woord; hou aan tydig en ontydig; weerlê, bestraf, vermaan in alle lankmoedigheid en lering; want daar sal ’n tyd wees wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie, maar, omdat hulle in hul gehoor gestreel wil wees, vir hulle ’n menigte leraars sal versamel volgens hulle eie begeerlikhede, en die oor sal afkeer van die waarheid en hulle sal wend tot fabels. Maar wees jy in alles nugter; ly verdrukking; doen die werk van ’n evangelis; vervul jou bediening.***

# Waar in die Wêreld?

## Ds. Fred en Lesley de Waal



**Kweekskool toe met 'n sendingroeping!? Eintlik 'n vreemde verskynsel, want 'n mens gaan kweekskool toe om as 'n predikant vir 'n spesifieke denominasie opgelei te word. Die ontdekking was toe dat om uiteindelik die werklike doel te bereik, God eers met 'n pad van voorbereiding en toerusting besig is, voordat jy eendag uitkom waarvoor Hy jou in die oog gehad het. So was dit die praktiese ondervinding vir ds. Fred en Lesley de Waal. Die roete van kweekskool en gemeentelike bediening het hulle voorberei vir hulle jarelange en volhardende werk van 25 jaar in Botswana.**

Ds. Freddie is in 1960 in Vereeniging gebore. Sy laerskooldae was op Kroonstad en sy hoërskoolloopbaan het hy in Potchefstroom deurgebring. In 1980 en 1981 het hy verpligte diensplig gedoen en daarna is hy spreekwoordelik die wêreld in en by die destydse provinsiale regering begin werk.

### Keerpunt

1983 was 'n keerpunt jaar toe hy en Lesley in Potchefstroom albei onder die prediking van ds. Van Sittert tot bekering gekom het. Hy getuig dat hy onmiddellik 'n roeping beleef het om by sending betrokke te raak. Aan die einde van dieselfde jaar het hulle by die EG Kerk lidmate geword en dadelik by alle bedieninge betrokke geraak.

### Liefde gevind

Ds. Fred vertel: "Ek het Lesley ontmoet toe sy nege jaar oud was, terwyl ons pa's saam by die destydse gevangenisdiens op Potchefstroom gewerk het. Ek't sommer dadelik vir die "engelsman" geval. Ons het eers in graad nege begin sleep, maar tog kon ek haar met die hand grootmaak en die "hemelse taal" (Afrikaans) leer praat. Ons is die jaar na ons redding deur ds. Le Cornu in die eg verbind... 14 Januarie 1984. Uit ons huwelik is drie seuns gebore, Jonathan tans 38, Justin 35 en Matthew 33".

### Kweekskool toe

In 1991 is hulle Kweekskool toe. Die Bybel het die grootste impak op sy lewe gehad. Naas die Bybel het Hudson Taylor se outobiografie as "Missionary to China", Bilquis Sheikh se "I dared to call him Father" en die "Foxes book of Martyrs" groot indrukke op hom gelaat. Verder het persone soos John MacArthur, RC Sproul en John Piper impak op sy lewe gehad.

### Sendinguitreik

Hy vertel verder: "Met 'n sagte plek vir sending is ons kweekskool toe. Ons eerste uitreik was in my tweede jaar saam met dr. Kotzé na Zimbabwe. In my derde jaar is ek en ds. Jakes Jacobs tydens ons prakties Botswana toe gestuur om in die 'village' Sowa dienste te hou waar daar EG lidmate gewoon het. In hierdie tydperk het die Here vir my 'n groot liefde gegee vir die mense van Botswana".

### Van Rietfontein deur Botswana na Angola

"Vanaf my eerste jaar as predikant in Rietfonteingemeente het die gemeente uitgereik na Botswana toe. In 1998 het die Here ons oortuig om permanent Botswana toe te gaan. So het ek die gemeentelike bediening bedank en is ons op die 6de Junie 1999 na Botswana toe, nadat ons vanuit die gemeente uitgestuur is as sendelinge in die nuwe arbeidsveld. Na 'n bietjie navorsing oor waar die grootste behoefte sou wees is ons na die village Dukwi waar ons saam met ds. Abram Mputi ons eerste kerk geplant het. Daar het ons ook in 'n nabygeleë vlugtelingkamp gewerk en later die tweede kerk daar geplant, waar Jonas Kapanga kragdadig tot bekering gekom het. Die Angolese vlugtelinge in die kamp is later gerepatrieer Angola toe en het ek dan so in Angola betrokke geraak waar Jonas werksaam is.

Te midde van hierdie groot werk is die grootste uitdaging, glo dit of nie, ander kerke, valse kerke. Die plaaslike mense glo baie makliker die valse leringe van kerke as die waarheid. Die valse waarheid is baie nader aan hulle inheemse gelowe en daarom makliker om te volg. Dit vereis nie

baie van hulle nie. Hulle wil die Here dien sonder dat hulle lewens hoef te verander. Die algemeenste frase onder hulle is: 'God is good, He understands, you cannot change'.
Omdat die mense nie maklik 'foreigners' vertrou nie, is die grootste deel van ons bediening om verhoudings te bou. In 'n "village community" leef jy nou saam met die mense en spreek jou lewe harder as jou woorde. Jy is gedurig besig om vir jou bure van diens te wees.

Terwyl ons in die veld was, was een groot uitdaging om die kinders deur die skool te kry en so moes dit deur tuisskool onderrig gedoen word. Aanvanklik het ek ook ver weg van die huis af gewerk. Dukwi was so 150 km weg van waar Lesley en die kinders in Shashe gebly het. Ek het hulle net naweke gesien wanneer hulle village toe gekom het. 'n Groot teleurstelling vir my is dat ek nooit die plaaslike taal, Tswana, aangeleer het nie. Dit sou my baie gehelp het om van die ouer mense te bereik.

Ons werk areas was altyd op afgeleë plekke waar mense bitter arm was. Hulle kon nooit hulle predikers ondersteun of voorsiening maak vir die werkers en studente wat opgelei moes word nie. Vir studiemateriaal en kos tydens kursusse was daar net nooit iets beskikbaar nie. Daarom moes ons ook altyd daarvoor voorsiening maak. Ons dank die Here dat Hy altyd getrou was en op wonderlike wyses voorsien het.

Die Here het ons belowe dat die 'olie in die kruik en die meel in die pot' nie sal opraak nie. Ons het nog altyd, ook wat ons persoonlike behoeftes betref, net met God daaroor gepraat. Tot op hede het die Here nog in elke behoefte voorsien. Ons het wel projekte aan ons ondersteuners bekend gemaak en so het die Here ook in elke projek voorsien".

**Vreugde**

"Die grootste vreugde in die veld is om saam met die engele te kan juig oor een siel wat by die Here uitkom. Dit was ook vir ons 'n voorreg om vir die afgelope 13 jaar in die Okavango-Delta te werk onder die Boesmanstamme, Nqereko, Humbukush, Bayeyi ens. Lesley was betrokke by ons Pre-school en om jong ongehude mammas op te lei om naaldwerk te doen. Ek het die voorreg gehad om leiers met die drie jaar EBC kursus toe te rus vir hul bediening en die BOFF kursus (Building on Firm Foundations) te kon aanbied.
"Ons kan steeds betrokke wees in Angola waar ek besig is om studente toe te rus vir die bediening. Daar bly altyd 'n groot tekort aan toegeruste leiers".

**Ramp**

'n Groot ramp het egter hierdie bediening getref. Op 29 Mei 2024 het ds. Fred 'n beroerte gehad en is hulle roeping in onsekerheid gedompel. Die groot gebedsversoek is dat u vir hulle sal bid en dat daar vir hom volkome herstel sal kom om nog baie jare van goeie gesondheid te hê om te kan voortgaan met hul bediening en uitlewing van hul roeping.
Tyd is so kort en werkstyd is afgemeet. Wat ons moet doen, moet ons doen, anders is dit te laat. Ds. Fred se raad vir mense is om so gou as moontlik betrokke te raak in jou gemeente se sendingaksies en as die Here roep om gehoorsaam te wees. Hy sê: "Maak seker jy kry baie goeie Teologiese opleiding, doen moeite om die taal van die mense onder wie jy wil gaan werk onder die knie te kry en lees baie sendingverhale."

**Voorbidding**

Bid asseblief vir:

- volkome genesing, hul persoonlike verhouding met die Here en vir hul kinders.
- die redding van siele
- vir hul ondersteuners dat die Here hul sal seën.
- fondse vir die werk in Botswana en Angola a.g.v. die ver afstande
- vir hul medewerkers in Botswana en Angola.

Dink spesiaal aan 'n land soos Botswana met sy 2.5 miljoen mense. Hul primêre taal is Engels en Setswana, 79 % is Christene (SDA, Rooms Katoliek, Gereformeerd, Lutherane, Metodiste) en 27 % is in voorvaderaanbidding veranker. Baie van die kerke het christenskap en hul inheemse godsdiens vermeng. Dan is daar ook klein groepe Moslems en Hindoes.

**Dankie**

Baie dankie aan almal wat vir hulle deur die jare ondersteun en gebid het. Ons dank die Here vir u getrouheid en liefde. Hulle ondersteuning kom so 50 % vanuit die kerk, 20 % vanuit ander kerkverband en 30 % vanaf individue.

U kan met ds. Fred en Lesley de Waal gesels per e-pos freddie.dewaal@gmail.com of kontaknommer 061 453 7463.

*Ons moet die sendende kerk word met die heldere sendingvisioen voor ons, en elke lid en leser MOET soos die radar werk van die masjien sy en haar deel doen.*


**Ds. C. Cronjé (Die Nuwe Protestant, Julie 1957)**

# Die broosheid van die lewe – Ds. Fred de Waal se beroertedrama

Die lewe is broos omdat dit so vinnig en onverwags kan verander – deur siekte, 'n ongeluk of die dood. Wat vir ons soms so stabiel en permanent lyk, kan in 'n oogwink verbreek word. Hierdie besef herinner ons daaraan om elke oomblik te waardeer en ons verhoudings te koester. Dit kan ons help om meer deernisvol en nederig te leef, omdat ons almal deel aan hierdie broosheid. Die lewe en geleenthede is kortstondig en ons menslike bestaan kwesbaar. Hierdie werklikheid het ons hard en duidelik getref in die lewe van een van ons geroepe sendelinge in die veld – ds. Fred de Waal se beroertedrama.

**Hoe het dit gebeur?**

Sy vrou, Lesley, vertel: "Woensdagmiddag, 29 Mei 2024, na 'n oggend se harde werk van werkswinkeluitpak en sleepwa pak het ds. Fred net na middagete, terwyl ons rustig op die stoep sit, net agteroor geval en sy bewussyn verloor. Ek kon hom nie bybring nie en Gomolemo en Gao, twee van ons medewerkers, het my gehelp om hom in die bakkie te kry. By die kliniek in Seronga, het hulle hom op



'n 'saline drip' gesit en 'n Disprin in sy mond. Soos die Here wil, was die dokter daardie middag in die village gewees en kon hulle hom gaan roep. Toe Fred na amper twee ure bykom het hy gesê hy vermoed Fred het 'n 'mild stroke' gehad wat moontlik kan lei tot 'n 'major stroke'. Hy wil hom na Francistown toe stuur vir toetse wat eers die volgende week sou gebeur. Daar was egter nie 'n ambulans beskikbaar om hom te kom haal nie. Hy raai my toe aan om Fred so gou as moontlik by 'n hospitaal te kry. Ons enigste uitweg was terug SA toe. Ek het hom huis toe gevat en is toe vroeg Donderdagoggend by die huis weg. Ek en Gomolemo het om die beurt bestuur terwyl ons ook om die beurt na Fred omgesien het. Hy het voortdurend sy bewussyn verloor en kon nie praat nie. Sy regterkant was lam en ek kon hom nie alleen hanteer nie".

**Kang in Botswana**

"Donderdag laat het ons vir di. Thys Loubser en Jurg Prinsloo op Kang gekry waar ons moes oornag. Met die aankoms in Kang het Fred sy oë oopgemaak en die twee manne gegroet. Donderdagnag het Fred se toestand vererger deur 'n erge kopseer. Vrydagoggend vroeg is ons SA toe. Alles is vooraf gereël en is ons reguit Moothospitaal toe in Pretoria. Toe dr. Jooste, die internis, om 10:00 vir Fred sien, sê hy dat Fred 'n 'Acute Infarction/beroerte' gehad het. Dr. Jooste het my daarop gewys dat die linkerkant van die brein baie seer gekry het en mooi verduidelik dat dit 'n lang pad na herstel is wat voorlê. Daar was geen bloeding op die brein wat wys na 'n bloedklont nie en sy are was mooi. Na heelwat toetse het hulle agtergekom dat die 'carotid artery' in sy nek vernou is en dat hy onmiddellik geopereer moet word. Die risiko om te wag vir bloedverdunners om te werk was te groot. Na 17 dae in ICU is hy deur dr. Gregory Weir, 'n vaskulêre chirurg, geopereer. Onder die operasie het hy 'n gedeelte van die aar verwyder waar 'n bloedklont gevorm het. Sy woorde was dat as hulle gewag het sou die bloedverdunners die bloedklont losgemaak het en was die moontlikheid groot dat dit deur die brein sou gegaan het".

**Terapie**

"Die uiterlike herstel was vinnig, maar die skade aan die binnekant was 'n ander storie. Fred het na 'n maand in die hospitaal begin met 'n strawwe terapeutiese program. Die volgende nege maande was dit fisioterapie vir die balans, die regter lamheid en fyn motoriese werking, verder, spraak- en audioterapie om die lamheid in die tong en larinks aan te spreek en hom te help lees".

"Arbeidsterapie moes hom help met die motoriese en kognitiewe geheue. Die neuro-visuele terapie moes hom help met nuwe lense om sy balans en sig aan te spreek. Hulle moet ook werk aan diepte- en periferale persepsie ens. Die neuro-visuele terapie het hom ook voorberei om weer te kan werk en te bestuur."

"Ons het elke dag gesien hoe hy vorder, iemand wat hom nie ken nie sal nie weet dat hy beroerte gehad het nie. Die Here is so goed vir ons!"

**God is goed**

"Dit is die kort van die lank. As ek terug kyk en sien hoe die Here vir ons vooruitgegaan het, is dit net wonderlik. Van die dokter wat 80 km ver van Seronga bly, maar terloops daardie middag in die village was, en ons nie deur 'n verpleegster weggewys is nie, tot Gomolemo wat onlangs sy bestuurslisensie gekry het en my kon

aflos met die bestuur, was die Here op besondere wyse betrokke. Ons ondersteuningspan wat alles gereël het sodat ek net op Fred kon fokus was so wonderlik. Dr. Jooste wat my elke dag herinner het om te onthou dat die brein ernstige skade opgedoen het en die herstel lank gaan wees, het die Here ook vir hom kom wys dat Hy in beheer is. Hy het by geleentheid vir my gesê dat Fred se herstel merkwaardig is en het hy nie antwoorde nie. Na 31 dae is Fred weer 'n vry man en kon ons begin fokus op sy langtermynherstel".
"Met sy laaste besoek aan die Internis het dié gesê, hy is meer as tevrede met Fred se vordering. Alle eer aan die Vader."

**Fred se ervaring**
Vir ds. Fred was die hele gebeurtenis 'n hewige en onverwagse ervaring. Hy vertel: "Die herstelproses gaan gepaard met baie frustrasie, ek kon die eenvoudigste dinge net nie doen soos bv. 'n 24-stuk legkaart aan mekaar sit wat vir driejariges ontwikkel is nie. Ek kon nie nommers agtermekaar sê nie, maar ek kon my ou weermagnommer onthou. Ek kon nie tussen die lyne inkleur nie, sukkel om woorde te herken en te lees, ek het vertroue in myself verloor, jy kan niks vir jouself doen nie. My kop het leeg gevoel, ek het gesukkel om goed te onthou, my woordeskat is skielik weg en ek sukkel om myself uit te druk".

Dank die Here vir 21 Mei 2025 wat sy laaste terapiesessie was. Na rekenaartoetse, lees, begriptoetse, wiskundige-analise en simulasie, het hy elke toets bo 90 % geslaag met 'n algehele punt van 96 %. Navorsing toon dat hierdie tipe herstel minstens twee jaar neem. In hierdie geval was dit presies een jaar. Hy kan met selfvertroue agter die Hilux se stuur inskuif en Pretoria se verkeer aandurf, is aan hom gesê. Hulle kan niks meer vir hom doen nie, en het hy uiteindelik die "back to work, go ahead" gekry.

Ons aanbid 'n grote God. Ons herinner ons daaraan "HY ALLEEN KEN DIE PLAN EN DOEL VIR ONS LEWENS."

**Ds. Thys Loubser (em.)**



**Heelagter: Thomas & Marina du Plooy, Ben van Jaarsveld**
**Agter: Nico Loots, Clement & Elize van der Merwe, Carel & Margaret Erasmus, Ciciel van Jaarsveld, Santa & Louis Loding**
**Voor: Magda Loots, Oubaas Coetzer, Maria Barkhuizen, Patricia Scholtz, Cory & Marie Meerholz**

# Pretoria-Tuinegemeente stig Silwerjeugtak

Ons dank en eer aan die Here vir Sy instaatstelling dat Pretoria Tuinegemeente op 21 Mei 2025 hul Silwerjeugtak kon stig.

Lede van die Hoofbestuur het hierdie luisteryke geleentheid bygewoon. Di. Gert Coetzer en Danie Jansen van Rensburg het die stigtingsgeleentheid verduidelik en bekragtig. Omdat dit so 'n spesiale geleentheid was, is 'n Sertifikaat vir die stigting aan die tak uitgereik.

Ons beste wense vergesel hulle!

**Annette Venter**
**namens SJA Hoofbestuur**



EVANGELIES-GEREFORMEERDE KERK
SO SÊ DIE HERE

S.J.A
E.G.Kerk
Volhard totdat...

SERTIFIKAAT VAN TAKSTIGTING

EG Kerk Silwerjeug Aksie

Hierdie sertifikaat word uitgereik aan

Pretoria Tuine Gemeente

met die stigting van hul Silwerjeug Aksie Tak

Ds. GJB Coetzer
President

21 Mei 2025
Datum

Ds. DT J van Rensburg
Hoofleier (wnd.)

# 'n Goeie Kryger

Vir 'n sorgvuldige begrip, lees asseblief **2 Tim. 2:1-13** en **Ef. 6:13-18**, met die hoofgedagte uit **2 Tim. 2:3** ***Ly dan verdrukking soos 'n goeie krygsman van Jesus Christus***

In die heelal is daar twee magte wat teenoor mekaar staan en elke mens moet kies aan watter kant en onder watter hoof hulle wil veg. Die Vors van die Duisternis, die duiwel, verset hom teen die Koning van die Lig, die Here Jesus Christus.
As iemand die Here Jesus Christus as hul leier kies, word van hulle verwag om gewillig te wees om as 'n goeie kryger, man of vrou, verdrukking te lei en al hul kragte in te span om die saak waarvoor hulle hul opoffer te laat seëvier.

**Die Christelike lewe is 'n aanhoudende stryd**

Christene moenie verwag om 'n maklike en sagte lewe te voer nie. Hulle is krygers en as sodanig moet hulle gewillig en gereed wees om sowel al die ontberings en gevare wat 'n oorlog oplewer, te verduur. Krygers moenie wel agter ander skuiling soek of hul verantwoordelikhede op ander wil afskuif nie, maar moet altyd gereed wees om op die voorste front te veg.
Krygers het baie listige vyande rondom hulle en ook binnein hulle is verraaiers wat met die vyand heul om ander te verlei om aan die vyand buite oor te gee. Die stryd is hewig en, menslik gesproke, is dit onmoontlik om met menslike krag die aanslag van die vyand af te weer en die oorwinning te behaal. Paulus raai Timótheüs dus aan om sterk te wees in die genade van die Here. In Christus is ons meer as oorwinnaars en as God vir ons is, wie kan teen ons wees?

Sommige Christene wil graag al die voorregte van die Christendom geniet sonder om hulle daarvoor op te offer, en is soos diegene wat in die oorlog in die laer by die potte en panne bly, sonder om die vyand af te weer en saam te veg met ander dappere stryders. Ander het die wapens neergelê en is vir die vyand dus geen gevaar nie.

**Om die stryd te voer is dit nodig om ALTYD gewapen te wees**

Die Apostel waarsku ons om altyd die hele wapenrusting van God aan te trek. Dis God se stryd wat ons teen die satan help voer en Hy sorg vir die wapens waarmee ons stryd moet voer.
In **Ef. 6:13-18** word die verskillende dele van die Christen se wapenrusting genoem. Geen deel daarvan kan ons mis as ons al die aanvalle van die vyand wil afweer en die oorwinning wil behaal nie.
Baie Christene ly die nederlaag omdat hulle nie die genademiddels wat God verskaf getrou en gereeld aanwend nie. Hul binnekamer word nie getrou besoek nie en hulle is ongereeld met die bywoning van die onderlinge byeenkomste. Hulle roem nog in hul eie sterkte en, soos Goliat die Filistyn, Dawid verwag het en nie sy voorhoof met sy helm bedek het nie, en dus die onderspit gedelf het, so word menige gelowige die prooi van die aanvalle van die satan.
Die ondervinding van Paulus in sy stryd teen die Bose was dat hy liewer in sy eie swakheid moet roem, sodat die krag van Christus in hom kan woon: **2 Kor. 12:10** ***As ek swak is, dan is ek sterk.***
Selfverheffing het nooit die Christen stryder die oorwinning laat behaal nie. Ons moet waak en bid dat ons nie in versoeking kom nie en nie die swaard met ons vleeslike arm hanteer nie, maar met die swaard van die Gees wat God se Woord is, die vyand die genadeslag toedien! Laat ons nooit vergeet dat die stryd nie teen vlees en bloed is nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug. Anders loop ons gevaar om die vyand te gering te ag en dan die onderspit te delf.

**Die Christen stryd gaan gepaard met verdrukking**

As krygers, moet die Christene gereed wees om hulself op te offer en nie hul eie lywe te spaar nie. Die wêreld kry nie juis die indruk dat baie Christene hulle gedra as goeie stryders vir Jesus Christus as daar op hulle lewens gelet word nie. As ons veld vir ons Hemelse Koning wil wen moet ons gereed wees om vir Hom te stry. Hy het vir ons 'n voorbeeld gegee, sodat ons Hom kan volg en in Sy voetstappe kan wandel. Ons lees dat Hy Homself ontledig het en die gestalte van 'n dienskneg aangeneem het en gehoorsaam geword het tot die dood, ja, die dood van die kruis.
Daar word vertel dat toe die soldate van Alexander die Grote moedeloos geword het omdat hulle na 'n moeilike opmars was en geen vordering kon maak deur 'n ysveld nie, die koning self 'n pik geneem het om die ysblokke te help breek om 'n pad te baan. Die manskappe het nuwe moed geskep en sy voorbeeld gevolg. Onder sy manskappe was egter 'n soldaat wat die koning se naam gedra het, maar lafhartig was en lyf weggesteek het. Die koning het hom vermaan om óf sy naam óf sy gedrag te verander, anders sou hy die leër moet verlaat.

Hoe is dit met u, liewe leser, is u lewe en gedrag die naam van Christus waardig? Dink aan 'n paar ontberings wat Paulus tydens sy lewe moes verduur. Ons haal sy eie woorde aan uit **2 Kor. 11:24-26** ***"Vyf maal het ek van die Jode ontvang veertig houe op een na. 25 Drie maal is ek met stokke geslaan, een maal is ek gestenig, drie maal het ek skipbreuk gely, 'n nag en 'n dag het ek op die diepwater deurgebring — 26 dikwels op reis, in gevare van riviere, in gevare van rowers, in gevare van my volk, in gevare van die heidene, in gevare in die stad, in gevare in die woestyn, in gevare op see, in gevare onder valse broeders"***

Kan 'n kryger meer verdrukking as dit verduur? Hoe is dit, liewe leser, met u rekord as kryger?

Daar is baie strikke en gevare op die slagveld waarvoor die gelowige moet waak

Een van die gevare waarteen gewaak moet word is verraaiers onder geledere van die Kerk. Baie dra die naam dat hulle vriende en aanhangers van koning Jesus is, maar hulle is in werklikheid volgelinge van die Vors van die Duisternis. Hulle lewe is wêrelds en hul voorbeeld gevaarlik. Wee dié krygers van Christus wat húlle navolg! Satan, die Vors van die Duisternis, openbaar hom soms as 'n engel van die lig en sy redenasies het die skyn van wysheid en waarheid. Jakobus waarsku ons in **Jak. 4:4:** Die mens wat 'n vriend van die wêreld wil word, word 'n vyand van God.

Ons moet verwag om vervolg te word, omdat dit so verklaar word in **2 Tim. 3:12** ***Almal wat ook godvrugtig wil lewe in Christus Jesus, sal vervolg word.***

Vrees vir spot en veragting het meer as een dapper held laat ontrou word en in 'n lafaard ontaard. Dank God dat daar Christen helde is wat hulle deur niks laat afskrik om hul lewe op die altaar te lê nie.

Selfs in hierdie afvallige tyd is daar geloofshelde wat verdrukking ly as goeie krygers van Jesus Christus. Pasop dat gemaksug en lekker lewe u nie aan u roeping ontrou maak nie. As Christene moet die krygers streef om hul Leier te behaag.

Die Here Jesus, ons Leier, het aan sy dissipels gesê: "In die wêreld sal julle verdrukking hê, maar hou goeie moed, Ek het die wêreld oorwin.

Daar word vertel dat Giuseppi Garibaldi, die vernaamde Italiaanse patriot, vir sy manskappe gesê het dat hy aan hulle nie gemak en rykdom kan beloof nie, maar armoede, honger, swaarkry, gevaar en selfs die dood, en tog het hulle hom met blymoedigheid gevolg uit liefde vir hom die vaderland, en was gewillig om verdrukking te ly.

Niemand kan as goeie krygers van Jesus Christus verdrukking ly tensy hulle besef wat hulle Leier vir hulle opgeoffer het nie, en met 'n dankbare hart wat brand met liefde, besiel is. Liefde is die grootste dryfveer in die heelal en die gelowige, wat soos Paulus deur die liefde van Christus gedring word, sal niks te swaar of te moeilik ag om vir Hom op te offer nie.

Sal die Christen agter staan vir die burger wat sy lewe opoffer vir volk en vaderland? Sal die Christen vir 'n goeie en edele doel, soos iemand wat in belang van die wetenskap sy lewe opoffer, om die mensdom te dien? Onse Heiland het dit vir ons gedoen – sal ons nie uit dankbaarheid en wederliefde dit vir Hom doen nie? Hy is dit waardig en die saak waarvoor Hy gesterf het, dit werd. Dis die hoogste en edelste saak waarvoor 'n mens kan lewe en sterwe.

SOLI DEO GLORIA

**Ds. Charlie Miles**
**Die Nuwe Protestant**
**1 Mei 1960**



# Kleiner gemeentes moet hulle koppe optel

Dis waar dat baie kleiner, ouer gemeentes vandag sukkel om te oorleef. Tog is daar in die Bybel verskeie voorbeelde van gemeentes of gelowiges in soortgelyke situasies was, wat vir ons hoop en perspektief gee. Hier volg 'n paar Bybelse gemeentes wat iets hiervan illustreer — saam met die lesse en bemoediging wat ons daaruit kan put:

**Gemeente in Smirna**
(Open. 2:8–11)
Konteks: 'n Arm, vervolgde en klein gemeente.
Wat leer ons? Jesus sê: "Ek ken julle verdrukking en armoede – tog is julle ryk!" Hulle getrouheid in swaarkry en vervolging is vir Hom kosbaar.
Bemoediging: God meet nie sukses aan getalle of geld nie, maar aan getrouheid. Klein gemeentes wat vasstaan, is vir Hom baie waardevol.

**Gemeente in Filadelfía**
(Open. 3:7–13)
Konteks: Hulle het "min krag," maar is getrou aan die Woord.
Wat leer ons? Jesus sê dat Hy 'n "oop deur" vir hulle gegee het, wat niemand kan sluit nie.
Bemoediging: Selfs al voel 'n gemeente klein of swak, as hulle aan Jesus vashou, gee Hy geleenthede en beskerming.




**Gemeente in Kolosse**
(Kol. 1)
Konteks: Waarskynlik klein en deur 'n lidmaat (Épafras) gestig – nie deur Paulus self nie.
Wat leer ons? Hulle moes oppas vir dwaalleringe en aan Christus alleen vashou.
Bemoediging: 'n Klein gemeente kan sterk bly deur hul fokus op Christus te hou en te groei in geloofswaarhede.

**Titus op Kreta** (Titus 1:5)
Konteks: Titus moes ouderlinge aanstel in verskeie klein, jong gemeentes op die eiland Kreta.
Wat leer ons? Selfs jong, onervare of ongeorganiseerde gemeentes is die moeite werd om geestelik op te bou.
Bemoediging: God gee herders en leiers juis vir klein gemeenskappe om hulle te versterk.

**Die Huisgemeentes van die Nuwe Testament**
Voorbeelde: Priscílla en Áquila se huis (Romeine 16:3-5) en Filémon se huis (Filémon 1–2)
Wat leer ons? Gemeentes was dikwels net 'n klompie mense wat in huise bymekaar gekom het.
Bemoediging: God se teenwoordigheid en werking is nie beperk tot groot strukture of getalle nie – klein gemeentes is volwaardig in sy oë.

**Woorde van Hoop:**
Matt. 18:20 Waar twee of drie in my Naam vergader, daar is Ek in hulle midde – klein gemeentes hoef nie skaam of moedeloos te wees nie. Hulle is nie onbeduidend nie. God se krag word dikwels juis in swakheid volbring (2 Korinthiërs 12:9). Die wêreld kyk na grootte en invloed; God kyk na geloof en getrouheid.

**Hand. 20:28** ***Gee dan ag op julleself en op die hele kudde waaroor die Heilige Gees julle as opsieners aangestel het om as herders die gemeente van God te versorg, wat Hy deur sy eie bloed verkry het.***

JULLE IS DUUR GEKOOP!

**Ds. Pieter Loots (em.)**
**Carletonville-Bethel**

*Sinode 2025: 18 tot 22 Augustus*

*U voorbidding vir die sinodesitting word waardeer.*

# Vergifnis

## Vroueblad...

*Vir 'n sorgvuldige begrip, lees asseblief Lukas 7:36-50 vooraf*

Het jy al in jou lewe gewens jy kon die "rewind"-knoppie druk? Ek het al dikwels. Maar, soos die spreekwoord sê: "Dis water onderdeur die brug en gedane sake het geen keer nie."
Mense sê: "Vergeet dit en gaan aan met jou lewe" – so maklik is dit egter nie.

Dink maar aan Adam en Eva en hulle ongehoorsaamheid? Ek is seker hulle sou wou "rewind." Of Kain, nadat hy sy broer gedood het en uit die landstreek verdryf is. Of Sara, wat Hagar as vrou vir Abraham aangebied het. Of Josef se broers, wat hulle vader soveel hartseer gebring het. Of Agan, wie se gierigheid die lewens van al sy geliefdes en vee gekos het. En wat van Saul en Dawid, die man na God se hart, se sonde met Batseba? En sy volkstelling.
Wat van Petrus en Ananias en Saffira en Paulus, voor sy bekering? God word egter NOOIT onkant gevang nie – nie deur die grofste foute of sondes van sy kinders nie. Reeds van ewigheid af het God, wat voorkennis het, voorsiening gemaak vir die sonde van Adam en Eva- en hulle nageslag, al sou hulle, én ons, nie aan die gevolge daarvan ontkom nie.

In Gen. 3:15 kry ons die moederbelofte, die evangelie in klein. Daar is verlossing in Christus Jesus wat met sy kruisdood en opstanding die slang se kop vermorsel het. Hy heers nie meer oor ons nie. Ons sonde kan ons nie meer die ewige dood laat smaak nie. Jesus het klaar óns straf aan die kruis gedra. Maar nee, ons kan dikwels net nie vergeet van ons foute en sonde wat ons eerder sou wou "rewind" en "delete" voor ons dit doen nie.

Vir heling, moet ons na ons Maker gaan, en dikwels ook na die mense wat deur ons sonde geraak is vir restitusie. Ons moet vergifnis kry. En dit behoort gepaard te gaan met bittere berou – selfs trane – wanneer ons ons sonde, en die gevolge daarvan, bely. Soos Petrus. En dan moet ons leer om onsself ook te vergewe.

Hoe heerlik sing Manuel Escorsio nie oor "deep sea diving" nie, waar ons ons sonde wat reeds bely en vergewe is, steeds opdiep en aan die Here voorhou. Ons moet dit op die oseaanvloer los, waar God dit gewerp het – Miga 7:19 U sal al hulle sondes in die diepte van die see werp en tannie Corrie ten Boom dan sê: "No fishing allowed".
En dan lees ek van 'n vrou wat sekerlik 'n klomp goed in haar lewe sou wou "rewind" en nooit doen nie.

In Lukas 7 sien ons dat Simon glad nie 'n vriendelike besoek in gedagte het toe hy Jesus herhaaldelik uitgenooi het nie. En tog gaan Jesus na hierdie huigelaar se huis toe om Simon bloot te stel aan sy krag om mense te verander. Van Simon, as gasheer, is verwag dat hy sy hand op die skouer van die gas plaas en hom 'n vredekus op die wang sou gee. Verder sou koel water oor die gas se stowwerige voete gegooi en 'n stukkie soet wierook sou gebrand of 'n paar druppels roosolie op sy hoof gedrup word. Simon het dit alles nagelaat. Dan gaan sit hulle by die tafel aan en skielik verskyn 'n ongenooide gas op die toneel – 'n vrou, en daarmee saam, 'n sondares in die teenwoordiges se oë! En met haar onbeheerste trane was sy Jesus se voete en droog dit met haar hare af. Dan soen en salf sy die Here Jesus se voete. Wat 'n verleentheid vir die skynheilige gasheer!

En terwyl hy nog sy veroordelende gedagtes dink, vertel Jesus die verhaal van die geldskieter om Simon te laat besef hy is ook in die skuld. Of hy dit werklik besef, is te betwyfel. Maar, hierdie vrou was onder diepe sondebesef en het met haar berou na die enigste Een gegaan wat iets daaraan kon doen naamlik Jesus. En sy het haar liefde oor Hom uitgestort, uit dankbaarheid vir haar verlossing. En Jesus hét haar vergewe en haar geloof geëer en haar met sy vrede weggestuur.

Gaan in die vrede van God, vrou, want jy is nou 'n kind van God en 'n erfgenaam van die koninkryk. Gaan vertel van Jesus en sy vergifnis. Sy genade. Gaan vertel aan almal dat jy nou vry is. Want as die Seun jou vrygemaak het, is jy waarlik vry. Ja, gaan vertel watter groot dinge God vir jou gedoen het. Jou geloof het jou gered, gaan en vertel!

Sou hierdie vrou wou "rewind" alles wat sy verkeerd gedoen het? Seker. Maar, toe sy Jesus ontmoet, het Hy nie "rewind" nie. Hy het haar verlede skoongevee, haar sondes in die diepte van die see gewerp en nie weer daaraan gedink nie. Sy was nou 'n nuwe skepping. Die ou dinge het verbygegaan. Alles het nuut geword, en sy hoef nooit weer "deep sea diving" te doen nie.

Is dit ook waar van jou, liewe vriend en vriendin?

**1 Joh. 1:9 *As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig.***

**Rom. 5:1 *Omdat ons dan uit die geloof geregverdig is, het ons vrede by God deur onse Here Jesus Christus.***

**Katie Moolman**

# John Bunyan: Die Bevryde Lewe

Dit kan met reg gesê word dat die blikslaer (iemand wat met blik werk – HAT sesde uitgawe 2015) van Bedford een van daardie mense was wat die wêreld nie werd was nie. Soos die apostel Paulus, wat homself as "die gevangene van Christus Jesus" beskou het en nie die van die Romeinse regering nie, so was John Bunyan, hoewel met kettings geboei omdat hy die waarheid van God gespreek het, vry in sy gees. Ook soos Paulus het Bunyan se geskrifte deur die eeue geleef en waar die Bybel ook al by die honderde vertaal is, het Die Pelgrim se Reis gevolg.

Min mense was al ooit so deeglik in die Skrif onderleg soos Bunyan en niemand het hom nog oortref as meester van die allegorie nie. Die Huis van die Verklaarder bly een van die wêreld se beste klaskamers. Bunyan se karakters is orals bekend: "Christen", wat gevind het dat sy las by die kruis verwyder is, en "Christiana" met haar vier stoere seuns; ook "Getrou", "Hoop", "Evangelis" en die "Verklaarder", "Grootmoedig" en mnr. "Standvastig". Onder andere is daar ook mnr. "Spraaksaam", mnr. "Bybedoeling", die reus "Wanhoop" en sy vrou "Bedees" en "Onkunde" wat die hemelpoort bereik het, maar moes ontdek dat hy nie 'n boekrol had wat hom toegang moes verleen het nie. Die letterkunde en die spreektaal is vol van die plekke wat in Die Pelgrim se Reis bekend geword het: die Heuwel Moeilikheid en die Paleis Skoonheid op sy kruin, die Weide van Vergetelheid en die Ompadweide, die Ydelheidskermis en die Kasteel Twyfel, die Doodsrivier en die Stad van die Groot Koning.

Bunyan is uit eenvoudige ouers gebore en alhoewel hulle hom 'n tydlank in die skool gesit het, het hy so min geleer dat hy later vergeet het hoe om te lees en te skryf, totdat sy vrou hom weer onder hande geneem het. As 'n jongeling is hy deur drome en allerlei vorms van vrees geteister en, alhoewel hy genadiglik van 'n waterdood en weer tydens sy militêre diens gered is, het hy goddeloos grootgeword, was onverskillig en so vol godslastering dat hy 'n bron van vrees vir ander was. Onder die skyn van onverskilligheid oor sy geestelike welsyn was daar egter 'n honger na God.

Eendag, terwyl hy besig was met sy ambag as blikslaer, het hy drie of vier arm vroue by 'n deur in die son sien sit, besig om oor die dinge van God te gesels en aangesien hy nou gewillig was om van God te hoor, het hy nader gegaan om te luister. Hul gesprek het oor 'n nuwe geboorte gegaan, die werk van God in hul harte – hulle het gepraat oor hoe God hul siele met Sy liefde besoek het in die Here Jesus – Bunyan het nie verstaan wat hulle bedoel nie, maar is diep deur hul woorde getref. Hy het herhaaldelik pogings aangewend om homself te verbeter. Hy is deur ander bewonder omdat hy opgehou het om te vloek. Hy het gedink dat die taak om die kerkklok te lui hom verdienstelik sou maak, maar hy het geen innerlike verandering daardeur ondervind nie; inteendeel het hy begin vrees dat die kerkklok op hom kon val. Noudat by getroud was en geleer het om te lees, het hy die Skrif ondersoek, maar kon dit nie verstaan nie. Hy het hulp gekry van 'n sekere mnr. Gifford, 'n godvresende predikant in daardie streke, wat ongetwyfeld in Die Pelgrim se Reis as Evangelis voorgestel word.

Bunyan kon die uitverkiesingsleer nie begryp nie en is deur godslasterlike gedagtes gepla. Hy was dikwels mismoedig en sterk deur die vyand van die mens versoek om Christus te verkoop! Uiteindelik, uit radeloosheid dat hy Christus nooit sou verkry nie, het hy gesê: "Laat Hom gaan as Hy wil!" Daarna het die stelling in **Hebr. 12:17** oor Esau hom ontstel, want die Skrif sê: ***"Want julle weet dat hy, toe hy ook later die seën wou beërwe, verwerp is, want hy het geen geleentheid vir berou gevind nie, al het hy dit met trane vurig begeer."*** 'n Kort rukkie is Bunyan bemoedig deur te onthou dat Petrus ook berou had en deur die Heiland terug ontvang is; toe het die vreeslike woorde oor Esau hom weer totaal ontstel. Daar was niks op aarde wat by so begeer het as die versekering van vergiffenis en verlossing nie. Maar, waar kon dit gevind word? **Joh. 6:37** ***Ek sal hom wat na My toe kom, nooit uitwerp nie*** – was die sleutel uit die Skrif wat hom uit die gevangenskap wat deur sy godslastering bewerk is, bevry het. Dit was soet vir sy siel en hy het gesê: "O, die troos wat ek in die woord nooit gevind het!" Asof Hy gesê het: Onder geen omstandighede nie, vir niks nie, wat hy ook al gedoen het. Maar Satan het baie hard geprobeer om hierdie belofte van my weg te skeur deur my te vertel dat Christus dit nie vir my of mense soos ek bedoel het nie, maar sondaars van 'n laer rangorde wat nie gedoen het wat ek gedoen het nie. Maar ek antwoord hom dan, "Satan, daar is glad nie so 'n uitsondering in hierdie woorde nie, maar… hy wat kom, hy, enige hy; hy wat na My toe kom, sal Ek nooit uitwerp nie…". As ek en Satan ooit oor enige woorde van God in my lewe geveg het, was dit hierdie goeie woorde van Christus. Hy aan die een kant en ek aan die ander kant. O, hoe het ons baklei! Dit was oor hierdie woorde in Johannes, sê ek, dat ons so gestry het; hy het aan die een ent van die tou getrek, ek aan die ander ent, maar God sy

geloof, ek het hom oorwin en ek het iets soets daaruit verkry.

Alhoewel Bunyan uiteindelik die diepe innerlike versekering gevind het dat God hom aangeneem het, was hy nog onseker en diep bekommerd oor daardie Skrifgedeelte oor Esau. Stil en aanhoudend het die Gees hom geleer dat Esau die eersgeboortereg verag het en daarna die seën geweier is. So het hy geleer dat die eersgeboortereg die wedergeboorte voorstel en die seën die ewige erfenis. Dat hulle wat die wedergeboorte verag die hemel sal moet prysgee, het hy reg verstaan. Ander Skrifgedeeltes het hom ook gehinder, bv. **Hebr. 10:26** ***Want as ons opsetlik sondig, nadat ons die kennis van die waarheid ontvang het, bly daar geen offer vir die sondes meer oor nie.*** Hy het egter geleer dat sy sonde nie daarin bestaan het dat hy die Heiland openlik verloën en Sy wet verwerp het nie en daardeur is hy getroos.

Die krisis van die dieper lewe het eendag na Bunyan gekom terwyl hy in die veld geloop het. "Skielik," sê hy: "het hierdie sin na my gekom: 'Jou regverdigmaking is in die hemel'. En dit was vir my asof ek, met vrees, met my geestesoog vir Jesus aan die regterhand van God sien sit. Daar, sê ek, is my regverdigmaking, sodat, waar ek ook al is, of wat ek ook al doen, God nie van my kan sê dat Hy my geregtigheid wil hê nie, want dit was voor Hom. Ek het verder ook besef dat dit nie die goeie gesindheid van my hart was wat my geregtigheid verbeter het nie, ook nie die slegte gesindheid wat my geregtigheid versleg het nie, want my geregtigheid is Jesus Christus self, ***gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid* – Hebr. 13:8**."

Kragtig en met finaliteit het die Heilige Gees aan Bunyan die werklikheid van die verrese Heiland voorgestel, wat "vir ons geword het wysheid uit God en heiligmaking en verlossing." Daarom kon hy met blydskap sê: "Nou het die kettings waarlik van my bene geval. Ek is van my ellende en my boeie verlos; my versoeking het ook gewyk; sodat daardie vreeslike Skrifwoorde van God van daardie tyd my nie langer gehinder het nie." O, het ek gedink, Christus! Christus! Daar is niks anders vir my as Christus nie. Nou het ek nie alleen op hierdie of daardie gawes van Christus gelet nie, soos Sy bloed, Sy begrafnis of Sy opstanding nie, maar ek het Hom as die hele Christus beskou, as Hy in wie al hierdie en ook ander deugde, betrekkinge, ampte en werksaamhede verenig is, en dat Hy aan die regterhand van God in die Hemel sit. Dit was vir my wonderlik om Sy heerlikheid te aanskou en die ewigheidswaarde van al Sy weldade … "

So het dit gekom dat Bunyan die wonderlike werklikheid van te "belewe wat in Christus is" geleer het. **Ef. 5:30** het vir hom "soete woorde" geword: ***"Want ons is lede van Sy liggaam, van Sy vlees en van Sy bene."*** Hy kon sê: "Verder het die Here my ook in die geheimenis van gemeenskap met die Seun van God gelei... Hierdeur is my geloof in Hom, as my regverdigmaking, nog meer versterk; want as Hy en ek een is, dan is Sy geregtigheid ook myne, Sy verdienste ook myne, Sy oorwinning ook myne. Nou kan ek myself tegelykertyd in die Hemel en op die aarde sien; in die Hemel by my Christus, by my hoof, by my geregtigheid en lewe, alhoewel my liggaam en persoon op die aarde is." Die oorwinning het byna op dieselfde manier na Charles G. Trumbull amper driehonderd jaar later gekom, soos ons sal sien wanneer ons die ondervinding behandel wat hom tot die oorwinnende lewe gelei het.

En wat was die gevolge daarvan dat Bunyan van sy twyfel en vrees verlos is? In sy "Grace Abounding to the Greatest of Sinners," wat saam met die Belydenisse van Augustinus as die beste kronieke in hul soort gereken word, vertel hy van baie gevolge. Onder andere meld hy genade wat hom in die diepste moeilikhede kon help, insig in die Skrif, geen vrees vir die dood nie, 'n sekerheid van sy Here se teenwoordigheid by hom, en vrugbare diens vir die Heiland, beide op die preekstoel en in die tronk. "Ek het nog nooit sulke hoogtes en dieptes van genade, liefde en welwillendheid ondervind nie," het hy verklaar.



"Twee of drie keer, omstreeks met my verlossing van hierdie versoeking, het ek sodanige begrip van die genade van God ondervind dat ek dit nouliks kon verduur; dit was so uitermate wonderbaarlik as ek dink dat dit my kon bereik, dat ek werklik dink as die besef daarvan lank by my gebly het, ek onbekwaam sou wees vir die alledaagse werksaamhede." Waar hy tevore verbysterd was deur ongeloof, laster en hardheid van hart, kon hy nou sê: "Nou was God en Christus gedurig voor my. Die heerlikheid van die heiligheid van God het my in hierdie tyd stukkend gebreek." Hy het bygevoeg, toe hy 'n felle toets moes deurstaan, "Terwyl ek by die vuur sit, het ek skielik hierdie woorde in my hart hoor weerklink: Ek moet na Jesus gaan. Dit het my vroeëre duisternis en ateïsme laat wegvlug en die geseënde dinge van die hemel aan my voorgehou… Daardie nag was vir my 'n goeie nag, ek het maar min beter nagte belewe; ek verlang na die geselskap van sommige van God se kinders, sodat ek aan hulle kan vertel wat God aan my getoon het. Christus was daardie nag vir my kosbaar; ek kon nouliks op my bed lê van vreugde en vrede en oorwinning, alles deur Christus." Die vrees wat hy oor die dood gehad het, is verban en hy kon getuig: "Ek het myself in die arms van genade en barmhartigheid gesien en alhoewel ek tevore bang was om aan die doodsuur te dink, tog het ek nou uitgeroep" 'Laat ek sterf'; nou was die dood pragtig en lieflik in my oë, want ek het besef dat ons nooit werklik sou lewe totdat ons in die ander wêreld beland nie.

**Vervolg op bl. 19**

*Aangename Kennis:*

# Ds. Rico Scholtz

Dis ons voorreg om ons Scholtzies aan julle voor te stel. Ds. Riko is georden in 1993 in Springsgemeente, en vir die wat kan onthou, was ek die jong predikant wat so lank geneem het om 'n vrou te kry. Die Here het toe die mooi dame, Yolandé van Rustenburg, vir my gestuur en is ons getroud in 1998. Die Here het twee persoonlikhede by mekaar gesit wat totale kontraste is, maar dieselfde liefde vir die Here en uitreike vir jongmense en ook vir kinders.

Een van die groot eienskappe van ons bediening is die uitreike en kampe wat ons hou vir jongmense. Die passie het by my ontstaan toe ek nog op skool was; daar was 'n oom John in my lewe wat ons bus gery het, maar hy het ook die skoolkinders op kampe geneem, van bo in die Okavango-delta tot met staproetes aan die Weskus. Yolandé het weer saam met haar ma uitreike behartig vir kinders, en saam sou ons kampe en uitreike reël, van bo in Mosambiek tot onder aan die Wildekus. Deur jare het ons sending toere geneem om jongmense bekend te stel aan die Here se werk, en kinderkampe van die Suidkus tot in die Drakensberge om hulle te leer van ons wonderlike God en wie Hy is, en wat dit beteken om in 'n intieme verhouding met die Here te lewe en Hom te kan vertrou met jou lewe. Hierdie foto is geneem tydens 'n kamp in die Drakensberg.

Ons was 11 jaar in Springs toe die Here vir ons na Randfontein toe gestuur het, ons is al 22 jaar diensbaar in die gemeente, waarvoor ons die Here innig dankbaar is. Ons is geseënd met drie wonderlike kinders: Lenandé werk tans op 'n perdeplaas, Ricardo doen metrologie en ons laatlammetjie, Leandré, is byna klaar met skool.

Later jare het ons die roeping ervaar om mense op toere te neem na Israel, en wat 'n belewenis om die toerleier na die Midde Ooste te wees vanaf Egipte en Jordanië tot in die Heilige land – ons het Israel al vyf keer besoek saam met toer-groepe.
In 2016 het die Here ons dan ook geroep om 'n bybelskool te begin, eers was dit net in die gemeente aangebied, maar later het dit ook 'n aanlynuitsending geword wat na honderde mense uitgestuur word.

Ek wens dat die bediening net kampe en 'n wonderlike belewenis kon wees, maar ons het in hierdie jare "deur die vuur en water" gegaan soos Jesaja 43:2 dit stel, maar die Here was altyd getrou, en dit het ons net verdiep en nader aan Hom gebring. Een van ons moeilikste tye was toe die dak van die kerkgebou in Randfontein meegegee het en ons amper die hele kerk moes oorbou in die tyd van Covid. Ook hierin het die Here sy wonderwerke vir ons kom wys.
Vandag, amper 34 jaar in die bediening het ons geleer om te bid en te vas, en dieper te groei in ons verhouding met die Here en Hom vas te hou vir groot dinge. Dit het die kern van ons bediening geword om elke oggend vroeg op te staan en die Here in alles te soek en binne Sy wil te bly. Hy moet meer word en ons minder. Ons beleef die Here se wonders en getrouheid in goeie en moeilike tye. Ons kan Hom nie genoeg dankie sê vir Sy goedheid en guns en genade so groot nie. Ons sluit af met **Deut. 10:21 *"Hy is ons Lof en Hy is ons God, wat vir ons hierdie groot ontsagwekkende dinge gedoen het wat ons oë gesien het."***

**Ds. Riko Scholtz**
**Randfontein**





# John Bunyan: Die Bevryde Lewe

Vervolg vanaf bl. 17

God Self is die deel van Sy heiliges. Dit het ek besef en my daaroor verwonder, maar ek kan u nie sê wat ek gesien het nie.”

Sy bure en vriende was bewus van ’n groot verandering in sy lewe en het by hom aangedring om die Woord aan hulle te verkondig. Hy was bevrees om dit te doen, maar was toe oortuig dat God aan hom die amp van die prediking en lering opgedra het. Eers was sy boodskap net oor die sonde en die Verlosser... “die vrees vir die wet en die skuld oor my sonde het swaar op my gewete gerus; ek het gepreek wat ek gevoel het, wat ek met pyn ondervind het.

Ek was inderdaad soos een wat uit die dood na hulle gestuur is. Ek het geboeid na hulle wat in boeie is, gaan preek en het so ’n vuur in my gewete gedra dat ek seker was dat hulle daarvan bewus was.” Toe was sy prediking meer vreugdevol as tevore: “Jesus Christus en al Sy werke, belange en gawes vir die wêreld.” Toe begin hy om “die geheim van eenheid met Christus” te verkondig. Na vyf jaar vrugbare arbeid, waartydens baie die Verlosser gevind het, is hy gevange geneem, maar tydens daardie twee termyne in die tronk in Bedford het hy die twee onsterflike allegorieë, Die Pelgrim se Reis en Die Heilige Oorlog voltooi.

“Die Skrif was ook vir my wonderlik,” het hy ernstig verklaar, nadat hy die werklikheid van die eenheid met Christus ondervind het, “Ek het besef dat die waarheid en werklikheid daarvan die sleutels tot die koninkryk van die hemel is.”
Terwyl hy in die tronk was, kon hy skrywe: “Nooit in my lewe had ek so ’n toegang tot die Woord van God soos nou nie; daardie Skrifgedeeltes wat vir my geen sin gemaak het nie, het in hierdie plek en hierdie toestand voor my geskitter.

Ook was Jesus Christus nog nooit so werklik en duidelik soos nou nie. Ek het nooit geweet wat dit beteken as God altyd by jou staan nie; ook elke keer wanneer Satan probeer om my te beproef, soos die geval was sedert ek hier beland het, want kyk, vrees het my oorval, maar ek het ook hulp en bemoediging gekry. Ja, toe ek selfs vir niks anders as my eie skaduwee geskrik het nie, het God, omdat Hy baie teer met my was, nie toegelaat dat ek gehinder word nie, maar het my deur middel van die een of ander Skrifgedeelte teen alles versterk, soseer dat ek dikwels gesê het dat, as dit toelaatbaar was, ek sou bid om groter moeilikhede om sodoende groter vertroosting te verkry.”

Bunyan se insig in die Skrif deur die lering van die Heilige Gees word nêrens beter geïllustreer as in sy beskrywing van die binnekoms van “Christen” en “Hoopvol” in die Stad van die Groot Koning nie. Deur baie word dit beskou as die beste stukkie letterkunde in die Engelse taal, sowel as ’n wonderlike voorstelling van skriftuurlike waarheid.

**HULLE HET DIE GEHEIM ONTDEK- V RAYMOND EDMAN**
**(Vertaal deur Regina Smit)**



# Liewe maats!!




Die Bybel leer ons dat God is en sal vir altyd daar wees.

God is ewig. Hy is nie soos 'n mens gebore nie en kan ook nooit doodgaan nie.


Omdat God ewig is, sal Hy altyd daar wees om Sy kinders te help as hulle Hom nodig het!

"Voordat die berge gebore was en U die aarde en die wêreld voortgebring het, ja, van ewigheid tot ewigheid is U God."
Psalm 90:2

Die Bybel leer ons....





.....God is ewig!

# EVANGELIES-GEREFORMEERDE KERKBLAD



Amptelike Kerkblad van Die Evangelies-Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika
Jaargang 80 • September/Oktober 2025 • #665

- As my saailand my aanklaag
- Leierskap in tye van weerstand
- CEF-opleiding te Betshan

EVANGELIES-GEREFORMEERDE KERK
SO SÊ DIE HERE

# ...van die Redakteur

Liewe leser, u sal met my saamstem dat die wederkoms van ons Here Jesus Christus vlak voor die deur is, nader as wat talle van ons moontlik dink. Tekens is daar dat talle gebeure wat die wederkoms voorafgaan reeds in vervulling gegaan het. Mag Hy ons waaksaam hou en gereed bevind as die laaste basuin sou blaas – lewe in die lig van die wederkoms!

Waar ek in die verlede as gewone leser selektief kon kies watter berig of artikel ek wou lees, is dit nou vir my in die hoedanigheid as redakteur – en ek glo ook vir die bekwame span by die redaksie – besielend om elke artikel woord-vir-woord te lees en te bepeins, nie net om taalkundige korrektheid te verseker nie, maar ook te let op leerstellige kwessies en suiwere Woordgerigte beriggewing. Daarom is elke uitgawe uniek op sy eie, maar tog waardevol.

Die uittreksel uit die vertaalde boek *"They found the Secret"* bly natuurlik 'n hoogtepunt; hierdie uitgawe fokus ons op Charles G. Trumbull. *"Hy was 'n sleutelfiguur in die stigting van die Getuienis oor die Oorwinnende Lewe wat vir die Amerikaanse Keswick in New Jersey verantwoordelik is as 'n sprankelende, vreugdevolle, ernstige, beskeie, Geesvervulde Christenjoernalis en leier. Die lewe wat in Christus bly en al sy krag uit die opgestane Heiland put, was vir hom 'n wonderlike werklikheid, die Here ook innig dankbaar dat Hy vir ons die Woord gegee het."*

Ten slotte word dit vermeld dat die EG Kerk SA se sinode van 2025 baie geseënd was. Bepeins gerus die Oggendoordenkings uit die Sinode. Bid asb. getrou vir die nuwe Moderatuur en Sinodale Kommissies.

Ons groet met die oë op die wolke – MARANATA!
**Redaksiegroete!**

**Jaargang 80**
**September/Oktober 2025**
**Uitgawe #665**

# INHOUD

**3 Oggendoordenkings uit die Sinode 2025**

**4 As my saailand my aanklaag**

**6 Waar in die Wêreld:** Ds. Thys en Cornelia Loubser

**8 'n Waarskuwing teen sonde**

**9 Ontmoet die Moderatuur**

**10 Sinode 2025 in beeld**

**12 Leierskap in tye van weerstand**

**13 CEF-opleiding te Betshan**

**14 Die liggaam ná die Dood: Verassing of Begrafnis - Maak dit Saak**

**15 Vroueblad:** Jesus gee rus

**16 Charles G. Trumbull:** Die Oorwinnende Lewe

**18 Aangename Kennis:** Ds. Louie van Zyl

**19 Op die Boekrak**

**20 Liewe Maats**

**Redaksie**

Mnr. Willie Stieger (Redakteur), di. Wynand van Niekerk (Subredakteur), Francois du Toit, Johnnie Gates en Loedolff van der Merwe, mnr. Riaan Britz en Bertus Stieger

**Stuur asseblief materiaal vir plasing aan:**
Die Redakteur – EG Kerkblad
E-pos: redakteuregkerkblad@gmail.com; Sel: 082 401 6937

Die Redaksie ontvang graag artikels, getuienisse van die Here se handelinge in iemand se lewe, kerk/gemeentenuus van algemene aard (tersaaklike foto's is baie welkom) en bydraes vir plasing in die Blad. **Artikels moet egter in Word-formaat ingedien word en oorspronklike foto's in *.jpg-formaat asseblief.** Die redaksie behou ook die reg voor vir redigering van artikels en besluitneming voor plasing van artikels en bydraes. Gepubliseerde bydraes reflekteer nie noodwendig die mening van óf die Kerk óf die Redaksie nie.
**Kopiereg: © EG Kerk SA, Alle regte streng voorbehou**

**Voorblad: Taryn Elliott - www.pexels.com/Cherry-blossom-4098990/**
**Drukkers:** Bowles Drukkers - Oudtshoorn

**Intekening en betaling**

Intekengeld beloop R140 per jaar.
Gemeentelike intekenare moet asseblief hul intekengeld direk by hul kerkraad inbetaal. Die kerkraad is verantwoordelik om die blad aan die gemeentelike intekenare te lewer. Nie-lidmate moet asseblief intekengeld inbetaal by die administratiewe beampte, ds. Johnnie Gates. Rekeningbesonderhede as volg:
Bank: **FNB**
Takkode: **250054**
Rek. no.: **5244 363 2023**
Verwysing: **KB-Naam en Van**
Bewys van betaling kan gestuur word aan:
egkskas@gmail.com

# Oggendoordenkings uit die Sinode 2025

**Maandag 18 Augustus:**
**Die Kerk se primêre roeping**
Die Moderator, dr. André Bester, het op gepaste wyse die sinode geopen met die openingsrede. Die skriflesing was geneem uit Matt. 28:16-20 met die eenvoudige, maar tog belangrike tema: "Die Kerk se primêre roeping".

Ons primêre roeping, dit waarvoor die Here ook hierdie Kerk in die lewe geroep het, waarom ons bestaan, wat ons hooftaak en ons hoofroeping is, is om die wonderlike, vrymakende evangelie van Jesus Christus aan al die volke, tale, stamme en nasies oor die hele wêreld heen te verkondig.

Dit is opmerklik dat die vier Evangelies almal afgesluit word met Jesus se groot opdrag in **Matt. 28:19, Mark. 16:15. Luk. 24:47** en **Joh. 20:21**. Hoe dankbaar kan ons wees dat ons die afgelope 81 jaar die voorreg gehad het om aan hierdie roeping gehoorsaam te wees? So dink ons aan voltydse sendeling wat deur die Kerk uitgestuur kon word soos ds. Jan Coetzer en ds. Fred de Waal, om maar enkeles te noem. Kom ons onthou wat ons primêre roeping en hooftaak is.

Die afgevaardigdes (en die Kerk) word herinner aan die primêre roeping uit vyf kort gedagtes:
• Die grondslag van ons roeping – die gesag van die Here Jesus (**Matt. 28:18**) en die opdrag van die Here Jesus (**Matt. 28:19**), netso die vierledige boodskap van ons Kerk nl. Redding, Heiligmaking, Goddelike Genesing en die Wederkoms van onse Here Jesus.
• Die omvang van hierdie roeping (**Matt. 28:19, Luk. 24, Hand. 1:8**).
• Die dringendheid van hierdie roeping (**Rom. 10:13-15**).
• Wie is geroep tot die uitvoering van hierdie opdrag? (**1 Pet. 2:9, Jes.6:8**).
• Waar kry ons ons krag vir hierdie roeping? (**Hand. 1:8**).

**Dinsdag 19 Augustus:**
**Die Hart van die Herder**
Die sinodegangers was bevoorreg om op dag twee deur Ds. Pieter Loots (em.) met die Woord bedien te kon word. Die skriflesing was geneem uit **Filip. 1:3-10** met die kosbare tema: "Die Hart van die Herder." Met vers 8 as teks van oordenking, word ons attent gemaak op hierdie Herdershart (die innige tederheid van Jesus) deur die vier B's te onthou:
• Betekenis van hierdie tederheid (**Joh. 11:33, Mark. 10:14, Mark. 6:34**).
• Belangrikheid van hierdie innige tederheid (**Filip. 2:25-28**).
• Bron (wat is die oorsprong?) van hierdie tederheid – Die Heilige Gees natuurlik (**Gal. 5:22**).
• Bevorder hierdie tederheid – deur te bid, te peins en beproewing (**Filip. 1:3,4,9, Rom. 12:2**).

**Woensdag 20 Augustus:**
**Waar is God?**
Ds. Rudi Beukes van Boksburg het die laaste dag se oordenking gelei. Die skriflesing was geneem uit **Jes. 63:7 – 64:8** met die aangrypende tema: "Waar is God?" Jesaja het die nood raakgesien. Daar is talle herinneringe uit ons Kerk se verlede wat ons met blydskap kan oproep. Ook met dit in gedagte word die sinodegangers herinner aan die vier O's:
• Ontnugtering – Die tye het in so mate verander dat ons "iets" mis in ons byeenkomste en eredienste wat 'n vroeë geslag beleef het wat nie meer daar is nie naamlik: "Ons mis God in ons byeenkomste". Dit maak nie saak hoe hard ons in die gemeentes aan dingetjies soos tegnologie, predikingsmetodiek, meer lidmaatvriendelike byeenkomste ens. werk nie, maar ons "mis" iets ….
• Oorsaak – Daar is natuurlik altyd 'n oorsaak vir enige ding/gebeurtenis op aarde. **Jes. 63:10** ***Maar húlle was wederstrewig en het sy Heilige Gees bedroef; daarom het Hy vir hulle in 'n vyand verander: Hy self het teen hulle gestry.*** Kan dit dalk die rede wees dat dit gaan soos dit in ons Kerk gaan? Stiltetye ontbreek, sieledroogte, gebrek aan eensgesindheid, broederskap wat geskeur is in partyskap – al díe mag moontlik oorsake wees, moontlik ander sake ook.
• Ontboeseming – Hierdie situasie kan nie anders as om te lei (ontboesiming) soos in **Jes. 64:1** ***Ag, as U maar die hemele wou skeur, wou neerdaal, dat die berge wankel voor u aangesig.*** Dis asof Jesaja die volk wil lei tot op 'n plek om te sê: "Tot hier, ons kan nie verder gaan nie, tot hier!" 'n DESPERATE GEBED – Ag, Here, as U maar net die hemele wou skeur ….
• Oorgawe – Gaan ons by 'n punt kom waar ons soos Jesaja en die volk na God roep, penne neersit en oorgee aan Hom? **Ps. 126:5-6** "***Die wat met trane saai, sal met gejubel maai. 6 Hy loop aldeur en ween en dra die saadkoring; hy sal sekerlik kom met gejubel en sy gerwe dra."*** Wanneer laas het ons as Kerk geween voor God – daar is 'n nood in ons Kerk; ons het geroepenes nodig; ons het nodig dat Hy weer kinders van Hom sal heilig; ons het weer nodig dat meer siele gered word. Jes. 64:8 Maar nou, Here, U is ons Vader; ons is die klei, en U is ons Formeerder, en ons almal is die werk van u hand.

*(Volledige klankopnames (mp3-formaat) van die oordenkings is beskikbaar by die Redakteur. Stuur gerus die woorde SINODE per WhatsApp aan 082 401 6937)*

# As my saailand my

Daar is verskeie saailande in ons elkeen se lewe wat by die Groot Oes sal oplewer dít wat ons in ons lewens daarop gesaai het. In die Bybel word baie keer verwys na saaiers en oeste waarby ons almal betrokke is. Ja ook die kinders van God is elke dag besig om saad te saai op die akkers van die lewe; daarna sal ons maai wat ons gesaai het.

*Gal. 6:7-9 Moenie dwaal nie; God laat Hom nie bespot nie; want net wat die mens saai, dit sal hy ook maai. Hy wat in sy vlees saai, sal uit die vlees verderf maai; maar hy wat in die Gees saai, sal uit die Gees die ewige lewe maai. En laat ons nie moeg word om goed te doen nie, want op die regte tyd sal ons maai as ons nie verslap nie.*

Job fokus sy gedagtes op daardie dag wat almal se oeste gaan wys en dan sê hy in **Job 31:38** ***As my saailand my aanklaag en sy vore almal saam ween."*** Jesus het weer só van daardie groot oesdag gesê: ***Die oes is die voleinding van die wêreld, en die maaiers is die engele.*** **Matt. 13:39.**

## 1. Die verskeie saailande in ons lewens

Jesus is die Groot Saaier en sy saailand is die wêreld, waarna Hy verwys in die gelykenis van die onkruid in die saailand in Matt. 13. Maar, netso is jy en ek ook saaiers in ons aardse kort bestaan met groot persoonlike verantwoordelikheid wat gepaard gaan met ons arbeid in die saai- en oeslande waaroor elkeen van ons aangestel is. Die bose vyande is ongelukkig ook saaiers wat bose sade saai op die saailande wat met die saad van boosheid soveel onmeetbare skade aanrig.
Wat ons betref, is die eerste saailand wat ons aandag nodig het:

### Die wêreld

Jesus sê in die gelykenis van die onkruid in die saailand in **Matt. 13:38** en die saailand is die wêreld. Die saad wat ons saam met Jesus met ywer op hierdie saailand moet saai is die kosbare Evangelie. **2 Tim. 4:2** ***verkondig die Woord; hou aan tydig en ontydig.*** En Paulus voeg dan by in **1 Kor. 9:16** ***Want as ek die evangelie verkondig, is dit vir my geen roem nie; want die dwang is my opgelê, en wee my as ek die evangelie nie verkondig nie!*** **Spr. 11:30** ***Die vrug van die regverdige is 'n boom van die lewe, en hy wat siele win, is wys.*** Is jy nog getrou om hierdie saad te saai?

### Ons harte is ons saailand

Op Pinksterdag haal Petrus, 'n eenvoudige visserman, die saad sak met die lewende saad en saai evangeliesaad op menige harte, met asemrowende gevolge. Van daardie dag af is die wêreld nie meer dieselfde nie. Hierdie saad lewer vandag nog ewige vrug op en verander miljoene se lewens vir ewig. **Hand. 2:36-37** ***"Laat dan die hele huis van Israel sekerlik weet dat God Hom Here en Christus gemaak het, hierdie Jesus wat julle gekruisig het. Toe hulle dit hoor, is hulle diep in die hart getref en het vir Petrus en die ander apostels gesê: Wat moet ons doen, broeders?*** Dit is hierdie lewende saad waarvan hy later in sy brief melding maak in sy brief **1 Pet. 1:23** ***julle is wedergebore nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike, deur die lewende Woord van God wat tot in ewigheid bly.*** Het jou hart al hierdie lewende saad ontvang of het die roofvoëls dit voor jou oë opgepik?

### Jou siel is 'n saailand

**1 Kor. 3:9** ***Want ons is... die akker van God.*** **1 Pet. 2:11** ***Geliefdes, ek vermaan julle as bywoners en vreemdelinge om julle te onthou van vleeslike begeertes wat stryd voer teen die siel.*** Die siel van die ryk dwaas was toe vir die saad van die lewende Woord en toe sterf hy die droewige dood van 'n dwaas. **Luk. 12:19-20** ***"En ek sal vir my siel sê: Siel, jy het baie goed wat weggesit is vir baie jare; neem rus, eet, drink, wees vrolik. Maar God het aan hom gesê: Jou dwaas, in hierdie nag sal hulle jou siel van jou afeis; en wat jy gereedgemaak het, wie s'n sal dit wees?*** Hoe lyk die saailand van jóú siel? Wat saai jy op die saailand van jou siel? **Gal. 6:7-8** ***Moenie dwaal nie; God laat Hom nie bespot nie; want net wat die mens saai, dit sal hy ook maai. Hy wat in sy vlees saai, sal uit die vlees verderf maai; maar hy wat in die Gees saai, sal uit die Gees die ewige lewe maai.***

### Jou gesin is ook jou saailand

Ouerskap in 'n krisis. Menige kindersiel word geskend in hul ouerhuise deur egskeidings en baie ander wêreldse euwels wat toegelaat word. Dit is die dure verantwoordelikheid van ouers om die saailand van hul kinders te beskerm en gedurig met goeie saad te besaai. Hoe gelukkig is 'n gesin as die vader 'n saaier van die Woord is! Is sulke manne nie baie skaars in ons tyd nie? Te midde van die gejaagde lewe en baie verantwoordelikhede móét ouers tyd maak om hierdie ontvanklike saailande met heilige saad te besaai, voordat sonde hulle vernietig. Jong harte is nog ontvanklik. **Pred. 12:1** waarsku: ***En dink aan jou Skepper in die dae van jou jonkheid voordat die ongelukkige dae kom en die jare aanbreek waarvan jy sal sê: Ek het daar geen behae in nie. Watter saad saai jy as ouer in jou kinders se harte?***

## 2. Verskeie soorte saad

### Die saad van moeite en onreg

Daar is mense wat 'n sinnelose aardse bestaan voer en net fokus op

# aanklaag



die negatiewe en vrugtelose dimensies van die lewe. Hulle jaag die tydelike, leë doelwitte en plesiere van die wêreld na en die lewe gaan by hulle verby. Op die einde is daar nie vrug wat van hul lewens 'n betekenisvolle sessie op die aarde maak. So sterf baie soos verskietende sterre sonder hoop en sonder God. Job 4:8 Volgens ek gesien het: Die wat onreg ploeg en moeite saai, dié maai dit. Salomo voeg hieraan toe met dieselfde wysheid in Spr. 22:8 Wie onreg saai, sal onheil maai. Waarmee is jy besig in jou kort lewe op die aarde?

**Winderige saad**

Volgens die profeet Hosea is daar mense wat saad saai wat soos wind reageer. Dit beteken dat mense goed sê, beweer of glo wat later skade doen. Hulle steur hulle nie aan standaarde, etiek of moraliteit nie en jaag deur die lewe soos 'n warrelwind. Hulle word beskrywe in Hos. 8:7 Hulle saai wind, maar hulle sal storms maai. Élifas beskuldig Job valslik hiervan in Job 15:2-3: Sal 'n wyse man met winderige wetenskap antwoord gee en sy buik vul met oostewind deur te pleit met woorde wat nie baat en met beweringe waarmee hy niks uitrig nie? Hy verwys na 'n nuttelose gepratery oor die lewe, verkeerde raad, leuens, filosofie, hang die wetenskap aan en verdwyn in die storms van die lewe en die dood. Job was verseker nie hieraan skuldig nie.

**Saad van tweedrag of verdeeldheid**

**Spr. 6:19** ***een wat as valse getuie leuens uitstrooi en tussen broers tweedrag saai.***
**Spr. 16:28** ***'n Man van valse streke saai tweedrag, en 'n kwaadstoker skei vriende van mekaar.***
**Spr. 17:9** ***Wie 'n oortreding bedek, soek liefde; maar hy wat 'n saak weer ophaal, skei vriende van mekaar.***

**Giftige saad**

**Hos. 10:4** ***Hulle het groot woorde gespreek, vals gesweer, verbonde gesluit en soos 'n gifplant spruit die oordeel uit in die vore van die landerye.*** Sommige persone het 'n persoonlikheid wat ander kontamineer en hulle selfs beïnvloed om net soos hulle te word. Hulle kan só erg word dat God sê in **Ps. 58:5** ***Hulle het gif soos die gif van 'n slang; soos 'n dowe adder wat sy oor toestop*** en **Ps. 140:2-4** ***Red my, HERE, van die kwaaddoeners, bewaar my vir die manne van geweld; wat slegte dinge in die hart bedink, wat elke dag stryd verwek. Hulle maak hul tong skerp soos 'n slang; gif van 'n adder is onder hulle lippe.***

**Tranesaad**

Dank die Here dat daar ook eerlike, ernstige kinders van God is wat wonderlike saad in hul saadsakke dra en die verlore mense in die wêreld daarmee beïnvloed. **Ps. 126:5-6** ***Die wat met trane saai, sal met gejubel maai. Hy loop aldeur en ween en dra die saadkoring; hy sal sekerlik kom met gejubel en sy gerwe dra.*** Hoeveel ouers saai die saad van trane in die akkers van hul kinders en bring later die gerwe in met trane van blydskap as dit in hul kinders se harte en lewens ontkiem en die vrug van die ewige lewe en 'n sinvolle tydelike aardse lewe dra!

**Saad van geregtigheid, die evangelie**

**Hos. 10:12** ***Saai vir julle volgens die eis van geregtigheid, maai in ooreenstemming met die liefde; braak vir julle 'n braakland, want dit is tyd om die HERE te soek, totdat Hy kom en geregtigheid oor julle laat reën.*** Geregtigheid is die eis van God vir 'n sondaar om hemel toe te kan gaan. Jesus is ons Geregtigheid en Hy alleen kan ons by God aanvaarbaar maak daardeur. **2 Kor. 5:20-21** ***Ons tree dan op as gesante om Christus wil, asof God deur ons vermaan. Ons bid julle om Christus wil: Laat julle met God versoen. Want Hy het Hom wat geen sonde geken het nie, sonde vir ons gemaak, sodat ons kan word geregtigheid van God in Hom.*** Dít is hierdie saaiers wat die moderne wêreld só nodig het. Manne en vroue wat in die waarheid en geregtigheid staan en Goddelike saad saai.

**<u>3. Die dag as ek voor die regterstoel staan – die dag van rekenskap is naby!</u>**

**2 Kor. 5:10** ***Want ons moet almal voor die regterstoel van Christus verskyn, sodat elkeen kan ontvang wat hy deur die liggaam verrig het, volgens wat hy gedoen het, of dit goed is of kwaad.*** Daardie dag word ook breedvoerig bespreek in **1 Kor. 3** waar die nuttelose opbrengs van sommiges se lewensakkers deur vuur verbrand gaan word. Dit is die dag wat ons saailande agter ons lê en oplewer wat ons as saaiers in die lewe gesaai het. Dan sal jou saailand vír jou of téén jou getuig. Job neem sy eie lewe in oënskou en hy praat met diep insig op verstaanbare taal oor sy dag wat vir hom op pad is. Soos altyd sluit sy redenasies die dieper dimensies van moontlike gevolge van ons lewensoptredes in.

**Job 31:38-40** ***As my saailand my aanklaag en sy vore almal saam ween; as ek sy opbrings geëet het sonder betaling en die lewe van sy eienaars uitgeblaas het- laat dan distels in plaas van koring uitspruit en onkruid in plaas van gars.***"

**Ds. Peet Schoeman (em.)**
**Nelspruit-Sigem**

# Waar in die Wêreld?

## Ds.Thys en Cornelia Loubser



**Na 40 jaar in die bediening is hy gevorm en geslyp, daar was baie hoogtepunte, maar ook pynlike laagtepunte. Sy lewensmotto is tot 4 woorde gereduseer: “Dink diep, bid baie!”. Hierin is ’n Christologiese en gebalanseerde lewensbeskouing vasgelê om nie haastig of impulsief tot gevolgtrekkings te kom en in ’n rigting te storm nie, maar sake nugter met alle moontlike inligting beskikbaar te evalueer en deur te bid om berekende en deeglik deurdagte geloofsbesluite te neem en uitdagings te aanvaar. Terwyl die denke diep grawe, moet dit deur baie gebed gefiltreer word ten einde met die leiding en insig van die Heilige Gees te lewe, Sy lig hê en te laat skyn. Dit spreek van die leerskool van die lewe en is ons dankbaar om in hierdie verhaal te deel.**

**Grootwordjare**

Ds. Thys Loubser is baie trots op sy Noord-Oos-Vrystaatse herkoms, waar hy op ’n plaas tussen Vrede en Memel grootgeword het. Hy dink altyd met dank terug aan sy gelukkige, maar eenvoudige kinderjare. Na sy pa die boerdery halt groep het, het hulle in 1965 na Pretoria verhuis. Na matriek, vandag se Graad 12, en vyf jaar in ’n sekulêre beroep ontmoet hy Christus as Verlosser en ervaar dat God hom twee jaar later tot voltydse diens roep.

**Kweekskool en bediening**

Na sy studies op die Kweekskool, waar ds. Floris Coetzee, drr. Werner Backeberg, Willie Kotzé, Soon Zevenster, Pieter Rousseau en Wentzel Coetzer die dosente was, bedien hulle Durban en Pretoria-Rietfonteingemeente. Na 10 jaar in gemeentelike bediening roep die Here hom tot ’n wêreldwye-evangelisasiebediening en dien in ’n sinodale pos as Sendingorganiseerder.

In dié tyd is die sendingdiensorganisasie, Aksie 1:8, gevestig. Na 24 jaar is hulle aan die einde van 2016 in ’n 50/50 deelpos te Wonderboomgemeente terug verwelkom in gemeentelike bediening. Hy en Cornelia het die lewe lief en geniet mense. Sy is ook lief vir kosmaak en kreatiewe stokperdjies. Hulle het einde September 2024 geëmeriteer, maar is en bly steeds besig met die groot taak van wêreld-evangelisasie en bly in Montana, Pretoria.

**Roepingsfokus**

Ds. Thys vertel: “Nadat die Here my in 1977 uit genade gered het, het Hy ons in 1978 tot voltydse diens geroep. My roeping is bevestig tydens ’n boodskap op Lofdal wat gehandel het oor 1 Joh. 2:18 wat sê: ‘My kinders, dit is die laaste uur…’ Hierdeur het die Here vir my die klem kom lê op die nood van evangelisasie en was dit my roepingsfokus. Ons het Durbangemeente vir vier jaar bedien, waar ons onder die SEK basies van voor af kerk geplant en gebou het. Met die hulp van die Here kon die gemeente tot selfstandigheid gelei word. Daarna het ons in Pretoria-Rietfonteingemeente as medeleraar vir ses jaar gewerk.”

**Jes. 54**

“Daar het die Here by geleentheid toe ons oor ’n beroep moes bid, met my vanuit Jes. 54 gepraat: ‘Maak die plek van jou tent wyd, en laat hulle die doeke van jou tentwonings oopspan. Maak jou lyne lank en slaan jou penne styf in. Want jy sal regs en links uitbreek, en jou nageslag sal nasies in besit neem en verwoeste stede bevolk.’ Ek het nie op daardie stadium die implikasies hiervan alles mooi verstaan nie, maar die wete gehad dat ek in die gemeente moet aanbly en dat daar iets vorentoe gaan gebeur.”

**Jeugleiersimposium**

In 1989 is di. Thys Loubser en Hennie Prinsloo gevra om ’n jeugleiersimposium aan te bied. Na beraadslaging en gebed het hulle besluit om die simposium onder die tema: “God het ’n dinamiese plan met jou lewe” aan te bied. In die voorbereiding is hulle o.a. blootgestel aan die werke van Os-

wald Smith se 'Challenge of Missions' en Andrew Murray se 'Sleutel tot 'n kragtige getuienisaksie'. Dit was toe dat ds. Loubser begin verstaan wat die Here vir hom in Jes. 54 gesê het!

Na die simposium het hy met mense soos Murray Louw van SAAWE, Edison Quieros van Brasilië en ds. Francois Botha van Eilande Sending in aanraking gekom. Hy getuig: "Ons lewe en bediening is oneindig verryk en ons fokus totaal vernuwe en vergroot. Die Here het ons die oeslande gewys, ons lyne lank gemaak en die tent wyd oopgespan!"

**Skuldenaar**

"Ek het saam met Paulus 'n skuldenaar gevoel. Ek skuld hulle wat naby is (Afrikaners) en hulle wat ver is (Hindoes, Moslems, Animiste...) die evangelie. Die Heilige Gees het veral gedruk op die praktiese implikasies van Jesus se laaste woorde op aarde in Hand. 1:8. Dit is nie 'n steriele teorie nie, maar moet in praktyk gestel word. Die evangelie moet plaaslik, transkultureel en internasionaal uitgedra word!"

"Ek het nie die spreekwoordelike "sendingroeping" ontvang om onder 'n ander taal- of volksgroep te gaan werk nie, maar die Here het ons geleer dat alhoewel ons vir ons "eie mense" geroep is, ons die deure vir ander wat geroepe is, moet oopmaak, hulle vanuit die gemeente moet ondersteun en uitstuur. Ek het met my medeleraar, wyle ds. Tobie Bothma, en die kerkraad onderhandel en eensgesind aktief begin werk aan die praktiese implementering van Hand.1:8 op gemeentelike vlak."

**Geseënde tye**

Die Heilige Gees het die gemeente ryklik geseën. Mense het tot bekering gekom en is by die gemeente gevoeg. Die eredienste was verkwikkend. Vyftien EEIII-spanne het op Maandagaande uitgereik in die omgewing en Sondagdienste is te Bashewa in Pretoria-Oos gehou. Die gemeente het by verskeie werk onder die swartgemeenskap betrokke geraak, in besonder by die Thlalosong Bybelskool in Temba en ds. Shadrack Zwane as sendeling aangeneem. Daarna ook by ds. Jan Coetzer, toe nog op Mayotte, en by Etha Pretorius op die Filippyne betrokke geraak. Die Here het ook later een van die gemeente-ouderlinge geroep om Turkye toe te gaan! Binne ses maande was die ondersteuning gereed en hul opleiding by OM voltooi en is die gesin vanuit die gemeente uitgestuur Turkye toe. Duisende rande is in hierdie projekte ingepomp, terwyl die gemeente se inkomste met 32% verbeter het! "Ek het net geweet dat dit die hart van God vir sy kerk en die wêreld is."

**Mobilisering**

"Ons het geleer dat dit geen maklike taak is om 'n gemeente vir wêreldevangelisasie te mobiliseer nie. Dit ontketen stryd en teenkanting, daar is mislukkings en foute word gemaak, maar in die lig van die Woord is dit die regte ding om te doen! Hand 1:8 het onder ons hande en voor ons oë sigbaar gestalte aangeneem en ek was oorstelp deur die wonderbare werkinge van die krag van die Heilige Gees. Ons het drie jaar hieraan in die gemeente gewerk waarna ons deur die sinode in Augustus 1992 beroep is as Sendingorganiseerder, wat ons sedert Januarie 1993 voltyds behartig het."

**Beskeie begin van Aksie 1:8**

Tydens 'n Sinodale Sendingkommissievergadering op 13 Oktober 1992, waarop besin moes word oor die pad vorentoe, is besluit dat hierdie sendingwerk voorts onder die vaandel van Aksie 1:8 sal vaar. Verskeie name is oorweeg, maar daar is op Aksie 1:8 besluit, omdat dit ten beste die doel en visie vir die pad vorentoe saamgevat het en ook Art.6 van ons Kerkorde in kort verwoord: Handelinge 1:8 in aksie met die droom dat elke gemeente 'n Hand. 1:8 gemeente sal wees!"

Dit was die beskeie begin van Aksie1:8. Sedertdien het die Here die werk geseën en ook na ander kerke uitgebrei. Funksionele strukture het ontwikkel en wonderlike arbeiders het tot die oeslande toegetree! So het die kerk sy eie onafhanklike en outonome sendingaksie die lig laat sien, wat ook as 'n NPO geregistreer is.

Tans is die Aksie, namens die SSK, verantwoordelik vir die versorging van verskeie sendelinge in verskillende lande asook verskeie tradisionele swart-, bruin- en Indiërpredikante en werkers in SA. Talle uitgawes van die Aksie 1:8 nuusblad het verskyn, maar is vanweë werksdruk, finansies en swak posdienste gestaak. Talle seminare oor wêreld-evangelisasie is aangebied. Sendingkonferensies, ekspo's, gebedsreise en korttermynuitreike het plaasgevind. Traktaatjies is uitgedeel, persoonlike gesprekke het plaasgevind, Bybels is versprei en kerke geplant. Daar word gepraat oor sendelinge en in hul lief en leed gedeel. Gemeentes, kleingroepe en indiwidue het sendelinge aangeneem en by hul persoonlik betrokke geraak. Daar is geleer dat dié wat bid en gee op die tuisfront, net so belangrik is soos hulle wat na die voorste linies gaan! Die belangrikste van alles is dat kosbare lewens is met die evangelie bereik en mense het Christus ontmoet as Verlosser en Saligmaker, selfs vêr buite gemeentegrense en kerkgeboue!

Al die werk het geskied onder toesig van die SSK en al die voorsitters waaronder hy gedien het was di. Johnnie Grundling, Hennie Prinsloo, Jasper Schellingerhout en Hendrik van Rensburg. Tans dien ds. Ian Coetzee as voorsitter van die SSK.
Steeds kom die wekroep: Kom ons vat hande en hardloop met die fakkel van Lig en Hoop na die nasies!

**Vlnr: Di. Jasper Schellingerhout, Thys Loubser en Hendrik Janse van Rensburg**



# ’n Waarskuwing teen sonde

**Die sonde in die paradys**
Ons moet onthou dat God die mens in die paradys geskep het, na Sy beeld en Hy het sulke hoë verwagtings vir hulle gehad. Die Here wou gehad het dat Adam en Eva gehoorsaam aan Hom moet wees, en daarom het Hy hulle verbied om van net een boom se vrugte nie te eet nie. Sou hulle dit wel doen, sal hulle gestraf word met die dood. Ons ken die verhaal verder, en dat Adam en Eva gefaal het, en in sonde beland het. Sonde wat gestraf is met die dood. In sy groot ontferming en sy genade het God egter besluit dat daar redding vir die mens moet kom.

Adam en Eva het dus nie net die dood oor hulle self gebring nie, maar ook oor die hele mensdom. Ons lees egter in **Joh. 3:16** God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê. Ons kan dus aflei dat daar redding is, vir die wat in Hom glo en dat ander gelowe en godsdienste uitgesluit is want ons lees in **Joh. 14:6** ***Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie.***
Die vraag is nou, maar hoe kan dit gedoen word?

Ons lees dan weer waar die Here Jesus self vir ons die weg aandui in **Joh. 1:12** ***Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in Sy naam glo;***

Dit is m.a.w. ’n handeling, iets wat ek moet doen. Ek is nie outomaties ’n kind van God as ek in ’n Christelike huis groot geword het nie! Ek moet vir Hom kom sê dat ek Sy kind wil wees. Ek moet vir Hom kom sê dat Hy my God en Saligmaker moet wees.

**Is ek uitverkies?**
Daar kan nou weer by my twyfel ontstaan. Is ek werklik uitverkies? Sal die Here my aanvaar as sy kind? Ons lees in **Open. 3:20** ***Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My.*** Hier kan ons sien praat Jesus nie met uitverkorenes nie. Hy sê as “iemand”, dit sluit ENIGE iemand in. Ons lees ook in **1 Tim. 2:3** ***Want dit is goed en aangenaam voor God, ons Verlosser, wat wil hê dat alle mense gered word en tot kennis van die waarheid kom.***

Ons kry ook dieselfde boodskap in **2 Pet. 3:9** ***The Lord is not being slow in doing what he promised—the way some people understand slowness. But God is being patient with you. He doesn’t want anyone to be lost. He wants everyone to change their ways and stop sinning.*** *(ERV)*. Dan daag Petrus ons uit om tot handeling oor te gaan in **2 Pet. 3:15** ***En ag die lankmoedigheid van onse Here as saligheid...***

**Jesus oorwin die dood**
Jesus het aan die kruis vir ons kom sterf. Hy is gemartel, gegesel, geslaan en gespoeg, en toe is hy aan die kruis vasgespyker vir ons sonde, en ook daar het HY die laaste asem uitgeblaas.

Die dood kon hom nie vashou nie en ons lees in **1 Kor. 15:54-55** ***Die dood is verslind in die oorwinning*. 55 *Dood, waar is jou angel? Doderyk, waar is jou oorwinning?*** en in **Jes. 25:8** ***Hy sal die dood vir ewig vernietig...*** en laastens in **Hos. 13:14** ***Uit die mag van die doderyk sal Ek hulle loskoop, Ek sal hulle verlos van die dood. Dood, waar is jou pestilensies? Doderyk, waar is jou verderf?***

Die dood is dus oorwin. Jesus het eerste opgestaan, en ook so sal ons ander gelowiges Hom volg.

**Jesus het ook vir ons sondes kom sterf**
Jesus het ook vir ons sondes kom sterf en daarom sê hy ook vir ons in die modelgebed: “Gee ons vandag ons daaglikse brood en vergewe ons ons sonde soos ons ook ons skuldenaars vergewe.” Ons moet dit dus daagliks doen. Dan lees ons weer in **1 Joh. 1:8** ***As ons sê dat ons geen sonde het nie, mislei ons onsself en die waarheid is nie in ons nie. 9 As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig.***

**Wat beskou die Nuwe Testament as sonde?**
Die groot vraag is of ons werklik weet watter sonde ons in die verdoemenis kan laat beland. Weer eens moet ons in die woord gaan kyk wat sonde is en dit voor Jesus bely. Ons sien in **Gal. 5:19-22** ***En die werke van die vlees is openbaar, naamlik owerspel, hoerery, onreinheid, ongebondenheid; 20 afgodery, towery, vyandskap, twis, jaloersheid, toornigheid,***

***naywer, tweedrag, partyskap; 21 afguns, moord, dronkenskap, brassery en dergelike dinge, waarvan ek julle vooraf sê, soos ek al vroeër gesê het, dat die wat sulke dinge doen, die koninkryk van God nie sal beërwe nie.***

Hierdie brief van Paulus is aan die gemeente van Galasiërs geskryf. Hy het dit nie aan mense in die wêreld geskryf nie. Ongelukkig is dit so dat ons ook van hierdie sonde in ons kerke vandag sien.

Ook in Kolossense word dié sonde genoem en so ook in **Open. 21:8** met die opmerking: ***"hulle deel is in die poel wat brand met vuur en swawel: dit is die tweede dood".***
**Matt. 7:21-23** ***Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is. 22 Baie sal in daardie dag vir My sê: Here, Here, het ons nie in u Naam geprofeteer en in u Naam duiwels uitgedrywe en in u Naam baie kragte gedoen nie? 23 En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat die ongeregtigheid werk!***

**Ek moet my skuldenaars vergewe**
Om terug te kom na die modelgebed, wil die Here hê dat ons nie net elke dag vergifnis moet pleit vir ons sonde nie, maar ons moet ook ons skuldenaars vergewe, en ons lees in **Ef. 4:32** ***Maar wees vriendelik en vol ontferming teenoor mekaar; vergeef mekaar soos God ook in Christus julle vergewe het;*** en in **Jak. 5:16** ***If you have sinned, you should tell each other what you have done. Then you can pray for one another and be healed.*** *(CEV)* Die Here wil hê dat ons mekaar moet vergewe. Is hierdie nie dalk my sonde nie?

**Gebedsverhoring**
Ons kan ook so maklik vir iemand sê, dat ons wil nie meer bid nie, die Here verhoor tog nie gebed nie. Ons lees egter in **Jes. 59:1** ***Kyk, die hand van die Here is nie te kort om te help nie, en sy oor is nie te swaar om te hoor nie; 2 maar julle ongeregtighede het 'n skeidsmuur geword tussen julle en julle God, en julle sondes het sy aangesig vir julle verberg, sodat Hy nie hoor nie.*** Ons lees ook in **Joh. 9:31** ***En ons weet dat God nie sondaars verhoor nie; maar as iemand godvresend is en sy wil doen, dié verhoor Hy.***

Ek wil met hierdie skrywe 'n beroep doen, en pleit by ons lidmate om opnuut weer hand in eie boesem te steek om selfondersoek te doen of ons nie dalk skuldig voor God eendag sal staan nie. Ongehoorsaamheid in hierdie geval kan vir ons net rampspoed beteken, want ons lees in **Hebr. 10:26-27** ***Want as ons opsetlik sondig, nadat ons die kennis van die waarheid ontvang het, bly daar geen offer vir die sondes meer oor nie, 27 maar 'n verskriklike verwagting van oordeel en 'n vuurgloed wat die teëstanders sal verteer.***

**M.C. van der Vyver**
**Bethal**

# Ontmoet die Moderatuur

Die Moderatuur word ooreenkomstig art. 142 van die Kerkorde gekies vir 'n dienstermyn van twee jaar uit die diensdoende predikante van die kerk en word saamgestel uit die moderator, assessor, aktuarius en skriba. Hulle sorg vir die reëlings van die sinode vergaderings en na die sinodesitting ageer hulle bloot as 'n kommissie met verskeie opdragte, soos vervat in artt. 142 tot 144.
Die moderator dien as voorsitter van die sinode, die assessor as ondervoorsitter en die skriba as sekretaris. Die aktuarius word gekies op grond van sy kennis van staat- en kerkwette en dien oor hierdie rede ex officio op verskeie sinodale kommissies.


Tydens die sinode van 2025 is die volgende predikante gekies as Moderatuur:



**Dr. André Bester as Moderator**



**Ds. Gerrie van Dalen as Assessor**



**Ds. Daniel Brink as Aktuarius**



**Ds. Wimpie Snyders as Skriba Synodi**

# Sinode 2025 in beeld








RELD
EVANGELISASIE
VISIE
ely dus dat alle vorme
n evangelisasie
grond is op die
RDE en OPDRAG
Hoof van die Kerk,
e Jesus Christus, nl:
l my getuies wees in
n sowel as die hele
maria en tot aan die
van die aarde."







# Leierskap in tye

Daar is een ding waarmee alle leiers te make kry, ongeag die spesifieke industrie waarin hulle werk, en dit is weerstand. Trouens, die punt kan gemaak word dat 'n leier se metaal eers werklik getoets word wanneer daar teenstand is. 'n Veteraanleier sal vir jou kan sê dat dit juis hier is, te midde van weerstand en teëstand, waar jou vaardighede as leier gevorm word. Daarom word daar deur baie kundiges oor die relevansie en belangrikheid van weerstandsbestuur gepraat. Tod Bolsinger praat van surviving the mutiny.

Daar is egter 'n paar eenvoudige riglyne wat gevolg kan word in die uitdagende tye van weerstand. Hier volg 'n paar.

**Weerstand moet intensioneel bestuur word**

Om dit te ignoreer sal nie werk nie, want dit sal nie weggaan nie. Weerstand, ongelukkigheid en klagtes gaan gewoonlik nooit vanself lê nie. Trouens, die probleem identifiseer en vermenigvuldig bloot soos wat die tyd aangaan. Dit raak erger. Weerstand móét hanteer en bestuur word. Menige leiers en organisasies kan getuig hoeveel skade gedoen is deur mense in gesagsposisies, wat nie hou van konflik nie, en wat ingeligte en moeilike mense toegelaat het om die maatskappy te kaap, net omdat hulle 'n gegewe weerstandige situasie geignoreer het.

**Beplan groot veranderings en vernuwingsprojekte baie deeglik, met goeie kommunikasie**

Weerstand ontstaan heel dikwels bloot omdat daar nie genoeg aan 'n vernuwingsproses beplan is nie. Binnekort heers daar 'n gebrek aan vertroue. Wanneer daar egter deeglik beplan word, skep dit vertroue in die vernuwingsproses asook in die leierskapkorps. Voorkom 'n geskinder en negatiewe gerugte deur genoeg en duidelik te kommunikeer. Wanneer die verandering sonder duidelike vooraf kommunikasie geloods word, is dit 'n groot verrassing vir baie, wat dan gewoonlik met redelike intense emosie reageer. Neem die groot gros mense saam met jou op elke deel van die reis.

**Moenie weerstand tegemoet gaan met irritasie of woede nie, maar nooi mense uit tot gesprek**

Daar moet begrip vir weerstand wees. Dit moet verwag word. Mense se onmiddellike reaksie op verandering is gewoonlik nie uit die staanspoor positief nie, selfs al word die regte prosedure gevolg. Leiers moenie onkant gevang word of daardeur ontmoedig word nie.

**Luister empaties**

Mense wat kla beleef soms 'n groot verlies, dalk as gevolg van die transformasieproses in die maatskappy. Gee erkenning aan hierdie verlies. Geen erkenning aan die emosies wat beleef word, al stem jy nie hiermee saam nie. Soms wil hulle net kan afpak en beleef dat die leierskap begrip toon. Verstaan en toon begrip vir die verlies wat mense in tye van verandering beleef.

**Empatie beteken nie die weerstandige is summier reg nie**

Dit beteken ook nie dat alles nou verander moet word om die beswaardes te "akkommodeer" nie. Moet dus nie dat die ongelukkigheid die vernuwingsproses keer nie, maar vra die persoon / groep wat jy kan doen om die veranderingsproses vir hulle draagliker te maak. Doen dan wat jy kan binne-in die perke van wat nodig is vir die groep.

**Gebruik die kernwaardes van die gemeente of organisasie as vertrekpunt**

Wanneer enige nuwe strategiese plan geïmplementeer word, moet die leiers sorg dat dit presies binne die reeds bestaande waardes van die maatskappy belyn word. Dis baie makliker en beter om 'n plan of vernuwingsproses te regverdig wanneer jy daarop kan wys dat die grondwerk vir die verandering eintlik reeds deur die reeds bestaande beleid of waardes gelê is. Die visie en missie is ook hier belangrik. Skets 'n prentjie van die maatskappy se toekoms, gegrond op die waardes en visie. Maak dan seker die persoon / groep verstaan die noodsaaklikheid van die vernuwing in die lig van die toekoms van die maatskappy.

**Help die persoon / groep om te sien waar hulle elkeen in die toekomsprentjie inpas**

Baie keer word weerstand gebied omdat mense nie hulle eie rolle in die nuwe toekoms kan sien nie. Dis egter nie die redes wat hulle gee vir hulle weerstand nie. Soms is hulleself nie eers bewus van hulle onderliggende vrese nie. Leiers neem dit soms as vanselfsprekend aan dat almal sal verstaan waar hulle gaan inpas. Sodra hulle egter verstaan waar hulle inpas, kan hulle ontspan en hulle ondersteuning bied. Nooi die persoon / groep om deel te wees van hierdie nuwe toekoms.

**Weet dat sommige mense nooit sal verander nie, al verduidelik jy hoe deeglik**

Meer as 90% van mense kan met die tyd oorgehaal word om saam met die groep te beweeg. Navorsing wys egter vir ons dat tussen 3% en 10% van mense nooit gaan verander nie. Die hartseer realiteit is dat baie gemeentes of organisasies gyselaar deur hierdie groep mense gehou word. Dit maak nie saak hoe goed daar vir hulle verduidelik word, hoeveel empatie daar getoon word en hoeveel aandag daar gegee word aan hulle objeksies gegee word nie. Hulle verstand is in die verlede en hulle wil of kan eenvoudig nie aanpas nie. Dan moet hierdie mense voor 'n keuse gestel word oor of hulle dan nog deel

# van weerstand

wil wees van die groep wil wees, al dan nie. Op 'n bepaalde punt moet die besluit met vastigheid en oortuiging gekommunikeer word: Die skip van vernuwing het vertrek. Dit gaan nie omdraai nie. As jy wil saamkom, is jy welkom. Indien nie, sal jy vir jouself 'n ander organisasie moet kry om by te werk. Dit geld ook vir gemeentes. Moeilike lidmate word tot vervelens toe gepamperlang, terwyl daar geen beweging in die regte rigting is nie. Dit neem egter baie wysheid om te bepaal wanneer 'n persoon / lidmaat by hierdie punt is.
Jesus maan ons om opreg te wees soos duiwe en versigtig soos slange (**Matt. 10:16 *Kyk, Ek stuur julle soos skape onder die wolwe in; wees dan versigtig soos die slange en opreg soos die duiwe.***). Ook daag Hy ons in Lukas 16 uit aan die hand van die gelykenis van die oneerlike bestuurder dat ons in hierdie wêreld wys moet wees. Hierdie stukkie wysheid geld veral vir leiers. Daar is genoeg dwase leiers. Wanneer ons egter nie hard bid, mooi nadink en op 'n bloot impulsiewe wyse leiding gee nie, kan ons kragtig deur die Here gebruik word om Sy regering elke dag 'n bietjie meer duidelik en sigbaar te maak in die organisasies wat ons lei.

**Roedolf Botha**
**ekerk.org**



# CEF-Opleiding te Betshan

Hoe dikwels het ons al gesing: ♫ "As Hy weer kom, as Hy weer kom, kom haal Hy sy pêrels, al sy pêrels, fraaie pêrels vir Jesus se kroon. Ja, die kindergesiggies soos die sterre se liggies, is die hemelse pêrels vir Jesus se kroon…" ♫. (Halleluja 336)? En met die instap in die klas het ons as junior studente, asook Noordelike Ringsonderwysers daardie beskrywende blink in die oë en op die gesigte van oom Willie en tannie Erika van Aswegen gesien!

Oom Willie en tannie Erika is CEF (Child Evangelism Fellowship) werkers, en was 11-12 April 2025 ons opleidingsfasiliteerders hier op pragtige Betshan. Deur middel van die "woordlose boekie" het hulle vir ons op so 'n pragtige, praktiese en deeglike manier geleer hoe om die evangelie met kinders te deel. Die "woordlose boekie", soos elke leser behoort te weet, bestaan uit kleure wat elk 'n kritiese element van die verlossingsplan uitbeeld. Maar met of sonder hierdie gereedskapstuk was hulle aanbieding kleurvol en vol energie! Die nood aan hierdie bediening is voor ons afgeskilder, en elke student, dosent en kinderbediening onderwyser wat die lesings bygewoon het, was opnuut opgewonde en aangevuur om kindertjies na ons Here Jesus te bring, en hulle nie te verhinder nie.

Die lesings is afgesluit met 'n "Paasfees Partytjie" vir al die pragtige kinders op die kampus. Ons het die voorreg gehad om dit wat die van Aswegen-paar, vir ons in die klas geleer het, in die praktyk te sien… 'n "front row seat" van die werk, wat eendag, terwyl ons Here Jesus vertoef om ons te kom haal, in ons toekomstige gemeentes aangebied kan word. Mag die Here hierdie opleiding en toerusting in ons bedienings gebruik, maar ook in talle ander gemeentes 'n vuur aansteek wat sal uitkring sodat kosbare siele gered kan word. ♫ "Vir die hemel, vir die hemel sal Hy hul versamel, al die skones, al die wittes, vir Jesus se kroon…"♫

**Taylor Ridgard**
**Betshan**



# Die Liggaam ná die Dood: Verassing of Begrafnis – Maak dit Saak?

In die vroeë dae van die kerk was verassing soms met wantroue bejeën. Dit is dikwels gesien as 'n heidense gebruik, iets wat "die ander nasies" gedoen het, en begrafnis was beskou as die enigste gepaste manier om 'n geliefde tot rus te lê. Baie gelowiges het geglo dat 'n liggaam in die grond gelê moes word om te kan opstaan met die wederkoms van Christus.

Maar met verdere insig in die Skrif verstaan ons vandag dat die wyse waarop 'n liggaam hanteer word ná die dood – of dit begrawe of veras word – nie 'n struikelblok vir God se krag is nie. God, wat alles uit niks geskep het, sal ook ons verganklike liggame vernuwe tot heerlikheid, ongeag hul toestand.

Paulus skryf in **1 Kor. 15:42-44** ***So is ook die opstanding van die dooies. Daar word gesaai in verganklikheid, daar word opgewek in onverganklikheid; daar word gesaai in oneer, daar word opgewek in heerlikheid; daar word gesaai in swakheid, daar word opgewek in krag. Daar word 'n natuurlike liggaam gesaai, daar word 'n geestelike liggaam opgewek.***



**Nie stof of as nie, maar heerlikheid**
Wanneer ons vra of begrafnis of verassing belangrik is, moet ons onthou dat die opstanding nie 'n rekonstruksie van die huidige liggaam is nie, maar 'n transformasie na 'n nuwe liggaam. God se krag is nie beperk deur die elemente van stof of as nie.
Soos Paulus sê in **Filip. 3:20-21** ***Maar ons burgerskap is in die hemele, van waar ons ook as Verlosser verwag die Here Jesus Christus, wat ons vernederde liggaam van gedaante sal verander om gelykvormig te word aan sy verheerlikte liggaam, volgens die werking waardeur Hy ook alles aan Homself kan onderwerp.***
Met ander woorde: ons eindbestemming is nie 'n graf of 'n urn nie, maar om gelykvormig te wees aan Christus self – sonder siekte, sonder aftakeling, sonder dood.
En hy bemoedig ons met die volgende woord in **Rom. 8:38-39** ***Want ek is oortuig dat geen dood of lewe of engele of owerhede of magte of teenwoordige of toekomende dinge... of enige ander skepsel ons sal kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, onse Here, is nie***.

Hierdie Skrifgedeeltes herinner ons dat ons identiteit en ons opstanding nie vasgevang is in die toestand van ons aardse liggaam nie, maar in die liefde en belofte van God. Die opstanding is nie 'n biologiese proses nie – dis 'n wonderwerk van God se krag.

Daarom hoef gelowiges nie meer vrees of oordeel te hê oor die keuse tussen verassing en begrafnis nie. Wat saak maak, is dat ons in Christus is. En of ons liggaam stof word in die grond of die as van 'n liggaam verstrooi word, ons sal opgewek word in onverganklikheid, deur die krag van God. Die verheerlikte liggaam volgens die Skrif.
Paulus gebruik sterk beelde in 1 Kor. 15 om die verskil tussen ons aardse liggaam en die liggaam van die opstanding uit te lig: gesaai in verganklikheid, opgewek in onverganklikheid; gesaai in swakheid, opgewek in krag.
Hier kry ons die wete dat die liggaam wat ons sal ontvang, nie meer kwesbaar is vir pyn, siekte of dood nie. Waar ons nou liggaamlik beperk is, word ons eendag beklee met 'n liggaam wat volmaak geskik is vir die ewige teenwoordigheid van God.
In **Open. 21:4** vind ons die hoogtepunt van hierdie belofte ***En God sal al die trane van hulle oë afvee; en daar sal geen dood meer wees nie, ook droefheid en geween en moeite sal daar nie meer wees nie; want die eerste dinge het verbygegaan.***
Die verheerlikte liggaam beteken dus dat alles wat ons nou so broos en afhanklik maak – die vermoë om siek te word, om pyn te ervaar, om uiteindelik te sterf – vir altyd agterbly.

**Die troos vir gelowiges**
Die kern van hierdie hele saak is dat ons nie hoef te vrees oor die hantering van ons liggaam ná die dood nie. Die groot troos lê daarin dat ons in Christus is. Of ons liggaam nou stadig vergaan in die aarde of vinnig tot as verbrand word, God se skeppingskrag oorskry beide. Hy wat uit niks geskep het, kan uit stof of as, uit see of woestyn, die liggaam herskep tot heerlikheid.

En die groot belofte is dat dié liggaam nie meer bloot 'n verbeterde weergawe van wat ons nou het is nie, maar heeltemal nuut – sonder die merk van sonde, sonder die stempel van sterflikheid.

**Ds. Loedolff van der Merwe**
**Brakpan**


Photo by Brett Sayles: https://www.pexels.com/photo/3608427/

# Jesus gee rus

*Vroueblad...*

Ek hoor hierdie getuienis van 'n sekere Hanli. Sy vertel: "Ek sit by die vulstasie en ek besef dat ek hierdie maand kort gaan kom – of dit met die huis, die krag, die kos, versekering of die medies is. Iewers gaan ek hierdie maand kortkom. As ek nou gaan vol maak, gaan ek verseker kortskiet. Hoe kies jy wat is belangriker, want die een beïnvloed die ander.

'Maak vol, asseblief.' Daar is 'n knop in my keel. Benoudheid in my hart. Ons het 'n begroting. Ons beplan, en ons sny dit fyn – elke maand. Dalk nes jy. Die verpligtinge raak nie minder nie. Die reën val neer en die vloed styg op en jy moet swem… jy weet mos. Ek sien die bedrag en klou geskok aan my stuurwiel vas. Die joggie steek sy hand uit en vra: 'Do you want to pay?' Ek hoor: 'Do you want to pray?' Ek vat sy hand wat steeds uitgesteek is en ek begin bid. Ek bid vir elke leë tenk wat hierdie maand moet kies. Vir elkeen wat te kortkom: finansieel, emosioneel, geestelik, gesondheid… wat ook al. Vir jou wat begroot het en nou in die rooi is… met jou verhouding, jou verslawing. Vir jou wat sterk moet wees en vol moet maak wanneer jou beursie leeg is. Dan onthou ek, en bid dit by: as jy by die Here volmaak, sal jy sien hoe alles rondom jou net vanself voller raak. Ek sê amen en die kêrel is so geskok hy sê ook sommer amen. Ek wou nog om verskoning vra, toe sê hy: 'My tenk was ook op empty vandag. Siyabonga. Kealeboga.'
Ek ry daar weg en ek voel voller. Ek dink hoeveel van ons dink ons is die enigstes wat daardeur gaan. Vandag weet ek waar om vol te maak as alles om my leeg raak. Jy is nie alleen nie. Wanneer jy so voel, haal die fokus af van alles wat jy kortkom, en begin dankie sê vir alles wat jy wel het. Dan kom die voller gevoel. Die ligter gevoel. Dis wat ons elke dag nodig het."

Gaan deel Hanli se verhaal met iemand wat dit nodig het. Bid vir daardie persoon. Seën die persoon. 'n Drukkie kos nie geld nie. Om by iemand te sit en net te hoor hoe hulle "cope", of sukkel om te "cope". Hoe hulle hul harte net van die neerdrukkende swaar teenoor jou leegmaak, kos net 'n bietjie van jou tyd. Nie jou geld nie. Net jou ore. Om te sê, ek het ook nie, maar ek weet Wie het. Kom ons praat met Hom… dis dalk al wat daardie persoon nodig het. Nes die petroljoggie wat vir niemand vertel het sy tenk is ook 'n bietjie empty nie. Sê Paulus dan nie dat ons mekaar se laste moet help dra nie? Dat ons vir mekaar goed moet wees, geduldig mekaar in liefde verdra, én dra? Vir mekaar moet bid nie en aan die Here Jesus se beloftes herinner nie?"
Nooi Hy dan nie elkeen wat moeg en oorlaai is met die hierdie woorde uit nie:

***Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee.*** **Matt .11:28**. Net by Hom is daar waarlik rus en vrede te vinde, ongeag jou omstandighede. Wonderlik eggo Petrus in sy eerste brief, Dawid se woorde in **Ps. 55:23**, sodat ons ook hiérdie uitnodiging sowel in die OT as die NT het: ***Werp al julle bekommernis op Hom, want Hy sorg vir julle.*** **1 Pet 5:7**.

En Riana Nel sing bemoedigend in haar lied, "Skouers":
♫ As die grond onder my weg sou gee,
net verwoesting na my elke tree,
kies ek om nie te vrees. Ek weet U's in beheer,
My hulp kom van bo, en in my God sal ek glo
Want U dra my swakheid, my siekte,
my gebroke hart op U skouers, U skouers.
My hulp kom van bo, U is my rus, my vermoë.
Ek hoef nie te sien om te glo, want U lig my tot bo
op U skouers, U skouers ... ♫

**Katie Moolman**



# Charles G. Trumbull: Die Oorwinnende Lewe

Twee van Bunyan se leidende karakters in Die Pelgrim se Reis, mnr. Waarheidsridder en mnr. Standvastig, is sewentiende-eeuse portrette van Charles G. Trumbull van die twintigste eeu. As redakteur van die Sunday School Times was hy 'n prominente leier onder evangeliste, energiek en doeltreffend in die geloof wat eens aan die heiliges gegee is, vriendelik, genaakbaar, hoflik, altyd bedagsaam en regverdig teenoor diegene van wie hy genoodsaak was om te verskil ten opsigte van die waarheid. Bowenal was dr. Trumbull 'n lewende voorbeeld van die oorwinnende lewe die lewe wat die werklikheid van **Gal. 2:20** ken. ***"Ek is met Christus gekruisig, en ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het."*** So dinamies en vol bevre-diging was die verandering wat daar in dr. Trumbull deur die inwonende Heiland gekom het, dat hy oral, deur sy lewe, sy woord, sy pen, getuienis gelewer het van die lewe wat daar in Christus is.

Hy was 'n sleutelfiguur in die stigting van die Getuienis oor die Oorwinnende Lewe wat vir die Amerikaanse Keswick in New Jersey verantwoordelik is. Ons wat dr. Trumbull in sy latere jare geken het, onthou 'n sprankelende, vreugdevolle, ernstige, beskeie, Geesvervulde Christenjoernalis en leier. Die lewe wat in Christus bly en al sy krag uit die opgestane Heiland put, was vir hom 'n wonderlike werklikheid.

Dit was sekerlik nie net by hom die een of ander gril of vorm van dweepsug nie. Gelukkig is dr. Trumbull se getuienis vir ons bewaar in 'n uitstekende klein pamfletjie: The Life That Wins. Oorspronklik is hierdie getuienis voor die Nasionale Konvensie van die Presbiteriaans Broederskap van Amerika by sy vergadering in St. Louis in 1911 gelewer.

"Daar is net een lewe wat oorwin en dit is die lewe van Jesus Christus. Elkeen kan daardie lewe hê; elkeen kan daardie lewe leef. Ek bedoel nie dat elkeen soos Christus kan wees nie; ek bedoel iets baie beter as dit. Ek bedoel nie dat 'n mens altyd Christus se hulp kan hê nie; ek bedoel iets baie beter as dit. Ek bedoel nie dat 'n mens krag van Christus kan kry nie; ek bedoel iets baie beter as krag. En ek bedoel nie dat 'n mens net van sy sondes gered sal word en van die sonde weerhou word nie; ek bedoel iets beter as selfs daardie oorwinning."

Die patroon van dr. Trumbull se ondervinding is soos die van elke man van God wat geleer het dat "Christus in my (lewe) en wat ek nou in die vlees lewe, leef ek in die geloof in die Seun van God".

Daardie patroon is eers 'n mislukking, dan 'n besef van behoefte. Daarna kom daar 'n bewustheid van die geheim van die inwonende Heiland, 'n geheim so eenvoudig dat die meeste Christene daaroor struikel of onbewus is daarvan.

Dan volg daar 'n defini-tiewe ontmoeting met die Here Jesus en 'n oorgawe van die hart en wil wat 'n mens tot die persoonlike besef bring van die lewe wat in Christus is. Daarna is daar 'n uitvloeiing van daardie le-we, wat dr. Trumbull en baie ander vergelyk met die "strome van lewende water" waarvan die Here Jesus in Joh. 7:38 spreek.

Op openhartige wyse vertel dr. Trumbull van die behoeftes wat hy weet in sy lewe bestaan het.

• Eerstens was hy bewus daarvan dat sy geestelike lewe een van val en opstaan was: soms was hy in bewuste gemeenskap met die Verlosser en dan weer in die dieptes van nederlaag. Daar was tye van oplewing as gevolg van 'n deursoekende boodskap of 'n Geesvervulde boek: maar daarna kom die afval. Hy merk op: "Soms deur 'n enkele neer-laag onder versoeking, soms deur 'n geleidelike afwaartse proses, het my beste ondervin-dinge verlore geraak en ek het myself op die laer vlak terug bevind. Dit het vir my geblyk moontlik te wees om gedurig op die hoë vlak van noue gemeenskap met Christus te lewe, soos ek gesien het die geval was met sekere ander mense wat ek nie besig was om te doen nie."

• Dan was daar die kwessie van neerlaag wat boesemsondes betref. Hy het wel geglo dat hy op sekere gebiede meer as oorwinnaar kon wees, maar op ander nie. Ten spyte van ernstige gebed om uitredding, was blywende oorwinning nie sy ondervinding nie.

• Die derde bewuste gebrek het betrekking op dinamiese, oortuigende geestelike krag wat wonderlike veranderinge in ander mense se lewens bewerk het. Hy was 'n aktiewe Christen, besig met die pligte en verantwoordelikhede. Hy moes sê: "Ek was self besig met persoonlike werk – die moeilikste van alles; besig om met mense een vir een daaroor te praat om hulself aan my Verlosser oor te gee! Maar ek het geen gevolge ondervind nie." Oor hierdie gebrek aan doeltreffendheid het hy gerasionaliseer met die ou versekering (wat so baie deur die siele vyand gebruik word) dat hy nie resultate sou kon sien nie; dat hy dit met alle vrymoedigheid aan die Heer kon oorlaat as

hy sy deel doen. Sulke rasionalisering oor geestelike dorheid het hom egter moedeloos gelaat.

Dr. Trumbull het geweet dat hy die Here Jesus as sy persoonlike Verlosser ontvang het. Hy was beslis baie sterk in die geloof en aktief in Christelike diens. Hy het geprobeer om die honger van sy hart te stil en sy ondoeltreffendheid te verskoon deur sy ortodoksheid omtrent die Persoon en die werk van die Saligmaker. Die honger in sy hart het hewiger geword toe hy 'n prediker oor Ef. 4:13 hoor spreek, veral daardie woorde: "Totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof en kennis van die Seun van God, tot 'n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus." Dr. Trumbull getuig: "Terwyl ek dit volg, was ek verbaas, verbysterd. Ek kon hom nie volg nie. Hy was te ver bokant my begrip. Hy was besig om van Christus te praat, om Christus open-baar te maak op 'n manier wat ek moet erken, vir my heeltemal vreemd was." Die honger is verer-ger deurdat by opgemerk het dat 'n dienskneg van die Here altyd 'n voortdurende bewustheid van die teenwoordigheid van die Verlosser ondervind het.

Die klimaks van sy behoefte is bereik by die Wêreldkonferensie van Sendelinge in Edinburgh (1910), toe by gretig na 'n boodskap oor "Die Bronne van die Christelike Lewe" gaan luister het. Dr. Trumbull sê: "Ek het verwag dat hy aan ons 'n reeks spesifieke dinge sou gee wat ons kon doen om ons Christelike lewe te versterk; en ek het geweet dat ek dit nodig had". Maar sy eerste woorde het bewys dat ek 'n fout gemaak het en terselfdertyd het dit my hart van vreugde laat klop. Wat hy gesê het, was omtrent die volgende: "Die bron van die Christelike lewe, my vriende, is net Jesus Christus. Dit was al. Maar dit was genoeg. Die krisis van die dieper lewe het daardie somer na die behoeftige en vertrouende dienskneg van die Here gekom. Hy was besig om 'n sendingkonferensie vir jongmense by te woon, en, in sy eie woorde, "had hy 'n week lank 'n klomp werk waarvoor hy besef het dat hy ontsettend en hopeloos ongeskik en onbevoeg was." Deur die voor-sienigheid van God was die eerste boodskap van 'n medespreker oor "Die Water van die Lewe" uit Joh. 7:37-39. Weer het hy gehoor dat die "strome van lewende water" in 'n Christen se lewe gedurig en ongehinderd uit hom behoort te vloei, en nie net met tussenposes nie.

Ons laat redakteur Trumbull weer self aan die woord: "Die volgende more, Sondag, alleen in my kamer, het ek die saak op my knieë met God uitgemaak toe ek Hom vra om aan my 'n uitweg te gee. As daar 'n begrip van Christus was wat ek nie had nie en wat ek nodig had omdat dit die geheim was van sommige van hierdie ander lewens wat ek gesien of waarvan ek gehoor het, 'n be-grip wat beter was as enigiets wat ek tot sover had en wat buite my bereik was, het ek God gevra om dit aan my te gee. Ek had die preek wat ek gehoor het, by my 'Vir my is die lewe Christus', en ek het van my knieë opgestaan en dit bestudeer. Toe het ek weer gebid. En God, in sy ewigdu-rende geduld, vergewensgesindheid en liefde, het aan my gegee waarom ek gevra het. Hy het aan my 'n nuwe Christus gegee – heeltemal nuut wat die begrip en besef van Christus betref, wat nou myne geword het. Waarin het die verandering gelê? Dit is moeilik om dit in woorde te stel en tog is dit, o so nuut en werklik en wonderlik en het 'n wonderwerk in my lewe sowel as die lewens van ander bewerk.

"Om mee te begin, het ek die eerste keer besef dat die verskillende verwysinge dwarsdeur die Nuwe Testament 'Christus in jou' en 'jy in Christus,' 'Christus ons lewe' en 'om in Christus te bly' letterlik, werklik, 'n geseënde feit is en nie net beeldspraak nie. Hoe het die vyftiende hoofstuk van Johannes van die nuwe lewe getintel toe ek dit nou lees! En Ef. 3:14-21. En Gal. 2:20. En Fil. 1:21."

Dr. Trumbull se geloof het nie nou net bestaan in die Christus wat vir ons sondes aan die Kruis gesterf het nie. Hy het nou ook in die Christus geglo wat in die gelowige woon. "Uiteindelik



het ek besef," verklaar hy, "dat Jesus Christus werklik en letterlik in my was; en selfs meer as dit: dat Hy my hele lewe uitmaak en my een maak met Hom – my liggaam, gees en siel terwyl ek my eie identiteit en wil en volle morele verantwoordelikheid behou. Dit het beteken dat ek nooit meer nodig had om Hom te vra om my te help asof Hy een Persoon was en ek 'n ander een nie; maar eenvoudig dat Hy Sy werk, Sy wil, in my en met my en deur my moes doen. Jesus Christus het Sy lewe in my tot stand gebring – onthou, dit was nie beeldspraak nie, maar 'n letterlike, werklike feit van 'n diep en lewenskragtige ondervinding met die verrese Heiland".
En omdat hy gedurig uit Sy lewe geput het, ondervind die gelowige in Christus die lewe wat oorwin.

Dr. Trumbull het geleer dat die uitvloei van daardie lewe afhanklik was van twee eenvoudige voorwaardes. Nadat 'n mens die Here Jesus as jou persoonlike Saligmaker ontvang het, is daar:

- eerstens oorgawe, 'n algehele en onvoorwaardelike oorgawe aan die Heiland as die Heer en Meester van 'n mens se lewe, ongeag wat dit kos;
- en tweedens, die stille daad van die geloof, weg van enige gevoel of die onmiddellike be-wys dat God werklik die siel wat vertrou geheel en al vrymaak van die wet van die sonde.

**Vervolg op bl. 19**

*Aangename Kennis:*

# Ds. Louie van Zyl

**In watter dorp is u gebore en wat onthou u van u kinderjare?**
Ek is een van 'n tweeling en ek en my boetie is gebore in Vanderbijlpark. Interessant genoeg is dat my vrou, Margaret, ook een van 'n tweeling is. Sy en haar sussie is ook gebore in Vanderbijlpark.

**Waar het u skool gegaan?**
Ons het ons skoolloopbaan begin in Sasolburg en skaars ses maande in graad een is my pa verplaas na Secunda. Dit was in die beginjare van Secunda en ons het aanvanklik skool gegaan in Evander. Ons was van die eerste leerlinge wat begin skoolgaan het in Laerskool Secunda en later ook Laerskool Silkaatskop wat se naam toe verander het na Laerskool Oranjegloed. Ons hoërskoolloopbaan het ons in Hoërskool Secunda voltooi.
Ek het diensplig in die SA Lugmag gedoen in Pretoria en my boetie, Herman is SAP toe. In 1991 was my broer uitgeroep na 'n huisbraak waar drie kriminele 'n huis beroof het. Met my broer se aankoms by die misdaadtoneel is hy ongelukkig noodlottig gewond. Vir ons as gesin was dit 'n baie hartseer tyd. Die Here is so getrou en het ons deur 'n baie donker tyd gedra. In hierdie tyd het my vrou op die toneel verskyn en so het die Here my vrou gebruik om ons deur hierdie hartseer tyd te dra. Twee jaar later is my seun, Herman, gebore en ons het hom vernoem na my tweeling boetie. Ons is dankbaar dat hy ook in die bediening is en tans is hy leraar te Weskusgemeente.

**Wanneer het u tot bekering gekom en wanneer het u lidmaat geword?**
As 14-jarige seun het ons die Aprilvakansie by my oupa Louie en ouma Suzie gekuier. Daardie vakansie het my ouma se boetie, oom Chris, selfmoord gepleeg. My ouma was baie ontsteld, want sy het gedink haar boetie is hel toe omdat hy sy eie lewe geneem het.
Daar het die Here met my begin werk en ek het gewonder: "As ek sou doodgaan, waarheen sou ek gaan?" Op daardie stadium sou ek reguit hel toe gegaan het, omdat ek nie 'n wedergebore kind van God was nie. My ouma het vir my 'n boekie gegee "Gebed – 'n gesprek met God". Dit was toe ek hierdie boekie deurgewerk het wat die Here Jesus my siel uit genade gered het.
Na my diensplig het ek by Sasol gewerk. Ons het later jare 'n huis gekoop in Voortrekker straat. Ek het skofte gewerk en Margaret het by Trichardt Medi-Kliniek ook skofte gewerk. Dit was vir ons moeilik om Suzanne en Herman by die Sondagskool te kry.
Ons is genooi na 'n troue en Ds. Wimpie Raath het die seremonie waargeneem. Ons was beïndruk met die Kerk en die leraar. Dit is toe dat Margaret vir Ds. Wimpie gevra het of die kinders by die Sondagskool kan inskakel? Hy het natuurlik ja gesê. In 2006 is my pa en ma en skoonmoeder saam met ons as lidmate voorgestel.



**Watter jare was u op kweekskool?**
Ons was op Kweekskool van 2009 tot 2012.

**Wie was u dosente?**
Drr. Willie Kotzé, André Bester, Juan Minnie, ds. Gerhard de Wet en ds. Jurg Prinsloo.

**Is van u klasmaats nog in die bediening?**
Op Kweekskool is die eerste- en tweedejaars saam in die klas en derde- en vierdejaars weer saam in die klas. Di. Rassie van Staden, Andrew Bruyns en Ruan van Vuuren was in dieselfde jaargroep as ons.

**Vertel ons 'n staaltjie of twee uit u tyd by die kweekskool.**
Kweekskool was vir ons baie lekker.

Ons het baie saam gelag en ook saam gehuil veral na Dogma-eksamens. Daar is so baie staaltjies, maar een wat uitstaan is tydens ons eerste jaar waar ons vir die vierdejaars gesê het ons gaan dr. Minnie vra om ons klastyd af te gee sodat ons die groentjie konsert kan inoefen. Die manne het ons probeer oortuig dat ons net ons tyd mors. Dr. Minnie gee nie af nie. Ons vra toe Dr. Minnie en hy stem toe in. Ons stap toe by die seniors verby en sê vir hulle ons en dr. Minnie is soos Dawid en Jonatan. Vandaar was daar 'n gespot tot in ons vierde jaar.

**Hoe het u u gade ontmoet en hoe lank is u getroud?**
Ek het my vrou ontmoet toe ek in standerd vier was. Jare later het sy weer haar verskyning gemaak en die koeël was deur die kerk. Met die Here se genade en baie geduld en deursettingsvermoë van my vroutjie is ons nou 33 jaar getroud.

**Hoeveel kinders het u en wat is hulle name?**
Ons gesin bestaan uit Suzanne, Duan, Devon en Herman, Saskia, Olivia, Daniel, Lara en Luka.

**Watter Gemeentes het u bedien?**
Vereeniging (2013-2017), Durban (2017-2019) en tans in Worcester vanaf 2019.

**Wat is u gunsteling dis?**
Braaivleis.

**Waar hou u graag vakansie?**
Enige plek by die see.

**Het u 'n stokperdjie?**
Wanneer ons by my seun in Velddrif is, vang ons graag vis in die Bergrivier.

**Watter geestelike boeke het 'n besondere impak op u lewe gemaak?**
Natuurlik die Bybel en sekerlik daardie boekie wat my ouma vir my gegee het "Gebed – 'n gesprek met God".

# Charles G. Trumbull: Die Oorwinnende Lewe

Vervolg vanaf bl. 17

En hoe kom hierdie volle lewe, die lewe wat in Christus is, tot uiting in die ondervinding van die gelowige? Ons laat dr. Trumbull weer aan die woord: "Die drie groot gebreke of behoeftes waar-van ek aan die begin gespreek het, is op wonderbaarlike wyse reggestel:

- Daar was 'n gemeenskap met God wat heeltemal anders en oneindig beter was as enig-iets wat ek nog ooit tevore in my lewe geken het.
- Daar was 'n heeltemal ander soort oorwinning, oorwinning deur vryheid, oor sekere boesemsondes – die oues wat my versmoor en geruïneer het toe ek Christus vir hierdie vryheid vertrou het.
- En laastens, die geestelike gevolge van diens het aan my so in die hemelse vreugde laat deel soos ek nooit besef het op aarde moontlik was nie.

Ses van my intiemste vriende, die meeste van wie volwasse Christene was, se lewens is spoedig heeltemal deur Christus verander omdat hulle Hom op hierdie nuwe manier aangegryp en Hom ontvang het met al die volheid van God. 'n Gryskop van sewentig het die vrede in die lewe en vreugde in die gebed gevind wat hy al lankal opgegee het omdat hy gereken het dat dit vir hom heeltemal onmoontlik was.

Die lewe krioel letterlik van wonderbaarlike getuienisse oor wat Christus gewillig is om te doen en kan doen vir ander lewens deur enigeen wat eenvoudig net die sleutels aan Hom oorgee sodat Hy volkome kan inwoon. Jesus Christus wil nie ons helper wees nie; Hy wil ons lewe wees. Hy wil nie hê dat ons vir Hom moet werk nie. Hy wil hê dat ons Hom moet toelaat om Sy werk deur ons te doen en ons gebruik soos ons 'n potlood gebruik om mee te skrywe – nog beter, om ons te ge-bruik as een van die vingers van Sy hand." Sodanig, inderdaad, is die lewe wat oorwin; en dr. Trumbull is in staat gestel om deur daardie lewe baie ander na die lewe van oorwinning te lei. Dit was baie paslik dat die Getuienis van die Oorwinnende Lewe as sy skriftuurlike leuse Fil.1:21 ge-kies het: "Vir my is die lewe Christus".

**HULLE HET DIE GEHEIM ONTDEK - V RAYMOND EDMAN**
(Vertaal deur Regina Smit)

# Op die Boekrak



# Liewe maats!!





Ons leer in die Bybel dat God altyd regverdig is.

God jok nooit nie! Daarom kan ons als glo wat Hy vir ons in die Bybel laat opskryf het.

Omdat God regverdig is, kan niemand Hom omkoop of ompraat nie! Hy weet wat ons dink en hou van alles wat reg en mooi is.

"Hy het geregtigheid en reg lief; die aarde is vol van die goedertierenheid van die HERE."
Psalm 33:5



**Die Bybel leer ons....**



**.....God is regverdig!**

# EVANGELIES-GEREFORMEERDE KERKBLAD

Amptelike Kerkblad van Die Evangelies-Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika
Jaargang 80 • November/Desember 2025 • #666



- Die Kern van Kersfees
- Nagedagtenis: Ds. Coenie Smit
- Missions-Expo 2025

# ...van die Redakteur

Liewe leser, met verbasing besef ons dat nog 'n jaar verbygesnel het en ons by die laaste uitgawe van 2025 staan. Met die boodskap van Kersfees op hande bly dit die Heuglike Tyding oral oor dat vir ons 'n Verlosser gebore is met die name: **Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader en Vredevors** (Jes. 9:5).

"Kersfees is vir baie mense 'n tyd van liggies, geskenke, gesinne wat bymekaar kom, en tafels vol kos. Hoewel hierdie dinge mooi en spesiaal kan wees, is dit nie die kern van Kersfees nie. Die ware betekenis van Kersfees lê nie waarin ons ontvang of wat ons gee nie, maar waarin God vir ons gedoen het. Die hart van Kersfees is Jesus Christus, die Seun van God wat vlees geword het en onder ons kom woon het." Lees gerus die volledige artikel in hierdie uitgawe oor **Die Kern van Kersfees – Jesus Christus, God se gawe aan die wêreld**.

Die uittreksel uit die vertaalde boek *"They found the Secret"* bly natuurlik weer 'n hoogtepunt; hierdie uitgawe fokus ons op Oswald Chambers. "Die Bybelskool by Dunoon 'gebaseer op die eenvoud van gewaagde geloof in God vir die voorsiening in behoeftes' het die fondament van Chambers se geloof en gehoorsaamheid gelê. Hy het deur ondervinding geleer dat God die gebed verhoor."

In Hand. 2:39 staan daar geskrywe dat die belofte ons en ons kinders en aan almal wat daar ver is toekom, die wat die Here onse God na Hom sal roep. Maar, tog word die vraag gevra: ***"Wat het van al die kinders geword?"*** Lees gerus Dr. W.J. Kotzé (em.) se toeligting tot hierdie kwessie.

Ten slotte wil die redaksiespan al ons lesers 'n Geseënde Christusfees toewens en bid die Heer se beskerming toe tot ons weer gesels in die volgende uitgawe. Bly ook met verwagting uitsien na die Wederkoms.

MARANATA!

**Jaargang 80**
**November/Desember 2025**
**Uitgawe #666**

# INHOUD

**3 Die Kern van Kersfees: Jesus Christus, God se Gawe aan die wêreld**

**4 Middelburg reik uit na ERC Tafelkop**

**5 Nagedagtenis: Ds Coenie Smit**

**6 Waar in die Wêreld:** Ds. Jan en Marietjie Coetzer

**9 Wat het van ons foto's geword?**

**10 Missions-Expo 2025:** Onderhoud met sendelinge wat onder onbereiktes werk

**12 Die profetiese Woord van "Die Wederkoms van Jesus Christus"**

**14 Silwer Jeug Aksie Konferensie 2025**

**16 Wat het van die al kinders geword?**

**20 Oswald Chambers:** Die Hoogste Lewe

**22 Vroueblad:** Wees bly in die Here

**23 Op die Boekrak**

**24 Liewe Maats**

**Redaksie**

Mnr. Willie Stieger (Redakteur), di. Wynand van Niekerk (Subredakteur), Francois du Toit, Johnnie Gates en Loedolff van der Merwe, mnr. Riaan Britz en Bertus Stieger

**Stuur asseblief materiaal vir plasing aan:**
Die Redakteur – EG Kerkblad
E-pos: redakteuregkerkblad@gmail.com; Sel: 082 401 6937

Die Redaksie ontvang graag artikels, getuienisse van die Here se handelinge in iemand se lewe, kerk/gemeentenuus van algemene aard (tersaaklike foto's is baie welkom) en bydraes vir plasing in die Blad. **Artikels moet egter in Word-formaat ingedien word en oorspronklike foto's in *.jpg-formaat asseblief.** Die redaksie behou ook die reg voor vir redigering van artikels en besluitneming voor plasing van artikels en bydraes. Gepubliseerde bydraes reflekteer nie noodwendig die mening van óf die Kerk óf die Redaksie nie.

**Kopiereg: © EG Kerk SA, Alle regte streng voorbehou**

**Voorblad: Vladislav Murashko - pexels.com/lights-on-tree-6117267/**
**Drukkers:** Bowles Drukkers - Oudtshoorn

**Intekening en betaling**

Intekengeld beloop R140 per jaar. Gemeentelike intekenare moet asseblief hul intekengeld direk by hul kerkraad inbetaal. Die kerkraad is verantwoordelik om die blad aan die gemeentelike intekenare te lewer. Nie-lidmate moet asseblief intekengeld inbetaal by die administratiewe beampte, ds. Johnnie Gates. Rekeningbesonderhede as volg:
Bank: **FNB**
Takkode: **250054**
Rek. no.: **5244 363 2023**
Verwysing: **KB-Naam en Van**
Bewys van betaling kan gestuur word aan:
egkskas@gmail.com

# Die Kern van Kersfees: Jesus Christus, God se Gawe aan die wêreld

Kersfees is vir baie mense 'n tyd van liggies, geskenke, gesinne wat bymekaar kom, en tafels vol kos. Hoewel hierdie dinge mooi en spesiaal kan wees, is dit nie die kern van Kersfees nie. Die ware betekenis van Kersfees lê nie waarin ons ontvang of wat ons gee nie, maar waarin God vir ons gedoen het. Die hart van Kersfees is Jesus Christus, die Seun van God wat vlees geword het en onder ons kom woon het.

**God se Liefde Geopenbaar**

Die Bybel sê in **Joh. 3:16** ***Want so lief het God die wêreld gehad dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.***

Hierdie vers som die kern van Kersfees op: God se liefde. Hy het nie sy Seun gestuur omdat die wêreld dit verdien het nie, maar omdat ons dit nodig gehad het. In 'n donker wêreld het God sy lig gestuur, in 'n sondige wêreld het Hy sy Redder gestuur.

Die profeet Jesaja het eeue tevore voorspel in **Jes. 9:5** ***Want 'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op sy skouer; en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevors.***

Hierdie profesie herinner ons dat die geboorte van Jesus nie toevallig was nie. Dit was die vervulling van God se plan van verlossing.

**Die Nederigheid van Christus**

Wanneer ons dink aan die geboorte van Jesus, sien ons hoe nederig Hy na ons toe gekom het. Die Koning van die konings is nie in 'n paleis gebore nie, maar in 'n stal.

**Luk. 2:7** ***En sy het haar eersgeborene Seun gebaar en Hom toegedraai en in die krip neergelê, omdat daar vir hulle geen plek in die herberg was nie.***

Hierdie nederige begin wys vir ons dat God se weë anders is as die wêreld sin. Hy kom nie met mag en geweld nie, maar met sagtheid en genade.

Die krip herinner ons dat Christus gekom het om die armes, die eenvoudiges en die verlorenes te red. Sy geboorte verkondig dat geen mens buite die reik van God se genade staan nie.

**Die Doel van Sy Koms**

Kersfees kan nie net by die krip bly nie. Ons moet onthou dat die Kind in die krip die Man van die kruis sou word. Jesus self sê in **Luk. 19:10** ***Want die Seun van die mens het gekom om te soek en te red wat verlore was.***

Sy geboorte het die begin van God se groot reddingsplan aangekondig. Hy het mens geword om vir ons sonde te sterf en deur sy opstanding aan ons die ewige lewe te gee.

Paulus skryf in **1 Tim. 1:15** ***Dit is 'n betroubare woord en werd om volkome aangeneem te word, dat Christus Jesus in die wêreld gekom het om sondaars te red, van wie ek die grootste is.***

Dit is die rede waarom ons Kersfees vier: Jesus Christus het gekom om ons te red!

**Ons Reaksie op Kersfees**

As ons die kern van Kersfees verstaan, dan is die vraag: hoe reageer ons daarop? Die herders het, toe hulle die goeie nuus van die engel gehoor het, gehaas om die Kind te sien en God te verheerlik (**Luk. 2:15–20**). Die wyse manne het uit die Ooste gekom om Hom te aanbid en geskenke te bring (**Matt. 2:11**). Net so word ons geroep om Jesus te aanbid, ons lewens aan Hom te gee, en Hom te verheerlik in alles wat ons doen.

Kersfees roep ons op tot dankbaarheid, aanbidding en gehoorsaamheid. Ons word herinner dat ons die grootste geskenk reeds ontvang het: Jesus Christus…

**Slotgedagte**

Kersfees gaan nie uiteindelik oor die geskenke onder die boom of die ete op die tafel nie, maar oor die geskenk van God aan die wêreld: Sy Seun, Jesus Christus. Die kern van Kersfees is dat God na ons toe gekom het om ons te red.

**Joh. 1:14** ***En die Woord het vlees geword en onder ons gewoon – en ons het sy heerlikheid aanskou, 'n heerlikheid soos van die Eniggebore wat van die Vader kom – vol van genade en waarheid.***

Mag ons hierdie Kersfees nie net onthou dat Jesus gebore is nie, maar ook dat Hy gekom het om ons te red en nuwe lewe te gee. Laat ons fokus wees: Jesus Christus, die Kern van Kersfees.

**Ds. Loedolff van der Merwe**
**Brakpan**



# Middelburg reik uit na ERC Tafelkop

Middelburgkerkraad het begin om die predikant Witness Khumalo en sy gemeente van Tafelkop te ondersteun. Tafelkop is 'n klein gemeente buite Groblersdal, in die hart van die swart plaaslike nedersetting, buite die dorp in die Limpopoprovinsie. Die gemeente het tans 20 lidmate.

Die kerkraad vul jaarliks die statistieke verslag van die Oostelike Ring in. Een van die vrae op die verslag is of die gemeente/kerkraad betrokke is by sending en die ondersteuning van evangeliste/sendelinge/predikante elders in die land of die wêreld. Die kerkraad wil gráág iewers betrokke raak, en het besluit om die gemeente van Tafelkop te ondersteun. In die Aksie 1:8 Gebedskalenderboekie het die kerkraad gaan soek wíe die naaste plaaslike sendeling/evangelis/prediker is wat hulle kan ondersteun en het die kerkraad gevolglik besluit op Tafelkop.
Die eerste besoek van die kerkraad aan Tafelkop was op Saterdag 31 Mei 2025 gewees. By Tafelkop is



ons vriendelik ontvang deur die leraar Witness Khumalo. Witness het ons vertel van sy uitdagings en stryd in die gemeente daar en ons kon eerstehands ervaar hoe die Kerkgebou en die Pastorie dringende aandag nodig het.

Terug in Middelburg het die kerkraad gebid en vir die Here gevra om leiding te gee in die ondersteuning van Tafelkop. Die kerkraad het dit afgekondig in die gemeente en die gemeente se hart was oop daarvoor. Skenkings het begin inkom om Tafelkop te ondersteun. Die kerkraad het besluit om sover dit in hulle vermoë is maandeliks 'n finansiële bydrae te maak tot die leraar van Tafelkop se finansies, sou dit moontlik wees. Witness het dit verwelkom en so aanvaar.

Van einde Mei tot en met Saterdag 13 September het die kerkraad aankope gedoen en beplan om Tafelkop toe te gaan en daar te begin met die herstel en opknapping van die Kerk- en Pastoriegebou. Op Saterdag 13 September 2025 het 'n groot groep van die kerkraad, 'n besoeker en 'n lidmaat, vroeg die oggend van Middelburg af vertrek op pad na Tafelkop. Elkeen van die broers met 'n spesifieke vaardigheid wat kon help was op die dag betrokke.
Dáár aangekom is die elektriese bedrading verbeter en is 'n sloot gegrawe om die elektriese kabel tussen die Kerk en die Pastorie onder die grond te lê, en nie meer bo in die lug soos dit was nie. Middelburg het banke en stoele wat in die stoorkamer van die gemeente was saam geneem en nuwe banke en stoele in die Kerk geïnstalleer. Verf, elektriese kabels, skakelaars en gereedskap is saamgeneem vir die arbeid daar.

Die ou naambord van die Kerk by Tafelkop is vervang met 'n nuwe naambord wat die huidige predikant se naam en nommer daarop het. Daar is 'n bietjie verfwerk gedoen aan die Kerkgebou en 'n nuwe skakelbord vir die krag in die Kerk en die Pastorie is geïnstalleer. Daar was geen muurproppe of ligskakelaars in die pastorie nie, net elektriese kabels wat van die kerkgebou na die pastorie verbind was om krag te kry. Dit is vervang en verander.

Daar was 'n opmerksame samehorige gesindheid onder die broers se samewerking dié dag. Lááť ná 17:00 die Saterdagmiddag het ons weer teruggekeer na Middelburg. Die werk by Tafelkop is nog nie klaar nie. Daar word beplan om binnekort weer terug te gaan om verder te gaan werk en te help met die opknapping en instandhou-ding van die geboue.

Die leraar, Witness Khu-malo, het ons bedank vir die harde werk en uit sy hart uit dankie gesê vir die arbeid en finansiële hulp om hom en sy gemeente te help en te ondersteun. Hulle waardeer dit opreg.

Die kerkraad gee aan die Here al die eer vir Sy voor-siening hiermee. Die Here was met ons op die pad soontoe en terug en het Sy beskermende hand oor ons gehou. Die kerkraad het daaroor gebid en die Here het voorsien. Sover dit finansieel moontlik is, wil die kerkraad voortgaan om maandeliks vir Witness te ondersteun.

Die kerkraad bedank elk-een wat vrywilliglik kom help en finansiële ondersteuning gebied het om die kerkraad te help om Tafelkop te kan ondersteun.

Al die eer aan die Here!

**Ds. Fleetwood Grobler**
**Middelburg**

# Nagedagtenis: Ds. Coenie Smit



Ds. Coenraad Frederik Smit is op Dinsdag, 23 September 2025 vanuit die EG Kerk Meyerton te ruste gelê. Dit het 'n besondere deel in ons Kerk se tradisie afgerond, 'n tradisie wat oor drie geslagte heen gestrek het.

**Ds. C.F. Scheepers**
Dit het begin by sy groot vader na wie hy ook vernoem is, ds. C.F. Scheepers, wat 'n beduidende aandeel in die ontstaan van ons Kerk gehad het. Wyle ds. Scheepers het einde Februarie 1935 sy gemeentelike bediening verlaat om die Betshanbeweging te begin. In 1936 het hy 'n Bybelskool begin vanwaar geestelike werkers wyd uitgestuur is. Die Betshaninrigting het oorgevloei in ons Kerk in om eindelik ons opleidingskool te word. Ons staan vandag reeds by 'n Betshan III.

**Ds. P.D. Smit (Skoonseun)**
Op daardie vroeë stadium was sy dogter, Shana, en skoonseun, Pieter Daniël Smit, reeds as sendelinge in die Kongo werksaam. Ds. Coenie is daar op 31 Julie 1937 as die eerste wit kind gebore. Na die stigting van die NP Kerk was hierdie skoonseun van ds. Scheepers en vader van ds. Coenie Smit, een van die vroeë predikante in Frankfortgemeente. Ds. Coenie was die eerste predikantskind in die pastorie.
Ds. P.D. Smit was ook later betrokke by die opleiding van die eerste swart evangeliste. Die sendingaksie van die NP kerk het amptelik tydens die sinode van 1949 begin. Hy was lid van die eerste sendingkommissie, saam met onder andere wyle ds. W.P. Grobler. Kerkplanting onder die destydse tradisionele swart bevolking het in 1951 begin. Ek was nog op skool toe hy op Syferbult, anderkant Krugersdorp, gevestig het vir die opleiding van die eerste swart leraars. Hulle het die opstal bewoon en die studente die plaas se buite geboue.

**Ds. C.F. Smit (Kleinseun)**
Ds. Coenie was reeds in die bediening toe ek op Kweekskool vir opleiding aangemeld het. Sy eerste gemeente was Uitenhage. In sy tweede gemeente, Witrivier, het ek in my eerste jaar vir die April (1964) vakansie gaan waarneem terwyl hy en sy jonge bruid met vakansie gegaan het.
Sy pad in die bediening het, soos sy vader voor hom, ook sterk in die sendingakker ingevloei. Hy het 'n beduidende bydrae gelewer in die sendingaksie van die Kerk en jare lank op die Sinodale Sending Kommissie gedien. Op 'n later stadium het hulle ook dan vir etlike jare digby Nigel die opleiding vir die Bruin Kerk gedoen. Die buite geboue het as koshuisakkommodasie gedien. Ons was juis daar by hulle tuis met die sinode van 1978 toe ek beroep is na die Kweekskool.
Hy het 'n proaktiewe bydrae in verskeie gemeentes en in breër verband in die Kerk gelewer. Daar kan veel op uitgebrei word. Vele mense kan getuig van die impak van sy bediening op hul lewens. Hulle het onder andere ook die kerkgeboue op Witbank en Nigel opgerig. Wat vir ons 'n kosbare boodskap dra is dat hy, soos sy grootvader en vader, die Here getrou en met oorgawe gedien het tot die einde toe. Dit is ook opmerklik dat hy en sy vader beide in die gemeentebediening en op die sendingakker 'n beduidende bydrae gelewer het. Daarvoor sal ons hulle graag ont-hou en die Here daarvoor eer.

Gelukkig is die fakkel aangegee na vele arbeiders wat die lig en boodskap steeds en verder sal dra.

**Dr. Willie Kotzé (em.)**

# Waar in die Wêreld?

# Ds. Jan en Marietjie Coetzer



**In buitelandse sendingwerk vir 40 jaar, van 1985 tot 2025! ’n Verhaal van mense wat nie maklik moed opgee nie. Mense met ’n vuur in hul harte wat nie deur teenspoed of eensaamheid geblus kan word nie. In die midde van onbekende kulture, moeilike omstandighede en soms min sigbare vrug, het hulle vasgehou aan die wete dat God getrou is. Dit is die verhaal van ds. Jan en Marietjie Coetzer. Nie dat hulle nooit moeg geword nie, maar aanhou beweeg het, selfs wanneer hul moeg was. Dit is om elke dag te kies om gehoorsaam te wees, om in geloof te stap al sien jy nog nie die volle pad voor jou nie. Om te bid wanneer jy nog nie antwoorde sien nie, te dien wanneer niemand kyk of jou op die skouer klop nie, te bly glo al is die pad lank en die oes stadig! Al die dank en lof aan Hom wat roep en getrou bly!**

**Waardevolle kinderjare**
Ds. Jan en Marietjie was bevoorreg om in hul kinderjare die Here Jesus as Persoonlike Saligmaker te ontmoet. So het die Here hulle ook later albei geroep tot voltydse diens en alreeds tydens hul kinderjare begin voorberei vir hul jarelange bediening in die sendingveld.

**Jeugdige uitreike**
As kind het Jan al gereeld saam met Oom en Tannie Van Eck, lidmate van die ou Johannesburggemeente, uitgereik na die mense van Kliptown by Soweto. Hy het ook uitreike na Johannesburg-Wes meegeleef. Later in Albertongemeente het sendelinge gereeld in die gemeente kom gesels oor hulle werk.

**Kerklike impak**
Ds. Jan vertel: “Wyle ds. Popeye van Tonder van Alberton, het baie gereeld half-nagte en nagte van gebed gelei waar daar vir ons omgewing en ook vir die wêreld gebid is. Besonders was ook die sendingdae wat op 16 Desember tydens die somerkonfe-rensie op Betshan II gehou was, asook die blootstelling aan Dorothea Sending se geleenthede in Pretoria. Ek is so dankbaar vir ouers wat gesorg het dat ons daar kon uitkom. Marietjie het gereeld skouer geskuur met van ons voormalige sendelinge op haar ouers se plaas op Kromdraai buite Krugersdorp. Dan vergeet ons ook nie die invloed wat wyle ds. Albert Woest in ons lewe gehad het nie. Hierin alles het die Here ons reeds begin voorberei vir ons lewenstaak.”

**Kweekskool en roeping**
Jan het in 1980 afstudeer by die kweekskool en is in 1981 as predikant georden. ’n Jaar later loop hy hom vas teen Marietjie, wat ook op kweekskool was vir die evangelistekursus. Hulle is in Desember 1982 getroud en is geseën met drie kinders, Riaan, getroud met Jennifer, Stephan met Ronel en Madeleine met Francois. Hulle woon en werk onderskeidelik in die VSA en in Suid-Afrika en daar is op die oomblik ses kleinkinders.

Jan getuig dat dit ’n seën is om ’n vrou te hê wat deur die Here geroep is en ook gewillig is om te gaan waar die Here lei. Ons is uit ’n gemeente na ’n vreemde eiland met ’n vreemde taal. Sy het saamgewerk deur haar tyd eerstens aan ons kinders te wy en hulle liggaamlik en geestelik te versorg. Vandag is ons dankbaar vir ons kinders wat die Here dien en nou hul eie kinders grootmaak.
Hy vertel verder: “Die Here het ons ernstig geroep met die woorde in **Hand. 26:16-18** ***Maar rig jou op en staan op jou voete, want hiertoe het Ek aan jou verskyn om jou te bestem tot ’n dienaar en getuie van die dinge wat jy gesien het en van die dinge waarin Ek nog aan jou sal verskyn, terwyl Ek jou verlos uit die volk en die heidene na wie Ek jou nou stuur, om hulle oë te open, dat hulle hul van die duisternis tot die lig kan bekeer en van die mag van die Satan tot God, sodat hulle deur die geloof in My vergifnis van sondes en ’n erfdeel onder die geheiligdes kan ontvang.”***

**Taalstudie en Mayotte**

"In 1984 is ons as leraarspaar vanuit Boksburg na die eiland, Mayotte. Die Here het geroep en al moes ons uit gemeentelike bediening bedank, moes ons gaan. Geografies is die eiland deel van die vier Comore-eilande, maar geopolitiese deel van Frankryk ('n provinsie) sedert 1974".

"In 1985 vertrek ons na Frankryk vir taalstudie nadat die Here ons in 1984 geroep het om op die eiland Mayotte, aan die Ooskus van Afrika, te gaan werk. Hier was ons die voorgangers van die enigste Protestantse Kerk op die eiland. Ons en ander sendelinge het uitgereik na die bevolking, waarvan 99% Moslems is. Ons was bevoorreg om Moslems en ander na die Here te lei, asook 'n Kerkgebou daar op te rig".

"Op Mayotte het ons onder Africa Inland Mission gewerk en het Eilande Sending, asook 'n groepie naby vriende 'n groot rol as ondersteuningsgroep in Suid-Afrika in ons bediening gedeel. Van hulle is nie meer met ons nie en is al in die hemel, andere is nog hier en ons dank die Here vir elkeen wat intussen bygekom het en betrokke is. Ons was ook in hierdie tyd verras met die eerste groep van belangstellendes wat ons kom besoek het.

Wyle ds. Francois Botha, di. Hennie Prinsloo en Thys Loubser, lidmate van Rietfonteingemeente en 'n paar ander belangstellendes was deel van die groep en was ons daardeur baie bemoedig en versterk".

**Madagaskar**

"In 1991 vertrek ons na Madagaskar op uitnodiging van 'n inheemse kerk, La Mission Evangelique de Tananarive. Ons is, sover bekend, die eerste Suid-Afrikaanse sendelinge om voltyds op die eiland, veral aan die ooste kant van die groot eiland, te gaan werk. Vandag is daar heelwat meer wat daar woon en werk".

"Na verdere taalstudie, Malgassies, vestig ons onsself in die hawedorp, Tamatave aan die Ooskus. Hier was ons taak kerkplanting asook die opleiding van predikante en ander kerkleiers. Die deure was egter oop vir wie ook al opgelei wou word en het honderde by die opleiding gebaat".

**Onbereiktes bereik**

"Predikante is geleer om nie net oor sy eie klein groepie besorg te wees nie, maar aan Christus se laaste opdrag gehoorsaam te wees. Daarom is die bosse om Tamatave en verder ingevaar met die Evangelie aan mense, wat dit nog nooit gehoor het nie. Deur middel van die Woord, hulp van korttermynspanne, die Jesus-film en ander middele is duisende mense geëvangeliseer. 'n Paar jongmense het ook in daardie tyd vir tydperke van ses maande tot 'n jaar by ons kom woon en saamgewerk. Ons dank die Here ook vir hulle insette in ons lewe en bediening. Die gevolg van hierdie samewerking is dat meer as 50 nuwe kerke geplant is in die onherbergsame dele van die streek – sommige vyf tot ses dae te voet die berge in en deur riviere."

Marietjie vertel: "Daar het ek geleer dat as alles om jou vou en jy alleen is op 'n plek met drie klein kindertjies, net die Here uitkoms kan bring. Die Here het ons bewaar. Alhoewel Jan, ek en Madeleine 'n paar keer baie naby die dood was a.g.v. malaria en maagkoors het die twee seuns wonderbaarlik dit ontkom. In 'n omgewing waar talle om ons gesterf het van malaria kan dit net as werk van God beskou word. Die Here het ons in SY hand gehou".

In hierdie tyd het die kerk onder die vaandel van Aksie 1:8 'n groter rol begin speel en jaarliks daarheen uitgereik. Ons dank die Here daarvoor asook die plek wat Goudrifgemeente onder leiding van wyle ds. Johann Tolken begin inneem het.

**Sendingsiklus voltooi**

"In 1999 is die werk, waarvoor ons na Madagaskar gestuur is, afgehandel. Die kerkleiers kan nou self die werk doen. Ons besef dat ons nou elders moet gaan werk. Ons kon daar bly en 'n soort van afhanklikheid van buite die land kweek. Dit was nie die doel nie. Dit was nie lekker om te gaan, terwyl die Here so seën nie, maar einde Junie 1999 neem ons afskeid van Madagaskar. Het ons hulle net so aan hulle lot oorgelaat? Nee. Hulle was leraars van 'n gevestigde inheemse kerk en ander medewerkers van Madagaskar en vanuit Suid-Afrika het 'n oog op hulle gehou en hulle aangemoedig. Ons dank die Here vir hulle".

In hierdie bedieningstyd is een leier geïdentifiseer, by name Victor, wat ds. Jan na die Here gelei, gedissipeleer en toegerus het, om die bediening voort te sit. Deur kortuitreike is hy geleidelik gelei en is hy tot vandag toe aan die hoof van die werk met die mobiele opleiding van kerkleiers in plaaslike kerke.

Na 'n tyd van gebed en soek na die wil van die Here met betrekking tot die pad vorentoe was hulle oortuig daarvan dat Hy hul in Frankryk wil gebruik. In 1999 sluit hulle by Operasie Mobilisasie aan.

**Operasie Mobilisasie (OM)**

Operasie Mobilisasie is 'n internasionale sendingorganisasie wat in 1957 gestig is. OM werk vandag met ongeveer 3000 sendelinge in meer as 80 lande en bring so die Evangelie letterlik na miljoene elke jaar.

OM se rol in die liggaam van Christus is om lewende gemeenskappe van Jesus-volgelinge onder die minsbereikte mense te sien tot stand kom. "We want to see vibrant communities of Jesus followers among the least reached." OM werk in lande in Oos-, Sentraal- en Wes-Europa, Noord-Afrika, die Midde-Ooste en Asië.

In hierdie evangelisasieproses word gebruik gemaak van onder meer deur-tot-deurwerk, vriendskapsevangelisasie, teater, tekenbord, mimiek, video ens. Kerke word geplant en literatuur word op groot skaal versprei. Tentmakerbediening is ook aan die orde. OM se twee skepe, die Logos Hope en Doulos Hope, is drywende boekwinkels, wat by die onmoontlikste plekke en hawens inkom om die evangelie te versprei. Honderde mense word jaarliks opgelei om by kort- of langtermynsending betrokke te raak.

**Vervolg op bl. 8**




# Ds. Jan en Marietjie Coetzer

Vervolg van bl. 7

**Frankryk**
OM Frankryk werk hoofsaaklik in twee sentra naamlik Parys, waar die hoofkantoor gesetel is, en in die Pays de Loire. Hierdie gebied is een van die mees ongeëvangeliseerde dele van Frankryk. Nantes val binne hierdie gebied. Buiten die verskeie langtermynsendelinge is daar ook verskeie korttermynwerkers wat help om die Franse te bereik op verskillende maniere. In die afgelope jare het OM gehelp met die plant van 'n dertigtal nuwe gemeentes.

Opdrag en Doelwit vir Frankryk
Jan se werk het aanvanklik behels om aan die span in Parys leiding te gee, te help met die organiseer van gereëlde getuienisaksies, skakeling met die Franse kerk om haar te mobiliseer vir evangelisasie, plaaslik sowel as internasionaal.

Met die ondersteuning van die plaaslike raad van OM Frankryk begin die Coetzers ook met die voorbereiding van 'n span om die twee miljoen Moslems van die Parysstreek te evangeliseer. Na twee jaar se voorbereidingswerk daag die eerste twee dames op in Januarie 2004 om met die werk te help. Later het nog talle ander by die span kom aansluit.

Marietjie vertel: "Daar is met geletterdheidsklasse begin en die Here help gehelp dat vroue Frans kan leer lees en skryf met die Bybel as handboek. Hy het ons idees gegee en kon ons 'n kurrikulum saamstel wat vandag nog gebruik word in kerke om uit te reik na Moslems en ander gelowe met die Evangelie. Daar is letterlik honderde vroue die klasse wat ons op verskillende punte begin aanbied het, deurloop. Die Here het mense in plek geplaas om oor te neem en kon daar aangegaan word met 'n geruste hart."

Met die hulp van talle medewerkers van oor die wêreld is derduisende Nuwe Testamente en ander literatuur ook in die hande van Moslems geplaas en talle gesprekke gevoer word. Ons ideaal is om 'n kerk onder hierdie deel van die bevolking te plant.

Na twee jaar in Frankryk is Jan in 2003 aangestel as direkteur van OM Frankryk en moes hy ook nou al die verantwoordelikheid wat daarmee saamgaan dra. Gelukkig is hy geseën met 'n gesin en span wat hom hierin ondersteun. Sonder gebed kon dit nie. As gevolg van die getuienis van die Coetzerkinders kon van hulle vriende al by die Here uitkom!

Na agt jaar in die pos, tree Jan as direkteur uit om plek te maak vir ander. Hulle is toe weg uit Parys. Hul drie kinders het op daardie stadium almal klaar studeer en hulleself op verskillende plekke oor die wêreld bevind.

**Toulouse**
Hulle word toe na Toulouse, in die suidweste van Frankryk gelei na 'n versoek van die Toulouse International Church om uit te help as predikantspaar tot hulle 'n nuwe een kry. Die beplande nege maande het toe vier jaar geword.

"In daardie tyd het ons betrokke geraak met vlugtelinge asook nuwe kerkplantings in Castres en Empalot. Marietjie het weer met taalklasse begin en talle immigrante en andere het dit bygewoon".


**Castelnaudary**
"In 2019 beroep 'n Franse gemeente in Castelnaudary ons met 'n kontrak van drie jaar. Dit was ook in die Covidtyd en moes ons aanpas by aanlyndienste ens. Marietjie het weer eens na die vroue uitgereik en ook Sondagskool aangebied, waar die Here besonderlik geseën het".
"In 2021 keer ons weer terug na Parys om te help met opleiding van nuwe en potensiële sendelinge by OM asook by 'n kleiner plaaslike organisasie in Parys, EPI, saam met wie ons in die groot stad se strate die Evangelie versprei het".
'n Nuwe werk onder die Moslems in Montreuil, 'n voorstad van Parys, word geïnisieer in samewerking met 'n plaaslike gemeente. Die werk gaan onverpoosd voort.
Veritas
Gedurende hierdie tyd raak Jan betrokke by Veritas Kollege Internasionaal wat bestaande en potensiële leiers in plaaslike gemeentes oplei in die verstaan en praktiese toepassing van die Skrif in ons daaglikse lewe en om op ons beurt weer ander op te lei.

"Ons het na jare se samewerking van die klein Chinese gemeente in Collegien afskeid geneem. Hulle is in die proses om in te skakel by 'n ander denominasie na die afsterwe van hulle predikant, Pastor Jonathan. Bid asb. dat dit vir hulle stabiliteit en vastigheid sal gee".
"Sedert 2006 is Marietjie betrokke by die Christen Vrouebeweging in Frankryk en was verantwoordelik vir

opleiding en toerusting vir vroue in die Woord, Berading ens."

**Terug in SA na 40 jaar**
"Sowat 'n jaar gelede het ons besluit om terug te keer na Suid-Afrika na 40 jaar. Ons kon lankal Franse nasionaliteit verwerf het en so ook Amerikaanse papiere. Dit was nie die pad wat die Here vir nou aangedui het nie. Hier in SA is ook blindes en gevangenes in kerkers wat roep na bevryding. Uit alle oorde roep hulle".
"En nou is ons terug in SA om saam met Aksie 1:8 en die SSK te werk en ook voort te gaan met Veritas in Frankryk en in Franssprekende Afrika".
"Bid asseblief saam met ons vir die laaste pylvak om in Sy voetspore en Sy opdrag te bly om hulle oë te open, dat hulle hul van die duisternis tot die lig kan bekeer en van die mag van die Satan tot God"... Wie is U, Here?' vra ek toe. 'Ek is Jesus,' sê die Here. 'Dit is vir My wat jy vervolg. Maar, staan regop. Ek het aan jou verskyn om jou as my dienaar aan te stel. Jy moet getuie wees van wat jy van My gesien het en van wat Ek jou nog sal laat sien. Ek sal jou beskerm teen die volk en teen die heidennasies na wie toe Ek jou stuur. Jy moet hulle oë oopmaak sodat hulle hul van die duisternis tot die lig en van die mag van die Satan tot God kan bekeer. Deur in My te glo, sal hulle sondes vergewe word en sal hulle deel word van die volk van God."

Bid steeds vir Frankryk met 'n populasie van 66,4 miljoen. Hulle bestaan uit verskillende geloofsoortuigings:
Katolisisme: 47%
Islam: 8%
Protestant: 3%


Photo by Louis:www.pexels.com/photo/low-angle-photo-of-eiffel-tower-1530259/

Boeddhisme: 2%
Judaïsme: 1%
Christen Ortodoks : 1%
Ander: : 1%
Een derde van die gepeildes (33%) antwoord - niks/geen

Dis baie moeilik om akkurate Franse godsdiensstatistieke te vind aangesien dit nooit statisties iewers genoem of opgeneem word as gevolg van die skeiding tussen staat en kerk. Goeie nuus is dat die klein evangeliese komponent vinnig groei. Bid vir die verlorenes asook die Christene in daardie land.

Hierdie artikel is 'n samevatting van die Here se goedheid, Sy getrouheid en die feit dat God Homself oor meer as 40 jaar op menige wyse getoon het as betroubaar en 'n ware Helper in tyd van benoudheid. Saam met die Psalmis roep ons uit: Nie aan ons, o Here, nie aan ons, maar aan U Naam gee eer, om goedertierenheid, om u trou ontwil. Ps. 115.
Ook met groot dankbaarheid vir elkeen wat oor die jare heen gebid, gestuur, bemoedig en ook bygedra het en die pad saam geloop het. Kontak gerus ds. Jan Coetzer by 079 750 3970 of jancfrankryk@gmail.com.

# Wat het van ons foto's geword?

Ek besef dat op 'n gereëlde basis mag die vraag hierbo by gereelde lesers van die Kerkblad op duik en dan verseker met rede omdat daar by tye 'n magdom foto's saam met artikels na die Redaksie gestuur word. Terwyl dit alles waar is, is daar tog 'n baie belangrike saak wat maklik vergeet mag word.

In eenvoudige terme gaan dit oor twee besondere aspekte. Die eerste is plek in die kerkblad, en die Redaksie poog om 'n gebalanseerde raamwerk te volg met goeie opbouende leesstof aan die eenkant en ook Kerknuus en iets vir elkeen van die lesers in die groter EG Kerk. Die tweede aspek is kwaliteit van verskafde foto's; dit is hier wat 'n groot probleem ontstaan. Foto's wat op WhatsApp werk en op Facebook goed lyk, is nét nie geskik vir drukwerk nie. Dit, omdat drukwerk van die Kerkblad geskied teen 400dpi, en WhatsApp dit verklein foto's na onbruikbare grotes wat dit drukbaar maak tot die grote van 'n R5 stuk in die Kerkblad.

Nou, ek besef dat hierdie tegniese punt vir die meeste van u net nie sin maak nie. Vir hierdie rede nooi ek, Riaan Britz, wat die uitleg van die Kerkblad behartig en ook die meeste kere foto's afwys, om my te skakel en dan met my te gesels om vir ons die beste moontlike foto's, selfs van u selfoon af aan my te stuur.
Dit is ongelukkig 'n tegniese proses en verg dan ook 'n bietjie insig. Ek sal selfs aanbeveel dat die ouere van dae, dit oorweeg om hulle hoërskoolouderdom-kleinkind byderhand te hê wanneer u my skakel. Tog wil ek u verseker, dat indien u die proses eenmaal stadig en sorgvuldig gedoen het, sal u verstaan wat die verskil is.

Neem vrymoedigheid en skakel my vir hulp in hierdie verband. Indien, u onseker voel kan u ook die Redakteur skakel om self foto's te neem in en rondom Pretoria en sal dit dan verseker dat die foto's uit die staanspoor korrek is en reeds vir die kerkblad gereed sal wees.

**Riaan Britz**
**Redaksielid**
**082 969 3089**

# Missions-Expo 2025

Tygerberggemeente het hierdie jaar die 8ste Missions-Expo van die Kaapse been op 12 en 13 September 2025 aangebied – 'n samekoms van 25 sendingorganisasies wat oor twee dae uitstal en besoekers verwelkom om te kom sien en hoor hoe die Here besig is om te werk regoor die wêreld. Die Pretoria-uitstalling was reeds op 6 September 2025 aangebied by Wonderboomgemeente.

Die hartklop en hele visie van die Missions-Expo is en bly sendingwerk onder onbereiktes – mensegroepe met min of geen toegang tot die Evangelie, die Bybel, of 'n Kerk nie.

Om ons te help om 'n beter prentjie te skets oor wat dit behels om sendingwerk te doen onder so 'n onbereikte volksgroep, gesels ons met Maggie en Iwan Boersma. Hulle woon met hulle vier kinders, in die woude van Papua, Indonesië.

### Onder watter mensegroep werk julle?

Maggie: "Die Fayu-sprekende mense – 'n stamgroep mense in Papua, Indonesië. Ons stam word die Sehudatemense genoem."

### Watter taal praat hierdie mensegroep en kan julle die taal praat of gebruik julle tolke?

Maggie: "Die stamtaal is Fayu. Ons kan al gedeeltelik Fayu praat. Die algemene taal van Indonesië is 'Bahasa Indonesia' en daarin is ons al redelik vlot. Die jonger mense in die stam kan tot 'n mate kommunikeer in die taal en dus kan ons kommunikeer met 'n mengsel van 'Bahasa Indonesia' en Fayu."

### Wat is die grootste taak waarmee julle daar besig is?

Iwan: "Ek leer die taal en kultuur aan om die Kronologiese Bybellesse van Vaste Fondasies in Fayu te kan vertaal en dan die mense dit te leer."

Maggie: "Ek gee Sondagskool en help met mediese werk."

### Hoe lyk 'n tipiese week in julle lewe in die bos?

Maggie: "'n Groot deel van my tyd gaan in om ons kinders te tuisonderrig en natuurlik seker te maak almal se magies is gevul en het skoon klere aan hul lyfies. Daarnaas leer ek ook twee of drie kere per week Fayu aan, doen twee keer per week mediese hulp en Sondagoggend Sondagskool."

"So min of meer 06:00 opstaan, koffie drink, soms gaan draf. Stiltetyd, pap maak en huistakies. Om 07:30 is dit ontbyt, dan 08:00 skool tot 12:30. Dan middagete, swem in die rivier, klein bietjie rus en dan van 14:00 of 14:30 brood bak, daarna taalles/ kinderaktiwiteit soos musiekles, van 16:00 tot 17:30 mediese hulp twee keer per week. Aandete is om 18:00 en daarna kinders bad en bedtyd..."

"Bygesê, hierdie is min of meer ons roetine, maar die hoeveelheid mense wat by ons deur aanklop om piesangs te ruil vir sout of seep of vir 'n pleister kom vra of kla van tandpyn kan ek nie hier opskryf nie, maar dit is BAIE gereeld, enige tyd van die dag of nag of week."



Iwan: "'n Groot deel van my tyd word nog spandeer aan taalleer. Soms gaan ek uit na die manne se huise en doen stories, leer nuwe woorde ens. Soms kry ek 'n taalhelper om by die huis saam met my te werk op die rekenaar en sommige dae werk ek aan geestelike sleutelterme. Ek kon al amper 10 Bybellesse oorskryf in Fayu. Verder werk ek ook drie dae per week aan die bou van 'n landingstrook. Dan sal ek byvoorbeeld 08:30 in die oggend begin met taal tot 12:30. Na middagete en swem en bietjie rus, werk ek dan van 14:00 tot 18:00 aan die landingstrook. Vrydae doen ek praktiese werk aan die huis, instandhouding ens. Saterdae probeer ons bietjie rus en Sondae is ons betrokke by die kerk en middae het ons ons eie tydjie van saam kom, sing, bid en preek luister."

### Wat maak die Fayu-mense 'n onbereikte mensegroep?

Iwan: "Hulle taal is ongeskrewe en daar is geen Bybelse literatuur in hulle taal nie. Daar word kerk gehou in 'Bahasa Indonesia', maar dit is tans 'n erge vermenging van animistiese gebruike en Christelike terme."

Hoe kom julle by hierdie mensegroep uit?

Maggie: "Die een manier is om per boot te reis, twee dae, eers kuslangs en dan nege ure rivier op. Of die ander manier is met 'n helikopter. Vroeër het die amfibiese vliegtuig wat op water kan land by ons geland, maar is tans nie meer beskikbaar nie."

### Wat is julle grootste uitdagings?

Iwan: "Die papier is te min."

Maggie: "Die logistiek aan ons bediening is altyd 'n uitdaging. Om elke drie na vier maande dorp toe te kom en om seker te maak mens koop genoeg voorraad – van ALLES wat jy dalk mag nodig hê. Om alleen te wees as Westerling onder 'n groep mense wat so 'n ander kultuur het as jy. Wysheid om die mense goed te hanteer. Hulle mentaliteit van net wil ontvang – wanneer om te help en wanneer om nee te sê. Nie fisies deel te kan wees van 'n gemeente nie. Al gaan ons Sondag kerk toe is dit geen egte kerk nie. So om geestelik vars te bly met die Here."

# Onderhoud met sendelinge wat onder onbereiktes werk

**Wat mis julle en julle kinders die meeste van Suid-Afrika wanneer julle lank weg is?**
Maggie: "Ons mense, familie en vriende, veral met spesiale tye. Veral ook geestelike gemeenskap met mense wat jou verstaan, ook seisoene. Winter en om nie uit te staan nie."
Iwan: "Biltong en boerewors. Skoonheid. Dinge wat skoon en netjies is en funksioneer."

**Ons weet die Here doen die werk in mense se harte en Hy bou Sy kerk. Tog is ons Sy instrumente om dit te doen. As julle die dag klaar sou wees met die werk wat die Here vir julle gegee het om daar te doen, wat sou julle die graagste wou bereik het onder hierdie mense?**
"Dat daar ware wedergebore gelowiges sal wees wat toegerus is om die evangelie weer met hul eie mense te kan deel en wat ook die begeerte sal hê om dit te doen. Ook dat daar soveel as moontlik van die Bybel in hul taal sal wees, al is dit mondelings. En dat daar 'n Bybelgefundeerde Kerk sal wees. Al is dit hoe eenvoudig."

**Watter metodes gebruik julle om die Bybel en die Evangelie effektief met die mense te deel?**
Iwan: "Ons oortuiging is dat dit nodig is dat die Bybel sistematies en so deeglik as moontlik geleer moet word en om die fondasie van animisme (opvatting dat alles in die natuur 'n siel het) af te breek. Dus is die plan om stelselmatig die Bybellesse aan te bied, sodra ons vlot genoeg is in die taal. Ons voel ook deur die mense te bedien met mediese hulp en ander metodes, en om ook net prakties Jesus se liefde uit te leef en verhoudings te bou, is wat werk om hul vertroue te wen."

**Op watter maniere kan mense hier in Suid-Afrika betrokke wees met die werk wat julle daar doen?**
Maggie: "Eerstens om vir ons te bid.




Ons stuur so elke drie weke 'n gebedsopdatering uit via WhatsApp om mense op hoogte te hou van hoe hulle kan bid en wat aangaan in ons lewens. Dan af en toe 'n WhatsApp te stuur om te hoor hoe dit gaan is soooo bemoedigend. Finansiële bydraes maak dit vir ons prakties moontlik om hier te kan wees. Ons waardeer enige en al drie van die bogenoemde maniere ontsettend. Mense kan natuurlik ook vir ons kom kuier."
Maggie en Iwan en hulle kinders is een van vele Suid-Afrikaanse gesinne wat hulle lewens ingerig het om onder onbereiktes te werk. Daar is nog soveel mensegroepe, nes die Fayu-mense, wat hulpbronne en opleiding nodig het, 'n Bybel in hulle eie taal.
Daar is ook eerstewêreldlande waar die prentjie heel anders as die woude van Indonesië lyk – moderne stede met al die geriewe waaraan ons gewoond is, maar met geen Evangeliese kerk nie, of met baie teenkanting vir die Evangelie. Die nood is daar net so groot.
Al die verskillende plekke en maniere om betrokke te kan wees, is so duidelik elke jaar te sien by die Missions-Expo. Besoek die expo se webblad by www.missions-expo.co.za om meer te leer oor sendingwerk onder onbereiktes, oor die organisasies wat passievol is om juis onder onbereiktes te werk, en om te kyk hoe jy betrokke kan raak om sendelinge te ondersteun wat reeds daar werk, of om self te gaan as die Here jou stuur.

Maggie het my onlangs herinner aan die woorde van C.S. Lewis: *"Human history is the long terrible story of man trying to find something other than God which will make him happy."* Mag ook ons harte en dade brandend wees om verlore en soekende siele te wys na die enigste Een wat hulle kan red.





# Die profetiese W Wederkoms van

Nou liewe vriende, alhoewel die profetiese woord vir ons die lamp vir ons voete is, is daar wel 'n eienaardige ding wat plaasgevind het. 'n Groot verwarring. Daar is uiters baie sieninge oor baie dinge met betrekking tot die wederkoms van Jesus en daar is ook baie name wat vir verskeie groepe en sieninge gegee is, waarmee ek u nie in hierdie gedagte sal bemoei nie. Die effek wat hierdie verskillende sieninge op die kinders van God het of baie mense wat soekend is, het, is geensins goed nie. Vele vra in hulle gemoedere: Maar wat is die regte siening? Wat is nou die waarheid?

Die waarheid is, daar kan net een waarheid wees! En hierdie beginsel moet die vertrekpunt wees vir elkeen wat die lig van die laaste dae soek. Daar is nie verskillende ligte nie, daar is net die Een!

Die verskillende sieninge skep verwarring en met hierdie verwarring is dit nie moontlik om die pad te vind in die laaste dae nie. Verwarring veroorsaak dat iemand nie weet wat volgende sal gebeur nie, of laat iemand dink iets sal volgende gebeur of het al gebeur, terwyl dit nie so sal wees nie (misleiding), of dit kan veroorsaak dat mense reken hulle stel hulle nie meer oop vir verwarring nie en wil nie meer tyd daaraan spandeer nie; stel nie meer belang nie. In alle gevalle word die negatiewe doel bereik dat **2 Pet. 1:19** ***"En ons het die profetiese woord wat baie vas is, waarop julle tog moet ag gee soos op 'n lamp wat in 'n donker plek skyn, totdat die dag aanbreek en die môrester opgaan in julle harte"*** nie uitgeleef word nie.

Daar is drie hoofredes waarom daar verskillende sieninge is:

1.1. Die Heilige Gees ontbreek by vele wat die interpretasie van die profetiese Woord aanpak.

1.2. Die regte / gesonde hermeneutiese (Skrif interpretasie metode en reëls) word nie biddend of glad nie toegepas nie.

1.3. Die duiwel skep valse leringe deur mense wat nie die Here wil ken nie.

Daar kan vele meer wees, die vraag is egter, wie se lig vir die laaste dae moet ons gebruik?

Petrus gee die antwoord verder in **2 Pet. 1:20-21** waar hy die gelowiges leer **20** ***terwyl julle veral dít moet weet, dat geen profesie van die Skrif 'n saak van eie uitlegging is nie; 21 want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie, maar, deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek.***

In dieselfde tyd wat die gelowiges hulle moes beywer het om ag te slaan op die profetiese woord, moes hulle een belangrike saak verstaan en in hulle harte vasgemaak het, sodat dit hulle sou lei in die gesonde / korrekte interpretasie en verstaan van die profetiese woord wat vir hulle 'n lig moes wees.

Hy leer hulle dat die profetiese Woord "uitgelê" moet word, maar dat hierdie uitlegging nie 'n "eie uitlegging" moet wees nie. "Uitlegging" is die daad / proses van om iets verborge te verklaar / verduidelik (helder maak, oop breek) deur dit verder te beskryf of relevant feite / idees te deel. Uitlegging is veronderstel om die oorspronklike bedoeling van die skrywer en betekenis van die profesie te openbaar. Uitlegging moet die bedoeling en betekenis van die profesie bekend maak. Wat Petrus die gelowiges aangespoor het om te weet is dat hierdie uitlegging van die profetiese Woord nie 'n saak van "eie uitlegging" moet wees nie. Dit wil sê 'n uitlegging wat die duidelike eienskappe dra van die "self" en in skrille kontras staan met hoe die skrywer dit bedoel het. Profetiese verklarings en betekenisse wat spreek van "hoe ek dit wil hê" of hoe dit met "my" strook. Ons moet weet dat terwyl ons verseker moet ag slaan op die profetiese Woord, sal ons inderdaad dit moet interpreteer en sal ons dit inderdaad moet uitlê om dit te kan interpreteer, maar die uitlegging is nie ons eie nie. By, in en deur homself moet niemand die uitlegging aanpak nie.

Die rede waarom Petrus hulle hierteen gewaarsku het, het hy ook bekend gemaak, nl. **2 Pet. 1:21** ***want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie, maar, deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek.***

Uit hierdie sien ons die oorspronge van die profetiese Woord. Die Heilige Gees is die een wat die profetiese woord, die lig vir die laaste dae, neer laat pen het. Ons sien ook die kontras of teenkant wat die Heilige Gees deur Petrus vir die gelowiges kom toon het, nl. "deur die wil van die mens"

Die profetiese Woord is deur die "wil van die Heilige Gees" voortgebring en nie deur "die wil van die mens" nie. Om dit reg te gekry het, het Hy heilige manne daarvoor gebruik.

Hierin vind ons die sleutel, glo ek, om profetiese Woord reg uit te lê en te verstaan. Godgewerkte heiligheid. Manne en vroue wat hulleself verloën, hulle kruis opneem en Jesus volg kan nie anders as om heilig te wees en te word nie. Hulle verloën die wêreld, verloën die vleeslike begeertes, verloën die sondige self waaruit ongesonde en verkeerde uitleggings van die profetiese skrifte kom en word vervul met die Heilige Gees al meer en meer en dieper en meer konstant (**Rom. 12:1-3**) en dit stel hulle in

# Voord van "Die Jesus Christus"

staat om wat die Heilige Gees hulle leer God se wil is met betrekking tot die laaste dae, te verstaan.

Daarom is daar soveel sieninge. Daar is verskeie mense se "eie" interpretasie, wat kulmineer tot vele interpretasies.

**2 Pet. 2:1 "*Maar daar was ook valse profete onder die volk, net soos daar onder julle valse leraars sal wees wat verderflike ketterye heimlik sal invoer, en ook die Here wat hulle gekoop het, verloën en 'n vinnige verderf oor hulleself bring"***
Deur hierdie lering kom maak Jesus dit vir ons baie maklik. Daar is twee strominge van sieninge wanneer dit kom by die profetiese woord die lig van die laaste dae, nl.:
1.4. die stroom van "eie uitleg" (wat vol is van eienskappe van die self – wat die self van die sondige mens wil hê en nie wat Christus / God in Jesus wil hê nie)
1.5. die stroom van "Heilige Gees uitleg"

Die laasgenoemde is 'n dun stroompie, 'n stroompie wat min vind. Waarom? Want min is daar wat die nou pad vind, het Jesus geleer en min is daar wat daardeur ingaan (**Matt. 7:14**). As iemand nie deur die nou pad ingegaan het nie, het hulle nog nie die Heilige Gees ontvang nie, en sal daar uit die aard van die saak "eie" uitleg plaasvind.

Die verligting van die Heilige Gees is die werking van die Gees en Sy ondersteuning in die verstaan van die profetiese woord is, ek glo, afhangend van iemand se verhouding en vertroue met Hom. Hy is 'n Persoon in die drie-eenheid. Hy kan bedroef word (**Ef. 4:30**) en geblus word (**1 Thess. 5:19-20**) en mens kan aan Hom ongehoorsaam wees deurdat hulle nog hulle eie of vleeslike wil verkies. Onder hierdie omstandigede kan dit ook wees dat daar "eie" uitlegte na vore kom. Dis nie altyd dat mense nog nie gered is dat hulle "eie" uitlegte na vore bring nie.

Die punt van die saak is dit – ons het nodig, om, as ons die lig van die laaste dae wil gebruik, die "Heilige Gees uitleg" te ontdek in so ver Hy dit nodig ag om aan ons deur die profeties Woord die pad te wys volgens wat Hy goed weet ons in ons tydstip in die laaste dae, nodig het. En as ons verlang om lig op ons pad te hê, moet ons die heiligmaking volbring (**2 Kor. 7:1**) en ook soos wat Petrus dit in 2 Pet 3 leer:
**2 Pet. 3:11-14** "***Terwyl al hierdie dinge dan vergaan, hoedanig moet julle nie wees in heilige wandel en godsvrug nie? — 12 julle wat die koms van die dag van God verwag en verhaas, waardeur die hemele deur vuur sal vergaan en die elemente sal brand en versmelt. 13 Maar ons verwag volgens sy belofte nuwe hemele en 'n nuwe aarde waarin geregtigheid woon. 14 Daarom, geliefdes, terwyl julle hierdie dinge verwag, beywer julle dat julle vlekkeloos en onberispelik voor Hom bevind mag word in vrede."***

Laat ons dan met erns ons verhouding met die Heilige Gees gesond kry en hou, Hom vertrou in gebed om ons te toon alles wat ons doen, begeer en praat wat Hom bedroef en blus; alles waarin ons ongehoorsaam is. Of minstens, alles wat Hy goed vind hanteer moet word ten einde ons die ondersteuning en verligting te gee om die profetiese woord te kan verklaar en interpreteer sodat dit Sy lig is, en nie ons eie of die duiwel sin nie.

**1 Joh. 2:27** "***En die salwing wat julle van Hom ontvang het, bly in julle, en julle het nie nodig dat iemand julle leer nie; maar soos dieselfde salwing julle aangaande alles leer, so is dit ook waar en geen leuen nie; en soos dié julle geleer het, so moet julle in Hom bly."***
Hy is die Gees van die waarheid, daar is net een waarheid wanneer dit kom by die leer aangaande die laaste dae, daar kan nie twee of meer wees nie. Mag die Here Jesus deur die Heilige Gees ons genadig wees om Sy lig vir die laaste dae te ontdek uit die profetiese Woord, en daarin weg te beweeg van die breë stroom van "eie" of "duiwelse" uitlegte wat net verwarring en nog meer duisternis veroorsaak.

**Ds. Rudolf Fourie**
**Volksrust**



# SILWER JEUG AKSIE KONFERENSIE – 2025

Dit is Maandagoggend, 1 September 2025, en ons is hard besig om te pak vir die 2025 Silwerjeugkonferensie, ons jaarlikse hoogtepunt! So gaan dit seker ook in baie ander huise, waar mense op pad is na hierdie heuglike geleentheid. Sommige het reeds oor die naweek in hul tente en woonwaens ingeburger en wag vir ons by Edenbosveld!
Alhoewel registrasie eers om 16:00 was, wou ons bietjie vroeër daar wees om middagete saam met vriende te kon geniet en solank 'n bietjie te kuier.

Met meer as 120 konferensiegangers wat opgedaag het, was die bywoning van die konferensie weer eens iets om op trots te wees. Ongelukkig het daar ook 'n paar mense by die konferensie siek geword en moes in die bed bly. Dit het egter ook sy "voordeel" gehad, want toe kon ons sien hoe behulpsaam ons mensies was. Daar is kos, koffie/tee, water en bo alles liefde en goeie wense aan die siekes en hul gades aangedra. Dis mos hoe Christenmense is!

Van kos gepraat – nie net die geestelike sy van die konferensiegangers word gevoed nie, maar ook die liggaamlike of moet ek sê die tydelike. Al die etes was hierdie jaar soos elke ander jaar van uitstaande gehalte. Dankie aan die SJA takke van Nigel, Kriel en Wonderboom wat die maaltye voorsien en opgedis het. Dit was heerlik en voortreflik. Dankie ook aan Annetjie Lehman vir haar bystand en organisasie. Julle is almal staatmakers. Ons het "DIK" vriende uitmekaar gegaan.

Dan natuurlik, was die belangrikste by die konferensie, die geestelike voedsel. In dae opsig was die konferensie weer eens 'n belewenis. Die mense wat vir die eerste keer daar was, kon nie glo hoe sielsverkwikkend dit is en was nie. Ons gaan elke jaar na die konferensie om deur God se Woord gevoed te word en dit kry ons in oorvloed.

Die boodskappe en heerlike samesang – hoe lekker is dit nie om God te loof deur gesang en lofprysing nie. Dink maar net aan liedere, soos hieronder, wat amper alles sê:

DAAR IS KRAG, KRAG, WONDERWERKEND KRAG IN DIE BLOED, VAN DIE LAM . . .
of KOM LOOF NOU ALMAL GOD, MET HART EN MOND EN HANDE . . . en wat van ons Silwerjeuglied O, daar kom 'n heerlike dag, waar geen hartseer meer sal wees, en geen wolke in die lug, ook geen trane en gesug . . . Wat 'n heerlik wonderdag sal dit wees.

Dankie aan almal wat gehelp het om die voorsang 'n belewenis te maak.
Dankie aan mev. Bettie van Rensburg vir die pragtige orrel- en klavierbegeleiding.
Dankie aan Naas, wat 'n paar ekstra grys hare bygekry het, vir die hantering van die klank.
Hierdie jaar se sprekers was di. Gert Coetzer (em.), Danie van Rensburg (em.) en Johan Grobler.

**Maandagaand** se openingsdiens was gelei deur ds. Gert Coetzer, met die teksvers geneem uit **1 Thess. 1:14** en die tema wat gehandel oor Die Wegraping. Wanneer die Here, voor die groot verdrukking, sy kinders kom haal, gaan Hy nie afkom tot op die aarde nie. Nee, ons gaan Hom tegemoet gaan in die lug. Eers sal diegene wat in Christus gesterf het, uit die dood opstaan, en daarna sal ons wat nog lewe, saam met hulle in die wolke weggevoer word.

**Dinsdagoggend** se biduur was ook deur ds. Gert Coetzer gelei. Die skriflesing was uit **Jer. 20:7-18** en die tema was Geroep vir 'n doel. Ons is nie sommer net hier op aarde geplaas vir ons eie plesier nie. Elkeen van ons het 'n doel, 'n Godgegewe doel hier op aarde. Weet jy wat joune is?

Ds. Johan Grobler, van Wonderboomgemeente, het vir ons 'n reeks boodskappe gebring uit die boeke Prediker en Filippense.
**Boodskap 1:** Skrifgedeelte **Pred. 3:1–8,** met die tema: Alles verander.
Daar is 'n tyd en plek vir alles. So is daar 'n tyd vir bid. Het ons 'n bo-kamer waar ons Hom kan aanbid – 'n plek en tyd om in God se teenwoordigheid te wees? God se teenwoordigheid het nie verander nie.

**Boodskap 2:** Skrifgedeelte **Filip. 1:1-30** met die tema: Sleutels vir 'n oorwinningslewe.
Paulus het altyd eerste die fokus na Jesus Christus gedraai en nooit op homself nie. Ook het hy altyd gefokus op blydskap en die goeie wat daarmee saamgaan. God sal ook sorg dat die goeie werk wat Hy in ons begin het voleindig word. Paulus sê om te sterwe is 'n wins, maar om te lewe is vir hom Christus. Daar is nog werk om te doen.

**Boodskap 3:** Skrifgedeelte uit **Filip. 2:13-30** met die tema: Oproep tot diensbaarheid.
As God met jou werk, gebeur wonders in jou lewe. Bid vir die werk van God, ook in jou eie lewe. Onthou altyd: "Nie my wil nie, maar GOD SE WIL".

**Boodskap 4:** Skrifgedeelte uit **Filip. 3:1-4** met die tema: Die "Camino" van die lewe.
Die pad van geloof wat ons saam met

Jesus loop is 'n staptog van geloof. Loop altyd met 'n doel, want jy stap saam met Jesus. Die lewe is Christus en die dood is 'n wins. Waarin is jou wins opgesluit? Waar vind Jesus jou as Hy kom?

**Boodskap 5:** Skriflesing uit **Filip. 4:1-9** met die tema: Instaatstelling van jou lewe.
Leef soos God wil hê jy moet lewe. Wees altyd behulpsaam. God se antwoord is altyd te vinde in Sy Woord en is daar vir ons om te deel. Die wêreld moet altyd kan sien dat God in beheer is.

**Woensdagoggend** se biduur was deur Ds. Danie van Rensburg gelei. Die skriflesing was uit **Matt. 26:36-46** en die tema van boodskap het gehandel oor Jesus en Sy dissipels in Getsémané. Daar is vier groepe mense: Die eerste groot groep ken Hom nie en is buite die tuin en het geen verhouding met Jesus nie; die tweede groep van agt dissipels, is binne die tuin, maar het geen intieme verhouding met Jesus nie; die derde groep is die drie dissipels wat saam met Jesus ingaan tot naby waar Jesus bid en wat moet wag hou, hulle is vertrouelinge met 'n intieme verhouding met Jesus; en die vierde groep is Jesus alleen wat tot die Vader bid. Hy is deel van die Vader. By watter groep hoort jy?

Woensdag om 14:00 vergader en beplan ons bestuur en om 16:00 volg die jaarlikse algemene vergadering vol nuwe planne en 'n visie vir die volgende jaar.
Ds. Gert Coetzer het besluit om na 25 jaar se getroue diens uit te tree as President. Nadat die vorige jaar se notule goedgekeur is en die ander sake soos finansies afgehandel was, is daar oorgegaan tot die verkiesing van 'n nuwe hoofbestuur vir die SJA.

**Hoofbestuur 2025 – 2026**
Ons dank die Here vir elke een wat Hy saamgevoeg het op ons bestuur, en vertrou Hom vir instaatstelling vir hierdie verantwoordelikheid:
Ds. Danie Jansen van Rensburg (em.) (Krugersdorp) – President.
Ds. Johan Grobler (Wonderboom) – Hoofleier.
Jan Grobbelaar (Wonderboom) – Onderleier.
Annetjie Lehman (Nigel) – Randmeester.
Annette Venter (Pretoria-Oos) – Sekretaris.
Addisionele lede en Streekleiers: Henry Jacquire (Randfontein), Danie Oberholzer (Kriel), André Smuts (Kemptonpark), Martie Blignaut (Pretoria-Oos), Hannes Potgieter (Rietfontein) en Adri Wickens (Nylstroom).

Ons behou graag die uittredende bestuur as erelede van ons Silwerjeugbestuur:
Ds. (em.) Gert Coetzer (Nigel)
Wyle ds. Coenie Smit (Meyerton) – oorlede net na die konferensie op 12 September.
Willie Cooper (Brakpan)

Voor die afsluiting van die vergadering het die nuwe President die nodige bedankings gedoen, waarna die vergadering verdaag het.
Na die laaste boodskap wat gelei was deur die nuwe Hoofleier, ds. Johan Grobler, het almal begin huiswaarts keer, maar nie voordat Kriel se mense ons trakteer het met 'n lekker worsbroodjie-padkos nie.

Ten slotte moet ek ons eers twee van die belangrikste mense of werkers bedank vir al hul harde en toegewyde werk. Tydens die konferensie en ook te alle ander tye, gee hulle alles wat hulle het om die Edenterrein en alles wat daarmee saamgaan te onderhou. Hulle is natuurlik niemand anders as Hennie en Erika Bronkhorst nie. Welgedaan, julle is twee voorslagmense! Ons almal wat daar was is geestelik verryk – alle eer aan die Here.

ONS GOD IS GROOT EN ALMAGTIG, GOD VAN LIEFDE EN TROU!

**Hannes Potgieter**
**Rietfontein**



**Jan Grobbelaar – Wonderboom (Onderleier), Annetjie Lehman – Nigel (Randmeester), Danie Oberholzer – Kriel, Ds. Johan Grobler – Wonderboom (Hoofleier), Ds. Danie Jansen van Rensburg (em.) (President), Annette Venter – Pretoria-Oos (Sekretaris), Martie Blignaut – Pretoria-Oos, Adri Wickens – Nylstroom**

# Wat het van al die kinders geword?

**Tydens 'n reeks boodskappe oor Sorgstrukture en Sorgende Leierskap, aangebied deur Dr. Willem Kotzé (em.), DTH, het hy aanhalings uit sy pen geneem vanuit 'n artikel wat in die Kerkblad verskyn het in 1991. Met die nodige toestemming word die artikel graag herhaal.**

Ons landsomstandighede het die afgelope tyd radikaal verander. Ons beleef uiters onsekere tye. Die tipe van terreur wat vroeër op ons grense geheers het, heers nou hier rondom ons. Die lewe raak daagliks meer onseker en onveilig.

Wat meeste van ons mense egter nie besef nie en wat nie tot ons deurdring nie, is dat die blankes die afgelope meer as twintig jaar reeds stilweg uitgemoor word, terwyl meeste beleidmakers dit toejuig en aanmoedig. Die groot massa van ons mense voel ook uiters in hul skik en gelukkig met die toedrag van sake.

Tot in die vyftiger jare was daar algemene kommer oor die afname in geboortes, en wel tot die mate dat die drie groot kerke 'n jarelange en omvattende navorsing laat doen het oor die oorsake daarvan, wat gelei het tot die publikasie "Die Krimpende Kindertal" in 1958. In die tweede helfte van die eeu het daar egter 'n ommeswaai gekom wat hierdie saak betref. In 1951 het daar in die V.S.A. 'n bevolkingskontrolebeweging ontstaan met die loots van 'n veldtog om die gebruik van kontraseptiewe middels te bevorder. Dit was geloots deur die Bevolkingsraad, gefinansier deur die Rockefellerstigting en het later ook dan bekend geraak as die "Rockefeller Plan". Sedertdien het Amerikaners meer aan kontrasepsie spandeer as aan kankernavorsing.

Soos dit maar gaan, het hierdie gier oorgewaai na Suid-Afrika. 'n Oorbevolkingsobsessie het ontwikkel en dit het ontaard in 'n anti-lewe histerie, hoofsaaklik onder die blankes. Spoedig was kontrasepsie nie meer effektief genoeg nie, sodat sterilisasie die "in ding" geword het, met demografies dieselfde invloed as die dood self. Dit het reeds sulke afmetings aangeneem dat kundiges (wat uit die aard van die saak nie dieselfde publisiteit geniet nie) beweer dat ons grootste vyand nie hongersnood of epidemies of terroriste is nie, maar die toenemende onverantwoordbare sterilisasie van gesonde, jong vroue. Ons beleef 'n onherroeplike verlies van menselewens, 'n uitfasering van blankes in Suid-Afrika, 'n dreigende bevolkingsineenstorting, wat groter verliese as enige natuurramp kan meebring. Sterilisasie en ander vorms van reproduktiewe vandalisme onder jong Suid-Afrikaanse vroue hou die potensiaal van 'n demografiese katastrofe in. Saam met immoraliteit, aborsie, homoseksualiteit, die vrouevryheidsbeweging, kindermishandeling en -molestering, gebrek aan ouerliefde en ouerleiding, is dit besig om die huweliks- en gesinslewe te vermoor.

In die eerste deel van die artikel wil ek die toedrag in die RSA kortliks vir u voorhou. Sommige feite mag dalk skokkend wees. Ek hoop dat dit baie sal wakkerskud. In die tweede deel, wil ek u oproep tot 'n Christelike en Bybelse benadering en tot verantwoordelike ouerskap voor die aangesig van die Here. Waarskynlik sal sommiges nie hiervan hou nie. Dit gaan egter om te probeer bepaal wat die wil van God is.

Dit is uiteraard nie moontlik om alle feite te noem en op elke aspek genoegsaam uit te brei nie, gevolglik sal daar alleen maar na die belangrikste aspekte gekyk kan word.

## DIE TOEDRAG VAN SAKE IN DIE R.S.A.

### Die volk is gebreinspoel.

Dit gaan soos met die volk aan wie Jeremia moes uitroep in **Jer. 5:21:** ***Hoor dit tog, o dwase en verstandelose volk, wat oë het, maar nie sien nie; wat ore het, maar nie hoor nie!***

Dekades lank word ons volk, besonderlik die jonger mense, gebombardeer met propaganda waarin die algemene onbeheerste toename in getalle aan die groot klok gehang word, sonder om te vermeld dat die blankes reeds 'n negatiewe groeisyfer het. In propaganda word gewoonlik nie van wetenskaplik verantwoordbare redenasies gebruik gemaak nie, maar van doelbewus eensydig geselekteerde feite om 'n bepaalde standpunt te bevorder, terwyl objektiewe feite wat tot die teendeel spreek, doelbewus verswyg word. So word die massas mislei en verlei tot 'n bepaalde sienswyse. Teenargumente word nie toegelaat nie. Ek herinner my byvoorbeeld aan net een keer in die afgelope jare dat iemand toegelaat was in 'n debat op Netwerk wat positief gestaan het oor die toekoms teenoor die doemprofete se donkere oorbevolkingsobsessie.

Die samelewing is reeds so effektief gebreinspoel dat swangerskappe beskou word as iets onnatuurliks, iets soos 'n siekte, ja, selfs 'n skande. Die groter gesin word in 'n ongunstige lig gestel. Potensiële vaders en moeders word gemotiveer om nie kinders te hê nie. Die koms van 'n nuweling word vandag na die tweede kind nie meer met vreugde aangekondig nie, maar met 'n apologie. Daar moet as't ware by die mensdom verskoning gemaak word vir die onverantwoordelikheid om nog 'n ekstra lewe op die reeds oorvol aarde te kom

aflaai. As jy kan aanvoer dat dit 'n ongeluk was en nie so bedoel was nie, kan jy dalk hierdie keer oorgesien word! Sodra 'n gesin by die "normale" grote verbygroei, dan word daar agteraf gepraat dat die egpaar nie kennis dra van kontrasepsie nie, of dat dit teen hulle geloof is, of erger nog, hulle word beskou as agterlik.

Die winde van verandering wat lank reeds oor ons land gewaai het, het finaal beslag begin kry sedert 1971. In 1970 was daar slegs 500 gesinsbeplanningklinieke met 'n Staatsbegroting van R290,000-00. In 1971 word die begroting vergroot tot R1,340,000-00, en die klinieke neem toe tot 2045 in 1975. Terselfdertyd word dit in 1974 met die openingstoespraak in die parlement amptelike regeringsbeleid om geboortes te beperk. Voorts word dit van mediese personeel verwag om sterilisasie as 'n opsie, ja selfs as die onvermydelike, aan egpare voor te hou na die tweede of derde kind.

## Hoe kon dit gebeur?

In **Jeremia 8:9** sê die profeet aan die volk: ***Die slim mense kom in die skande, is verslae en verstrik. Kyk, hulle het die woord van die Here verwerp, en watter wysheid sou hulle hê?***

Ook ons volk het te slim geword om volgens Bybelse standaarde te leef. Omdat die Christelike etiek lank reeds besig was om vervang te word met 'n materialistiese filosofie, daarom het hierdie propaganda so suksesvol verloop. Tereg sê die Woord dat die volk ten gronde gaan weens 'n gebrek aan kennis.

Ons is reeds so materialisties dat 'n mens se lewe algemeen in monitêre terme gemeet word, en so ook met die kinders. Ouers se algemeenste verweer teen groter gesinne is dat dit nie meer bekostigbaar is nie. So ook met die staat. Vroeg in 1990 is in 'n TV program aangedui hoeveel miljoene Rande die regering aan onderwys gespaar het as gevolg van die honderde duisende kinders wat minder gebore is die afgelope jare. Ek wonder of die Departement van Finansies verlief neem daarmee dat, terwyl hulle poog om die belastingbasis te verbreed, die Departement van Gesondheid besig is om die belangrikste deel van die belastingbasis drasties in te kort.

Die geestelike sy van 'n lewe word misken. Of God 'n hervormer of leier aan die ouerpaar wil toevertrou om vir Hom groot te maak, ja selfs net of Hy deur hulle nog 'n lewe op aarde wil gee, word nie bedink nie, ook geen kans gelaat dat Hy sy wil kan laat geskied nie. Geen wonder dat talle ouers dan ook dink dat slegs dinge, materiële geskenke, kinders kan versadig nie. Die dinge wat God gee is nie van belang nie, slegs dit wat met geld gekoop kan word.

Deurdrenk van materialisme, sien die mensdom vandag dan ook die seksuele skeppingsdaad eensydig as 'n biologiese funksie. Dit is 'n saak waaroor die mens volledige en uitsluitlike kontrole het, totaal in eie hande en geen morele kode van buite of van bo kan op hom afgedwing word nie. God, die skepper van lewe, word totaal buite die prentjie gelaat. Die enigste waar Hy gewoonlik betrek word, is in verwyte wanneer dinge skeef geloop het. Ouers besluit heeltemal op hul eie hoeveel kinders, indien enige, hulle kan bekostig en dan "full stop!" God word hoegenaamd nie in die saak geken nie. Daar word gehandel soos voorgeskryf deur die breinspoelende propaganda in die samelewing. Mense besluit vandag oor 'n gesin soos oor die aankoop van 'n motor, of dit bekostig kan word al dan nie. In die "beplanning" word gewoonlik gekies vir verganklike dinge soos plesier en materiële besittings teenoor 'n kosbare menselewe wat nooit in aardse waardes gemeet kan word nie.

## Wat is die gevolge hiervan?

Met een woord: Volksmoord! Die wysste van alle mense het gesê: ***In die menigte van die volk lê die heerlikheid van die koning, maar in die gebrek aan mense die ondergang van die vors. Spr. 14:28.*** Dit is eienaardig dat vandag se "slim" mense dit net mooi teenoorgesteld beskou.

Eerstens word die reproduktiewe reservoir van die volk verwoes. Dit word ook die demografiese basis van 'n bevolking genoem. Die aantal vroue tussen 15 en 45, wat ongeveer 20% van die volk uitmaak, verklein drasties. Dit is die potensiële moeders van die volk waarsonder geen volk kan voortbestaan nie. (Hoewel die mediese wetenskap wel buite die baarmoeder bevrugting kan bewerkstellig, kan hulle nie die ontwikkeling van daardie lewe buite die baarmoeder laat plaasvind nie, nog minder die psigiese ontwikkeling voor die geboorte). Omdat al minder kinders gebore word, is daar eenvoudig minder vroue. Daar word na bewering reeds 'n derde minder dogtertjies gebore. Voorts verlaat talle vroue hierdie reservoir vroeg en onnatuurlik deur veral sterilisasie. Siele wat vir God op aarde kon lewe, word so verhoed om gebore te word. Dis so goed soos moord, hoewel sonder lyke. In die geval van aborsies is daar wel lyke, net sonder 'n begrafnis!

Ons beleef die krisis van die gesin met vermiste kinders as gevolg van antibaba indoktrinasie, steriliteit as gevolg van onoordeelkundig gebruikte beperkingsapparate, chemiese kontraseptiewe vergiftiging en gratis sterilisasies. Talle jong pare is deur chirurgie permanent steriel en die gemeenskap kinderloos.

## So 'n volk se toekoms is duister.

**Jesaja 8:20** ***Tot die wet en tot die getuienis! As hulle nie spreek volgens hierdie woord nie, is hulle 'n volk wat geen dageraad het nie.***

Uit bostaande volg dit logies dat die bevolking drasties moet afneem. Dit is alreeds verouderde statistiek dat die geboortesyfer in die geïndustrialiseerde lande met 50% in 13 jaar afgeneem het. Dit het betrekking op een kwart van die wêreldbevolking, op een derde van die wêreldoppervlak wat oor 85% van die tegnologie en kreatiwiteit van die wêreld beskik. McArthur skryf meer onlangs dat een derde van alle pare in die VSA permanent gesteriliseer is.

**Vervolg na bl. 18**

# Wat het van al die kinders geword?

Vervolg van bl. 18

Suid-Afrika staan in hierdie sake nie agter in die ry nie, maar het 'n paar jaar gelede reeds die agtste grootste geboortebeperkingsprogram in die wêreld gehad. As ons in aanmerking neem dat die propaganda hoofsaaklik die blanke kultuur as verwysingsraamwerk het en dus hoofsaaklik die blanke beïnvloed, kan dit dalk die grootste program onder 'n bepaalde volk in die wêreld wees. Die resultate dui baie sterk in daardie rigting.

Die Departement van Obstetrie van die Kaapstadse Universiteit se statistiek van 74-78 toon byvoorbeeld dat, terwyl swart geboortes in daardie tyd met 80% en Kleurlinge met 20% toegeneem het, blanke geboortes daar met 36% afgeneem het. Teen die middel van die tagtigerjare is reeds bereken, op grond van statistieke voor 1972 en na 1972, dat tot 900 000 blanke babas vermis is. Dit is nie lyke in hostelle in Soweto nie, ook nie slagoffers van 'n oorlog nie. Nee! Dit is leë huise, minder siele op aarde om God te verheerlik, uiteindelik ook minder tegnici, ingenieurs, argitekte, geskoolde mannekrag, wat ons land allermins kan bekostig, wat ons duur te staan gaan kom.

Waar daar 2,11 kinders per egpaar nodig is om 'n volk se getalle te handhaaf, het die blanke syfer reeds gedaal tot 'n ontstellende 1,76. Meer en meer skole sluit. In 1990 was daar net in Transvaal 3 000 minder kinders op skool is as die vorige jaar? Het u al gedink wat gaan word van die veiligheidsmagte? Met die ekonomie? Die blankes is tradisioneel die ruggraat van die ekonomie wat Eerste Wêreld lewensomstandighede geskep het, sowel as die meeste werksgeleenthede. Dit is ook die tradisionele Evangelisasiebasis in Suider-Afrika. U moet saamstem dat hierdie saak ernstiger gevolge inhou as enige terreuraanslag teen die land.
Raak dit u wat met die pad verbygaan? Dink na oor die gegewens sover, dan kyk ons volgende keer na wat die Bybel ons leer oor ouerskap.

## WAT IS DIE BYBELSE STANDPUNT?

Terug na die Bybel! Daar is ten minste vier beginsels wat ek graag aan u wil oordra.

### Kinders is 'n skeppingswonder van God.

Elke nuwe lewe is opnuut 'n skeppingswonder. Lees gerus **Ps. 139:13** hoe Dawid beskryf dat die Here hom in sy moeder se skoot geweef het, vers 15 ***"My gebeente was vir U nie verborge toe ek in die geheim gemaak is nie, kunstig geweef in die dieptes van die aarde.*** Vers 16 kom daarop neer dat sy geboorte deur God bepaal was voordat die bevrugtingselemente waaruit hy sou ontstaan, bestaan het. So word Jeremia se geboorte ook beskryf. In **Jer. 1:5** lees ons: ***"Voordat Ek jou in die moederskoot gevorm het, het Ek jou geken;"***
Die mediese wetenskap leer ons dat bevrugting plaasvind wanneer een halwe selletjie uit miljoene met die halwe selletjie van die moeder saamsmelt. Dit vorm 'n nuwe enkele sel wat uiteindelik tot 'n volwaardige mens ontwikkel. Ek dink nie dis vergesog om dan te redeneer dat Hy weet watter twee halfselle met watter bepaalde gene Hy wil kies en in watter gesinskonteks Hy daardie mens wil laat vorm tot dit wat Hy in sy diens wil opneem nie. Hoewel die seksuele daad die Godverordineerde kanaal is vir reproduksie, wil God die geboortes op aarde beheer, Hy beplan wie en watter soort mense Hy op aarde nodig het.

Hierin gebruik Hy die mens as sy skeppingsinstrument, Hy gun ons om daarby betrokke te wees. God het nie net mans of net vroue geskape nie, maar spesifiek man en vrou (Gen. 1:27). Aan hulle het Hy 'n permanente, onvoorwaardelike opdrag gegee om vrugbaar te wees, te vermeerder en die aarde te vul (Gen. 1:28). Die seksuele skeppingsdaad kan nooit vir die Christen 'n uitsluitlik fisiese of biologiese betekenis hê nie. Dit het ook 'n geestelike aspek. Dit is 'n Godgegewe voorreg wat met verantwoordelikheid hanteer moet word, waarvan daar ook rekenskap aan God gegee sal word. Hierdie voorreg mag nie misbruik of misken word nie. Daarom mag ons nie leef soos diere nie, maar ook nie asof 'n egpaar nie ook bedoel is om lewe-skeppende diensknegte van God te wees nie.

### Kinders is 'n gawe van God.

**Jesaja 8:18** ***Hier is ek en die kinders wat die Here my gegee het.***
Kinders word telkens vermeld as dat dit uit genade deur God geskenk was (Gen. 33:5). In die geval van Sara vermeld Heb. 11:11 dat haar bevrugting deur die geloof plaasgevind het. Om die volk permanent te herinner dat kinders deur Hom gegee word, het Hy dit in Ex. 34:19 en 13:2 en 12 verordineer dat die eersgeborenes, met ander woorde dit wat die moederskoot open, aan Hom behoort vir sy diens. Regdeur Genesis en selfs verder in die Bybel word dit onomwonde gestel dat God die moederskoot sluit of open. As mens verder in aanmerking neem dat daar na bewering tussen 30 en 40 miljoen onvrugbare egpare in die wêreld is dan bevestig dit vir ons hierdie saak. Psalm 127:3 sê vir ons dat seuns 'n erfdeel van die Here is en die vrug van die moederskoot 'n beloning. Psalm 128 praat van kinders as 'n seën vir die wat die Here vrees. Spreuke 17:6 sê dat kindskinders die kroon van die grysaard is. 'n Kind is nie iets wat met al die geld van die wêreld gekoop of vervang kan word nie.
In die Christen se terminologie behoort daar dus nie so iets te bestaan as 'n "ongewenste" of 'n "onbeplande" swangerskap nie. Geen mens mag homself dus die reg toe-eien om te beslis watter swangerskap "gewens" en watter "ongewens" is nie. Christenouers behoort daarom hierdie

saak gelowig te benader, in oorleg met die Skepper.

Kinders is bedoel om 'n seën te wees. Wat dan van kinders wat hul ouers meer smarte as vreugde bring? Persoonlik meen ek dat dit meer met die ouers te make het as met die kind. Die Skrif belowe konsekwent dat die gehoorsames die seën van die Here ook in die gesin sal ervaar (vgl. Deut. 7:13a en 28:11), maar net so ook die vloek oor die ongehoorsames (Deut. 28:18). **Spreuke 14:26** dui vir ons die weg aan. ***"In die vrees van die Here lê 'n sterk sekerheid, ook vir die kinders van 'n sodanige sal daar 'n toevlug wees."***

**Kinders moet met gewilligheid ontvang word.**

In die Nuwe Testament kom Jesus en bevestig in Matt. 18:5 en Mark. 9:37 dat die wat sulke kindertjies in sy Naam ontvang, Hom ontvang. Dit lyk vir my of dit neerkom op erkenning van Sy mag en beskikking oor lewe en dood, sowel as 'n gewilligheid om te ontvang wat Hy wil gee. Daar is natuurlik talle mense wat willekeurig lewe verwek sonder kennis van God of van sy wil. Daar is egter ook talle ouerpare wat obstruksie pleeg en God se wil verhinder. Christene behoort in hul lewe te wil wat God wil en nie uit eie wil onverantwoordelik op te tree nie. God is die bepalende Een en die mens die een wat sigself gewillig en gehoorsaam tot beskikking van God stel, ook wat hierdie saak betref. Daar bestaan nie 'n vasgestelde getal as norm nie. Sommige ouerpare moet dalk net een kind hê, ander dalk vier, ander geen kinders nie. God weet hoeveel Hy aan elke egpaar kan toevertrou en waarvoor Hy elke mens nodig het. Ons gesindheid behoort te wees: *"Here, ek is bereid, wat dit ook al kos, om elke kind wat u deur my huis wil laat vorm en hierlangs die wêreld wil instuur, met ope arms te ontvang en vir U groot te maak"*. Hierdie allerbelangrike aspek moet ook onder Sy heerskap gebring word. Laat ons ons tot sy beskikking stel.

As John Wesley se ouers gemaak het soos vandag se ouerpare, dan sou die geskiedenis van Engeland baie anders verloop het as wat opgeteken is. Heelwat teoloë deel die oortuiging dat die Franse Rewolusie na Engeland sou oorgewaai het as dit nie was vir die herlewing wat onder John en Charles Wesley oor Engeland gespoel het nie.

**Kinders moet gevorm word tot 'n lewe wat God verheerlik.**

Ex. 10:2 wil hê dat ons die dinge wat God gedoen het voortdurend aan ons kinders bekend moet maak. Volgens Deut. 6:7 en 11:19 moet hulle voortdurend ingeskerp word met daardie feite. Ps. 78 stel dit duidelik dat die heilswaarhede voortdurend van die een geslag aan die ander oorgedra moet word. Daar mag nie 'n kennis gaping ontstaan nie. Elke volgende geslag moet van die vorige verneem wat God gedoen het en wat Hy steeds wil doen.

In die Christelike siening is die mens nie soos 'n dier nie, maar 'n geestelike wese, 'n lewende siel, geskape na die beeld van die geestelike God. Gevolglik is daar minder nadruk op die materiële dinge. Luk. 12 sê immers vir ons dat die heidene meer besorg is oor klere en voedsel as oor die versorging van die liggaam en die siel. Ook die gesinsband is meer as weelde en luukshede.

U sien, vorming is meer as net teorie in 'n klassituasie. 'n Groter gesin, binne Christelik-Bybelse konteks, bied 'n ryker en ruimer lewenskonteks met meer uitdagings en beter ontwikkelingsgeleenthede as 'n kleiner gesin. Mense kan lewende voorbeelde van die teorie wees, nie voorwerpe nie, hoe wetenskaplik ook al ontwerp.

Dieselfde geld ook wat betref sosiale aanpassing en omgang met ander mense. Kinders uit groter gesinne is oor die algemeen minder bedorwe, minder selfsugtig, meer samewerkend, gee meer, geniet die lewe meer, is gelukkiger, gee meer op mekaar ag. 'n Groter gesin het ook 'n beter natuurlike variasie wat beter ontwikkelingsgeleenthede vir die res van die gesin bied en ook 'n beter produk aan die samelewing.

Meer siele in 'n huis is meer werd as oorvloed aan aardse skatte. Kyk maar net terug na die meeste van ons volksleiers. Genl. Louis Botha was die sewende uit dertien kinders, genl. Jan Smuts die tweede uit tien, J.B.M. Hertzog die sewende uit dertien, D.F. Malan die eerste van veertien, J.G. Strydom die tweede uit tien en B.J. Vorster die dertiende van veertien. So was John Wesley die sestiende van negentien kinders.

**SAMEVATTING**

Samevattend sê ek dan ons 'n tyd beleef waarin die Woord van God óf selektief toegepas word, óf totaal geïgnoreer word. Ons beleef 'n Christelikheid wat los van die Woord staan. Die Woord word nie geken nie, daarom kon die volk gebreinspoel word. Materialisme het oorgeneem en menselewens word beoordeel soos dinge. Die gevolg hiervan is dat die volk uitsterf, ons in die tyd leef van honderde duisende vermiste kinders.

Dit het tyd geword om ook hierin na God terug te keer en die Woord te eer. Lewe is 'n skeppingswonder, kinders is 'n gawe van God. Huisgesinne moet gewillig word en ruimte hê om elke lewe te ontvang wat God wil gee. Sulke kinders moet dan ook vir die Here grootgemaak word om Hom te dien. Dit gebeur egter in 'n ruimte waar God geëer en gevrees word.

"Kom huis van Israel, laat ons wandel in die weë van die Here".

**Dr. W.J. Kotzé (em.)**



# Oswald Chambers: Die Hoogste Lewe

As Oswald Chambers ooit 'n lewensleuse moes gekies het, sou dit "Excelsior!" gewees het. Hy was nooit met 'n minderwaardige prestasie tevrede nie. Hy was altyd besig om te klim. Sou hy ooit by enige gegewe bestemming uitkom?

Dit lyk of sy vroeëre lewe gekenmerk is deur sonlose valleie en steiltes wat inspanning vereis het. Vroeëre pogings het skynbaar geen sukses meegebring nie. Aangesien hy kuns talent besit het, het hy 'n beurs gewen wat hom in staat gestel het om twee jaar by beroemde kunsskole op die Vasteland te studeer. Na sorgvuldige oorweging kom die besef dat sommige mense liggaamlik en geestelik geruïneer is as gevolg van daardie soort studie, en laat hom die beurs van die hand wys.

Met die oog op 'n loopbaan in die sakewêreld, het hy na die Universiteit van Edinburgh gegaan, maar het nie lank daar gebly nie. Sy vriende was oortuig dat dit dwaas van hom was om na die onbekende Bybelskool van Dunoon te gaan. Dit het gelyk asof hy eerder rondgedobber as geklim het.

Maar, hy het geklim. Aan familie en vriende skryf hy: "Moenie jammer wees dat ek nie 'n universiteitskursus kan volg nie, miskien is ek beter af daarsonder. 'En sou jy vir jou groot dinge soek? Soek dit nie.' Maar alhoewel ek nie aan myself 'n universiteitsopleiding gun nie, sal ek my uiterste bes doen om vir Sy ontwil onderrig te word. O, hoe sal ek nie gespeen moet word nie, hoe gedissiplineer, voordat my lewe met 'n diepe hartstog om Christus ontwil sal brand."

Die Bybelskool by Dunoon "gebaseer op die eenvoud van gewaagde geloof in God vir die voorsiening in behoeftes" het die fondament van Chambers se geloof en gehoorsaamheid gelê. Hy het deur ondervinding geleer dat God die gebed verhoor. Net so het daar in sy innerlike wese 'n honger en dors ontstaan wat die lewende God alleen kon bevredig. Daardie diepe begeerte, feitlik bodemloos, het hy in sy dagboek probeer uitdruk: "Die Heilige Gees moet my vir die werk salf, my aan die brand steek en my so duidelik oortuig dat dit of dat die doel is waarna ek moet streef, anders sal, wil en durf ek nie gaan nie; ek sal net tevrede wees om 'n bestaan te maak – maar nee, dit kan nie wees nie. Van my vroegste kinderjare was ek oortuig dat daar vreemde en groot werk, 'n diepe en besondere ondervinding op my wag – 'n gedagte wat my altyd bygebly het ... "Hier is die lam en die hout, maar waar is die vuur?" Niks behalwe die vuur van die Allerheiligste Gees van God kan die offer heilig en sonder skuld en aanneemlik in Sy oë maak nie."

Dit was gedurende hierdie tyd, toe sy "siel in beroering was," dat hy die volgende reëls geskrywe het:

> "Let me climb, let me climb,
> I'm sure I've time
> 'Ere the mist comes up from
> the sea,
> Let me climb in time to the
> height sublime,
> Let me reach where I long to be."

Die Almagtige skep nie begeertes diep in die mensesiel wat Hy self nie kan bevredig nie. Oswald Chambers het na die hoogliggende pieke van geestelike oorwinning en insig gestrewe, maar kon hy ooit die hoogtepunte bereik? Om in die Gees te klim word verkry deur te kniel en nie deur te hardloop nie; deur oorgawe en nie deur vasberadenheid nie. Wanhoop aan die self lei tot die uiterste wanhopigheid, maar anderkant hierdie mis is die sonskyn van die teenwoordigheid van God. Baie siele sal liewer na die moerasse van neerlaag terugkeer, as om die mis van frustrasie te trotseer; maar die bergspitse verrys hoog bokant die reën en die duisternis.

Hierdie patroon in die krisis van die dieper lewe, gevolg deur sy breë verreikendheid, is amper identies met die ondervinding van tallose ander kinders van God. Eerstens is daar die honger van die hart, dikwels gevolg deur 'n gevoel van wanhoop wat tot die algehele oorgawe van die self lei. Daarna is daar die ontmoeting van die siel met God, op watter manier dit ook al die Almagtige behaag om Homself te openbaar aan die wanhopige soeker wat, soos Jakob by Jabbok, Hom nie wil laat gaan voordat Hy hom geseën het nie. Vir Oswald Chambers het daar 'n dag van totale en absolute oorgawe aan God op elke gebied aangebreek. As 'n seun het hy na die Heiland gekom en die teenwoordigheid van die Here Jesus geniet. Jare het egter verbygegaan voordat hy die hoogland van geestelike volheid bereik het, vanwaar hy in die sonskyn kon aanhou klim tot God se hoogste vir sy lewe. "Ek was in die Dunoon-kollege 'n dosent in die filosofie," vertel hy, "toe dr. F. B. Meyer oor die Heilige Gees kom praat het. Ek was vasbeslote om alles te besit wat daar was en het na my kamer gegaan en God eenvoudig en positief om die doop met die Heilige Gees gevra, wat dit ook al mag beteken. Van daardie dag af, nou al vier jaar lank, het alleen die oorheersende genade van God en die goedheid van vriende my uit die kranksinnige gestig gehou.

"Gedurende daardie jare het God my vir die redding van siele gebruik,

maar ek had geen bewuste gemeenskap met Hom nie. Die Bybel was die verveligste, oninteressantste boek wat bestaan het en die gevoel van verdorwenheid, die vuilheid van my natuur met sy verkeerde bedoelings, was ontsettend. Ek verstaan nou dat God besig was om my deur die lig van die Heilige Gees en Sy Woord deur elke vertakking van my wese te voer. Gedurende die laaste drie maande van daardie jare het dinge 'n klimaks bereik en ek was besig om baie wanhopig te word. Ek het niemand geken wat besit het wat ek wou hê nie; om die waarheid te sê, het ek nie geweet wat ek wel wou hê nie. Maar ek het geweet dat as dit wat ek besit het, al Christelikheid was wat daar is, die hele ding bedrog was. Toe het **Luk. 11:13** my beetgepak – ***As julle dan wat sleg is, weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal die hemelse Vader die Heilige Gees gee aan die wat Hom bid?***

"Maar hoe kon ek, met my slegte motiewe, om die gawe van die Heilige Gees vra? Toe het dit duidelik geword dat ek die gawe van God moes eis op die gesag van Jesus Christus en moes getuig dat ek dit gedoen het. Maar die gedagte het by my opgekom – as jy die Heilige Gees vir jou toeeien op grond van die woorde van Jesus Christus en daarvan getuig, sal God aan die wat jou die beste ken, openbaar hoe sleg jy in jou hart is. Maar die van u wat die ondervinding ken, weet baie goed hoe God 'n mens tot die uiterste wanhoop dryf en ek het by die plek gekom waar ek nie omgegee het of almal weet hoe sleg ek is nie; ek het vir niks op die aarde omgegee nie, behalwe om van my huidige toestand bevry te word."

"By 'n klein byeenkoms wat gedurende 'n veldtog in Dunoon gehou is, is 'n bekende dame gevra om die byeenkoms daarna te lei. Sy het nie gepraat nie, maar het ons laat bid en toe gesing, "Teach me again, Lord". Ek het niks gevoel nie, maar het beslis geweet dat my oomblik aangebreek het en ek het opgestaan. Ek had geen gesig van God nie, maar net 'n vasberade beslistheid om God op Sy Woord te neem en ek het opgestaan en dit gesê."

"Dit was erg genoeg, maar wat daarna gebeur het, was tien maal erger. Nadat ek weer gaan sit het, het die werkster wat my goed geken het, gesê: 'Dit is baie mooi van ons broer. Hy het dit gesê om aan u 'n voorbeeld te stel.' Weer is ek op my voete en sê: 'Ek het om niemand anders se ontwil opgestaan nie, maar om my eie; die Christendom is of algehele bedrog of ek verstaan dit heeltemal verkeerd.' En daar en dan het ek die gawe van die Heilige Gees vir my toegeëien terwyl ek my vasberade op **Luk. 11:13** beroep het. Ek had geen gesig van die hemel of van engele nie, ek had niks. Ek was so dor en leeg soos altyd, met geen krag, geen besef van God nie, geen getuienis van die Heilige Gees nie. Toe word ek gevra om 'n vergadering toe te spreek en veertig siele het na vore gekom. Het ek God geloof? Nee, ek was bevrees, het hul aan die werkers oorgelaat, na mnr. McGregor ('n vriend) gegaan en hom vertel wat gebeur het. Hy sê: 'Onthou jy nie dat jy die Heilige Gees as 'n gawe op grond van die woorde van Jesus toegeëien het nie, en dat Hy gesê het: Julle sal krag ontvang...?' Dit is die krag van omhoog."

Toe het iets plotselings in my plaasgevind en ek het besef dat ek die krag kortgekom het om te sê: Kyk wat besit ek omdat ek alles op die altaar gele het. "As die vorige vier jaar hel op aarde was, was hierdie vyf jaar waarlik hemel op aarde. Ere aan God, die laaste skrynende afgrond van die menslike hart is tot oorlopens toe vol van die liefde van God. Die liefde is die begin, die liefde is die middel en die liefde is die einde. As Hy binnegekom het, is al wat jy sien, 'Jesus alleen, Jesus altyd'".

"As u weet wat God vir u gedoen het, is die krag en die heerskappy van die sonde weg en die stralende, onuitspreeklike bevryding van die inwonende Christus het gekom en wanneer jy mans en vroue sien wat prinse en prinsesse van God be-



hoort te wees, vasgevang deur die skyn van dinge – o, dan begin jy te verstaan wat die apostel bedoel het toe hy gesê het hy wens dat hy vervloek was, weg van Christus af, sodat mense gered kan word!"

Met volkome gehoorsaamheid het Oswald Chambers geleer, op grond van **Luk. 11:13**, dat ons die volheid van die Gees van God deur die geloof ontvang, net soos ons die Here Jesus as Saligmaker deur die geloof ontvang. En wat het die onmiddellikheid van God in die lewe van Oswald Chambers beteken? Hy self het oor en oor gesê, "Dis geen wonder dat ek so baie oor 'n veranderde geaardheid praat nie: God het myne verander; ek was by toe Hy dit gedoen het ..."
Soos dit in die geval van die profete van ouds was, was Chambers 'n man van God, maar nie ongenaakbaar of bo-aards nie. Hy was innemend en prakties en tog 'n dromer, 'n denker met vergesigte. 'n Predikant het van hom geskrywe: "In die sosiale omgang was hy een van die hartlikste en aantreklikste mans. Die kinders in die tehuis het hom, met sy seunsagtige manier, liefgehad… Tog was hy 'n magtige, onverskrokke boodskapper van God. Hy het nooit sy menings op ander afgedwing nie, maar as mense na meer kennis gesoek het, het hulle gou besef dat hul in die teenwoordigheid van 'n groot gees was."

**Vervolg op bl. 23**

# Wees bly in die Here

## Vroueblad...

**Filippense 4:4-8** ***Verbly julle altyd in die Here; ek herhaal: Verbly julle! 5 Laat julle vriendelikheid aan alle mense bekend word. Die Here is naby. 6 Wees oor niks besorg nie, maar laat julle begeertes in alles deur gebed en smeking met danksegging bekend word by God. 7 En die vrede van God, wat alle verstand te bowe gaan, sal julle harte en julle sinne bewaar in Christus Jesus. 8 Verder, broeders, alles wat waar is, alles wat eerbaar is, alles wat regverdig is, alles wat rein is, alles wat lieflik is, alles wat loflik is—watter deug en watter lof daar ook mag wees, bedink dit.***

Sondag 14 September 2025. My 86-jarige vriendin van Winklespruit bel my en ons gesels sommer bietjie oor allerlei goedjies. Ek is nie eers kerk toe nie. Morsdoodmoeg en (weer) siek. Ai, hierdie skoolhouery op my ouderdom eis meer as sy pond vleis! Sy sê my stem is nie so vrolik soos sy my leer ken het nie…. Oeps! En dis waar! Dis my fokus. Dis totaal uit fokus! Prioriteite! Maalgedagtes.

Die gedeelte in my Bybeltoepassing verwys na Rom. 12:2 en ek dink skielik aan wat wyle ds. Johnny Grundling een keer vir my gesê het: *"Katryn, 'n mens moet filters in al jou sintuie hê, sodat wat skadelik en onwaar is, nie in jou hart vastrapplek kry nie."* Fokus op wat waar is. 'n Vernuwe gemoed om die wil van God te onderskei.

Ek maak "Kuier om die Woord" oop en tot my verwondering is die Skrifgedeelte vir die 17de, **Filip. 4:4-8.** Hoe getrou is die Here nie wanneer ons die Woord nader nie. Ek deel dan graag van die aantekeninge op die teenblad van 17 September met jou.
Ken jy 'n blymoedige mens? 'n Mens is gewoonlik nie lank in so iemand se geselskap nie of jou eie gemoed word sommer lig.
Skip Heitzig definieer **Filip. 4:4** se Bybelse blydskap soos volg: *"Joy is a supernatural delight in God and his plan."*
En wanneer Paulus die opdrag gee om altyd bly te wees, is hy 'n sprekende voorbeeld. Jy onthou mos dat hy en Silas, stukkend geslaan en in die tronk, lofliedere tot eer van die Here sing! (**Hand. 16:22**) Blydskap is jou eie geloofskeuse, want ons blydskap is in die ewige, betroubare, onveranderlike God gesetel. Hý is die Bron van blydskap – nie omstandighede of ander mense nie.
Ingehaak met blydskap, loop vriendelikheid (vers 5).
Lank gelede het Maretha Maartens 'n proeflopie in hul gemeente geloots om te sien by watter van die ouer mense, die jongmense werklik aanklank vind. Elke jongeling moes 'n vraelys invul. Verbasend genoeg, het feitlik al die jongmense dieselfde ouer mense gekies.
Die antwoord op: *"Hoe so?" "Want hulle is altyd vriendelik met my."* Vriendelikheid is nie verniet by die vrug van die Gees ingesluit nie. Dis deernis en "kindness". Ons Here Jesus se gesindheid.

**Filip. 4:5** klink só in die Phillips-vertaling: *"Have a reputation for gentleness, and never forget the nearness of your Lord."*
"Lovingkindness" en "gentle" is sulke mooi woorde en dit is die gesindheid wat kinders van die Here altyd moet uitstraal.
Paulus weet kommer is so deel van ons lewens soos brood en melk. Maar, kommer is 'n dodelike gif wat ons kan verlam en ons lewens van vrede, blydskap en geloof kan beroof. Daar is egter 'n teëgif: Gebed. Paulus vermaan ons om ons begeertes in alles deur gebed en smeking met danksegging by God bekend te maak. Wanneer jy bid, wees opreg, spesifiek en altyd in afhanklike onderworpenheid voor God, met die vaste wete dat Hy in beheer is en sorg dra vir sy kinders. Die gevolge van só 'n gebedslewe is die wonderlike, hemelse vrede van God. (**Filip. 4:6-7**). Ons verstand rus nooit volkome nie. En soms ervaar ons teenstrydige gedagtes wat ons van pure angs wil verlam. Daarom vermaan Paulus in vers 8 dat ons ons gedagtes sal rig op dit waar, mooi, reg, rein, pragtig en goed is. Dit is die filters vir ons denke.

In **Rom. 12:2** sê Paulus dat ons denke vernuwe moet word sodat ons God se wil kan ken en 2 Kor. 10:5 vermaan ons verder om elke gedagte gevange te neem tot gehoorsaamheid aan Christus.

Hierdie soort denke is die Bybelse standaard, maar ons bly steeds van klei afgeknyp. En wanneer ons kwaad, hartseer, bang of ongelukkig is, neem ons gedagtes met ons die loop. Sulke gedagtes kan ons hele liggaam nadelig beïnvloed en kopseer, maagseer, naarheid, moegheid en lamheid veroorsaak. Filter dus wat jy hoor, sodat leuens nie jou hart binnedring nie. As jy reeds daarmee sukkel, gaan prakties te werk: bid daaroor; sing koortjies; lees Bybel; roep lekker dinge op; sien 'n mooi blom raak of die wolke; gaan stap langs die see of êrens waar dit vir jou lekker is; luister na kalmerende musiek en vertrou die Here bo alles om jou met jou gedagtes te help. En dink aan die hemel. En die liefde, blydskap en vrede wat daar heers en eendag ons deel sal wees. Bel of WhatsApp iemand en dan bemoedig jý hom of haar.

So herstel ons ons fokus – sentreer ons weer ons gedagtes rondom Jesus en ervaar ons sy vrede en rus en vergenoegdheid.

**Katie Moolman**
**Durban**

# Oswald Chambers: Die Hoogste Lewe

Vervolg vanaf bl. 17

Hy was 'n gebedsman wat ingetree, gesmeek en geglo het. Hy had 'n sonderlinge insig in die betekenis van die Skrif en dit had doelgerigte en praktiese prediking as gevolg. As andere neerhalende dinge gesê het, het dit hom nie daartoe genoop om op te hou om sy Heiland te volg nie, wat ook geweet het wat dit beteken om 'verag en deur die mense verlaat' te wees. Hy was letterlik 'n slaaf van Jesus Christus en tog het niemand op 'n heerliker wyse geweet wat dit beteken om vry te wees as 'n kind van God nie. Hy was 'n prikkelende onderwyser van die Woord. Hy had die Woord sowel as sy studente lief. Een van hulle het verklaar: "Om te sê dat hy 'n lewende belangstelling in sy studente getoon het, is om die saak te onderbeklemtoon; hy het absoluut sy lesings by ons geestelike vatbaarheid aangepas en het ons privaat gehelp as ons iets in die klas nie kon begryp nie. Sy entoesiasme het geen perke geken nie. Hy kon dinge nooit half doen nie…"

Hy was hartstogtelik toegewyd aan die Here Jesus Christus. Hy het met God gewandel en het almal wat hom geken het, geïnspireer om te glo dat die ware lewe daaruit bestaan om God te ken en Jesus Christus vir wie Hy gestuur het. Omdat hy self met die Hoogste gewandel het, het sy studente ook geleer om op daardie pad te gaan. Een van hulle het verklaar: "Hy het ons aan Jesus Christus bekend gestel, nooit aan hom self nie … hy het dit nooit maklik gemaak nie, ons nooit 'n alternatief gebied nie."

Die allesverterende hartstog van sy lewe was algehele oorgawe aan die Here Jesus en aan Sy wil. Daardie oorgawe het aan hom 'n innerlike kalmte en stilte gegee wat onveranderlik was en altyd teenwoordig. Uiterlik was hy onvermoeid in sy onderrig, skryfwerk, getuienis en gebed. Hy is in die diens van sy Meester na Amerika en Japan gelei waar die Almagtige sy geesvervulde boodskappe gebruik het om baie lewens te hervorm.

In 1911 is hy beroep om aan die Bybelskool van Dunoon onderrig te gee, 'n verantwoordelikheid wat hy met besondere liefde en seën aanvaar het. In Julie 1915 het die Y.M.C.A. hom aangestel om die Britse troepe in Egipte te bearbei. In 'n hut in Zeitoun het hy na die materiële en geestelike welsyn van die Tommies, wat die allerbelangrike Suezkanaal bewaak het, omgesien.

Dit het gelyk asof die goedhartige en onvermoeide besorgdheid oor die welsyn van sy manne nog dieper lesse uit die Skrif voortgebring het as wat in 'n beskutte en stil omgewing in Engeland die geval was. Die pligte in Egipte was vermoeiend, maar in sy gees was hy uitbundig en opgewek. Terwyl genl. Allenby en die ekspedisiemag met die suksesvolle veldtog besig was om Jerusalem en Palestina van die eeue-oue oorheersing van die Turke te bevry, is hierdie getroue dienskneg in Zeitoun tot hoër diens opgeroep. Dit mag vir ons na 'n eienaardige beskikking van God lyk dat Oswald Chambers sy diens op aarde moes beëindig terwyl hy nog in sy veertigerjare was, maar die weë van Hom wat die beste weet is onverstaanbaar.

Die titel van Oswald Chambers se bekendste boek, My Allerbeste vir Sy Allerhoogste, vat sy wandel met God saam. Daardie gewyde dagboek word miskien so wyd gelees soos enige boek in sy soort en alhoewel dit al meer as twintig drukke belewe het, bestaan nog 'n groot aanvraag daarvoor. Die geheim van die ewigdurende varsheid en doeltreffendheid daarvan is die tikkie van die ewigheid wat daarin bespeur word deur die medepelgrim wat besig is om God te soek.

'n Eenvoudige grafsteen in die militêre begraafplaas in die ou deel van Kaïro dui sy laaste aardse rusplek aan. Op hierdie steen, uitgegraveer vir almal om te lees, is die getuienis van sy lewe, nie in sy woorde of die van familie of vriende nie, maar die bewering, majestueus in sy eenvoud, geneem uit Luk.11:13 Hoeveel te meer sal die hemelse Vader die Heilige Gees gee aan die wat Hom bid?

**HULLE HET DIE GEHEIM ONTDEK - V RAYMOND EDMAN**
**(Vertaal deur Regina Smit)**


## Op die Boekrak

Kuier om die Woord
saam met Katie Moolman

'n Dagbeplanner met Bybelstudies, vertellings, getuienisse, vasvrae, resepte en bietjie humor daarby is tans weer in druk.
Elke dag het 'n Bybelgedeelte om te lees – gewoonlik bypassend by die geskrewe dele hierneffens.

Ideaal vir persoonlike stiltetyd of as Kersgeskenk aan iemand.



# Liewe maats!!

God het die wêreld baie mooi gemaak. Party dinge is te ver of te klein om met ons oë te sien.

Mense gebruik teleskope om dinge ver weg te sien, en mikroskope om piepklein dingetjies raak te sien.

Dit help ons om meer te leer van alles wat God gemaak het.

Alles wat ons in die natuur sien, wys vir ons dat God wonderlik, slim en goed is.




"Die hemele vertel die eer van God, en die uitspansel verkondig die werk van sy hande." Psalm 19:2

**Die Bybel leer ons....**




**SOEK DIE WOORDE:**

| | | |
|---|---|---|
| MAAN | BOME | STERRE |
| VOËLS | MENSE | BERGE |
| VISSE | SON | REËN |
| AARDE | DIERE | BLOMME |

**.....God is goed!**

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| J | M | E | R | M | E | N | S | E | H |
| G | U | A | A | E | B | E | R | G | E |
| U | U | X | A | P | Ë | F | R | M | E |
| G | V | K | R | S | Y | N | P | D | B |
| D | I | B | D | T | I | S | O | N | D |
| I | S | O | E | E | V | O | Ë | L | S |
| E | S | M | C | R | X | Y | E | T | M |
| R | E | E | P | R | S | Q | R | K | A |
| E | D | X | H | E | T | V | B | M | A |
| T | B | L | O | M | M | E | E | D | N |